# 'N KRITIESE ONTLEDING VAN DIE MISDAADVERKLARINGS-MOONTLIKHEDE VAN BEPAALDE SOSIOLOGIESE TEORIEË OOR AFWYKENDE GEDRAG

HERMAN CONRADIE

*Honns. B.A. (Wysbegeerte)*
*M.A. (Sosiologie)*

*Proefskrif ingedien ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad DOCTOR PHILOSOPIAE in die Departement Sosiologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*

*Promotor: Prof.dr. J.P. van der Walt*

*Potchefstroom*
*November 1979*

*Opgedra aan Dorothy*

DANKBETUIGING

Wanneer ek terugkyk op die studiepad wat ek tot hiertoe geloop het, is dit my opregte begeerte om 'n dankwoord te skryf.

Dit is met diepe ootmoed teenoor God wat ek met dankbaarheid terugkyk na al die mense en geleenthede wat Hy op my pad gebring het wat die afronding van hierdie studie moontlik gemaak het.

In dankbare herinnering bring ek hulde aan die nagedagtenis van my ouers, Wybrand Willem Conradie (+28.6.67) en Susanna Elizabeth Magrietha Conradie gebore Harmzen (+31.5.67), wat my opgevoed het in die vrese van die Here en my met opregte ouerliefde gelei het in die eerste treë van my universitêre studie.

Aan prof.dr. J.P. van der Walt, hoof van die Departement Sosiologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, my leermeester in die sosiologie, en wie se onbaatsugtige hulp en bekwame leiding die afronding van dié navorsing moontlik gemaak het, kom my opregte dank en waardering toe.

Graag wil ek ook besonderlik vir dr. J.H. van den Berg, Senior Lektor in die Departement Sosiologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, van harte bedank vir sy hulp met die taalkundige versorging en proeflees van my proefskrif.

Ook aan dr. J.E. Kruger, Senior Lektor in die Departement Sosiologie, kom my opregte dank toe vir sy hulp met verskeie tegniese aspekte van my proefskrif en vir die hulp en advies wat ek van hom ontvang het deur verskeie indringende gesprekke oor dié ondersoek.

Vir die aanmoediging, belangstelling en stimulering wat ek van my kollegas en studente in die Departement Kriminologie ontvang het, sê ek ook graag van harte baie dankie.

Die stilswyende en onbaatsugtige offers wat my geliefde vrou en ons kinders moes bring ter wille van dié navorsing, kan nie in woorde uitgedruk word nie. My opregte waardering en innige dank kom hulle toe. Dié navorsingsresultate is eintlik ons gesamentlike poging.

Herman Conradie
November 1979

I N H O U D

HOOFSTUK 1 : INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING 1

1.1 Die belangrikheid, noodsaaklikheid en aktualiteit van die navorsing 1

1.1.1 Inleiding 1

1.1.2 Misdaadafmetings 1

1.1.3 Ekonomiese implikasies 3

1.2 Die omvang van die studieprobleem 4

1.2.1 Benadeling van die samelewingsorde 4

1.2.2 Benadeling van die primêre samelewingsgroepe 4

1.3 Die sosiologiese aard van die probleem 5

1.4 Die afbakening van die studieprobleem en die doel van die ondersoek 6

1.5 Die metode wat in die ondersoek gebruik word 7

1.6 Die indeling van die stof in hoofstukke 7

1.7 Die omskrywing van enkele begrippe 8

1.7.1 Motivering vir die omskrywings 8

1.7.2 Kultuur 9

1.7.3 Samelewing 10

1.7.4 Konformerende gedrag 10

1.7.5 Onbeheerbare gedrag 11

1.7.6 Wangedrag 11

1.7.7 Misdaad 12

1.8 Enkele probleme ervaar tydens die navorsing 12

HOOFSTUK 2 : DIE HOOFTREKKE VAN DIE STUDIEGEBIED VAN DIE SOSIOLOGIE; DIE FUNKSIONELE VRAAGSTUKKE EN DIE MISDAADLEWENSTERREIN 14

2.1 Inleiding 14

2.2 Die hooftrekke van die studiegebied van die sosiologie 15

2.2.1 Inleiding 15

2.2.2 Enkele omskrywings van die studiegebied van die sosiologie 15

2.2.3 Die ontleding van die omskrywings 16

2.2.4 Die religieuse uitgangspunt van die sosiologie 17

2.2.5 Verklaring van die diagram 22

2.2.6 Die wysgerige ondergrond van die sosiologie 22

2.2.7 Die tipiese strukture van die empiriese samelewing 25

2.2.8 Verklaring van diagram 31

2.2.9 Verdere uitbouing 35

2.3 Die abstrahering van 'n lewensterrein 35

2.4 Die lewensterrein van die misdaad 37

2.5 Die kriteria vir 'n sosiologiese misdaadklassifikasie 39

2.5.1 Algemeen-geldendheid van die klassifikasiekriterium 39

2.5.2 Volledigheid van die klassifikasiekriterium 40

2.5.3 Houdbaarheid van die misdaadklassifikasiekriterium 40
2.5.4 Eenvoudigheid van die misdaadklassifikasiekriterium 40

2.6 P.J. van der Walt se sosiologiese misdaadklassifikasie 41

2.6.1 Inleiding 41
2.6.2 Die skending van verhoudinge tussen persone 41
2.6.3 Die skending van familiale verhoudinge 42
2.6.4 Die skending van seksuele verhoudinge 42
2.6.5 Die skending van politieke verhoudinge 43
2.6.6 Die skending van openbare gesagsverhoudinge 43
2.6.7 Die skending van die verhoudinge tussen die persoon en die gemeenskap 44
2.6.8 Die skending van eiendomsverhoudinge 44
2.6.9 Die skending van religieuse verhoudinge 44

2.7 Die verband tussen die misdaadlewensterrein en misdaadklassifikasie 45

2.7.1 Misdaadlewensterrein en misdaadklassifikasie 45
2.7.2 Die invloed van die misdaadlewensterrein op die samelewing 46
2.7.3 Die invloed van die samelewing en kultuur op die misdaadlewensterrein 47

2.8 Samevatting 48

HOOFSTUK 3 : DIE BEPALING VAN 'N EVALUERINGSKRITERIUM VIR DIE MISDAADVERKLARINGSMOONTLIKHEDE VAN DIE TEORIEË OOR AFWYKENDE GEDRAG 50

3.1 Inleiding 50

3.2 Motivering vir die keuse van die sosiale sisteemteorie as evalueringskriterium 50

3.3 Die sosiale sisteemteorie 52

3.3.1 Inleiding 52

3.3.2 Omskrywing van die sosiale sisteem 53

3.4 Die struktuur van die sosiale sisteem 55

3.4.1 Omskrywing 55

3.4.2 Waardes van die sosiale sisteem 56

3.4.3 Norme van die sosiale sisteem 56

3.4.4 Rolle van die sosiale sisteem 57

3.4.5 Subgroepe of subsisteme van die sosiale sisteem 58

3.5 Die funksionele probleemareas van die sosiale sisteem 59

3.5.1 Omskrywing 59

3.5.2 Patroonhandhawing en spanningsbeheer as funksionele probleemarea 60

3.5.3 Aanpassing as funksionele probleemarea 62

3.5.4 Doelbereiking as funksionele probleemarea 63

3.5.5 Integrasie as funksionele probleemarea 64

3.6 Die sosialiseringselemente van die sosiale sisteem 66

3.6.1 Omskrywing 66

3.6.2 Interaksie as sosialiseringselement 67

3.6.3 Wisselwerking as sosialiseringselement 68

3.6.4 Internalisering as sosialiseringselement 68

3.6.5 Institusionalisering as sosialiseringselement 69

3.7 Die stabiliseringselemente van die sosiale sisteem 70

3.7.1 Omskrywing 70

3.7.2 Differensiasie as stabiliseringselement 70

3.7.3 Segmentasie as stabiliseringselement 72

3.7.4 Spesifikasie as stabiliseringselement 72

3.7.5 Inersie as stabiliseringselement 73

3.8 Die kriteria vir wetenskaplikheid 75

3.8.1 Omskrywings van wetenskap 75

3.8.2 Logisiteit 76

3.8.3 Empirisiteit 76

3.8.4 Objektiwiteit 77

3.8.5 Waardevryheid 77

3.8.6 Operasionaliteit 77

3.8.7 Teoreties 78

3.9 Toetsing van die evalueringsisteem aan die kenmerke van wetenskap 78

3.9.1 Logisiteitstoets 78

3.9.2 Empirisiteitstoets 79

3.9.3 Objektiwiteitstoets 80

3.9.4 Waardevryheid 80

3.9.5 Operasionaliteitstoets 81

3.9.6 Teorietoets 81

3.10 Samevatting 82

HOOFSTUK 4 : DIE MISDAADVERKLARINGSMOONTLIKHEDE VAN DIE EVALUERINGSISTEEM 83

4.1 Inleiding 83

4.2 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van strukturering 84

4.2.1 Waardes 84

4.2.2 Norme 86

4.2.3 Rolle 88

4.2.4 Subgroepe 90

4.2.5 Definiëring van misdaad 92

4.3 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van funksionering 92

4.3.1 Patroonhandhawing en spanningsbeheer 92

4.3.2 Aanpassing 94

4.3.3 Doelbereiking 96

4.3.4 Integrasie 97

4.3.5 Bestaan van misdaad 98

4.4 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van sosialisering 99

4.4.1 Interaksie 99

4.4.2 Wisselwerking 100

4.4.3 Internalisering 101

4.4.4 Institusionalisering 103

4.4.5 Ontstaan van misdaad 104

4.5 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van stabilisering 104

4.5.1 Differensiasie 104

4.5.2 Segmentasie 105

4.5.3 Spesifikasie 107

4.5.4 Inersie 108

4.6 Voortbestaan van misdaad 110

4.7 Skematiese voorstelling 110

4.8 Samevatting 111

HOOFSTUK 5 : DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE MISDAADEKOLOGIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING 112

5.1 Inleiding 112

5.2 Ekologiese nabyheid 112

5.3 Begripsomskrywings 113

5.3.1 Ekologie 113

5.3.2 Menslike ekologie 113

5.3.3 Sosiale ekologie 114

5.3.4 Stedelike ekologie 114

5.3.5 Misdaadekologie 115

5.4 Die uitgangspunte van die misdaadekologieteorie 115

5.4.1 Ruimtelike misdaadkonsentrasie

5.4.2 Saamgroepering van heterogene fàsette 116

5.4.3 Kenmerke van die misdaadekologieteorie 116

5.5 Stedelike ontwikkelingsteorieë 118

5.5.1 Die konsentriese soneteorie 118

5.5.2 Die sektorteorie 119

5.5.3 Die multikerneteorie 121

5.6 Die stedelike misdaadareas 122

5.6.1 Beskrywing van die middestad en oorgangsone 122

5.6.2 Misdaadverspreiding in die middestad en oorgangsone 123

5.7 Die kenmerke van die misdaadekologieteorie 125

5.7.1 Sosiale mobiliteit 125
5.7.2 Subkultuurvorming 126
5.7.3 Waardedifferensiasie 127
5.7.4 Differensiële assosiasie 129

5.8 Misdaadverklaringsmoontlikhede 130

5.8.1 Inleiding 130
5.8.2 Sosiale beweeglikheid 130
5.8.3 Solidariteitsgebrek 132
5.8.4 Kompeterende subgroepe en subkulture 132
5.8.5 Konflik 133
5.8.6 Deelname en identifikasie 135

5.9 Evaluering 136

5.9.1 Soneringshipotese is 'n oorvereenvoudiging 136
5.9.2 Georganiseerdheidsaard is onvoldoende 139

5.10 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die misdaadekologieteorie 140

5.10.1 Kenmerke 140
5.10.2 Verklaring van die diagram 142
5.10.3 Funksioneringskomponente van die sosiale sisteem 142
5.10.4 Bestaan van misdaad 143

5.11 Samevatting 143

HOOFSTUK 6 : DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE DIFFERENSIËLE ASSOSIASIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING 145

6.1 Inleiding 145

6.2 Ontstaansagtergrond 145

6.2.1 Vroeë misdaadstudies 145

6.2.2 Veelvuldige faktore in misdaadverklaring 146

6.2.3 Grondslag en uitgangspunte vir misdaadverklaring 147

6.3 Voorlopige formulering van die differensiële assosiasieteorie 151

6.4 Finale formulering van die differensiële assosiasieteorie 152

6.5 Misdadige gedrag word aangeleer 154

6.5.1 Inleiding 154

6.5.2 Gedragsverandering word aangeleer 155

6.5.3 Interaksie en kommunikasie as leermiddels 155

6.5.4 Persoonlike verantwoordelikheid in die aanleeraktiwiteit 156

6.5.5 Skoling in misdaadtegnieke 156

6.5.6 Assosiasie en isolasie van kriminele gedrag 156

6.6 Die aanleerproses van misdaadtegnieke en -houdings 157

6.6.1 Die aanleerproses in primêre groepe 157

6.6.2 Die aanleerproses in beroepsgroepe 158

6.7 Kultuurkonflik as basis van misdaad 159

6.7.1 Inleiding 159

6.7.2 Professionele diewery 159
6.7.3 Konformeer en afwyk 160
6.7.4 Opponerende (sub)kulture 161
6.7.5 Konsensus 161

6.8 Wetsverbrekingsdefinisies oorheersend 162

6.8.1 Inleiding 162
6.8.2 (Sub)kultuurassimilasie 163
6.8.3 Persoonlike vatbaarheid 164
6.8.4 Frekwensie en duurte, prioriteit en intensiteit 164
6.8.5 Kwantiteite 165

6.9 Misdaadverklaringsmoontlikhede 165

6.9.1 Inleiding 165
6.9.2 Oppervlakkig en algemeen 166
6.9.3 Onvoltooidheid 167
6.9.4 Sosiologisties 168
6.9.5 Gedeeltelik suksesvol 170

6.10 Evaluering 172

6.10.1 Onbevredigende misdaadverklaring 172
6.10.2 Individuele verskille 173
6.10.3 Misdaadgeleenthede 174
6.10.4 Passiemisdade 174
6.10.5 Onbewysbaarheid 175
6.10.6 Kunsmatig 177
6.10.7 Onbeantwoord 177
6.10.8 Verskillende omskrywings 178
6.10.9 Deterministies en geslote 178
6.10.10 Ontken menslike kreatiwiteit 179
6.10.11 Oorvereenvoudig leerproses 180

6.10.12 Reduksionisme 180
6.10.13 Meriete 181
6.10.14 Spekulatief 181
6.10.15 Kultuurgebondenheid 182
6.10.16 Differensiële identifikasie 182

6.11 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die differensiële assosiasieteorie 183

6.11.1 Kenmerke 183
6.11.2 Verklaring van die diagram 185
6.11.3 Sosialiseringskomponente van die sosiale sisteem 185
6.11.4 Ontstaan van misdaad 186

6.12 Samevatting 186

HOOFSTUK 7 : DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE ANOMIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING 188

7.1 Inleiding 188

7.2 Ontstaansagtergrond 188

7.2.1 Wysgerige denke 188
7.2.2 Sosiologiese denke 189
7.2.3 Afwykende gedrag 190

7.3 Uitgangspunte van die anomieteorie 191
7.3.1 Ambivalensie 191
7.3.2 Multidimensionaliteit 192

7.4 Aanvanklike formulering 193

7.4.2 Arbeidsverdeling 194

7.5 Huidige formulering 195

7.5.1 Kulturele verval 195

7.5.2 Disekwilibrium 196

7.6 Aanpassingsvorme tot die toestand van anomie 197

7.6.1 Sosiaal-kulturele strukture en disekwilibrium 197

7.6.2 Konformiteit 198

7.6.3 Innovasie 199

7.6.4 Ritualisme 203

7.6.5 Onttrekking 205

7.6.6 Rebellie 207

7.7 Motiveringselemente vir die keuse van aanpassingswyses 209

7.7.1 Interaksiesisteem 209

7.7.2 Konformerende of vervreemdende motiverings 210

7.7.3 Aktiewe of passiewe motiverings 211

7.7.4 Normatiewe of persoonsgerigte motiverings 212

7.7.5 Ongeoorloofde middele 214

7.8 Misdaadverklaringsmoontlikhede 217

7.8.1 Inleiding 217

7.8.2 Disekwilibrium 217

7.8.3 Gedifferensieerdheid 218

7.8.4 Stimulus 219

7.8.5 Suksesvol 220

7.8.6 Hiperkonformisme 222

7.8.7 Twyfelagtig 223

7.8.8 Totalisering 225

7.8.9 Onwaarskynlik 225

7.8.10 Vervreemding 226

7.8.11 Konformering en misdaad 227

7.8.12 Noodsaaklik en verduidelikend 228

7.9 Evaluering 229

7.9.1 Kwaadwilligheid 229
7.9.2 Genoegsame toegang 229
7.9.3 Oppervlakkig 229
7.9.4 Sosiologisties 230
7.9.5 Onbenoemde determinante 230
7.9.6 Statusverwerwing 231
7.9.7 Frustrering van doelbereiking 231
7.9.8 Sosiaal-sielkundig 232
7.9.9 Drukuitoefening 232

7.10 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die anomieteorie 233

7.10.1 Kenmerke 233
7.10.2 Verklaring van die diagram 235
7.10.3 Strukturele komponente van die sosiale sisteem 235
7.10.4 Definiëring van misdaad 236

7.11 Samevatting 236

HOOFSTUK 8 : DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE DELINKWENTE SUBKULTUURTEORIE VIR MISDAADVERKLARING 237

8.1 Inleiding 237

8.2 Ontstaansagtergrond 237

8.2.1 Begripsontwikkeling 237
8.2.2 Werkersklasseuns 240
8.2.3 Kultuuroordrag 241

8.3 Uitgangspunte van die delinkwente subkultuurteorie 242

8.3.1 Klassesisteem 242
8.3.2 Statusprobleme 242
8.3.3 Sosialisering 245
8.3.4 Reaksies op statusfrustrasie 247

8.4 Kenmerke van die delinkwente subkultuurteorie 248

8.4.1 Identifisering van die kenmerke 248
8.4.2 Nie-utilitaristies 249
8.4.3 Opsetlike kwaadwilligheid 250
8.4.4 Groepsoutonomie en/of groepskohesie 251
8.4.5 Korttermyn-hedonisme 253
8.4.6 Proposisies uit die kenmerke afgelei 254

8.5 Sentrale gedragsfokuspunte 255

8.5.1 Laerklassubkultuur 255
8.5.2 Verklaring van die diagram 258

8.6 Misdaadverklaringsmoontlikhede 266

8.6.1 Twyfelagtig-belowend 266
8.6.2 Logiese redusering 268
8.6.3 Besondere vergestalting 269

8.7 Evaluering 270

8.7.1 Inleiding 270
8.7.2 Middelklaswaardes 270
8.7.3 Reaksieformasie 272
8.7.4 Nie-standhoudend 273
8.7.5 Metodologies en teoreties 274
8.7.6 Veranderlikes 275
8.7.7 Ander subkulture 276

8.8 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die delinkwente subkultuurteorie 278

8.8.1 Kenmerke 278

8.8.2 Verklaring van die diagram 280

8.8.3 Funksioneringskomponente van die sosiale sisteem 280

8.8.4 Bestaan van misdaad 280

8.9 Samevatting 281

HOOFSTUK 9 : DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE ETIKETTERINGSTEORIE VIR MISDAADVERKLARING 282

9.1 Inleiding 282

9.2 Ontstaansagtergrond 282

9.2.1 Amerikaans 282

9.2.2 Uitbreiding 283

9.2.3 Konflik en erkenning 283

9.3 Uitgangspunte van die etiketteringsteorie 284

9.3.1 Groepsdefinisies 284

9.3.2 Partikuliere sosiale definisies 285

9.3.3 Die sosiale oorsprong van stigmatiese etikette 286

9.3.4 Afwykende gedragsvorming is (sosiale) proses 287

9.4 Kenmerke van die etiketteringsteorie 288

9.4.1 Konformiste is die etiketteerders 288

9.4.2 Afwykende gedrag het 'n sosiale konteks 296

9.4.3 Die prosessuele aard van afwykings 302

9.4.4 Ander se reaksies 305

9.5 Misdaadverklaringsmoontlikhede 309

9.5.1 Inleiding 309
9.5.2 Bevraagteken en ondersteun 310
9.5.3 Stabilisering 310
9.5.4 Grondprobleem 311
9.5.5 Onduidelik 312
9.5.6 Bevoordeling 313
9.5.7 Natuurnoodwendig 314
9.5.8 Misdaadloopbane 314
9.5.9 Weinig onduidelikhede 316
9.5.10 Oorreaksies 316
9.5.11 Wisselend 317

9.6 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die etiketteringsteorie 319

9.6.1 Kenmerke 319
9.6.2 Verklaring van die diagram 321
9.6.3 Sosialiseringskomponente van die sosiale sisteem 321
9.6.4 Ontstaan van misdaad 321

9.7 Samevatting 322

HOOFSTUK 10 : DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE ALIËNASIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING 326

10.1 Inleiding 326

10.2 Ontstaansagtergrond 326

10.2.1 Verstedeliking en massifikasie 326
10.2.2 Instrumentalisering 328
10.2.3 Kroniese sosiale verandering 329
10.2.4 Onvermoëndheid 330

10.3 Kenmerke van die aliënasieteorie 331

10.3.1 Inleiding en omskrywing 331

10.3.2 Medemensaliënasie 332
10.3.3 Selfaliënasie 334
10.3.4 Werkaliënasie 337
10.3.5 Samelewingsaliënasie 339
10.3.6 Sirkelaliënasie 343

10.4 Misdaadverklaringsmoontlikhede 344

10.4.1 Inleiding 344
10.4.2 Stimulering 344
10.4.3 Lae waardetoekenning 345
10.4.4 Onttrekkingsreaksie 346
10.4.5 Motiveringskrag 346
10.4.6 Groot moontlikhede 347
10.4.7 Ondersteuning 348
10.4.8 Ontevredenheid 349
10.4.9 Projeksie 350
10.4.10 Opwindingsoekend 350
10.4.11 Onderproduksie 351
10.4.12 Verskeie misdaadsoorte 352

10.5 Evaluering 352

10.5.1 Aliënasie is verkeerd 352
10.5.2 Geldende waardes 353
10.5.3 Betrokkenheid 353
10.5.4 Stagnering 354

10.6 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die aliënasieteorie 355

10.6.1 Kenmerke 355
10.6.2 Verklaring van die diagram 357
10.6.3 Funksioneringskomponente van die sosiale sisteem 357
10.6.4 Bestaan van misdaad 357

10.7 Samevatting 358

HOOFSTUK 11 : SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING 359

11.1 Inleiding 359

11.2 Die uitgebreide sosiale sisteemteorie 360

11.3 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë 363

11.4 Verklaring van die diagram 365

11.4.1 Positiewe bevindings 365

11.4.2 Negatiewe bevindings 367

11.4.3 Twyfelagtige bevindings 367

11.5 Strukturalisme 368

11.6 Funksionalisme 369

11.7 Sosiologisme 370

11.8 Makrososiologiese benadering benodig 370

11.9 Nuwe navorsingsvelde 372

SUMMARY 375

BIBLIOGRAFIE 387

LYS VAN DIAGRAMME 403

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 Die belangrikheid, noodsaaklikheid en aktualiteit van die navorsing

#### 1.1.1 Inleiding

Die hedendaagse menslike samelewing kom al meer in die greep van verwarring, ontreddering en wanorde op alle lewensterreine - en sedert die sondeval is die mens gekonfronteer met sy eie sondige aard en onvolmaaktheid wat daaruit voortkom en wat aangeblaas word deur die ontelbare herkenbare en onherkenbare gestaltes van die sonde (Van den Berg, 1977, p. 1). Een van die duideliker deurwerkende gevolge van die sondeval is die wêreldwye openbaring daarvan in die vorm van misdaad. Wanneer na enkele misdaadstatistiek gekyk word as die weerspieëling van die verwarrende wanorde wat heers, kom die belangrikheid, noodsaaklikheid en aktualiteit van hierdie navorsing duidelik aan die lig.

#### 1.1.2 Misdaadafmetings

Steyn verstrek die volgende syfers ten opsigte van die wêreldwye afmetings van misdaad soos dit uitgedruk word in die verskillende westerse lande se daaglikse gemiddelde aanhoudings in gevangenisse in terme van die bevolkingsgetalle en in terme van die aantal aangehoudenes per honderdduisend van die populasie soos volg: (Graser, 1972, p. 3)

In Nederland is die bevolking 12,9 miljoen, die aantal aangehoudenes wat daagliks in die gevangenisse is, is 3280 wat verteenwoordigend van 25,4 per honderdduisend van die populasie is. Vir Noorweë is die bevolkingsyfer 3,85 miljoen, die aantal aangehoudenes is 1700 wat beteken dat 44 mense uit elke honderdduisend aangehou word. Die Switserse bevolking tel 8,0 miljoen, hulle aanhoudings kom te staan op 4900 wat 61,0 per honderdduisend is. België het 9,5 miljoen inwoners, hulle hou 6000 mense per dag aan wat 63,2 uit elke honderdduisend van die populasie beteken. Uit Frankryk se 50 miljoen mense word daagliks 35000 aangehou wat verteenwoordigend van 70,0 per honderdduisend van die populasie is. Van Denemarke se 4,6 miljoen mense is daagliks 3300 in die gevangenis, dit wil sê 71,7 uit elke honderdduisend. Vir Engeland se 45,5 miljoen inwoners is daar daagliks 33000 in die gevangenisse, wat 72,5 uit elke honderdduisend beteken. In Finland is die bevolking 4,7 miljoen, die daaglikse gemiddelde in gevangenisse is 4700, dit wil sê 100 vir elke honderdduisend van die populasie. Uit Suid-Afrika se 21,3 miljoen inwoners is daar daagliks 88825 in die gevangenis, dit wil sê 417 uit elke honderdduisend van die populasie.

Weens die besondere aard van Suid-Afrika se bevolkingsamestelling is dit duidelik voor-die-hand-liggend dat die misdaadsyfers nie vergelykend aangebied kan word in terme van die van die ander genoemde lande nie. Nogtans dui dit duidelik en dringend op die belangrikheid, noodsaaklikheid en aktualiteit van die misdaadprobleem hier te lande as motivering vir hierdie

ondersoek.

Wanneer hierby ook nog kennis geneem word van die omvang van die toename van die daaglikse gemiddeldes in Suid-Afrikaanse gevangenisse vir die tienjaartydperk van 1964 tot 1974, word die noodsaaklikheid van die probleem verder onderstreep. Uit die verslae van die Departement van Gevangenisse blyk dit dat daar 'n toename van 72 627 na 98 048, dit wil sê 25 927 was (Suid-Afrika (Rep.), 1973, p. 8 en Suid-Afrika (Rep.), 1978, p. 18). Die Kommissaris van Gevangenisse sê self in dié verband: "Ten spyte van enkele skommelinge toon die totale getal gevonniste gevangenes in bewaring 'n konstante styging van 27,4 persent. Hierteenoor was daar in dieselfde periode 'n bevolkingsaanwas van slegs 26,1 persent. Hiervolgens blyk dit dat die gevonniste gevangenes proporsioneel vinniger toeneem as die bevolking, wat op 'n sorgwekkende misdaadtendens dui" (Suid-Afrika (Rep.), 1977, p. 7).

### 1.1.3 Ekonomiese implikasies

Die belangrikheid, noodsaaklikheid en aktualiteit van hierdie navorsing word ook duidelik bevestig indien rekening gehou word met die feit dat vir die tydperk 1964 tot 1974 die begroting van die Suid-Afrikaanse Polisie met 159 persent, dié van die Departement van Justisie met 151 persent en dié van die Departement van Gevangenisse toegeneem het met 255 persent (Graser, 1975, p. 3). Tegelykertyd het in dieselfde tienjaartydperk die gevangenisbevolking in Suid-Afrika se daaglikse gemiddelde met 41 persent toegeneem, naamlik

van 70 351 in 1964 tot 98 851 in 1974 (Graser, 1975, p. 3).

Teen die agtergrond van die gesketste belangrikheid, noodsaaklikheid en aktualiteit van die misdaadprobleem in die wêreld - en besonderlik in Suid-Afrika - wil dié ondersoek probeer om 'n bydrae te lewer ten opsigte van die sosiologiese verklaring van misdaad met die oog daarop om die misdaadverskynsel beter te verstaan sodat beter beheer en voorkoming daarvan bevorder kan word.

## 1.2 Die omvang van die studieprobleem

### 1.2.1 Benadeling van die samelewingsorde

Die uiteengesette ontstellende misdaadstatistiek en -toename, het vanselfsprekend minstens 'n benadelende invloed op die goeie orde van elke samelewing. Dit het veral ernstige gevolge indien die gesonde fundamentele gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse daardeur aangetas word, want dit kan dit belemmer, benadeel en selfs vernietig. Dié fundamentele ordeninge is geïdentifiseer as die interpersoonlike, familiale, seksuele, eiendoms-, politieke, regs-, gemeenskaps- en godsdienstige verhoudinge (Van der Walt, 1964, p. 216). Die ondersoek sal dus gedoen moet word op al hierdie genoemde terreine.

### 1.2.2 Benadeling van die primêre samelewingsgroepe

Die benadelende invloed van misdaad op die primêre

groepe hou noodwendig minstens belemmerende implikasies in vir die sekondêre groepe ook, want laasgenoemde ontstaan uit eersgenoemde. Wanneer 'n vader, moeder of kind betrokke is in misdaad, is dit immers die oersel van die samelewing wat gesplit word met die isolering en gevangesetting van die betrokke oortreder en dié splitsing het vir die gesinslewe dieselfde effek as wat die atoomsplitsing het vir wie ookal naby is. Op dieselfde wyse word die kerk ook in sy geloofsfondamente geskud wanneer sy lidmate die fundamentele saamleefordeninge skend omdat naasteliefde daardeur benadeel word en dus in konsekwensie ook die betrokkenes se verhouding tot die God van die kerk. Uit die aard van die saak word ook die staat, skool en bedryf benadeel wanneer hul burgers, leerlinge en onderwysers en interpreneurs in hegtenis is vir sover as wat die reg en geregtigheid, opvoeding en waardeafwegende besparingstake daarvan dan benadeel word. Die deurwerking van dié benadelings op die sekondêre samelewingsgroepe is vanselfsprekend en op dié wyse word die hele menslike samelewing dus nadelig beïnvloed.

## 1.3 Die sosiologiese aard van die probleem

Die sosiologie se belangstelling in die misdaad en wat daarmee gepaard gaan, is so oud soos die sosiologie self. Immers - die studieterrein van die sosiologie lê in die samelewing van mense opgesluit, en die misdaad kom net binne samelewings voor. Misdaad word ook juis as sódanig gedefinieer vir sover dit die konformerende samelewing benadeel. Die belangstelling van

die sosiologie kom die duidelikste tot uitdrukking in die totstandkoming van die misdaadsosiologie as 'n aspeksosiologie en onderdeel van die sosiale patologie.

In die sosiologiese aard van die probleem van hierdie navorsing gaan dit in die eerste plek nie om die totaliteit van die samelewing nie, maar wel daarom dat dit toegespits is op 'n besondere aspekverskynsel, naamlik die misdade wat in die menslike samelewing voorkom. Dit gaan hierin besonderlik ook om te soek na die strukturering en funksionering van misdadigheid in sekere groepe en as groepsverskynsel self en die teoretiese verklarings van die ontstaan, bestaan, voortbestaan en stabilisering van kriminaliteit in die samelewing.

## 1.4 Die afbakening van die studieprobleem en die doel van die ondersoek

In dié ondersoek sal die navorsingsveld besonderlik afgegrens word tot die hooflyne van 'n uiteensetting van die misdaadlewensterrein asook uiteensettings, besprekings en evaluerings van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die misdaadekologieteorie, die differensiële assosiasieteorie, die anomieteorie, die subkultuurteorie, die etiketteringsteorie en die aliënasieteorie. Dié teorieë sal beoordeel en getoets word ten opsigte van hulle misdaadverklaringsmoontlikhede aan die hand van 'n evalueringsisteem soos gebaseer op 'n uitbreiding van die sosiale sisteemteorie wat in die ondersoek ontwerp word ten einde misdaad makrososiologies te verklaar.

Die doel van hierdie proefskrif is soos volg: Eerstens, om 'n uiteensetting van die misdaadlewensterrein te gee en van alles wat daarmee saamhang. Tweedens word beoog om vanuit hierdie uiteensetting aan te toon hoedanig die norme vir en die feite van nie-konformerende gedrag afgelei, geïnterpreteer, verklaar en opgestel kan word. Derdens word beoog om aan die hand van bepaalde sosiologiese teorieë oor afwykende gedrag, analises te maak ten einde hulle norme en feite met betrekking tot nonkonformerende gedrag vas te stel of te bepaal en dit daarna aan die gestelde norme en feite te toets. Vierdens sal ondersoek gedoen word na die moontlikheid om 'n aanvaarbare makrososiologiese misdaadverklaringsteorie met die geverifieerde gegewens te kan ontwerp.

## 1.5 Die metode wat in die ondersoek gebruik word.

In hierdie ondersoek sal hoofsaaklik gebruik gemaak word van literatuurstudie, die rangskikking en ordening van die versamelde stof deur logiese redenasie en sintese waardeur die eenheidsbeeld in kompilasiewerk saamgevoeg sal word.

## 1.6 Die indeling van die stof in hoofstukke

Ten einde uitvoering te kan gee aan die voorafgaande uiteensetting van die doel van die ondersoek, word die materiaal soos volg aangebied:

In hoofstuk 2 word enkele hooflyne van die misdaad-

lewensterrein uiteengesit; in hoofstuk 3 word die evalueringsisteem aan die hand van 'n herstrukturering van die sosiale sisteemteorie uiteengesit, in hoofstuk 4 volg die bespreking van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die ontwerpte evalueringsisteem, dan volg in hoofstuk 5 die misdaadekologieteorie, in hoofstuk 6 die differensiële assosiasieteorie, in hoofstuk 7 die anomieteorie, in hoofstuk 8 die subkultuurteorie, in hoofstuk 9 die etiketteringsteorie, en in hoofstuk 10 die aliënasieteorie wat elkeen getoets word aan die gestelde norme vir evaluering wat in hoofstuk drie ontwerp en uiteengesit is. In hoofstuk 11 word dan samevattende slotbeskouinge aangebied.

## 1.7 Die omskrywing van enkele begrippe

### 1.7.1 Motivering vir die omskrywings

In die loop van die ondersoek kom verskillende begrippe voor wat nader omskryf moet word. Die ter sake begrippe binne die uiteensetting van 'n misdaadverklaringsteorie, sal ter aangehaalde plaatse omskryf word. Dit gaan hier om begrippe wat algemeen in die vakterminologie voorkom waarvan tog nog onduidelikheid, dubbelsinnigheid en meersinnighede in betekenis bestaan in die sosiologie. Slegs die begrippe wat dikwels voorkom in die ondersoek, word ontledend aangebied.

### 1.7.2 Kultuur

Dit is 'n bekende feit dat die begrip *kultuur* in die sosiologie 'n ander betekenis het as wat die geval is met die begrip in die algemene spreektaal. In die omgangstaal dui dit dikwels op persoonlike verfyndheid en gekultiveerdheid na aanleiding van die verskynsel dat iemand byvoorbeeld goed gemanierd is (Roode, 1970, p. 39). In die omgangstaal word dit ook in verband gebring met die kunste soos die skilderkuns, die beeldhoukuns, die letterkunde en musiek.

In sosiologiese betekenis word die begrip *kultuur* gebruik om te verwys na alle produkte van menslike arbeid en prestasie in die beheersing van die natuur - materieel en geestelik (Roode, 1970, p. 39). Binne die raamwerk van dié begripsbetekenis omskryf Bierstedt (1957, p. 106) kultuur as daardie "... complex whole that consists of everything we think and do and have as members of society".

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word kultuur gesien as die aangeleerde sosiale erfenis van 'n gemeenskap wat in bepaalde patrone georganiseer en van geslag tot geslag oorgedra word deur die materiële en geestelike dinamiese wisselwerking tussen mense (Roode, 1970, p. 39; Lundberg e.a., 1968, p. 172). Volgens Cuber (1968, p. 76) is "... the sociological meaning of culture... the continually changing patterns of learned behaviour and the products of learned behaviours (including attitudes, values, knowledge and material objects) which are shared by

and transmitted among the members of society".

### 1.7.3 Samelewing

As die grondbegrip in die sosiologie, dui die begrip *samelewing* die mens se algemene en inklusiewe verhoudingstruktuur aan. Dit is die omvattendste organisatoriese struktuur waarbinne die mens uiting gee aan sy sosiale aard deur middel van interaksie met sy medemens (Roode, 1970, p. 13). Dit dui dus nie op 'n besonderlike afgebakendheid van 'n groep soos byvoorbeeld die huisgesin of 'n bende nie - dit dui juis op en omvat alle tussenmenslike gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse tussen alle mense, groepe en sosiale sisteme.

Samelewing veronderstel en dui dus op die sosiale aard van die mens vir sover daar sprake is van bewustelike sosiale gedrag, die bestaan van gelyksoortigheid en van andersoortigheid van en in die dinamiese aard van die tussenmenslike interaksiepatrone. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal die begrip samelewing in dié uiteengesette betekenisgewing gebruik word.
In hierdie samelewing en kultuur is die enkele mens die aktiewe element sodat hy die vormgewer en onderhouer is van die samelewing en kultuur (Van Dijk, s.j. p. 38).

### 1.7.4 Konformerende gedrag

Met *konformerende gedrag*, verhoudinge, handelinge en

gebeurtenisse sal vir die doel van hierdie studie bedoel word daardie algemeen-aanvaarde sosiale waardes, norme en rolle waaraan die oorgrote meerderheid mense in die algemeen meedoen wat die goeie, wetsgehoorsaam-ordelike samelewing realiseer.

### 1.7.5 Onbeheerbare gedrag

Onder meer gee Olivier (1966, p. 15) die volgende tiperende beskrywing van *onbeheerbare gedrag*: "As die ongehoorsame kind nog deur die ouer hanteer kan word, is dit suiwer 'n persoonlike probleem. Dog as ongehoorsaamheid oorgaan tot onbeheerbaarheid waarvoor hulp van buite ingeroep moet word, word dit 'n probleem wat die groep raak en optrede verg". Met *hulp van buite* word hier bedoel instansies soos maatskaplike werkers.

Onbeheerbare gedrag as die ligste vorm van nonkonformerende gedrag waaroor deur die samelewing gefrons word, kan omskryf word as alle gedragsmoeilike en antisosiale neigings wat aanleiding daartoe kan gee dat geregtelike ondersoek na kinders se gedrag gedoen word met die oog daarop dat hulle na nywerheidskole verwys word (Pienaar, 1970, p. 19-20).

### 1.7.6 Wangedrag

*Wangedrag* dui daarop dat onsedelike of anti-sosiale handelinge gepleeg word (Pienaar, 1970, p. 20). Wangedrag is dus 'n wyer begrip as misdaad omdat alle wangedrag nog nie misdaad is nie, maar alle misdaad is wel ook wangedrag. Wangedrag volg dus as die volgende graad van afwyking op onbeheerbare gedrag as die proses wat uitloop op misdaad.

### 1.7.7 Misdaad

Die juridiese definisie van *misdaad* lui dat dit dui op elke handeling of versuim wat deur die wet met straf verbied word (Labuschagne, 1966, p. 99-121; Venter, 1972, p. 8; De Wet & Swanepoel, 1975, p. 69).

Hierteenoor staan die breër sosiologiese misdaadopvatting wat vir die doeleindes van hierdie proefskrif gebruik word, naamlik dat misdaad bestaan uit die (herhaaldelike) [skending van die fundamentele maatskaplike tussenmenslike gedragspatrone, fundamentele tussenmenslike verhoudingspatrone, fundamentele tussenmenslike handelingspatrone wat geskonde fundamentele maatskaplike gebeurtenispatrone tot gevolg het en wat oorsaak is vir en aanleiding gee tot die ontwrigting van die algemeen aanvaarde en goeie gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse wat konformerende gedrag uitmaak]

## 1.8 Enkele probleme ervaar tydens die navorsing

Hoofsaaklik drie probleme is ervaar tydens die navorsing. In die eerste plek is gestuit teen die probleem dat die bestudering van die misdaadsosiologie en die misdaadverklaringsteorieë, 'n mens na die oorweging van die waarheidsmomente en leemtes van elk, jouself die vraag laat afvra: wat daarvan? Het dit enigsinds vakwetenskaplike betekenis dat ons van die een na die ander sosiologiese misdaadverklaringsteorie voortskry en skynbaar niks betekenisvols bereik nie?

Skynbaar kan die bekende sosiologiese teorieë nie misdaad in sy volle openbaringsgestalte verklaar nie.

In die tweede plek is gestuit teen die probleem wat Sutherland & Cressey (1970, p. 72) opper ten opsigte van die sinvolle betekenisgewing aan sosiologiese teorievorming insake misdaadverklaring, naamlik dat, as dit wetenskaplik wil wees, moet dit al die heterogene versameling van veelvuldige faktore wat geassosieer word met misdaad, georganiseerd en geïntegreerd sistematiseer tot 'n verduidelikende teorie. Juis dié probleem was een van die grootste uitdagings wat gedien het as motivering vir hierdie ondersoek.

Derdens is probleme ondervind weens die feit dat daar geen vorige sosiologiese navorsing gedoen is wat op dié besondere wyse toegepas is nie. Daarom is teruggeval op kritiese en logiese beredenering van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë nadat dit in hooftrekke beskrywend uiteengesit is.

# HOOFSTUK 2

## DIE HOOFTREKKE VAN DIE STUDIEGEBIED VAN DIE SOSIOLOGIE; DIE FUNKSIONELE VRAAGSTUKKE EN DIE MISDAADLEWENSTERREIN

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal aan die hooftrekke van die studiegebied van die sosiologie aandag gegee word aan die hand van enkele omskrywings. In die lig van die betekenis van 'n religieuse uitgangspunt, die wysgerige ondergrond en die skeppings- en samelewingsordes vir die strukturele en funksionele ordes van die empiriese samelewing soos Dengerink[1)] dit stel, word daarna ook aandag gegee aan die funksionele vraagstukke wat onafskeidelik hiermee saamhang. Vir sover as wat die funksionele vraagstukke ook die ontstaan van misdaad insluit, word die hooftrekke van die kriteria vir misdaadklassifikasies behandel met besondere aandag aan die hand van die klassifikasie van misdaad.

Vervolgens sal die misdaadlewensterrein kortliks afgebaken word en ook gewys word op die wedersydse beïnvloedende wisselwerking wat plaasvind tussen die misdaadlewensterrein en die samelewing en kultuur sodat die ondersoekterrein van hierdie proefskrif dan ingetregter kan word tot by die ontleding van die verskillende teorieë wat vir die doel van hierdie

---

1) *Vergelyk p. 17 van hierdie proefskrif onder die opskrif 2.2.3 Die ontleding van die omskrywings.*

ondersoek geselekteer is.

## 2.2 Die hooftrekke van die studiegebied van die sosiologie

### 2.2.1 Inleiding

Dit is nodig om hier in breë trekke aandag te gee aan die hooflyne van die studiegebied van die sosiologie vanweë die feit dat die misdaadverskynsel in die samelewing as die studiegebied van die sosiologie voorkom en dat lateraan met sosiologiese teorieë gewerk word in hierdie proefskrif. Aangesien hierdie navorsing se uitgangspunt gebaseer is op die christelike lewens- en wêreldbeskouing, word ook in die studiegebied van die sosiologie vanuit hierdie hoek gewerk. Aansluiting sal gevind word by enkele omskrywings van die studiegebied van die sosiologie, en na ander wat daarmee saamstem, sal slegs verwys word.

### 2.2.2 Enkele omskrywings van die studiegebied van die sosiologie

Volgens Cuber (1968, p. 4) bestudeer die sosiologie menseverhoudings en menslike interaksie. Dit bestudeer alle sosiale lewensverskynsels en lewensfere wat deel is van en geaffekteer word deur of ook die resultaat is van menslike interaksie. Roode (1970, p. 7) sluit hierby aan deur te sê die sosiologie bestudeer die wisselwerking tussen mense vir sover dit kenbaar, gepatroneerd en ordelik vergestalt word tussen mense. Chapman (1968, p. 1) ondersteun hierdie stellings deur

te sê die sosiologie "...arises from the recognition of order in society". Dekker (1969, p. 7) voeg ook hierby dat die sosiologie hoofsaaklik geïnteresseerd is in die meer konstante en meer permanente van die menslike saamleefgroepe. Reeds in 1948 het Peck (1948, p. 17) ten opsigte van die christelike grondslag van die sosiologie gesê: "The theological doctrine summarized in the Nicene Creed, *I believe in One God, the Father Almighty, Maker of heaven and earth, and of all things visible and invisible,* is the basis of Christian sociology".

Uit die voorafgaande en talle ander omskrywings (Abraham, 1973, p. 104-5, en 110-1; Van Doorn & Lammers, 1964, p. 24; Bierens de Haan, 1959, p. 7 en 12; Kar, 1964, p. 2) kan die studieterrein van die sosiologie gereduseerd omskryf word as die (vak)-wetenskaplike bestudering van al die interaksiepatrone en sosiale prosesse van relatief ordelike tussenmenslike gedrag, verhoudinge, handelinge, en gebeurtenisse soos dit veral tot vergestalting kom in die struktuur en funksionering van sosiale groepe en sosiale sisteme.

Verdere omskrywings van die kernbegrippe van die studieterrein van die sosiologie kan nou van naderby onderneem word.

### 2.2.3 Die ontleding van die omskrywings

Hangende die talle omskrywings van die studiegebied van die sosiologie, waarvan vooraf slegs 'n paar ge-

noem is, word hier besonderlik aangesluit by die christelik gefundeerde standpunt van Dengerink (1948, p. 191) wat sê: "De positieve sociologie is in haar visie op de typische structuren der empirische samenleving afhankelijk van de wijsgerige en de laatste is afhankelijk van het religieuze grondmotief, dat haar uitgangspunt vormt".

Hierdie uitspraak het drie kernelemente ingebou wat ook implisiet na vore kom in die meeste ander omskrywings op hierdie vlak, naamlik in die eerste plek word hierin verwys na die tipiese strukture van die empiriese samelewing waarin dit gaan om die positiewe sosiologie. In die tweede plek word gewys op die wysgerige ondergrond wat dui op die waardeopvatting, naamlik die normatiewe behorenseise wat geld vir die positiewe sosiologie. In die derde plek word gewys op die religieuse grondmotief waarin die positiewe sosiologie met sy wysgerige ondergrond gewortel is.

Die hooftrekke van elkeen van hierdie fasette sal nou nader ontleed word ten einde 'n totaalbeeld van die studiegebied van die sosiologie te verky.

### 2.2.4 Die religieuse uitgangspunt van die sosiologie

Die voorgenoemde opvattings oor die studiegebied van die sosiologie is, vir die uitgangspunt van hierdie proefskrif, gewortel in die christelike religieuse grondmotief op transendente standpunt as verskillende van byvoorbeeld die humanistiese religieuse grondmotief met sy immanente standpunt.

Weens die voorwetenskaplikheid daarvan, kan hierdie (en enige ander) voorveronderstellings nie (vak)wetenskaplik bewys word nie, want, byvoorbeeld sê Van Dijk (s.j., p. 59): "De kennis daaromtrent hangt aan theoretisch-wetenschappelijk onbewijsbare vooronderstellingen, die voor de christendenker gegeven zijn in de geloof aanvaarde goddelijk Woordopenbaring in Christus Jesus". Die religieuse grondmotief waarna in die aanhaling van Dengerink (1948, p. 191) verwys word, hou dus verband met die christelike lewens- en wêreldbeskouing van die sosioloog wat die sosiologie beoefen.

Gebaseer op hierdie uitgangspunt, staan ook die uitspraak van Grosheide (1934, p. 818) dat God 'n God van *orde* is. Dit kom immers duidelik na vore in die wyse waarop God die skepping tot stand gebring het (Genesis 1 en 2). Die skeppingsorde kom na vore ook in die onderskeiding van die ryke van die stof, plant, dier en mens. Die Goddelike Openbaring aangaande die skeppingsdae dui ook onmiskenbaar orde in die skeppingswerke van God aan deur die gesproke Woord van God en deur die ordelikheid van die menslike lewenswyse wat deur die Tien Gebooie voorgeskryf word (Exodus 20:2 - 17). Ook die werke van Jesus Christus op aarde dui op die orde in die verlossingswerk van God (Handelinge 13:47).

Die religieuse aard van die mens wat tot uitdrukking kom in die feit dat hy in 'n besondere en persoonlike verhouding tot God staan - of hy dit nou wil erken of nie - kragtens die feit dat die mens 'n skepsel van God is, ondersteun verder die keuse van die christelike

religieuse grondmotief as uitgangspunt vir die sosiologie soos gesien vir die doeleindes van hierdie proefskrif (Van Dijk, s.j., p. 20-1, en 54; Habermehl, 1959, p. 22). Binne hierdie raamwerk se uitgangspunt is die mens in 'n sekere sin medeskepper saam met God vir sover hy in sy verskillende roepinge tot taak het om die aardse skeppingsorde te versorg en in stand te hou deur beheersende skeppings- en vormingswerk waarvoor God die mens volledig toegerus het.

Die konsekwensie van die feit dat God 'n God van orde is soos weerspieël in die skeppingsorde, veronderstel ook dat die samelewing van mense (as deel van die skeppingsorde) ook ordelik sal (moet) wees. Die begrip *orde* het 'n sentrale betekenis in die sosiologie - ook onafhanklik van die betrokke sosioloog se religieuse uitgangspunt (Case, 1924, p. 151 en 943; Roode, 1970, p. 7; Bierstedt, 1970, p. vii). Die opmerking van Fairchild (1964, p. 287) ten opsigte van die begrippepaar *sosiale orde*, onderskryf hierdie stelling. Hy sê: "In general, the term refers to the totality of human relationships and culture of any given area or time, the constellation of social institutions. Critically the reference is to a certain quality, the smooth, efficient, logical, aesthetic and ethical interactional functioning of individuals and groups within any such totality; it is a condition comparable to health in the individual. It is not the same as peace, for conflict may be orderly; it is not the same as organization, for organization always implies an amount of complexity not necessary

found with order".


Vanuit 'n christelike standpunt wys Van Dijk (s.j., p. 56) dan ook tereg daarop dat daar met die christelike ordinansies strydige positiverings van ordelike gedragsnorme geformuleer word en dat die menslike samelewing daaronder ly. Nietemin leef mense ordelik saam in die skeppingsorde gegronde groepe soos die huwelik, die huisgesin, kerk, staat, skool en bedryf wat almal neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar bestaan en dit vir die mens moontlik maak (as die aktiewe element) om homself ten volle uit te leef volgens sy geskape aard en behoeftes (Dengerink, 1948, p. 171; Kruger, 1972, p. 15-6).

Van der Walt (1959, p. 43, 51 en 55) sluit aanvullend en uitbouend by die voorafgaande uiteensetting aan as hy sê dat, wanneer ons van die samelewing praat, spreek ons van die menslike samelewing as 'n *samelewingsorde* wat 'n eenheid in verskeidenheid is, of anders gestel, die verskeidenheid en die veelkleurigheid in die eenheid van die menslike samelewing is die sosiale orde. Dié veelkleurige verskeidenheid dui op die samelewingsvorme soos huwelike, huisgesinne, kerke, state, skole, bedrywe, ensovoorts, wat elkeen sy eie struktuur volgens sy eie aard en wese met 'n bepaalde lewensdoel en -aktiwiteit het waarbinne die mens die individuele aksiesentrum is.

Die voorafgaande uiteensettings ten opsigte van die verhouding en verband tussen die christelike religieuse uitgangspunt wat die skeppingsorde van God neem as uit-

gangspunt en die daaruit voortvloeiende samelewingsorde, kan diagrammaties soos volg voorgestel word:

*Diagram 1* Skematiese voorstelling van die skeppingsorde en die samelewingsorde[1)]




1) *Die skema is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif*

### 2.2.5 Verklaring van die diagram

Verduidelikend kan die volgende van die diagrammatiese voorstelling gesê word. God het sy Wet gestel vir die skepping (stof, plant, dier en mens), en uit die mens kom die samelewingsorde tot stand in sy ryke neweskikkende gekoördineerde verskeidenheid van samelewingsvorme volgens die Wet van God wat daarvoor geld.

Gebaseer op die christelike religieuse uitgangspunt met sy konsekwensies vir die opvatting oor die skeppingsorde en die samelewingsorde, word nou aandag gegee aan die wysgerige ondergrond van die sosiologie volgens die opvatting van Dengerink (1948, p. 191) waarop hierdie uiteensetting gebaseer is.

### 2.2.6 Die wysgerige ondergrond van die sosiologie

Die wysgerige ondergrond van die sosiologie hou in die eerste plek verband met die lewens- en wêreldbeskouing van die sosioloog as die totaliteit van die antwoorde of oortuigings van die mens betreffende die vrae na die oorsprong, sin, betekenis, bestemming, doel en waarde van die mens en die wêreld en dit alles se verhouding tot God (Stoker, 1961, p. 113).

Gebaseer op die christelike lewens- en wêreldbeskouing, het die wysgerige ondergrond van die sosiologie in die tweede plek te make met die *waardeopvatting*. Eloff (1963, p. 102) sê in hierdie verband: "Die dinamiese strukturele orde is die wysgerige ondergrond van die

sosiologie en wel soos die sosioloog die Wysbegeerte sien en beoefen in sy vakwetenskap". Van Dijk (s.j., p. 60) onderskryf ook hierdie opvatting en koppel dit aan die christelike religieuse uitgangspunt as hy sê dat die strukturele orde in die geestestruktuur van die mens veranker lê soos dit ingeskape is deur God se Skepperswysheid.

Die wysgerige ondergrond van die sosiologie slaan in die derde plek ook op die *rangorde in waardes* wat geld vir die verskillende aspekte in die struktuurgeheel van die samelewing (Eloff, 1963, p. 102). Hierdie (wysgerig-sosiologiese) rangorde in waardes begin by die mees eenvoudige en eindig by die mees gekompliseerde waarde soos dit deur God in die menslike samelewing ingeskape is. Dit gaan nie om 'n rangorde in meerdere of mindere belangrikheid nie, maar om meerdere of mindere *gekompliseerdheid*.

Hierdie rangorde in waardes word deur Spier (1950, p. 69-100) soos volg geïdentifiseer, beginnende by die mins gekompliseerde en eindigende by die mees gekompliseerde: die aritmetiese, ruimtelike, fisiese, energetiese, biotiese, psigiese, analitiese, historiese, linguistiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pisteutiese. Die pisteutiese word as die mees gekompliseerde beskou omdat dit die skeiding maak tussen die mens en God in die sin dat dit deur middel van die *geloof* is dat daar persoonlike kontak kom tussen die mens en God. Kooistra (1962, p. 58) vat hierdie christelike wysgerige waardeopvatting goed saam met die volgende woorde:

"It is in the mode of values that the things exist for God..." en vervolg "The law, being the boundary between God and man, determines all of creation in categories of meaning and value".

Hoewel nie alle sosioloë hierdie opvatting oor die waardes aanhang nie, erken wel die meeste die belangrike betekenis van waardes in die sosiologie (Coser, 1971, p. 221; Furfey, 1953, p. 91; Kooistra, 1962, p. 56; Lundberg, 1968, p. 218-9; Homans, 1950, p. 127-8; Johnson, 1968, p. 49; Bottomore, 1971, p. 78; MacIver & Page, 1965, p. 529; Gray, 1972, p. 15; Goldthorpe, 1969, p. 19-22; Lemert, 1972, p. 31-2). Besonderlik wys MacIver & Page (1965, p. 529) byvoorbeeld daarop dat "... there is no necessary opposition between the scientific and the ethical attitude, for the one is directed to the comprehension of what is, and the other seeks to determine our relation to what is in such a way that what is and what is good shall so far as practicable coinside"... en dan vervolg hy verder: "The business of living in society makes social valuations of some sort necessary".

Lundberg (1968, p. 218) wys tereg daarop dat baie sosiale probleme juis ontstaan weens botsings tussen mense se waardeopvattinge. Dit is duidelik ook in lyn met die opvatting wat hier aangehang word, naamlik dat, as die feitelike strukturele orde nie in ooreenstemming met die normatiewe strukturele orde gebring word nie, ontstaan die verskillende vorme van nonkonformerende gedrag, naamlik afwykende gedrag, onbeheer-

bare gedrag, wangedrag en misdaad. Vervolgens sal die tipiese strukture van die empiriese samelewing van naderby ontleed word waarin hierdie opvatting uitgespel sal word op lyn met die aanhaling van Dengerink (1948, p. 191) wat vroeër gegee is.

## 2.2.7 Die tipiese strukture van die empiriese samelewing

Volgens die opvatting van Dengerink (1948, p. 191) waarby in hierdie uiteensetting aangesluit word, het ons wat die derde aspek van die studiegebied van die sosiologie betref, naamlik die tipiese strukture van die empiriese samelewing, te make met die groepe in die samelewing, dit is die positiewe sosiologie. Van Dijk (s.j., p. 207) sluit hierby aan as hy sê: "*De positieve sociologie* of theorie der positieve samenlevingsvormen heeft tot taak het onderzoek der positieve naar tijd en plaats variabele vormen der samenleving in hun dynamisch bestaan in onderlinge vervlechting en beïnvloeding, zoals zij door menselijke activiteit en onder leiding van menslijke doelstelling tot stand komen en worden onderhouden". Die positiewe sosiologie, wat die tipiese strukture of groepe van die empiriese samelewing bestudeer, word vervolgens in hooftrekke uiteengesit.

Volgens verskeie skrywers is die studieterrein van die positiewe sosiologie die *struktuurfunksionele teorie* van die samelewing (Bierens de Haan, 1959, p. 12; Chinoy, 1968, p. 38; Washburne, 1954, p. 6; Moore, 1955, p. 1; Fairchild, 1964, p. 125, 283 en 293;

Ginsberg, 1956, p. 164; Van Dijk, s.j., p. 203; Furfey, 1953, p. 148; Wilson & Kolb, 1949, p. 28, Simpson, 1954, p. 66). Furfey (1956, p. 131 en 148) het 81 formele definisies van die studiegebied van die sosiologie ontleed en bevestig dat dit die struktuurfunksionele opvatting van die samelewing onderskryf, naamlik: "Sociology is the science which seeks the broadest possible generalizations applicable to society in its structural and functional aspects".

Meer in die besonder het die samelewingsvorme of sosiale strukture volgens Davis (1949, p. 26) die struktuurfunksionele opset wat hy vergelyk met die wyse waarop 'n huis gebou word en waarvolgens elke boukomponent van die boumateriaal sy eie plek en funksie in die struktuur het, naamlik "It is like a house which, though composed of bricks, nails, mortar, and pieces of lumber, cannot be understood purely in terms of these materials; it has a form and function as a complete home". Oor hierdie bou-orde van die voorgenoemde tipiese strukture of sosiale strukture skryf Wilson en Kolb (1949, p. 846) "... treated apart from the social structure the processes are so abstract... (but) seen as functional elements... they take on significance as the dynamic components which make society a going concern". In hierdie verband haal Kruger (1972, p. 20) vir Hofstra aan wat die begrip *funksie* in sosiologiese sin gebruik na analogie van die funksie van 'n orgaan waarin dit dus gaan om die gedagte van aktiwiteit, handeling, dinamiek, beweging, verrigting en verhouding - in aansluiting by

die begrip *struktuur* wat verwys na substansie en stabiliteit. Hy wys verder tereg daarop dat die begrippepaar *struktuur-funksie* nie as teenstellings gebruik en geïnterpreteer moet word asof die een die ander uitsluit nie, maar dat dit juis gaan om die beklemtoning van samehang (struktuur) en aktiwiteit (funksie). Ook Van der Walt (1959, p. 398) en Dengerink (1934, p. 189) het reeds hierdie standpunt gehuldig wanneer hulle dit stel dat die funksies nooit ontkoppel kan word aan die wesentlike sosiale norme van die verskillende strukture nie.

Dit is deur middel van die *positiveringsproses* (dit wil sê konkrete realisering en waarmaking van die struktuur en funksies) dat menslike groepe in hulle ryke verskeidenheid en veelkleurigheid in die samelewingsmosaïek ontplooi kan word deur mense as die aktiewe elemente om individuele en groepsbehoeftes te bevredig.

Die tipiese strukture van die empiriese samelewing word dus volgens twee hoofkomponente bestudeer, naamlik volgens die *stuktuur* en die *funksies* daarvan. Hierdie twee aspekte is onlosmaaklik verbonde aan mekaar en tussen hulle word net ter wille van analitiese doeleindes onderskei (Mannheim, 1949, p. 26; Kruger, 1972, p. 20).

Ten opsigte van die struktuur van samelewingsgroepe sê Van Dijk (s.j., p. 204): "Wie structuur segt, verwijst daarmee naar de idee van orde". Kruger (1972, p. 16) sê dus tereg: "Die samelewingsorde omsluit dus die struktuur en die funksies van die dele waaruit die samelewing opgebou is."

Die struktuurkomponente verwys dus na die *bou-orde* van die samelewing(-sgroepe), dit wil sê na die modale orde (die vyftien aspekte) soos dit bestudeer word in die wysgerige ondergrond van die sosiologie met sy waardeopvatting wat weer op sy beurt geanker lê aan die christelike religieuse grondmotief. Van Dijk (s.j., p. 51) sê tereg dat die samelewingsorde 'n dubbele realiteit vertoon, dit wil sê die *strukturele orde* van die samelewingsorde het 'n *feitelike* en 'n *normatiewe* kant. Die normatiewe kant van die strukturele orde spel uit hoe *behoort* die funksies in die aspekte in die bou-orde te wees en die feitelike of funksionele kant van die strukturele orde spel uit hoe dit in konkreto *is*. Van Dijk (s.j., p. 51) sê ten opsigte van die verhouding tussen die normatiewe en die feitelike kante van die strukturele orde tereg: "De normatieve orde maakt de feitelijke orde der samenleving mogelijk en de eerste bestaat evenmin zonder de laatste; beide zijn wederkerig op elkaar betrokken en beïnvloeden elkaar; beide moeten gekend worden, om de konkrete werkelijkheid van de samenleving te kennen".

Wat Van Dijk hier vooraf sê, is dat daar tussen die normatiewe en feitelike kante van die strukturele orde dus voortdurende wisselwerking is: so druk die normatiewe ordening van elke aspek sy stempel van so-behoort-dit-te-wees af op die ooreenstemmende aspek van die feitelike ordening. Van der Walt (1959, p. 56) sê ten opsigte van hierdie wisselwerking tussen die normatiewe en feitelike fasette van die strukturele ordening van die samelewing: "Ons kan hiervolgens byvoorbeeld bepaal in watter mate die algemene norm

in 'n spesifieke huisgesin gerealiseer word deurdat elke norm hom toespits op sosiale situasies in die totstandkoming van die feitelike orde omdat dit 'n afstempeling van die normatiewe orde is." Gelyktydig hiermee bestaan daar in die feitelike ordening van die strukturele orde die strewe om die hoogs moontlike graad van ideale sosiale normatiewe ordening te bereik deur die *so is dit* in ooreenstemming te probeer bring met die *so behoort dit te wees*. Hierdie uiteensetting kan diagrammaties soos volg voorgestel word:

*Diagram 2* Skematiese voorstelling van die struktuur-funksionele opvatting van die samelewing[1)]

God
↓
Wet
↓
Skepping(sorde) ⟶ Stof
⟶ Plant
⟶ Dier
⟶ Mens
↓
Samelewing(sorde)
↓
Struktuurorde

Die wysgerige ondergrond van die strukturele orde is die waardeopvatting van <u>so-behoort-dit-te-wees</u> in die normatiewe strukturele orde

↔ PISTEUTIESE ASPEK
↔ ETIESE ASPEK
↔ JURIDIESE ASPEK
↔ ESTETIESE ASPEK
↔ EKONOMIESE ASPEK
↔ SOSIALE ASPEK
↔ LINGUISTIESE ASPEK
↔ HISTORIESE ASPEK
↔ ANALITIESE ASPEK
↔ PSIGIESE ASPEK
↔ SEKSUELE ASPEK
↔ ENERGETIESE ASPEK
↔ FISIESE ASPEK
↔ RUIMTELIKE ASPEK
↔ ARITMETIESE ASPEK

← WISSELWERKING ⟶

Feitelike of funksionele strukturele orde

So <u>is</u> dit

1) *Dié skema is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif met die hulp van die promotor, prof.dr. J.P. van der Walt.*

## 2.2.8 Verklaring van diagram

God het deur Sy Wet die skeppingsorde tot stand gebring soos dit vergestalt word in stof, plant, dier en mens. Uit die saamleef van mense kom die samelewingsorde tot stand as deel van die skeppingsorde. Die samelewingsorde bestaan uit 'n struktuurorde(ning) volgens die verskillende aspekte daarvan soos deur God geskape. Tussen hierdie aspekte is daar 'n voortdurende wisselwerking tussen die normatiewe strukturele orde (soos dit behoort te wees) en die feitelike strukturele orde (soos dit in werklikheid is), dit wil sê tussen die *waardes* en die *feite* in die funksievervulling van alle groepe om behoeftes te bevredig.

Wanneer die bou-orde (dit is die strukturele orde) van alle groepe nou nader gepresiseer word, is dit duidelik dat daar ten opsigte van elke ander groep sekere aspekte primêr of prominent op die voorgrond tree wat die eie aard van die besondere groep aandui - dit is die struktuurnorm (Van Dijk, s.j., p. 59). So is die seksualiteit en liefde primêr vir die huwelik; die bloedbande en liefde vir die huisgesin primêr; die geloof en Bybel vir die kerk primêr; die reg of wet en mag vir die staat primêr; die opvoeding en onderwys vir die skool primêr en die ekonomie met die winsmotief vir goedere en dienste vir die bedryf primêr. Dit is die kwalifiserende funksie wat die struktuurnorm van die afsonderlike groepe is - en dié norm sê wat die gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse in 'n groep *behoort te wees*; dit het dus te make met die wysgerige ondergrond en die waardes wat daarin gebou is wat weer op hulle beurt veranker

is in die Heilige Skrif met beginsels as oorsprong van alle waardes. Tegelykertyd wys die struktuurnorm egter ook aan *hoe is* die bou-orde van die besondere groep op 'n gegewe tyd; dit wil sê dit dui ook op die feitelike funksionele faset van gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse van die struktuur. Hierdie struktuurnorm bepaal die *doel* van elke groep en rig sy taak in terme van wat nagestreef moet word in die nastrewing van die goeie en die bestryding van die verkeerde in die gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse.

As uitvloeisel van die bestaan van die struktuurnorm en die wisselwerking tussen die normatiewe strukturele orde en die funksionele strukturele orde en ook weens die deurwerkende gevolge van die sondeval, ontstaan daar *funksionele vraagstukke* in die groepe van die empiriese samelewing wat 'n onmisbare komponent van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie is.

Van der Walt (1978, p. xxvii) sê hiervan dat die opvoedings- en sosialiseringsproses wat ten doel het die bekwaammaking en toebereiding vir persoons- en groepsrolle in die samelewing soos dit gebaseer is op die eenheid van die persoonlikheids-, sosiale en kulturele sisteme, belemmer word deur die funksionele probleme omdat dit in verband staan met die ontoereikende toeganklikheid en toeganklikmaking van die fasiliteite, dit wil sê van die moontlikhede wat die norme bied om 'n interne ewewig tot stand te bring tussen die persoon, die samelewing en kultuur. Dan vervolg hy tereg: "So 'n toestand van ontoeganklikheid

tot die norme lei tot graadverskille in nonkonformiteit, wat, kriminologies, realiseer as 'n skending van menseverhoudinge, gedrag, handelinge en gebeurtenisse wat getipeer word as misdaad en alles wat dit inhou."

Die funksionele probleem van *patroonhandhawing en spanningsbeheer* verwys na die herhaling van min of meer eenderse gedragspatrone wat goed en reg is as die noodsaaklike voorwaardes vir die ordelike voortbestaan van die samelewing, en dit verwys ook na die herstel van die ewewig waar menseverhoudinge versteur is (Van der Walt, 1978, p. xxviii). Die aard en intensiteit van die beheer hang af van die aard en intensiteit van die nonkonformering, dit wil sê of dit onbeheerbare gedrag, afwykende gedrag, wangedrag of misdaad is wat beheer moet word vir konformering ter wille van sosiale orde.

*Aanpassing* as funksionele probleemarea verwys na spanningsituasies wat in een of ander vorm tussen mense en groepe aanwesig is en wat opgelos moet word indien die goeie en gewenste gedrag voortgang wil hê (Van der Walt, 1978, p. xxviii). Anders gestel beteken aanpassing dat 'n gesagsdraer 'n nonkonformerende individu teruglei tot 'n ewewigtige, normale persoon wat op sosiaal-aanvaarde wyse konformeer in groepe.

Die proses en funksionele probleem van *doelbereiking* probeer om sover moontlik 'n doeltreffende ontwikkeling en vorming van die individu se vermoëns en sy

motiverings te mobiliseer sodat dit kan lei en uitloop op aanvaarbare persoonsrolle in alle werk-, doen-, geniet- en leefsituasies saam met ander mense in groepe (Van der Walt, 1978, p. xxix).

Die laaste funksionele probleem is dié van *integrasie*. Dit is 'n proses wat beoog om die verskillende elemente van die voorgenoemde funksionele vraagstukke tot 'n geheel saam te voeg en die knooppunt van hierdie sosiale proses kom na vore in koördinasie (Van der Walt, 1978, p. xxix). Integrasie het betrekking op 'n samehorigheidsgevoel of eensgesindheid onder mense wat die vrug is van patroonhandhawing en spanningsbeheer, 'n solidariteitsgevoel van een met ander mense te wees wat weer die vrug is van aanpassing, en 'n gemeensaamgerigte lojaliteit wat mense moreel motiveer om gesamentlik dieselfde doel ten uitvoer te bring, wat weer die vrug is van doelbereiking (Van der Walt, 1978, p. xxix-xxx).

Hierdie vooraf uiteengesette strukturele orde van die tipiese strukture van die empiriese samelewing en die funksionele vraagstukke daarvan,is verskynsels wat nie sommer vanself ontstaan, bestaan, of voortbestaan nie. Dit word gerealiseer deur die mens as die aktiewe element binne die samelewing en wel deur middel van die *sosialiseringsprosesse* soos internalisering, institusionalisering, interaksie en wisselwerking (Van der Walt, 1978, p. xvii; Johnson, 1968 , p. 53 en 110; Lundberg, 1968, p. 279).

Verder is dit ook waar dat, wanneer die strukturele

orde en die oplossing van die funksionele vraagstukke betekenisvol aangeleer en beheer word, daar ook nog subsisteme ontwikkel in die samelewing en by die individu ten einde die gesosialiseerde gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse te laat voortgaan op *ultrastabiele* wyse, naamlik dan wel deur die stabiliseringsprosesse van differensiasie, segmentasie, spesifikasie en inersie.

### 2.2.9 Verdere uitbouing

Hierdie gestelde komponente van die menslike samelewing, naamlik die struktuur, funksies, sosialisering en stabilisering daarvan, sal in die volgende hoofstuk gebruik word vir die ontwerp van die evalueringsisteem in terme waarvan die sosiologiese teorieë vir afwykendes wat vir die doeleindes van hierdie proefskrif geselekteer is, se misdaadverklaringsmoontlikhede beoordeel en getoets sal word. Vooraf moet egter aandag gegee word aan die lewensterrein van die misdaad wat die raamwerk is waarbinne hierdie ondersoek onderneem word. Voordat dit egter gedoen kan word, is dit nodig om vas te stel hoe 'n lewensterrein wel afgebaken word.

## 2.3 Die abstrahering van 'n lewensterrein

Soos vooraf uiteengesit, werk die sosiologie met die opvatting van die struktuurfunksionele orde van die menslike samelewing wat daarop neerkom dat elke groep sy eie struktuur of bou-orde het, dit wil sê elke aspek in die struktuur van 'n groep het sy eie plek

en funksie in die geheel om elke groep te maak tot wat dit *is* en *behoort te wees*. Hierby kom ook nog die interaksiepatrone van die teenwoordige en afwesige funksionarisse in groepe vir die sistemiese komponent van die sosiologie, naamlik die funksionele vraagstukke met hulle boustene van gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse.

Vir die abstrahering van 'n lewensterrein moet begin word met alle groepe wat neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar staan en waarvan die eie aard van die gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse bepaal word volgens wat die groepsnorm voorskryf. Nieteenstaande die onderskeiding tussen die verskillende groepe en die doel, aard en funksies, kom elkeen van die 15 modale aspekte van die werklikheid van die samelewing en kultuur by elke groep voor. Met ander woorde, die huwelik en huisgesin, die kerk, staat, skool en bedryf, en ander groepe het elkeen byvoorbeeld 'n ekonomiese aspek wat daarbinne funksioneer. Die ekonomiese aspek word dan egter bepaal, gerig en gelei deur en is ondergeskik aan die eie aard van die bepaalde groep se struktuurnorm. So sal die huwelik en huisgesin se ekonomiese aspek gerig word deur en onder leiding staan van die liefdesnorm en by die kerk sal dit onder leiding staan van die geloofsnorm en by die staat onder die leiding van die regsnorm. Dit is hierdie saambundeling van gemeenskaplike aspekte met eiesoortige funksies in alle groepe wat 'n lewensterrein uitmaak. Daar is met ander woorde onder meer 'n liefdeslewensterrein, 'n regslewensterrein, opvoedkundige lewensterrein en 'n geloofslewens-

terrein: dit wil sê vir elke aspek met ooreenstemmende funksies wat gemeenskaplik in alle groepe voorkom, is daar dus 'n lewensterrein.

Die studieterrein van hierdie proefskrif lê op die misdaadlewensterrein, en daarom sal dit vervolgens afgebaken word.

## 2.4 Die lewensterrein van die misdaad

Met die bepaling van die lewensterrein van die misdaad word die aspek van misdaad uit die totaliteit van die samelewing en kultuur geabstraheer, dit wil sê die nonkonformerende elemente van menslike gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse in alle groepe en op alle lewensterreine word ondersoek. Hierin gaan dit dus om die bestudering van al die oortreebare lewensaspekte soos dit in die gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse van groepsprosesse realiseer. In die huwelik en huisgesin sal dit gaan om die soeke na die geskende liefdesnorm, in die kerk om die geskende geloofsnorm, in die staat om die geskende juridiese norm, in die skool om die geskende opvoedkundige norm en in die bedryf om die geskende ekonomiese en werksnorm. Die gemeenskaplike aspek by alle groepe het met geskende, dit is, misdadige gedrag, misdadige verhoudinge, misdadige handelinge en misdadige gebeurtenisse te make, nieteenstaande die anderse bepaalde aard daarvan volgens die betrokke groepe se eiesoortige struktuurnorme: dit is dan die misdaadlewensterrein. Dit kom kortweg daarop neer

dat die misdaadlewensterrein besig is met die bestudering van die ontstaan, bestaan, voortbestaan en stabilisering van misdadige gedrag, misdadige verhoudinge, misdadige handelinge en misdadige gebeurtenisse in die samelewing.

Verder dien daarop gelet te word dat die saambundeling van eenderse misdade in en uit verskillende groepe gebruik word om misdade te klassifiseer. Die klassifisering van misdade dui op die doel of bestemming van die bepaalde misdaadsoort(e) wat uitkristalliseer in die betrokke skending van fundamentele verhoudinge in die betrokke groepe.

Dit is die uitgangspunt van hierdie proefskrif dat die klassifikasie van misdade gebaseer behoort te wees op die afwykings van die normale aanvaarde goeie sosiale struktuurnorme in die normale aanvaarde goeie lewensterreine. Sulke afwykings kom tot uitdrukking in nonkonformerende gedrag in al die primêre en sekondêre groepe soos die huwelik en huisgesin, die kerk, staat, skool en bedryf.

Voordat oorgegaan word tot die klassifikasie van misdade volgens sosiologiese vereistes, is dit egter nodig om aandag te gee aan die vereistes waaraan só 'n klassifikasie moet voldoen. Die werk van P.J. van der Walt (1964, p. 212-3) ten opsigte van die kriteria vir sosiologiese misdaadklassifikasies word vervolgens weergegee weens die volledigheid daarvan soos dit geld binne die misdaadlewensterrein. In hierdie verband verwys die begrip kriterium ook na die

vereistes of maatstawwe vir die bepaling van die geldige aanvaarding van iets.

## 2.5 Die kriteria vir 'n sosiologiese misdaadklassifikasie

### 2.5.1 Algemeen-geldendheid van die klassifikasiekriterium

Dit is duidelik voor-die-hand-liggend dat die vereiste of kriterium vir 'n ordelike en verantwoordelike sosiologiese misdaadklassifikasie is dat misdade ingedeel sal word volgens 'n algemeen-geldende sosiologiese kriterium (Van der Walt, 1964, p. 212). Dié skrywer is ook van mening dat, in hierdie verband, aanvaar moet word dat misdaad beskou sal word as die versteuring, belemmering of skending van die fundamentele verhoudinge of betrekkinge.

Omdat dic maatskaplike betrekkinge, dit wil sê die menslike gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse binne alle konformerende lewensterreine fundamenteel is aan die menslike samelewing se strukturering, funksionering, sosialisering, en stabilisering vir sover die versteuring, belemmering of skending daarvan 'n (minstens) nadelige uitwerking het op die individu, die samelewing en kultuur, word dít geneem as die algemeen-geldende sosiologiese kriterium vir misdaadklassifikasie vir die doeleindes van hierdie ondersoek.

### 2.5.2 Volledigheid van die klassifikasiekriterium

Die *tweede* vereiste waaraan 'n sosiologiese misdaadklassifikasie moet voldoen, is dat die kriterium vir die klassifikasie so volledig moontlik moet wees. Dit wil sê dit moet voorsiening maak vir al die samelewingsverskynsels wat skendbaar is in al die groepe en sisteme. Die volledigheidskriterium sluit ook in dat die klassifikasiesisteem wat aanvaar is, voorsiening sal maak vir uitbreiding (Van der Walt, 1964, p. 213).

### 2.5.3 Houdbaarheid van die klassifikasiekriterium

Die *derde* kriterium vir 'n sosiologiese misdaadklassifikasie het te doen met die houdbaarheidsvereiste wat bepaal dat die misdaadklassifikasie wat ontwerp is, vir baie jare gebruik moet word sonder ingrypende veranderinge daarvan (Van der Walt, 1964, p. 213). Aan hierdie vereiste moet voldoen word ten einde veral te verseker dat vroeëre en latere vergelykings van misdaad moontlik is.

### 2.5.4 Eenvoudigheid van die misdaadklassifikasiekriterium

Die *vierde* vereiste, naamlik die eenvoudigheid van die klassifikasiekriterium, dui veral daarop dat dit wel geskik moet kan wees vir gebruik deur wetenskaplikes, statistici, polisie, howe en andere. Dit moet dus nie só abstrak en ingewikkeld wees dat diegene wat dit moet hanteer, dit nie kan ontsyfer nie (Van der Walt,

1964, p. 213).

In die lig van hierdie vereistes, sal nou 'n uiteensetting gegee word van die sosiologiese misdaadklassifikasie van P.J. van der Walt waarby aansluiting gevind word in hierdie proefskrif omdat dit voldoen aan al die gestelde kriteria.

## 2.6 P.J. van der Walt se sosiologiese misdaadklassifikasie

### 2.6.1 Inleiding

Van der Walt (1964, p. 247-9) onderskei die hiervolgende misdaadsoorte gebaseer op die deur hom geïdentifiseerde fundamentele maatskaplike verhoudinge.

### 2.6.2 Die skending van verhoudinge tussen persone

Onder die opskrif die skending van verhoudinge tussen persoon en persoon, onderskei Van der Walt drie subklasse, naamlik misdade wat in verband staan met die lewe (moord, poging tot moord, strafbare manslag, kindermoord en abortus); misdade wat in verband staan met die liggaam van die mens (aanranding en ernstige aanranding) en misdade wat in verband staan met die eer en goeie naam van die mens (laster en crimen injuria).

### 2.6.3 Die skending van familiale verhoudinge

Die skending van familiale verhoudinge word deur die betrokke skrywer onderverdeel in twee subklasse. Die eerste subklas verteenwoordig dié familiale misdade wat in verband staan met die versteuring van die formele familiale verhoudinge (huweliks- en egskeidingswette en registrasie van geboortes, sterftes en huwelike). Die tweede subklas hou verband met die versteuring van die innerlike verhoudinge in familiale verhoudinge (nie-onderhoud van kinders, wreedheid teenoor kinders, bigamie, ensovoorts).

### 2.6.4 Die skending van seksuele verhoudinge

Vervolgens onderskei Van der Walt die skending van seksuele of geslagtelike verhoudinge met vier onderafdelings. Die eerste is dié van ongeoorloofde seksuele handelinge (tussen persone van die teenoorgestelde geslag, tussen persone van dieselfde geslag en seksuele handelinge met diere); die tweede subklas is dié van onwelvoeglike gedrag (onsedelike voorstelle doen, openbare onwelvoeglikheid en ontbloting; die derde is die onderafdeling van prostitusie en alles wat daarmee gepaard gaan (lewe van die opbrengste van onsedelikheid, aanhou van 'n bordeel en toelaat dat persele vir onwettige vleeslike gemeenskap gebruik word) en die laaste subklas is die van aanstootlike lektuur (onwelvoeglike of pornografiese lektuur, tekeninge, ensovoorts).

sien p 221

### 2.6.5 Die skending van politieke verhoudinge

Met betrekking tot politieke verhoudinge wat geskend word, onderskei Van der Walt twee hoofsubklasse. Die eerste daarvan is die skending van staatkundige verhoudinge (crimen laesae majestatis, sedisie, verraad en oortredings in verband met staatsgeheime). Die tweede subklas is dié van rasseverhoudinge (aanwakkering van rassevyandskap, onwettige byeenkomste en misdade kragtens die wet op die onderdrukking van kommunisme).

### 2.6.6 Die skending van openbare gesagsverhoudinge

Die skending van die regsverhoudinge betreffende die openbare gesag, is in die volgende hoofsubklasse onderskei deur Van der Walt. Die onderverdeling is in drie subklasse. Die misdade wat in verband staan met die dwarsboming van die polisie, sluit in weerstand teen die polisie, teenwerking van die polisie, ontsnapping uit polisiebewaring, personering van die polisie en aanranding van die polisie, as die eerste hoofsubklas. Die misdade wat in verband staan met die dwarsboming van die hofgesag, sluit in meineed, minagting van die hof en regsverydeling as die tweede hoofsubklas. Die derde hoofsubklas in hierdie kategorie van misdade wat in verband staan met algemene regsverhoudingskendings, sluit in verheling van misdaad, omkopery, korrupsie en personering.

2.6.7 Die skending van die verhoudinge tussen die persoon en die gemeenskap

Hieronder tel twee subklasse. Die eerste subklas hou verband met misdade ten opsigte van gedrag in die gemeenskap (soos openbare geweldpleging, oproerige gedrag, rusverstoring, onwettige stakings, wederregtelike betreding, indringing van 'n ander persoon en landlopery). Die tweede subklas sluit in misdade wat in verband staan met bedwelmende en gewoontevormende middels (soos oortredings van die drankwette, dronkenskap, dagga- en opiumoortredings). sien p 352

2.6.8 Die skending van eiendomsverhoudinge

In sy onderskeiding van die skending van eiendomsverhoudinge, onderskei Van der Walt sewe subklasse, naamlik diefstal, inbraak, roof, bedrog, eiendomsbeskadiging, smokkel en onwettige handel.

2.6.9 Die skending van religieuse verhoudinge

Hierdie kategorie misdade is gerig teen die Goddelike Persoon in die sin van Godslastering, asook misdade wat betrekking het op die godsdiens soos versteuring van godsdienstige byeenkomste, asook misdade teen die wette op Goeie Vrydag en die heiliging van Sondag.

sien p352.

## 2.7 Die verband tussen die misdaadlewensterrein en misdaadklassifikasie

### 2.7.1 Misdaadlewensterrein en misdaadklassifikasie

Hoewel Van der Walt se misdaadklassifikasie duidelik voldoen aan al die vereistes vir 'n sosiologiese misdaadklassifikasie, gebruik hy 'n oorwegend mesososiologiese misdaadklassifikasie vir sover hy gebruik maak van instellings (ook) in sy klassifikasie. In dié sin is hy *onvolledig*, naamlik in die makrososiologiese sin van die woord wat uitsluitlik gebruik maak van die lewensterreine as klassifikasiekriterium. Daar bestaan immers 'n beïnvloeding vanaf die totaliteit van die samelewing en kultuur op die misdaadlewensterrein - en dit gaan nie nét uit van die instellings nie, maar ook van al die konformerende, genormeerde samelewingsterreine weens die wisselwerking wat daar bestaan tussen die normatiewe strukturele orde en die feitelike strukturele orde.

Nietemin kan uit die voorafgaande uiteensetting tog duidelik die tweërlei wisselwerking gesien word tussen die misdaadlewensterrein en die totaliteit van die menslike samelewing en kultuur. Dit gaan naamlik om die invloed wat van die misdaadlewensterrein uitgaan op die samelewing en omgekeerd om die invloed wat die samelewing uitoefen op die misdaadlewensterrein.

### 2.7.2 Die invloed van die misdaadlewensterrein op die samelewing

Die (negatiewe) invloed van die lewensterrein van misdaad op die samelewing bring mee dat die samelewing, wat in die algemeen konformeer aan die aanvaarde normatiewe strukturele orde soos dit gefundeerd is in die samelewingsorde as deel van die skeppingsorde, ontwrig word. Dit gebeur onder andere vir sover as wat misdadigers normaalweg verwyder word uit die konformerende samelewingsgroepe en -sisteme.

So word die misdadige vader byvoorbeeld verwyder uit die huwelik en huisgesin, en dit het noodwendig 'n negatiewe invloed op die seksuele en die liefdesverhoudinge wat tussen dié man en sy vrou bestaan in hulle huweliksverhoudinge,asook op die liefdevolle bloedbande tussen die vader en sy kinders in die huisgesin vir sover hy as die gesagsfiguur en as sentrale funksionaris in die huisgesin, dan afwesig is.

Op dieselfde wyse word die kerklike sosiale sisteem ook negatief beïnvloed wanneer die kerklidmate weens misdade verwyder moet word uit die normale en konformerende kerklike lewe, en dit werk benadelend in op die kerk as 'n geloofseenheid.

Die negatiewe invloed van die misdaadlewensterrein op die staat, kom onder andere tot uitdrukking in die feit dat misdaad die regsverhoudinge tussen die owerheid en die onderdane skend en dat die landsburgerskap van die misdadigers benadeel word vir sover

hulle as misdadigers hulle politieke seggenskap ontbeer.

Ten opsigte van die skool moet die negatiewe invloed van (potensiële) jeugmisdadigers en misdadige onderwysers met alle mag, gesag en leiding wat tipies aan die skool is, bestry word omdat dit die opvoedkundige struktuurnorm van die skool kan vernietig.

Wanneer misdadigers weens hulle misdade uit die bedryf verwyder word, vind daar noodwendige produksieverlies plaas wat ook die samelewing en kultuur in sy totaliteit benadeel. Oor die algemeen kan dus met reg gekonstateer word dat die invloed wat van die misdaadlewensterrein uitgaan op die samelewing en kultuur, negatief is.

### 2.7.3 Die invloed van die samelewing en kultuur op die misdaadlewensterrein

Omgekeerd beïnvloed die samelewing en kultuur ook die misdaadlewensterrein. Dit kom veral tot uitdrukking in die bepaling van die norme en feite (dit wil sê die normatiewe strukturele orde en die feitelike strukturele orde) as die reaksie van die samelewing en kultuur teenoor misdaad in die definiëring daarvan.

Hierdie reaksie van die samelewing en kultuur op misdaad word mikro- en makrososiologies gedoen. Dit hou onder meer in dat die totaliteit van die samelewing en kultuur sekere optrede voorskryf by die realisering

van nonkonformerende gedrag wat as misdadig omskryf word. Dit blyk uit die hele proses van aanklag, die hofproses, inhegtenisname, gevangesetting en rehabilitasie - alles met die oog daarop om die misdadiger uiteindelik weer op te neem in die gemeenskap as 'n gerehabiliteerde persoon. Die invloed en reaksie van die samelewingstotaliteit en kultuur op die misdaadlewensterrein staan dus in direkte verband met die daarstelling van voorskrifte vir konformerende gedragspatrone, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse met die oog daarop om die funksionele vraagstukke te bowe te kan kom.

## 2.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die misdaadlewensterrein afgebaken. Beginnende by die studiegebied van die sosiologie soos dit prinsipieel gefundeerd is in die christelike lewens- en wêreldbeskouing met die daaruit voortvloeiende wysgerige ondergrond en die waardeopvatting wat daaruit voortkom, is oorgegaan tot die ontleding van die tipiese strukture van die empiriese samelewing met sy normatiewe en feitelike strukturele ordening. Uit hierdie dubbele realiteit van die menslike samelewing, is die konklusie dat funksionele vraagstukke bestaan wat, indien dit nie opgelos kan word nie, kan lei tot nonkonformerende gedrag wat misdaad insluit. Die sosiologiese misdaadklassifikasie van P.J. van der Walt is behandel en daar is gewys op die wedersydse beïnvloeding van die misdaadlewensterrein en die samelewing en kultuur

omdat hierdie proefskrif se ondersoekveld juis die aandag vra vir die sosiologiese teorieë wat wil (probeer) verduidelik waarom mense sosiologies gesien só ver afwyk van die normatiewe strukturele orde in die feitelike strukturele orde, daarin dat hulle gedrag as *misdaad* getipeer word.

Dit volg nou logies op hierdie intregtering tot die veld van ondersoek van hierdie studie dat vervolgens oorgegaan sal word tot die uiteensetting van die evalueringsisteem in terme waarvan die sosiologiese teorieë oor afwykende gedrag se misdaadverklaringsmoontlikhede beredeneer sal word.

# HOOFSTUK 3

## DIE BEPALING VAN 'N EVALUERINGSKRITERIUM VIR DIE MISDAADVERKLARINGSMOONTLIKHEDE VAN DIE TEORIEË OOR AFWYKENDE GEDRAG

### 3.1 Inleiding

In aansluiting by die vorige waarin die kriteria en feite vir misdaad makro- en mikrososiologies behandel en die besondere lewensterrein uitgestippel is met funksionele probleme,word in hierdie hoofstuk die sosiale sisteemteorie in gewysigde en uitgebreide vorm aangebied as ŉ omvattende makrososiologiese teorie wat kan dien as ŉ kriterium vir die toetsing van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die te behandelde teorieë oor afwykende gedrag. Vooraf word kortliks ŉ motivering aangebied vir die keuse van die sosiale sisteemteorie as die evalueringskriterium. Na die uiteensetting van die hersistematisering van die sosiale sisteemteorie, word dit getoets aan die kriteria vir wetenskaplikheid en dan word in die volgende hoofstuk die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan behandel.

### 3.2 Motivering vir die keuse van die sosiale sisteemteorie as evalueringskriterium

Die probleem van die sosiologiese beskouing oor misdadigheid in menslike gedrag, is soos Sutherland & Cressey in hierdie verband daarop wys, dat ook misdadige gedrag menslike gedrag is en net so ŉ deel is

van enige ander vorm van menslike gedrag dat dit eintlik ook verklaar kan word in terme van dieselfde algemene raamwerk waarbinne alle ander menslike gedrag verklaar word (Sutherland & Cressey, 1970, p. 73). Kruger (1972, p. 210) wys ook op die dilemma wat bestaan in die sosiologie in hierdie verband, naamlik dat die teorieë vir die verklaring van afwykende gedrag, losgemaak is of word van die teorieë van die algemene sosiologie. Juis hierdie opvatting en probleem dien as motivering vir die keuse van die sosiale sisteemteorie wat omvattend genoeg is om dit as evalueringskriterium te gebruik. Enkele verdere verduidelikings is egter nodig.

Vir sover dit in misdaad ook om menslike gedrag gaan, word in hierdie ondersoek uitgegaan van die hipotese dat dieselfde sosiologiese teorie wat konformerende wetsgehoorsame gedrag verklaar, ook aangewend kan word om nonkonformerende wetsverbrekende misdadige gedrag te verklaar. Dit is nie nodig dat 'n afsonderlike gedragsverklarende teorie ontwerp word vir afsonderlike en verskillende soorte van menslike gedrag nie. Die aanname is dat enige menslike gedrag en die uitvloeisels daarvan in terme van menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, behoort verklaar te kan word binne en deur dieselfde sosiologiese teorie.

## 3.3 Die sosiale sisteemteorie

### 3.3.1 Inleiding

Die hooflyne van die sosiale sisteemteorie sal hier volledig weergegee word soos die opvatting daarvan tans is waarby dan etlike uitbreidings daaraan aangebring sal word om enkele leemtes daarin te oorbrug.

Volgens die huidige gangbare opvatting bestaan die sosiale sisteemteorie daaruit dat die sosiale sisteem saamgestel word uit struktuurkomponente (waardes, norme, rolle en subgroepe) en funksionele komponente (patroonhandhawing en spanningsbeheer, integrasie, doelbereiking en aanpassing) (Joubert & Steyn, 1965, p. 265-6; Van der Walt, 1978, p. xxvi; Van der Walt, 1973, p. 12- 5; Mills, 1967, p. 22).

Vir die doel van hierdie navorsing kan en blyk dit dat daar ook nog voorsiening gemaak moet word vir sosialiseringskomponente (interaksie, wisselwerking, internalisering en institusionalisering) en ook vir stabiliseringskomponente (differensiasie, segmentasie, spesifikasie en inersie) (Conradie, 1976, p. 9-10). Die *sosialiseringskomponente* behoort bygevoeg te word ten einde eksplisiet voorsiening te maak vir erkenning van die aanleer, dit wil sê internalisering van die struktuurkomponente en die daaruitvoortvloeiende funksionering. *Die stabiliseringskomponente* moet weer bygevoeg word ten einde erkenning te gee aan die dinamiek en verandering wat opgesluit lê in die sosiale sisteem in terme waarvan die strukturering, funksionering en sosialisering aangepas word by nuwe insigte wat weens

sosiale verandering realiseer.

Dié uitbreidings van die sosiale sisteem maak dus voorsiening vir die oordragmoontlikhede van die sisteem se kultuurgoedere en ook vir die verandering van die kultuurgoedere daarvan. Indien dit nie gedoen word nie, sal die sosiale sisteem 'n geslote sisteem wees vir sover daar dan nie in sy formele organisering voorsiening gemaak word vir dié aspekte nie. 'n Uiteensetting van die uitgebreide sosiale sisteem sal dan soos volg daar uitsien:

### 3.3.2 Omskrywing van die sosiale sisteem

Joubert & Steyn (1965, p. 271) sê dat 'n groep 'n maatskaplike sisteem is in die sin dat die *verhoudinge* tussen die groepslede 'n ordelike geheel vorm en dat dié verhoudingsisteem verstaan kan word as bestaande uit verskillende posisies wat individue beklee en waaraan sekere verwagtings gekoppel is, die uitlewing daarvan wat die groep mobiliseer en in beweging bring.

Van den Berg (1977, p. 112-3) verduidelik die sosiale sisteem aan die hand van Bredemeier & Stephenson se uiteensetting van die verskille tussen sosiale sisteme en groepe. Hy sê 'n konkrete versameling mense konstrueer 'n groep. Wanneer dié groep uiteengaan in sy konkrete gestalte,maar hulle interaksiepatroon bly nog behoue, is daar sprake van 'n sosiale sisteem. Verder is die sosiale sisteem nie gebonde aan besondere persone nie - struktureel bestaan dit dus uit posisies en al verander die persone in dié posisies,

verander die struktuur van die sisteem nog nie. Van den Berg (1977, p. 113-4) wys ook daarop dat mense 'n sosiale sisteem kan binnetree sonder om groepe te vorm. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer iemand kontak maak met 'n bankklerk of haarkapper. Vir sover as wat in dié kontakte nie sprake van groepvorming in die sosiologiese betekenis van die woord is nie, maar tog van geïnstitusionaliseerde en ordelike en gestruktureerde verhoudige, vir sóver is daar sprake van sosiale verhoudinge wat 'n sosiale sisteem is.

Kortweg kom dit dus daarop neer dat in sosiale groepe die konkrete elemente soos die persone die aksent ontvang,terwyl in sosiale sisteme weer die interaksie- en verhoudingspatrone die klem ontvang (Van den Berg, 1977, p. 114). Dit beteken ook baie duidelik dat die een die ander veronderstel. "Die groep kan nie in sosiologiese sin en betekenis 'n groep wees indien dit nie oor 'n sisteem beskik nie, en al sou die sisteem bestaan, dit wil sê 'n ordelike, normatief-gereguleerde samehang van 'vakante' posisies, of afwesige interaktiewe funksionarisse kan hierdie sisteem eers werklik sosiologiese betekenis kry sodra dit in beweging kom, met ander woorde sodra die posisies gevul word deur aanwesige interaktiewe funksionarisse waardeur daaraan konkrete gestalte en inhoud gegee word" (Van den Berg, 1977, p. 114). 'n Sosiale sisteem is dus verteenwoordigend van geabstraheerde groepsgedrag. En groepsgedrag vind altyd binne een of ander strukturering plaas soos bepaal deur dié betrokkenes se waardes, norme, rolle en die subgroepering wat ontstaan uit die aanvanklike groepvorming.

## 3.4 Die struktuur van die sosiale sisteem

### 3.4.1 Omskrywing

Die strukturele elemente van 'n sosiale sisteem is dié elemente wat as relatief konstant en vasstaande beskou kan word (Joubert & Steyn, 1965, p. 272). Johnson (1968, p. 48) sê dit verwys na die relatiewe stabiele interverwantskap van die dele van 'n sosiale sisteem. Hy sê: "Since a social system is composed of the interrelated acts of people, its structure must be sought in some degree of regularity or recurrence in these acts". Die struktuurelement van die sosiale sisteem verwys dus na die bou-orde daarvan vir sover daar sprake is van instandhouding (Van Dijk, s.j., p. 59; Blau, 1976, p. 11; Conradie, 1976, p. 8; Cilliers & Joubert, 1968, p. 32-4 en 272; Bottomore, 1971, p. 114).

Van der Walt (1978, p. xxvi) vat die omskrywing van die struktuurelemente treffend soos volg saam: "Wat betref die struktuurelement, val die aksent op die samestellende en verbandhoudende dele van groepe, waarin die deelnemende en afwesige lede die gewenste sosiale orde laat realiseer deur hulle opvatting van waardes en die besef van norme, statusse, posisies, en die rolle vir stabiele interaksie-, verhoudings-, gedrags-, handelings- en gebeurtenispatrone".

Saamgevat bestaan die struktuur uit die komponente van rolle, norme, waardes en kollektiwiteite of subgroepe (Van den Berg, 1977, p. 115; Johnson, 1968 , p. 51; Dobriner, 1969, p. 107-9).

Dié struktuurelemente van die sosiale sisteem sal vervolgens elkeen kortliks belig word.

### 3.4.2 Waardes van die sosiale sisteem

Waardes dui op dit wat die begeerlikste is vir groepe of sisteme as sosiologiese eenhede. Dit is 'n algemene beginsel wat aandui *wat* en *hoe* menslike gedrag sou en *behoort te wees* (Mills, 1967, p. 58; Joubert & Steyn, 1965, p. 274; Van den Berg, 1977, p. 155; Chinoy, 1968, p. 57). Johnson (1968, p. 49) sê aansluitend hierby dat waardes gesien moet word in terme waarvan dinge met mekaar vergelyk word en in terme waarvan met dinge saamgestem en verskil word. Waardes het dus te make met dít wat relatief stabiel, begeerlik, of gewens is, of met wat meer of minder korrek is. Johnson (1968, p. 50) wys op die integratiewe funksie van waardes as hy sê: "Values help to integrate a personality or a system of social interaction". Homans (1950, p. 127-8) sê waardes het betrekking op die onbewustelike aannames wat ons maak, byvoorbeeld dat iemand wat meer betaal word, 'n beter werk het en dat dié wat opdragte kan gee in 'n werk, 'n beter werk het as diégene wat die opdragte ontvang.

Waardes dui dus op die *konsepsie van die gewenste gedrag* soos dit geld vir die ter sake sosiale sisteem.

### 3.4.3 Norme van die sosiale sisteem

In een lyn met die waardes wat meer abstrak is, is

die norme meer spesifieke gedragsreëls wat menslike gedrag in bepaalde rolle voorskryf binne bepaalde situasies in die groep (Joubert & Steyn, 1965, p. 274; Bierstedt, 1970, p. 209; Cuber, 1968, p. 203 en 261; Dobriner, 1969, p. 72-6). Van den Berg (1977, p. 144) sê norme is gedragsgebiedend en gedragsverbiedend en Johnson (1968, p. 50) noem dit relatief spesifieke patrone van verwagte gedrag. Dit word opgestel en afgelei in terme van die waardes, want dit is daarop gefundeer.

Bierstedt (1970, p. 209) sê norme is samelewingsverwagtings waaraan voldoen moet word - of mens nou wil of nie. Dit is kulturele gedragsvoorskrifte, dit vind neerslag in persoonlike lewenstyle en verteenwoordig 'n manier van dinge doen en is 'n noodsaaklike element van sosiale beheer. Hierby sluit Homans (1950, p. 309 - 10) ook aan as hy sê dat norme die wet eintlik voortdurend herbevestig deur die rituele aard daarvan.

Norme dui dus op elke *positiewe of negatiewe konkrete gedragsvoorskrif* wat 'n bepaalde wyse van handeling *voorskryf of verbied* (Van Dijk, s.j., p. 57).

### 3.4.4 Rolle van die sosiale sisteem

Die deelname aan die groepsprosesse dui op die rol van die akteur wat deelneem aan die groepsaktiwiteite. Die rolle is altyd normatief-gereguleerd en geskied altyd met inagneming van wat die akteur dink die verwagtings is wat geld in 'n bepaalde groepsituasie (Joubert &

Steyn, 1965, p. 273). Die sosiologies belangrike saak in verband met rolle is dat 'n individu 'n veeltal rolle gelyktydig beset (Chinoy, 1968, p. 7), dit wil sê as byvoorbeeld vader in die huisgesin, werkgewer by die fabriek en kerkraadslid by die kerk.

Rolle word altyd gekoppel aan statusse, dit wil sê dit verwys na die posisie wat mense beklee en daarom dra elke status ook daarmee saam "... a set of culturally defined patterns of behaviour expected or required of persons in each status" (Cuber, 1968, p. 261). Rolle verteenwoordig dus die *dinamiese aspekte* van die status in dié sin dat, wanneer akteurs hulle regte en pligte in werking stel wat hulle status konstitueer, dan vervul hulle rolle (Homans, 1950, p. 11; Johnson, 1968, p. 16; Van den Berg, 1977, p. 126). Dobriner (1969, p. 84) sê met rolle het ons te make met wat die akteur doen in sy verhouding met ander lede van die sisteem, soos dit voorgeskryf word deur die normatiewe verwagtings van daardie rol.

Rolle dui dus op die persoonlike en *individuele inkleuring van die norme* deur die akteur om die waardes te realiseer.

### 3.4.5 Subgroepe of subsisteme van die sosiale sisteem

Van den Berg (1977, p. 162) sê weens die kompleksiteit van die sosiale sisteem vind 'n mate van segmentasie plaas weens die mate van integrasie van en konsolidasie van die lede. "Met segmentasie word dus bedoel

die vorming van sub-kollektiwiteite binne 'n groter kollektiwiteit of sisteem, waarbinne sommige van die lede van die groter sisteem meer intiem deelneem as ander" (Van den Berg, 1977, p. 163). Elke sodanige subgroep wat bestaan uit persone wat saamgebind is in die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel wat 'n besondere mate van solidariteit meebring binne die omsluitende groter sosiale sisteem, vorm ook weer op sy eie 'n sisteem, want dié akteurs handel volgens samesnoerende waardes (Van den Berg, 1977, p. 164).

## 3.5 Die funksionele probleemareas van die sosiale sisteem

### 3.5.1 Omskrywing

Enige sosiale sisteem se werking bestaan daaruit dat dit sekere toevoere van die omgewing ontvang, dit prosesseer en dan die daaruit voortvloeiende afvoere vrylaat op die omgewing (Van den Berg, 1977, p. 168). Dié toevoere wat as ontvangstes toegelaat word in die sosiale sisteem, sentreer rondom die bevrediging van die basiese en verworwe behoeftes van die sisteemlede en die afvoere sentreer weer op die bydraes wat die sosiale sisteem kan maak tot die groter sosiale sisteem waarbinne dít as sosiale subsisteem funksioneer (Van den Berg, 1977, p. 168).

Cilliers & Joubert (1968, p. 32) sê hiervan: "Dit sou reg wees om te formuleer dat hierdie funksies beskou kan word as noodwendige *konsekwensies* van die struktuur of strukturele elemente van die

maatskaplike sisteem en dat hulle *funksionele imperatiewe* van die sisteem is. Wanneer daar nie voorsien word in hierdie funksionele imperatiewe of vereiste nie, kan die sisteem nie as sisteem bly voortbestaan nie. Vir sover alle sisteme nie altyd meganies genoegsaam voorsiening maak vir die vervulling van al die basiese funksies nie, is funksionering *problematies*, en kan met reg gesê word dat alle maatskaplike sisteme sekere basiese *funksionele probleme* of funksionele probleemareas het".

Dié funksionele komponente van die sosiale sisteem sluit in patroonhandhawing en spanningsbeheer, aanpassing, doelbereiking en integrasie (Van den Berg, 1977, p. 169; Johnson, 1968, p. 52-3; Van der Walt, 1978, p. xxvi; Dobriner, 1969, p. 109; Joubert & Steyn, 1965, p. 276). Dié funksionele komponent van die sosiale sisteem met sy genoemde faktore is dít wat mense saambind en motiveer tot dienslewering in die uitvoering van die doelstellings van 'n samelewing wat op gesonde grondslag georganiseer is (Van der Walt, 1978, p. xxx).

Elkeen van die funksionele probleme sal vervolgens kortliks behandel word.

### 3.5.2 Patroonhandhawing en spanningsbeheer as funksionele probleemarea

Dit verwys na die herhaling van min of meer eenderse handelinge wat nodig is indien die ordelike voortbestaan van die samelewing gehandhaaf wil word (Van

der Walt, 1978, p. xxviii). Dit gaan dus om wat Van den Berg (1977, p. 173) noem die handhawing van die sisteemstruktuur. Die uitlewing of die onderdrukking van die sisteemstruktuur gee egter aanleiding tot spanning. Indien dít nie effektief deur die sosiale sisteem hanteer en opgelos kan word nie, sal die betrokke sisteem tot niet gaan. Die patrone van gedrag wat gehandhaaf moet word, is die geïnstitusionaliseerde normatiewe struktuur wat bestaan uit die basiese elemente van norme en waardes (Cilliers & Joubert, 1968, p. 33). Die volgende uitspraak van Johnson (1968, p. 53) verduidelik goed wat onder patroonhandhawing en spanningsbeheer verstaan word: "As for tension management, the units of any social system are subject to emotional disturbances and distractions, which must be 'managed' if the units are to be able to carry on effectively. One of the functions of the family, for example, is to keep its members in good working order by relieving anxiety, providing encouragement, and caring for minor physical ailments".

Die gestruktureerde gedragspatrone van 'n sosiale sisteem moet gehandhaaf kan word in dié sin dat die sisteemeenhede dié gedragspatrone moet (kan) aanleer en daarin moet *belê* met die toepaslike lojaliteit en respekvolle houdinge (Johnson, 1968, p. 53). Mills (1967, p. 17) wys daarop dat die sosiale sisteem, indien dit wil bly voortbestaan, in die aangesig van teenstrydige druk in staat moet wees om sy standaardprosedures te kan handhaaf, dit moet sy lede se gevoelens en affektiewe verhoudinge kan versterk, reëls

kan afdwing, oortuigings kan bevestig, waardes kan handhaaf en ook in staat wees om sy gewoontes van die een na die volgende ontmoeting oor te dra.

Die patroonhandhawing en spanningsbeheer wat daarmee gepaardgaan, moet gedoen word ter wille van interne samehang en orde na binne (Joubert & Steyn, 1965, p. 275; Dobriner, 1969, p. 112). Die suksesvolle vervulling hiervan is ten nouste verbonde met die akteurs se kompromittering en gemotiveerdheid om volgens die sosiale sisteem se gewaardeerde normatiewe gedragspatrone op te tree en om hul persoonlike begeertes wat nie daarmee versoenbaar is nie, te sublimeer of te inhibeer (Joubert & Steyn, 1965, p. 276).

### 3.5.3 Aanpassing as funksionele probleemarea

Van der Walt (1978, p. xviii) sê aanpassing vind plaas waar spanningsituasies in een of ander vorm tussen mense aanwesig is en opgelos moet word. Dit hou verband met die verskeidenheid en veelkleurigheid van individue in die samelewing en gevolglik met die persoonlike aanleg en talente van individue teenoor die eise en behoeftes van die samelewing waarby aangepas moet word. Aanpassing verwys dus na die sosiale sisteem se verhouding met sy omgewing en met ander sosiale sisteme vir sover die sisteem aandag moet gee aan die verkryging van materiaal en fasiliteite vir die uitvoering van sy doelstellings (Van den Berg, 1977, p. 177; Dobriner, 1969, p. 110; Joubert &

Steyn, 1965, p. 276). Johnson (1968, p. 53) verduidelik aansluitend hierby dat aanpassing te make het met arbeidsverdeling en roldifferensiasie binne en buite die sosiale sisteem,asook met die beheer wat die sisteem uitoefen oor sy omgewing en andersom hoe die omgewing beheer uitoefen oor die sisteem.

Mills (1967, p. 17) sê dat met aanpassing as funksionele probleem ook in gedagte gehou moet word dat, wanneer die sosiale sisteem van eksterne bronne afgesny word, moet dit in staat wees om nuwes te vind en as bestaande tegnieke vir sy doelbereiking oneffektief raak, moet dit ook nuwes kan improviseer of skep. Aanpassing as funksionele probleem verwys dus na die vermoë van die sosiale sisteem om by sy omgewing se besondere gestruktureerdheid aan te pas.

### 3.5.4 Doelbereiking as funksionele probleemarea

Volgens Johnson (1968, p. 53) en Mills (1967, p. 58) gaan dit in doelbereiking as funksionele probleemarea om wat die sosiale sisteem behoort te bereik en die planne wat dit daarvoor het. Dit hou verband met die sisteemlede se behoeftes (Joubert & Steyn, 1967, p. 276). Van der Walt (1978, p. xxiv) sê: "Hierdie proses probeer, sover moontlik, 'n doeltreffende ontwikkeling en vorming van die individu se eiesoortige vermoëns, sy motivering en rehabilitasie mobiliseer, sodat dit kan lei na en kulmineer in aanvaarbare persoonsrolle in alle werk-, doen-, geniet- en leefsituasies saam met ander mense en in groepe."

Die volgende uitspraak van Johnson (1968, p. 53-4) gee ook 'n baie duidelike beeld van wat met doelbereiking as funksionele probleem bedoel word: "Every social system has one or more goals to be attained through cooperative effort. Perhaps the best example of a societal goal is national security. Adaptation to the social and nonsocial environment is, of course, necessary if goals are to be attained. But, in addition, human and nonhuman resources must be mobilized in some effective way, according to the spesific nature of tasks. For example, there must be a process for ensuring that enough persons, but not too many, occupy each of the roles at a particular time, and a process for determining which persons will occupy which roles."

Doelbereiking as funksionele probleem het te make met die realisering van dié doel waarvoor die sisteemlede aanvanklik byeengekom het (Dobriner, 1969, p. 109). Dit sal dus ten nouste verbonde wees aan die kwalifiseringsfunksie (dit wil sê die struktuurnorm) van die sisteem ter sake; die godsdienstige groep sal 'n godsdienstige doelstelling hê en die misdadige groep sal 'n misdadige doelstelling wil realiseer. Doelbereiking is die hoof dryfkrag en hoof motiveringskrag agter die ontstaan, bestaan en die voortbestaan van enige sosiale sisteem.

### 3.5.5 Integrasie as funksionele probleemarea

Integrasie het met omtrent dieselfde sake te make as aanpassing, hoewel dit alles net na binne plaasvind

(Dobriner, 1969, p. 111). Wanneer die een subsisteem van die groep byvoorbeeld dreig om die ander te vernietig, moet dit verhoed kan word; beskerming en koördinasie moet kan plaasvind na binne. Die gapings tussen die sterkes en swakkes moet oorbrug kan word, asook dié gapings tussen die aktiewe en passiewes en dié tussen die betrokkenes en die onbetrokkenes, dit wil sê "... it must create concepts or symbols of itself as a collective unit that unites its sub-parts" (Mills, 1967, p. 17; Johnson, 1968, p. 54).

Joubert & Steyn (1965, p. 276) sê integrasie behels die effektiewe reëling van die onderlinge ordening van die eenhede, rolle of subgroepe in terme van hulle bydraes tot die totale sisteem.

Blau (1976, p. 229) sê dat dít net kan plaasvind deur middel van intensiewe sosiale interaksie. Integrasie verwys na die onderlinge lojaliteit van die sisteemlede teenoor mekaar en teenoor die sosiale sisteem - dit is dus 'n solidariteits- en moreelprobleem wat opgelos moet word (Johnson, 1968, p. 54).

Volgens Van der Walt (1978, p. xxix) is die knooppunt van die integrasieproses geleë in koördinasie en 'n samehorigheidsgevoel soos dit tot uitdrukking kom in eensgesindheid binne die sosiale sisteem. Van den Berg (1977, p. 178) koppel dié solidariteitsgevoel, interne effektiewe ordeningsreëling en lojaliteit van die sisteemlede aan hulle verbondenheid aan besondere waardes.

Integrasie as funksionele probleem vir die sosiale sisteem het dus te make met die wedersydse gevoelvolle skikking van die lede van die sisteem ten opsigte van die gewenste gedrag in die eenwording of ineenskakeling van die persoon, die samelewing of groepe, die sosiale sisteem of subgroepe en die kultuur waarin die enkele mens die aktiewe element is.

## 3.6 Die sosialiseringselemente van die sosiale sisteem

### 3.6.1 Omskrywing

Johnson (1968, p. 53) sê sosialisering is "... the process by which cultural patterns come to be incorporated in the personalities of system members". Wanneer hy dit op leer betrek, sê Johnson (1968, p. 110) dat sosialisering dui op dié leer wat die akteur in staat stel om sy sosiale rolle te vertolk - dit wil sê dat nie alle leer dus noodwendig sosialisering is nie, want nie alle leer het te make met en betrekking op motivering en vermoënsontwikkeling wat nodig is vir deelname aan sosiale sisteme en subsisteme nie.

Sosialisering het te make met die inbou van die geïnstitusionaliseerde kultuur van 'n besondere gemeenskap in die lewenstoerusting van die akteur (Van den Berg, 1977, p. 192-3). Dit berei die akteur voor vir sy verskeidenheid rolle en verseker sodoende die kultuurgemeenskap se voortbestaan (Chinoy, 1968, p. 75).

Van den Berg (1977, p. 197)en Chinoy,(1968, p. 141-4) omskryf sosialisering as ŉ lewenslange leerproses waartydens die algemene, basiese waardes en norme van die sosiale sisteem tydens die kinderjare aangeleer word en die roloriëntasies en vaardighede dáárin tydens volwassenheid aangeleer word.

Lundberg (1968, p. 279) sê: "Thus, the ultimate goal of socialization is to give an individual the knowledge, ability and motivation needed for effective participation in the affairs of his society". Dít kan alleenlik verkry word deur gereelde en deur intiem-persoonlike *face-to-face* kontakte tussen die sisteemlede (Blau, 1976, p. 229).

Vir die doeleindes van dié ondersoek sal die sosialiseringselemente ingedeel en beperk word tot internalisering, institusionalisering, interaksie en wisselwerking.

### 3.6.2 Interaksie as sosialiseringselement

Mills (1967, p. 58) omskryf interaksie as die "... organization of overt action among persons over time". Wanneer daar sprake is van dat die aktiwiteit van een akteur volg uit of gestimuleer word deur dié van ŉ ander, het ons met interaksie te make (Homans, 1950, p. 36). Wanneer twee mense in interaksie is met mekaar, neem die een kennis van die ander - nie net as ŉ fisiese objek nie, maar as ŉ individu met houdings, verwagtings en oordeelsvermoë. Elkeen se handeling teenoor die ander is dan gebaseer op sy

houding teenoor die ander en sy verwagtings van die ander se moontlike reaksies teenoor hom (Johnson, 1968, p. 4).

Interaksie verwys dus na die kommunikasie wat tussen twee persone van dieselfde of van verskillende sosiale sisteme plaasvind.

### 3.6.3 Wisselwerking as sosialiseringselement

Dit is die uitgangspunt van dié ondersoek en uitbreiding van die sosiale sisteembenadering dat wisselwerking dieselfde proses is as interaksie, maar net met die verskil dat dit tussen verskillende sosiale sisteme, verskillende sosiale subsisteme of tussen verskillende sosiale groepe plaasvind.

### 3.6.4 Internalisering as sosialiseringselement

Kortweg dui internalisering daarop dat akteurs die voorgeskrewe kultuurpatrone van die sosiale sisteem hulle eie maak. Dit gaan om die integrering daarvan in die persoonlikheid van die akteur sodat dit onlosmaaklik deel van sy persoonlikheidsamestelling word (Van der Walt, 1978, p. xxvii). Diegene wat die genormeerde voorgeskrewe gedrag ernstig opneem, het dit geïnternaliseer (Johnson, 1968, p. 20). Internalisering dui daarop dat 'n individu op unieke eiesoortige wyse die waardes en norme van die sosiale sisteem sy eie maak (Van den Berg, 1977, p. 198). Hy leer dit as enkeling, met ander woorde individuele

leer van waardes en norme vind plaas met internalisering.

### 3.6.5 Institusionalisering as sosialiseringselement

Lundberg (1968, p. 201) en Chinoy, (1968, p. 49) sê dat met institusionalisering bedoel word die ontwikkeling van ordelike, relatief stabiele en sosiaal-geïntegreerde gewoontes en gebruike. Volgens hom is institusionalisering wanneer baie lede van die sosiale sisteem 'n besondere norm aanvaar; baie van hulle neem dit ernstig op deurdat hulle dit geïnternaliseer het en dus daarvolgens leef, en wanneer dié norm gesanksioneer word, dit wil sê dat van die lede van die sisteem verwag word om daardeur gelei te word in toepaslike omstandighede wat aanvaarde gebruik is. (Lundberg, 1968, p. 708 ; Johnson, 1968, p. 20).

Met institusionalisering het ons te make met die inbouing van die normatiewe gedragspatrone as deel van die kultuursisteem van die betrokke sosiale sisteem (Joubert & Steyn, 1965, p. 274). Institusionalisering bestaan uit die langsame en geleidelike aanleer van groepswaardes om in die sosiale behoeftes en doelstellings van die sisteemlede en van die samelewing te voldoen deur daaraan te konformeer en uitvoering daaraan te gee (Van der Walt, 1978, p. xxvii).

## 3.7 Die stabiliseringselemente van die sosiale sisteem

### 3.7.1 Omskrywing

Met die onderskeiding van die stabiliseringselemente van die sosiale sisteem, word besonderlik daardie dinamiese prosesse bedoel wat dit moontlik maak vir die sosiale sisteem om te ontstaan, bestaan en voort te bestaan. Dit gaan meer spesifiek om die voorkoms van *ultrastabiliteit*, dit wil sê om die voortbestaan van die sosiale sisteem, nieteenstaande sosiale verandering en persmissivering van en rondom die struktuur van die sosiale sisteem.

Waar dit dus by die onderskeiding van die sosialiseringselemente gegaan het oor dié middele wat die sosiale sisteem ontwerp waarmee hy die strukturering en funksionering oordra aan die sisteemlede, gaan dit in die stabiliseringselemente oor dié elemente wat die sosiale sisteem ontwerp om voort te kan bestaan, nieteenstaande strukturele, funksionele of sosialiseringsdefekte of veranderinge daarvan. Die prosesse hierin werksaam, is differensiasie, segmentasie, spesifikasie en inersie.

### 3.7.2 Differensiasie as stabiliseringselement

Lundberg (1968, p. 333) sê sosiale differensiasie verwys na "... the process of collectively creating, recognizing, or presupposing different characteristics in different persons, categories, or groups". Blau

(1976, p. 229-30) sê hierby aansluitend dat differensiasie te make het met beperkings wat op sosiale interaksie geplaas word vir sover sosiale integrasie gebaseer is op en afhanklik is van strukturele differensiasie.

Volgens Cilliers & Joubert (1968, p. 36) verwys differensiasie na die verskynsel dat daar verskille ontwikkel in die struktuur of funksies van bepaalde groepe. Hulle sê dat, wanneer 'n groep opbreek in kleiner groepe soos byvoorbeeld klieke en sigself losmaak van die groter omringende struktuur, is daar sprake van strukturele differensiasie. Strukturele differensiasie behels dus "... 'n proses waarvolgens een rol of kollektiwiteit verdeel in twee of meer rolle of kollektiwiteite wat meer doeltreffend fungeer onder nuwe historiese omstandighede".

Cilliers & Joubert (1968, p. 36) onderskei ook funksionele differensiasie, naamlik wanneer verskille ontwikkel in die funksies van groepe. Hulle verwys na byvoorbeeld die gesin wat vroeër ook onderrigtende opvoeding en godsdiensonderrig self hanteer het, maar dat dié funksies nou deur groter en afsonderlike institusionele komplekse soos die skool en die kerk hanteer word, terwyl die gesin nou self funksioneel meer spesialiseer op die funksies van sosialisering en persoonlikheidstabilisering.

### 3.7.3 Segmentasie as stabiliseringselement

Segmentasie verwys na dié verskynsel dat daar in 'n samelewing 'n groot aantal groepe ontstaan wat basies dieselfde funksie vervul. So bestaan daar byvoorbeeld talle nukleêre gesinne wat as sosiale sisteme en as groepe basies dieselfde struktuur en funksie het en daar bestaan byvoorbeeld ook talle firmas wat identiese ekonomiese belange het (Cilliers & Joubert, 1968, p. 35).

Volgens Cilliers & Joubert (1968, p. 35) ontstaan segmentasie uit die feit van die tyds- en ruimtelike gebondenheid van die menslike samelewing - juis dié gebondenheid maak dit 'n vereiste noodsaaklikheid dat bepaalde maatskaplike reëlings en groepe gedupliseer moet kan word op tye en plekke waar mense is sodat hulle daarin kan deel. So word die samelewing van mense ook tyd-ruimtelik gestabiliseer.

### 3.7.4 Spesifikasie as stabiliseringselement

Spesifikasie verwys na dié verskynsel dat daar byvoorbeeld strukturering, funksionering en sosialisering asook stabilisering ontwikkel wat net vir bepaalde sosiale sisteme geld, hoewel dít dan ook nog breedweg in ooreenstemming is met dié strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering wat geld binne die breër dominante kultuurgrondslag waarbinne dié betrokke sosiale sisteme en groepe bestaan.

Cilliers & Joubert (1968, p. 35-6) stel dit duidelik

soos volg: "Spesifikasie verwys na die verskynsel dat, terwyl elke samelewing sekere algemene norme en waardes het wat vir alle kollektiwiteite geld, bepaalde kollektiwiteite ook hulle eie besondere norme en waardes het, wat spesifiek vir hulle geld. In 'n goed geordende en stabiele samelewing is hierdie spesifieke norme en waardes gewoonlik in ooreenstemming of versoenbaar met die algemene norme en waardes".

### 3.7.5 Inersie as stabiliseringselement

Inersie dui op stilstand en stagnering. Dit het te make met die feit dat die betrokke sosiale sisteem nie (meer) kan of wil verander nie.

Met inersiërende stagnering en stilstand het ons dus te make met dié stabiliserende faktore in die sosiale sisteem wat gestabiliseerd is vir sover daar nie meer verandering in voorkom nie of nie meer verandering in toegelaat word nie. Dit kan uit die aard van die saak voorkom ten opsigte van byvoorbeeld die struktuurelemente, die funksionele probleemareas, die sosialisering en die stabiliseringselemente.

Dit is in hierdie verband belangrik om daarop te let dat 'n sekere mate van stagnering wel behoort plaas te vind ten opsigte van die struktuurelemente - veral ten opsigte van die waardes, omdat en vir sover dit juis die doel waarvoor die sisteemlede saamgekom het, uitspel. Indien daar nie *stagnerende stabiliteit* ten opsigte hiervan bestaan nie, kan die betrokke

sosiale sisteem ook nie ontstaan, bestaan of voortbestaan nie.

Hierby moet egter ook gevoeg word dat stabilisering in die betekenis van *stagnering* nie tot op 'n punt van domastrantheid gevoer mag word sodat dít weer die sosiale sisteem se voortbestaan in gedrang kan bring nie. Dit beteken egter nie dat die sisteem ter sake sy waardes moet verander nie, maar dat dit eerder dan moet werk op sy funksionele probleemareas van hersosialiserende aanpassings-, integrasie-, patroonhandhawings-, en doelbereikingsprobleemoplossings vir sy sisteemlede.

Inersie is dus eintlik dié aspek van die sosiale sisteem se stabiliteit wat die *ultrastabiliteit* daarvan kan waarborg vir sover dít die nodige bedagtheid of bewussyn en voorsiening aan die dag moet kan lê om vas te stel wanneer *stagnering* die voortbestaan van die betrokke sosiale sisteem sal bevorder of sal benadeel.

Vervolgens word die kriteria van wetenskaplikheid kortliks uiteengesit aan die hand van enkele definisies van wetenskap, ten einde die wetenskaplikheid van die ontwerpte evalueringsisteem te kan toets.

## 3.8 Die kriteria vir wetenskaplikheid

### 3.8.1 Omskrywings van wetenskap

Ten einde die kriteria vir wetenskaplikheid te kan weergee en te kan toepas op die ontwikkelde evalueringsisteem, is dit vooraf nodig om enkele omskrywings van wat wetenskap is, na te gaan.

Volgens Cilliers (1967, p. 18 en 26) is wetenskap nie 'n konkrete verskynsel nie, maar eerder 'n bepaalde *studiemetode* waarvolgens kennis en insig verkry word. Stoker (1961, p. 137) verduidelik ook wat wetenskap is aan die hand van die metodes daarvan as, naamlik tegnies-metodiese kennis wat soveel moontlik geverifieerde en soveel moontlik sistematiese kennis is. Oberholzer (1954, p. 94) sê dat, aan die hand van die vyf norme wat hy vir wetenskap stel, naamlik dat dit gaan om die *hoe*, die *waarom*, die *wat*, die *metode* en die *sisteem*, kan wetenskap(likheid) omskryf word as "... daardie soort kennis wat langs sistematiese weg van 'n bepaalde objek in sy verskyningsvorme... verkry is deur daardie objek in sy verskyningsvorme met sy gronde te probeer verbind en tot 'n sisteem uit te bou wat op algemeenheid en noodwendigheid aanspraak maak".

Coertze (1976, p. 91) identifiseer die gemeenskaplike waarheidsmomente uit verskillende definisies van wat wetenskap is as die volgende: die afbakening van die terrein en die probleemformulering, waarneming en insameling van feitekennis, hipotese- en teorievorming, verifikasie, metode en logiese opbou, onbaatsugtigheid,

algemeenheidskarakter, objektiwiteit, kommunikeerbaarheid, progressiwiteit en kritiese beskouing en bruikbaarheid.

Al hierdie kenmerke, asook dié wat deur ander skrywers genoem word (Kemeny, 1967, p. 83-6; Bierens de Haan, 1952, p. 36; Van Dijk, s.j., p. 9), word deur Bester (1976, p. 66-8) op grond van Joubert (1973, p. 25-30 en 84-103) se resultate gereduseer tot logisiteit, empirisiteit, objektiwiteit, waardevryheid, operasionaliteit en teoretiese aard. Hierdie kenmerke sal vervolgens afsonderlik uiteengesit word en die evalueringsisteem sal daaraan getoets word vir wetenskaplikheid, omdat hierdie kenmerke al die ander genoemdes ook insluit.

### 3.8.2 Logisiteit

Die kriterium van *logisiteit* kom daarop neer dat wetenskaplike uitsprake onderling uitsluitend moet wees, individuele uitsprake moet logiese afleidings, veralgemenings of interpretasies wees van waarnemings of van ander uitsprake. Logisiteit as kenmerk van wetenskaplikheid hou verder ook verband met logika in die sin van *gesonde verstand* in navorsing en in die ontwikkeling van interpretasies en verklarings en die evaluering van gevolgtrekkings.

### 3.8.3 Empirisiteit

Hierdie kenmerk van wetenskaplikheid gaan om die feit

dat wetenskaplike uitsprake gebaseer moet wees op konkrete feitelike stellings wat logies berus op verifieerbare of toetsbare sintuiglike waarnemings, direk deur die sintuie of indirek met behulp van instrumente.

### 3.8.4 Objektiwiteit

*Objektiwiteit* dui op die beginsel van wetenskaplikheid, naamlik dat alle toepaslike gegewens vir die betrokke studiegebied in aanmerking geneem moet word en dat eie, persoonlike oordeel en belange opgeskort moet word tydens die proses van wetenskaplike ondersoek. Meestal word objektiwiteit *gewaarborg* deur die gebruikmaking van erkende (vak)wetenskaplike prosedures en tegnieke in terme waarvan die wetenskaplike bevindinge getoets en geverifieer kan word.

### 3.8.5 Waardevryheid

Met *waardevryheid* as kenmerk van wetenskaplike denke word bedoel dat wenslike oordele weggelaat moet word uit wetenskaplike resultate. Die (vak)wetenskaplike moet hom weerhou van die uitspreek van waardeoordele in 'n morele betekenis van die woord ten opsigte van die verskynsels wat hy bestudeer.

### 3.8.6 Operasionaliteit

*Operasionaliteit* dui daarop dat (vak)wetenskaplike uitsprake eerder in terme van *waarskynlikheid,* en nie

in terme van absolute waarhede nie, geformuleer moet word. Dit kom daarop neer dat (vak)wetenskaplike uitsprake relatief of betreklik is tot die kennis wat op 'n besondere stadium bestaan en dat die uitsprake dus altyd onderworpe is aan wysigings wanneer meerdere kennis verkry word.

### 3.8.7 Teoreties

Hierdie kenmerk van wetenskaplikheid van kennis dui daarop dat logiese redenering gebruik word om saamgevatte feite in sistematiese stelle van proposisies wat die verband tussen twee of meer veranderlikes vaslê ter wille van verklaring van verskynsels. Hierdie proposisies moet uitgedruk word in terme van goed omskrewe konsepte, moet onderling verenigbaar wees, en van so 'n aard wees dat die bestaande veralgemenings daaruit op deduktiewe wyse afgelei kan word en dat dit ook die rigting vir verder waarnemings en veralgemenings kan aantoon.

## 3.9 Toetsing van die evalueringsisteem aan die kenmerke van wetenskap

### 3.9.1 Logisiteitstoets

Die ontwerpte evalueringsisteem (wat 'n uitbouing is van die bekende sosiale sisteemteorie) voldoen aan die wetenskaplike eis van logisiteit. Dit is so omdat al die sestien kenmerke daarvan onderling uitsluitend is en ook logies uit mekaar voortvloei as 'n

eenheidsisteem. Die uitbreiding op die bestaande sisteemteorie wat aangebied word, is gebaseer op logiese afleidings, interpretasies en waarnemings van ander uitsprake. Die uitbouing van die bestaande sosiale sisteembenadering tot die evalueringsisteem is as sodanig 'n voorbeeld van logisiteit. Dit is so omdat die *subsisteme* van die uitgebreide sosiale sisteembenadering, naamlik die struktuurkomponente, die funksioneringskomponente, die sosialiseringskomponente en die stabiliseringskomponente wel onderling uitsluitend is en nogtans 'n logiese eenheid realiseer. Dieselfde geld ten opsigte van die komponente se kenmerke, byvoorbeeld die struktuurkomponente van waardes, norme, rolle en subgroepe as onderling uitsluitende eenhede wat tog as bou-orde 'n logiese eenheid vorm.

### 3.9.2 Empirisiteitstoets

Wanneer in ag geneem word dat die struktuur, funksies, sosialisering en stabilisering van sosiale sisteme wel empiries, dit wil sê konkreet waarneembaar en verifieerbaar is, is dit duidelik dat die evalueringsisteem ook aan hierdie vereiste van wetenskaplikheid voldoen. Ook vir sover hierdie genoemde sosiale sisteemkomponente verteenwoordigend is van die *definiëring* (struktuurkomponente); van die verduideliking van die *ontstaan* (sosialiseringskomponente); van die verduideliking van die *bestaan* (funksioneringskomponente) en ook die *voortbestaan* (stabiliseringskomponente) van (misdadige) gedrag soos wat dit empiries waargeneem kan word, voldoen dit aan die wetenskaplike eis vir

empirisiteit, want misdadige gedrag word gedefinieer, dit ontstaan, dit bestaan en is stabiel vir sover dit (kan) empiries voortbestaan.

### 3.9.3 Objektiwiteitstoets

Die uitgebreide sosiale sisteemteorie met sy sestienpunt ontledingseenheid, voldoen op voortreflike wyse aan die eis van objektiwiteit, want dié kriteria vir wetenskaplikheid wil juis dat *alle relevante gegewens* betrek sal word in die studieterrein en die evalueringsisteem betrek ook die sosialiserings- en stabiliseringskomponente as belangrike ter sake gegewens vir die studieterrein. Die byvoeging van hierdie twee sisteemkomponente verseker objektiwiteit verder deurdat dit die moontlikheid uitlaat dat navorsers in die versoeking kom om morele oordele te maak oor die aard en rol van sosialiseringsprosesse en stabiliseringsprosesse in misdadige gedrag, want dit objektiveer juis hierdie verskynsels deur dit in die sosiale sisteem te verwetenskaplik.

### 3.9.4 Waardevryheid

Wanneer die uitgebreide sosiale sisteemteorie aanvaar word,verseker dit juis dat waardevryheid bevestig word omdat daar, weens die uitbreiding, minder ruimte gelaat word vir persoonlike waardeoordele vir sover daar dan meer fasette is van die sisteem wat verwetenskaplik is, naamlik dan ook die sosialiserings- en stabiliseringskomponente daarvan.

### 3.9.5 Operasionaliteitstoets

Ook wat die operasionaliteitseis van die kriteria vir wetenskap betref, slaag die evalueringsisteem. Dit slaag vir sover dit die operasionalisering van die sosiale sisteem verhoog en verbeter deurdat dit die waarskynlikheid in terme waarvan uitsprake gemaak word, verhoog. Dit is so omdat dit meer sake operasionaliseer in terme waarvan die uitsprake bevestig kan word. Verder verseker dit ook 'n *oop* sosiale sisteem in terme waarvan wysigings aangebring kan word met die verkryging van meerdere kennis en insig vir beter toepassing.

### 3.9.6 Teorietoets

Uit die uiteensetting van die evalueringsisteem blyk duidelik dat dit 'n *teorie* is vir sover dit wel deur middel van logiese redenasie saamgevatte feite in sistematiese stelle uitdruk wat die verband tussen twee of meer (in hierdie geval vier) veranderlikes vaslê ter wille van die verklaring (van die definiëring, ontstaan, bestaan en voortbestaan) van misdadige gedrag. Die proposisies (sisteemkomponente) word wel uitgedruk in terme van duidelik omskrewe konsepte, die konsepte en hulle betekenisgewing is onderling verenigbaar en die bestaande veralgemenings kan deduktief daaruit afgelei word en dit dui ook die rigting aan vir nuwe veralgemenings.

## 3.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting aangebied van die sosiale sisteemteorie in uitgebreide vorm of dan in herstruktureerde vorm as die model of evalueringskriterium in terme waarvan die misdaadverklaringsmoontlikhede van die gekose teorieë vir afwykende gedrag getoets sal word. Daar is vasgestel dat die sosiale sisteemteorie vier basiese komponente het, naamlik die vir struktuurkomponente, funksioneringskomponente, sosialiseringskomponente en stabiliseringskomponente. Die evalueringsisteem is ook kortliks getoets aan die kriteria vir wetenskaplikheid ten einde die betroubaarheid daarvan vas te stel. Die logiese uitvloeisel van dié uiteensetting is dat daar nou aandag gegee moet word aan die misdaadverklaringsmoontlikhede van die gekonstrueerde evalueringsisteem.

# HOOFSTUK 4

## DIE MISDAADVERKLARINGSMOONTLIKHEDE VAN DIE EVALUERINGSISTEEM

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die misdaadverklaringsmoontlikhede van die uiteengesette uitgebreide sosiale sisteemteorie te verduidelik. Vir die doeleindes van dié bespreking sal misdaad makrososiologies beskou word as die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge soos heringedeel en geskoei op die lees van P.J. van der Walt se indeling en soos uiteengesit in hoofstuk 2 van dié ondersoek. Hipoteses sal geformuleer word in terme waarvan die strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering van die sosiale sisteem moontlik daartoe kan bydra dat van die fundamentele maatskaplike verhoudinge geskend kan word. Die doel is nie om hier op omvattende wyse byvoorbeeld aan te toon hoe die sisteemelemente van die gesin, kerk, staat, skool, bedryf, ensovoorts, kan bydra tot fundamentele verhoudingskendings nie - dit is eerder om 'n model te ontwerp waarbinne verhoudingskendings wel bestudeer kan word binne die fundamentele en primêre, asook sekondêre groepe van die samelewing. By wyse van voorbeeld sal deurgaans van die christosentriese sosiale sisteem se strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering gebruikgemaak word en slegs na enkele misdaadsoorte verwys word.

By die bespreking van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die uitgebreide sosiale sisteemteorie sal aandag gegee word aan die moontlikhede van dié teorie ten opsigte van die definiëring, die ontstaan, die bestaan en die voortbestaan van misdadige gedrag, omdat alleen só die omvang van misdaad makrososiologies bekyk kan word, dit wil sê binne en ten opsigte van alle lewensterreine.

## 4.2 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van strukturering

### 4.2.1 Waardes

Waardes dui op die konsepsie van die gewenste gedrag vir en binne die sosiale sisteem soos dit begrond is op die beginsels in terme waarvan die sosiale sisteem ter sake ontstaan, bestaan en voortbestaan, dit wil sê in die werklikheidsvisie van die sisteemlede.

Wanneer die uitgangspunt byvoorbeeld geneem word dat alle gedrag christosentriese gedrag is, volg dit dus logies dat alle gedrag wat in die christosentriese sosiale sisteem afwyk dáárvan, prinsipieel gesien nonkonformerend en ook misdade sal wees vir sover sódanige handelinge dan die voorgeskrewe sosiaal aanvaarde gewaardeerde gestruktureerde ordelike doel mis.

Waardes as die konsepsie van die gewenste gedrag gee die *definiëringsraamwerk* vir misdaad - of die sosiale sisteem nou christosentries georganiseerd is of nie. In terme van dié opmerking blyk dit verder dat waardes dus dié element is wat subkultuurvorming moontlik maak.

Dit sou immers ook in terme van hulle nie-christelike waardes wees dat 'n volgende sosiale sisteem juis christosentriese handelinge as afwykende *misdade* sou (kon) beskou. Ten opsigte van die waardes kom dus die geloofsoortuigings en die lewens- en wêreldbeskouing van die sisteemlede in terme waarvan hulle gedrag as konformerend of nonkonformerend en misdadig sal definieer, na vore.

Die misdaadverklaringsmoontlikhede van waardes as strukturele elemente van die sosiale sisteem lê dus hoofsaaklik in die *definiërende onderskeiding* tussen die konformerende en die misdadige gedrag. Dit is wat ons laat besluit prostitusie, verkragting en ontbloting is (seksuele) misdade en intieme seksuele liefde binne die huwelik, is konformerende (seksuele) gedrag. Dit is juis die waarde wat mense, byvoorbeeld aan geld en goed heg wat hulle daartoe bring om, by die nie-toeganklikheid van konformerende wetsgehoorsame middele, nogtans dan van nonkonformerende misdadige tegnieke gebruik te maak ten einde die ekonomies-gewaardeerde en sosiaal aanvaarde doel te bereik. Dieselfde argumentering kan toegepas word op die skending van al die fundamentele verhoudinge. Wanneer die christosentriese waardes dus in die sosiale sisteem ingesosialiseer is deur middel van interaksie, wisselwerking, internalisering en institusionalisering, sal die betrokke sosiale sisteem as christosentries gestruktureerd, en stabiel so funksionerend kan bly voortbestaan.

### 4.2.2 Norme

Norme dui op die positiewe en of negatiewe konkrete gedragsreëls waarvan die nakoming en of vermyding die waardes waarvoor dit geld, realiseer.

Wanneer die waardes dus christosentriese gedrag as die gewaardeerde gedrag voorskryf ten opsigte van al die fundamentele maatskaplike verhoudinge, sal die daarvoor geldende en daarmee ooreenstemmende norme dus ook konkreet christosentries gepositiveer moet (kan) word.

Die positief-voorskrywende kante van elke norm wat geld ten opsigte van die fundamentele maatskaplike verhoudinge word aangetref in die sinkern van die betrokke lewenskringe (Spier, 1950, p. 69-100). So geld vir die seksuele die christosentriese lewe; vir die psigiese die christosentriese gevoel; vir die sosiale die christosentriese omgang; vir die ekonomiese die christosentriese waarde afwegende besparing; vir die juridiese die christosentriese regsvergelding; vir die etiese die christosentriese trou en liefde in tydelike betrekking en vir die pistiese die christosentriese geloof. Afwykings hiervan word verbied deur die norme vir die christosentriese sosiale sisteem. Indien dié sinkerns as die waardes wat geld vir die christosentriese sosiale sisteem dus normatief gerealiseer wil word, sal die sosiale sisteem moet gebruik maak van norme soos vir die christosentriese lewens(bewaring)-beskerming, respek en toewyding. Vir die christosentriese gevoels(handhawing) geld norme soos ondersteuning

en empatie; vir die christosentriese omgang geld weer norme soos beleefde respek en nederigheid; vir die waarde afwegende besparing geld weer hardwerkendheid en getrouheid; vir christosentriese vergelding geld weer norme soos regverdigheid en gelyke beregtiging; vir die christosentriese liefde in tydelike betrekkinge geld weer norme soos trou en integriteit en om die christosentriese geloof waar te kan maak, moet weer norme soos getroue Skrifondersoek, gebed en kerkgang nagekom word. Wanneer dié positief-voorskriftelike kante van norme nie gerealiseer word nie, bestaan onbeheerbare gedrag, afwykende gedrag, wangedrag en misdaad - afhangende van die aard en intensiteit van die nonkonformering. Wanneer die norme vir gesinsliefde (byvoorbeeld trou en integriteit) nie uitgeleef word deur byvoorbeeld die vader nie, kan huweliksontrou (afwykende gedrag) en kindermishandeling (misdaad) ontstaan.

Dit is ook voor-die-hand-liggend dat, indien die beginselbegronde gewaardeerde gedrag van die sosiale sisteem nie christosentries gerig is nie, maar byvoorbeeld humanisties, kommunisties, liberalisties of eksistensialisties, dat die norme ten opsigte van die betrokke fundamentele maatskaplike verhoudinge gelei sal moet word deur dié betrokke ooreenstemmende uitgangspunte.

Wanneer egter in ag geneem word dat die mens met alles wat hy is en het deur God geskape is, deur Satan verlei, deur Christus verlos is van dié sonde en deur die Heilige Gees gedra word in dié wêreld, kan enige

sosiale sisteem van christene eintlik nie anders as om christosentries georganiseerd te wees nie. Die afwykings dáárvan illustreer steeds die deurwerkende gevolge van die sondeval in die feitelike orde as verskillend van die normatiewe samelewingsorde(ning).

Gesien as die konkrete lewensreëls wat uitgevoer moet en kan word as die gewaardeerde gedrag gerealiseer wil word, moet die misdaadverklaringsmoontlikhede van norme as struktuurkomponent van die sosiale sisteem, as baie nou verbonde met die *definiëringskarakter* van die waardes ingeskakel word. Dit is so omdat misdade eintlik neerkom op die uitlewing van die verbode kante van die norme vir sover die voorskrywings daarvan nie gevolg word ten opsigte van die sinkern van die betrokke fundamentele maatskaplike verhoudings nie.

### 4.2.3 Rolle

Rolle dui op die individuele en persoonlike inkleuring van die christosentriese norme deur die akteur ten einde die ooreenstemmende waardes wat geld vir die fundamentele maatskaplike verhoudinge, te realiseer.

Dit gaan in die misdaadverklaringsmoontlikhede van dié strukturele komponent om die persoonlike verantwoordelikheid van die akteur om byvoorbeeld rolkonflik(te) af te reageer ter wille van die christosentriese beginsels waarop genormeerde en dus gewaardeerde gedrag in die betrokke sosiale sisteem berus. Rolkonflik verwys na alle situasies in die sosiale sisteem wat ego belemmer om te konformeer aan die norme wat geld

vir die bepaalde rol wat hy beklee (Van den Berg, 1977, p. 133). Wanneer 'n sisteemlid byvoorbeeld lid is van twee of meer sosiale sisteme waarin sy rolle só gedefinieer is dat sy rolverwagtings daarin onversoenbaar is vir sover konformering aan die een rolstel konformering aan die ander een belemmer, bestaan rolkonflik (Van den Berg, 1977, p. 133; Johnson, 1968, p. 33 en 35). Sulke rolkonflikte ontstaan volgens Van den Berg (1977, p. 134-141) weens botsende elemente in die intra- en ekstrarol, weens statuskonflik, weens roldubbelsinnighede en weens onbehoorlik geartikuleerde rolle,asook weens roloorlaaiing.

Sulke rolkonflikte wat nie deur middel van byvoorbeeld sublimasie of ander aanvaarbare wyse vermy of oorbrug en geneutraliseer kan word binne die betrokke sosiale sisteem nie, kan lei tot die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge ten opsigte waarvan die rolkonflik voorkom. Die sportgroep skryf byvoorbeeld normatief voor dat al die lede van die span na die wedstryd drankies moet geniet en sommige lede vergryp hulle daaraan deur een té veel te neem om die oorwinning te vier of die pak slae te vergeet. Hierteenoor verbied die huisgesin sy lede om onder die invloed van sterk drank te wees of te kom. Die gesinslid wat ook lid is van dié sportgroep beleef rolkonflik, want die een groep waarvan hy lid is verbied wat die ander een voorskryf - wat by die een konformerende gedrag is, is by die ander groep afwykende gedrag.

Dit is juis op dié terrein van die struktuur van die

sosiale sisteem dat die sosialiseringskomponente van interaksie, wisselwerking, internalisering en institusionalisering, byvoorbeeld aan die rolbekleër die fasiliteite moet kan bied ten einde sy ambivalensie te kan afreageer ter wille van die sisteem se (ultra) stabiliteit - so nie kan afwykende of misdadige skendings van fundamentele verhoudinge voorkom.

Hoewel dit op die oog af mag lyk asof daar in rolvervulling te make is met 'n ontstaanselement van misdadige gedrag in die sosiale sisteem, is dit nie so nie. Ook hier het ons met 'n *definiëringsaspek* van misdadige gedrag te make, naamlik vir sover dit gaan om die akteur se persoonlike situasiedefinisie in terme van die norme wat hy moet, mag en kan gebruik ten einde die gewenste sosiaal aanvaarde gedrag van die sosiale sisteem te kan realiseer. Die sosiale sisteem se struktuur, sy funksionering, sosialisering en stabilisering behoort juis só georden te word dat dit die nodige fasiliteite, geleenthede en moontlikhede aan die rolbekleër verskaf om dit juis te kan doen. Indien dit nie so is nie, kan afwykende gedrag en selfs misdade verwag word.

### 4.2.4 Subgroepe

Subgroepe as 'n struktuurkomponent van die sosiale sisteem dui op die vorming en instandhouding van kleiner subsisteme van en binne die betrokke sosiale sisteem op grond van besondere doelstellings, en saambindende solidariteitsaspekte van sekere rolbekleërs.

Wanneer subgroeperings binne die sosiale sisteem plaasvind, kan dit uit die aard van die saak 'n stabiliserende of 'n ontwrigtende effek hê op die betrokke sosiale sisteem. Positief gesien kan dit ultrastabiliteit in die hand werk vir sover dié subsisteme kan *spesialiseer* in byvoorbeeld sosialisering, funksionele probleemoplossing of stabilisering van die sosiale sisteem.

Die misdaadverklarende kant van subgroeperings lê egter in net die teenoorgestelde kamp hiervan, naamlik wanneer dié subsisteme ontstaan weens gebreke in die betrokke sosiale sisteem en hulle dan daartoe oorgaan om hulle solidariteit te misbruik om die stabiliteit van die sisteem te bedreig. So kan die lede van sulke subgroepe byvoorbeeld hulle persoonlike status misbruik deur integrasieprobleme te skep vir die sisteem in plaas daarvan om dit te help oplos. Wanneer sisteemlede van die christosentriese sosiale sisteem byvoorbeeld ontevrede is met een of ander aspek van die sisteem se strukturering, funksionering, sosialisering of stabilisering, kan dit juis lei tot die ontstaan van die subgroepe wat hulle dan beywer om die saak waaroor hulle ontevrede is, *reg te stel.* Dit kan by nie-tevredestelling lei tot die ontstaan van subkulturele afskeidings en die daarstelling van 'n ander sisteem.

Uit die aard van die saak kan die subgroepe gevorm word ten opsigte van elkeen van die fundamentele maatskaplike verhoudinge en ten opsigte van elkeen van die sisteemkomponente. Juis dié omvangsmoontlikhede

van subgroepvorming lê weer die klem op die sosialiseringsfasette van die sosiale sisteem wat moet sorg dat die sisteemkomponente volledig ingesosialiseer word in al sy lede. Gebrek hieraan en die omvang en intensiteit van byvoorbeeld ontevredenheid, sal die aard, omvang en intensiteit van afwykings van die gewaardeerde konformerende gedrag deur subgroepe bepaal.

Ook by subgroepe as struktuurelement het ons dus te make met die *definiëring* van misdadige gedrag vir sover subgroepe dan sekere vorme van die organisering van die sisteem waarin hulle leef en waaruit hulle ontstaan as foutief definieer en hulle nie daarmee wil vereenselwig nie.

### 4.2.5 Definiëring van misdaad

Uit die voorafgaande uiteensetting kan dus die hipotese gemaak word dat die struktuurelemente (waardes, norme, rolle en subgroepe) van die sosiale sisteem in terme van misdaadverklaringsmoontlikhede hoofsaaklik te make het met die *definiëring* van misdadige gedrag.

## 4.3 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van funksionering

### 4.3.1 Patroonhandhawing en spanningsbeheer

Dié funksionele probleemarea dui op die handhawing van die ooreengekome strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering van die sosiale sisteem ten opsigte van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

Ook hierin het ons, soos met die vorige twee funksionele probleme wat die sosiale sisteem moet (kan) oplos as dit wil bly voortbestaan, te make met die werklike bestaan van misdadige gedrag vir sover die fundamentele gedragspatrone dan nie na die positiewe kante daarvan gehandhaaf word nie en vir sover die spanninge wat met die handhawing en oortreding van dié verhoudinge, nie gesublimeer of andersinds positief gekanaliseer kon word nie.

Dit is immers duidelik dat, wanneer fundamentele verhoudinge in die sosiale sisteem nie soos voorgeskryf deur die christosentriese fundering van dié betrokke sosiale sisteem, gehandhaaf (kan) word nie, dit soveel spanninge sal kan teweegbring dat skending van dié verhouding sal (kan) plaasvind. Selfs die spanninge wat kan ontstaan met die handhawing van die voorgeskrewe fundamentele verhoudinge, kan ook juis lei tot misdade op dié terrein. Wanneer daar byvoorbeeld nie integrasie (wedersydse gevoelvolle ooreenkoms ten opsigte van die gewaardeerde gewenste gedrag) tussen die sisteemlede (kan) plaasvind ten opsigte van die fundamentele seksuele verhoudinge nie, kan van die sisteemlede hulle begin skuldig maak aan skending van dié betrokke fundamentele verhoudinge. Wanneer die sisteemlede nie byvoorbeeld die ekonomiese aanpassingsprobleme kan oplos nie, kan ook misdade in terme van die skending van die ekonomiese verhouding plaasvind. Ook en wanneer die sisteemlede nie (kan) ooreenkom in terme van die rolvervullings van elkeen in die ekonomiese verhoudinge nie, kan dié spanninge misdadige afmetings aanneem. Indien die sisteemlede nie met

mekaar saamstem oor wat die positiewe kante van die norme is en wat verbode is tussen hulle ten opsigte van die ekonomiese verhoudinge nie, kan afwykings van die christosentriese aanvaarde gedrag ten opsigte van die fundamentele ekonomiese verhoudinge plaasvind. Dieselfde kan gestel word wat geld ten opsigte van al die ander fundamentele maatskaplike verhoudinge.

### 4.3.2 Aanpassing

As funksionele probleemarea dui aanpassing op die pleksoekende nesskropping van die sosiale sisteem binne die wyer kulturele gemeenskap waarbinne dit ontstaan, bestaan en wil bly voortbestaan.

Wanneer sosiale sisteme byvoorbeeld nie daarin kan slaag om met die wetsgehoorsame christosentriese strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering die sisteem se aanpassingsprobleme op te los en te oorbrug nie, kan van die sisteemlede of subgroepe in die sisteem wat 'n hoë prioriteit plaas op die oplossing van dié aanpassingsprobleem, oorgaan tot drukuitoefening op die sisteem wat kan uitloop op die skending van sommige van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

Veral wanneer die christosentriese sosiale sisteem byvoorbeeld pleksoekend aanpassingsprobleme ondervind in 'n vreemde milieu waarin nie erkenning gegee word aan sy waardes nie, kan die aanpassingsprobleem 'n wesentlike probleem word vir die sisteem omdat dit sy

voortbestaan bedreig. Wanneer dié probleem dan nie binne die bestaande ordening opgelos kan word nie, loop die sisteem gevaar om óf tot niet te gaan in die betrokke milieu óf geostraseer te word. Aanpassings in die sin van struktuurveranderings of verhouding-skendings is dan eintlik die enigste oplossing indien dié sisteem wel wil bly voortbestaan.

Dit is ook voor-die-hand-liggend dat, wanneer daar byvoorbeeld ekonomiese aanpassingsprobleme ondervind word, die sosiale sisteem sal moet begin rondsoek en sy onderafdelings en komponente tot die uiterste toe sal moet inspan om dit te kan oplos ter wille van die sisteem se voortbestaan - indien dit wel die voortbestaan van die sisteem bedreig. Dieselfde geld ten opsigte van al die ander fundamentele maatskaplike verhoudinge. Indien die betrokke sosiale sisteem dan nie in staat is om die aanpassingsprobleem ten opsigte van die betrokke fundamentele maatskaplike verhouding op te los nie, kan uit die aard van die saak misdadige gedrag verwag word binne die area van die betrokke fundamentele verhouding.

Uit die bespreking kan dus afgelei word dat, wanneer daar 'n aanpassingsprobleem nie deur die sosiale sisteem opgelos kan word nie, dit reeds dui op die bestaan van een of ander vorm of intensiteit van afwyking tot misdadige gedrag. In misdaadverklaringsterme kan die bestaan van die aanpassingsprobleem-area van die sosiale sisteem geïnterpreteer word as duidende op die *bestaan* van misdadige gedrag.

4.3.3 Doelbereiking

Doelbereiking as funksionele probleem verwys na die realisering van dié doel waarvoor die sosiale sisteemlede aanvanklik byeengekom het.

Dit is voor-die-hand-liggend dat, wanneer dié doel nie bereik kan word nie, die sosiale sisteem geen moontlikheid het om meer verder voort te bestaan nie.

Doelbereiking as verwysende na die realisering van misdade, staan in noue verband met die voorafbespreekte kenmerke. So is dit byvoorbeeld algemene praktyk onder misdadigers om aansluiting by 'n betrokke sosiale sisteem te soek ten einde binne-inligting te kan bekom; hulle onderskryf dus tydelik en valslik die waardes (dit wil sê die doelstellings) van die sosiale sisteem ter wille van hulle eie verdoeselde doelstellings. Dit is immers so dat, eers wanneer 'n mens die norme (positiewe gedragsreëls), rolle (persoonlike verwagtings) en subgroepe (onderafdelings) van 'n besondere sosiale sisteem goed ken, jy dit sal kan misbruik deur byvoorbeeld 'n swak integrasieprobleemoplossing uit te buit ten einde finansiële gewin te bekom uit die betrokke sisteem. Op dieselfde wyse sal doelbereiking byvoorbeeld ook nie kan realiseer wanneer die aanpassings-, integrasie- en patroonhandhawingsprobleme nie opgelos kan word deur die sosiale sisteem nie.

### 4.3.4 Integrasie

Integrasie as funksionele probleem van die sosiale sisteem het te make met die wedersydse gevoelvolle skikking van die sisteemlede ten opsigte van die gewenste strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering in en van die sosiale sisteem ter sake.

Dit is voor-die-hand-liggend dat, wanneer die sisteemlede nie kan ooreenkom ten opsigte van die genoemde aspekte nie, skending van die fundamentele verhoudinge sal kan plaasvind. Wanneer byvoorbeeld nie ooreengekom kan word oor hoe die godsdienstige gedragspatrone gehandhaaf behoort te word nie, kan skendings daarvan voorkom. Ook so, indien daar nie na binne tussen die sisteemlede ooreengekom kan word oor hoe die sosialisering van nuwe lede moet plaasvind ten opsigte van byvoorbeeld die seksuele of juridiese verhoudinge nie, kan daar skendings van dié verhoudinge deur sowel die sosialiseringsagente as die gesosialiseerdes verwag word.

Daar kan verder ook integrasieprobleme ontstaan wanneer daar byvoorbeeld subgroepe gevorm word wat verskil ten opsigte van die wyse waarop die sosiale sisteem gestruktureerd is, hoe dit funksioneer, hoe die sosialisering plaasvind en oor hoe die stabiliteit gehandhaaf word. Dit is duidelik dat, telkens wanneer ons met 'n integrasieprobleem te make het wat nie opgelos kan word nie, ons met 'n gevaarteken vir die (ultra)stabiliteit van die sisteem

te make het ten opsigte van daardie sisteemkomponent of fundamentele maatskaplike verhouding in terme waarvan daar nie integrasie bereik kan word nie.

Ook soos met die nie-oplossings van die aanpassingsprobleme het ons met die nie-oplossing van die integrasieprobleme te make met 'n uitwysing van die bestaan van misdadige gedrag. Wanneer daar nie integrasie in 'n sosiale sisteem teenwoordig is nie, dui dit immers reeds op die *bestaan* van (minstens) afwykende gedrag. Wanneer die sisteemlede ook 'n aktiewe gesindheid openbaar, sal hulle dan makliker daartoe kan oorgaan om selfs die bestaande sosiale sisteem te ontbind of hulle daarvan af te skei deur 'n nuwe sosiale sisteem in die lewe te roep met 'n andersoortige doelstelling - of dan met dieselfde doelstellinge, maar waarin die sosialisering, funksionering en stabilisering van anders in voorgeskryf word.

### 4.3.5 Bestaan van misdaad

Samevattend kan uit die voorafgaande uitstryking vir die misdaadverklaringsmoontlikhede van die sosiale sisteem se funksionele probleemareas die hipotese gemaak word dat dié voorgenoemde behandelde elemente eintlik te make het met die uitwysing van die *bestaan* van die misdade in konkreto.

## 4.4 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van sosialisering

### 4.4.1 Interaksie

Interaksie dui op die persoonlike *face-to-face* verhoudinge wat tussen twee persone van dieselfde of van verskillende sosiale sisteme bestaan.

Dit is duidelik dat dit juis deur middel van interaksie is dat die strukturering, funksionering, stabilisering en sosialisering van en binne die sosiale sisteem plaasvind. Juis deur middel van interaksie word die waardes, norme en rolstelle vir die sisteemlede aangeleer, vind subgroeperinge en ook die aanpassings-, integrasie-, patroonhandhawings- en doelbereikingsprobleme se oplossings binne die raamwerk van die sisteemstruktuur plaas. Dit is ook deur middel van interaksie dat die sisteemlede leer hoe om die sosiale sisteem te stabiliseer in terme van differensiasie, spesifikasie, segmentasie en inersie.

Wanneer aandag aan interaksie as sosialiseringselement gegee word in terme van die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan, moet onthou word dat ons in die sosialiseringselemente te make het met veral die verklaring van die *ontstaan* van die misdadige gedrag in die betekenis van die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Dit is so vir sover ons in sosialisering te make het met die aanleer van die statusse wat geld vir die rolle binne die sosiale sisteem. Dit behoort baie duidelik te wees dat juis wanneer daar belemmeringe is in die interaksieproses soos byvoorbeeld generasiegapings in die huisgesin,

die insosialisering van die voorgeskrewe aanvaarde strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering van die fundamentele maatskaplike verhoudinge binne enige sosiale sisteem kan skade ly en wanneer dít gebeur het, is die pad oop na misdadige gedrag. Dit is só omdat die sisteemlede juis deur middel van interaksie leer hoe om hulle in en aan te pas binne en buite die betrokke sosiale sisteem in terme van die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Vir sover as wat dié interaksie belemmer word, kon behoorlike sosialisering nie plasvind nie en kon afwykende en misdadige gedrag dus ontstaan het.

### 4.4.2 Wisselwerking

Wisselwerking dui op dieselfde proses wat tussen individue by interaksie plaasvind, maar dit geskied net tussen groepe of dan wel tussen sosiale sisteme.

Ook met betrekking tot wisselwerking het ons te make met 'n misdaadverklaringselement in die sin van die *ontstaan* van kriminele gedrag. Dit kom veral voor wanneer daar botsings in die waarde-elemente van die betrokke sosiale sisteme is wat met mekaar in wisselwerking kom. Dit kan verswakkend inwerk op die struktuur van een van die betrokke sosiale sisteme sodat al meer afwykings van sy gewaardeerde normaal aanvaarde gedrag permissiverend verdra word tot op die punt van misdaad. Dit is veral wanneer daar botsende waardes en of norme is dat die probleme ontstaan. Wanneer die een sisteem byvoorbeeld voorskryf dat

sterk drank matiglik gebruik moet word en die ander sisteem skryf voor dat dit vryelik (misbruik) gebruik mag word veral nadat die sisteem òf presteer het òf misluk het, kan dié lede wat dan rolle in albei dié sosiale sisteme vervul het, probleme ondervind. Die probleem word vererger wanneer hulle uitvind dat hulle dan hulle gewaande probleem kan oplos deur te drink en só ontstaan 'n bose kringloop.

In wisselwerking gaan dit dus om normatiewe ambivalensie en indien die sosiale sisteem ter sake se strukturering nie goed ingesosialiseer is nie, kan die lede daarvan begin afwyk omdat hulle die weg van die minste weerstand verkies.

Ook wanneer aanpassings-, integrasie-, patroonhandhawings-, spanningsbeheer- en doelbereikingsprobleme ondervind word deur een van die sosiale sisteme ter sake in die wisselwerking, kan wisselwerking met 'n andersdenkende sosiale sisteem belemmerend inwerk op die voorgeskrewe funksionering van die betrokke sosiale sisteem binne die raamwerk van dié fundamentele verhouding waarrondom die botsing bestaan.

### 4.4.3 Internalisering

By internalisering as sosialiseringselement het ons te make met die persoonlike eie-making van die struktuurelemente, funksionele probleemoplossingstegnieke, sosialiseringsmiddele en stabiliseringselemente deur die akteur.

Ook hierin speel die element van die waardes die dominante rol vir sover die internalisering daarvan juis konformering sal kan waarborg. Dit kan egter gebeur dat 'n akteur weens 'n aanpassings-, patroonhandhawings-, spannings-, of doelbereikingsprobleem wat hy nie kan hanteer nie, omdat hy dit nie kan of wil internaliseer nie, in misdaad verval. Ook so met probleme wat hy mag opdoen ten opsigte van sy rolvertolkings, die normatiewe voorskrifte en die subgroepe binne die sosiale sisteem wat dalk sekere verwagtinge aan hom stel waaraan hy nie kan nie, dog graag wil voldoen en dít net kan regkry deur die betrokke verhouding ten opsigte waarvan die verwagting geld, te skend.

Dit mag ook wees dat sekere akteurs net nie die vermoëns of fasiliteite tot hulle beskikking het om dít wat nodig is vir gewaardeerde gedrag te internaliseer nie. Ons verwag byvoorbeeld al meer en al beter internalisering van waardes, norme, rolle, ensovoorts van kinders soos hulle groter word en opgroei omdat en vir sover hulle vermoëns en fasiliteite dan veronderstel is om toe te neem en ons verwag sonder beredenering internalisering van alle verwagtinge en eise van die sisteem van volwassenes.

Vir sover as wat internalisering 'n persoonlike interaksieproses is, kan dieselfde dinge wat belemmerend op interaksie inwerk, ook internalisering benadeel. Dieselfde geld vir sover internalisering 'n aandeel in 'n geïnstitusionaliseerde proses is en in wisselwerking met ander sosiale sisteme plaasvind. Inter-

nalisering verwys in misdaadverklaringsterme ook na 'n sisteeminherente proses waardeur misdadige gedrag kan ontstaan.

### 4.4.4 Institusionalisering

Onder institusionalisering word verstaan die mate waarin die strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering van die sosiale sisteme ingebed is in die instellings of groepe en sisteme waarbinne dit bestaan.

Dit behoort dan ook voor-die-hand-liggend te wees dat swak institusionalisering van byvoorbeeld die christosentriese kultuurpatroon maklik(er) kan lei tot die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Wanneer die institusionalisering van byvoorbeeld normale juridiese gedrag nie behoorlik ingebed is in die juridiese samelewingskringe en -instellings nie, kan ook nie verwag word dat vergelding christosentries, onpartydig en liefdevol daarbinne of daarbuite sal geskied nie - en dan kan ook nie verwag word dat individue wat werksaam is en leef binne dié sosiale sisteem, regverdigheid moet internaliseer nie.

Indien die institusionalisering van die ekonomiese waarde van eerlikheid, byvoorbeeld swak geïnstitusionaliseerd is weens sterk differensiasie en kroniese sosiale verandering, kan die individuele lede van sosiale sisteme wat daarbinne bestaan, eintlik na willekeur optree, want geen behoorlike sosialisering kan plaasvind ten opsigte van die strukturering,

funksionering, sosialisering of stabilisering van die sosiale sisteem rondom dié fundamentele verhouding nie. In sulke gevalle is die skending van die ekonomiese fundamentele verhoudinge die voorland van dié lede. Dieselfde geld ten opsigte van al die ander fundamentele verhoudinge.

### 4.4.5 Ontstaan van misdaad

Uit die voorafgaande uiteensetting kan die hipotese gestel word dat die misdaadverklaringsmoontlikhede van die sosialiseringskomponente hoofsaaklik te make het met die uitwysing van die *ontstaan* van misdaad.

## 4.5 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van stabilisering

### 4.5.1 Differensiasie

Differensiasie as stabiliseringselement verwys na die voorkoms van die verskynsel dat daar verskille ontwikkel in die struktuur, funksies, sosialisering en stabilisering van 'n sosiale sisteem.

Differensiasie het 'n positiewe en konformerende-gedrag-stabiliserende betekenis vir sover dit die doeltreffender strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering van die betrokke sosiale sisteem (kan) bevorder onder nuwe historiese omstandighede. Dit kan dan daartoe bydra dat beter talentbenutting van byvoorbeeld die subgroepe van die betrokke sosiale sisteme kan plaasvind.

Hiermee saam is egter ook onmiddellik die negatiewe

betekenis gegee vir sover dit permisivering en botsing van die sisteemkomponente in die hand kan werk waaruit misdaad kan voortkom. Andersoortige strukturering, funksionering en sosialisering van die gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse in byvoorbeeld die bedryf met sy ekonomiese struktuurnorm, kan ekonomiese misdade laat ontstaan. Wanneer die ekonomiese winsdoel byvoorbeeld nie bereik kan word langs konformerende lyne van strukturering, funksionering en sosialisering nie, kan dit dien as stimulus vir afwykende konstruering van die bedryf wat dan, sê maar, sy werknemers skool in verneuktegnieke ter wille van winsbejag. Dieselfde soort hipotese kan geformuleer word ten opsigte van al die ander fundamentele skendbare gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse.

### 4.5.2 Segmentasie

Segmentasie van en binne 'n sosiale sisteem kom daarop neer dat daar 'n verskeidenheid van sosiale sisteme ontstaan wat dieselfde funksie vir en binne die samelewing vervul. Segmentasie kom dus eintlik neer op subgroepvorming vir die samelewing in 'n sekere sin, en in 'n ander sin dui dit op die *verlenging* van instellings deur middel van subgroepvorming.

Die stabiliserende effek van konformerende gedrag vir die sosiale lê in die feit dat dit daartoe bydra dat die sisteemkultuur juis daardeur bewaar en versprei kan word wanneer die té groot geworde aan-

vanklike sisteem te lomp geword het vir behoorlike organisering en ordening.

Presies dié stabiliserende effek kan egter net sowel ten opsigte van afwykende gedrag en misdaad wat weens die voorafuiteengesette redes ontstaan het deur en in die sosiale sisteem, geld. Subgroepe wat hulleself weens verskille of weens swak sosialisering afgeskei het van die aanvaarde sosiale sisteem kan egter ook op dieselfde wyse, naamlik deur middel van segmentasie, voortgang verkry in die samelewing. Segmentasie van die afwykende of misdadige sisteme of subsisteme kan dus ook lei tot die stabilisering van afwykende subkulture en misdadige sosiale sisteme.

Onthou moet word dat met segmentasie die veronderstelling saamgaan dat daar nie afgewyk word van die bestaande oorkoepelende instelling se strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering waarbinne die segmentering plaasvind nie. Die gedagte is dus dat die fundamentele maatskaplike verhoudinge net soos dit geïnstitusionaliseerd is, sal bly voortbestaan. Dit verleen juis die stabiliteit in die sin van voortbestaan aan die gesegmenteerde sosiale sisteme.

Die misdaadverklaringsmoontlikhede van segmentasie moet gekoppel word aan die groei en verdeling van die misdadige subkulture op dieselfde wyse as wat dit die geval is met die konformerende subkulture. Dit verwys na die *voortbestaan* van misdadige of konformerende gedrag.

### 4.5.3 Spesifikasie

Dit verwys as stabiliseringselement van die sosiale sisteem na die voorkoms van besonderlike en spesiale strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering wat ontwikkel word vir bepaalde sosiale sisteme binne die raamwerk van die oorkoepelende en gemeenskaplike kultuurpatrone.

Uit die aard van die saak bevorder spesifikasie dus die beter benutting van die manne- en talentekragte van (veral die subgroepe in) sosiale sisteme. Dié spesiale ordening van sosiale sisteme rondom (soms ook) die fundamentele maatskaplike verhoudinge, kan egter baie maklik daartoe lei dat juis mandate geskep word vir die inordening van basiese afwykingsmoontlikhede in die betrokke instelling waarbinne die sosiale sisteem bestaan en dan word dit daarin gestabiliseer.

So word byvoorbeeld in die finansiële wêreld binne die bankwese spesiale strukturering, funksionering, sosialisering en stabilisering van die seksuele verhoudinge gespesifiseer ter wille van finansiële winste, terwyl dieselfde besonderlike gespesifiseerdheid nie toegelaat word in die kerkwese se finansieringsaspekte nie. Dit lei uit die aard van die saak tot wrywing tussen instellings en hulle betrokke sosiale sisteme en bevorder die rigting van afwykende gedrag en misdaad vir sover die gepermissiveerde spesifisering van sekere fundamentele verhoudinge makliker misdaadgeleenthede skep ten opsigte van dié permissiewe spesifikasie. Ook dié beredenering kan van toepassing gemaak

word op al die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

Spesifikasie as stabiliseringselement van die sosiale sisteem se misdaadverklaringsmoontlikhede moet ook gesoek word in die verduideliking vir die *voortbestaan* van misdadige gedrag.

4.5.4 Inersie

Dit dui op die stilstaande stagnering van die strukturering, funksionering en sosialisering en hoe dit die stabilisasie van die sosiale sisteem (kan) bewerk of affekteer en benadeel.

Dit is duidelik dat daar tog wel 'n mate van *stagnering* van alle sosiale sisteme sal moet wees vir sover dit veral die strukture daarvan betref - dit waarborg juis die ordelikheid van die res van die sisteemkomponente en verskaf die raamwerk waarbinne dit moet geskied. Indien daar nie 'n mate van vastigheid in die sin van sekere dinge wat as onvervreembaar onveranderlik beskou word aan die struktuur van die sisteem is of bestaan nie (byvoorbeeld die funderings- en bestemmingsaspekte) kan daar nie eintlik sprake wees van 'n sosiale sisteem in die sosiologiese betekenis van die woord nie. Dit is ook so dat, sodra daar veranderinge in die sisteemstruktuur plaasvind, dié veranderinge ook afwaarts sigbaar sal moet word in die res van die sisteemkomponente.

Die misdaadverklaringsmoontlikhede van inersie lê juis in dié stagneringselement van inersie vir sover

sommige sisteemlede byvoorbeeld weens sosiale verandering sal wil begin wegbeweeg van dié onveranderlike elemente in die sisteemstruktuur. Dié onveranderlikheidselement van die sosiale sisteemstruktuurordening wat die stabiele voortbestaan daarvan verseker, kan egter ook só lank aanhou sonder enige aanpassings en verskuiwings dat die sisteem wat aanvanklik as konformerend beskou is, lateraan as afwykend georganiseerd beskou kan word ten opsigte van dié fundamentele maatskaplike verhouding(e) waarrondom die betrokke sosiale sisteem nie verandering wil toelaat nie. So kan die christosentriese organisasie van die gesinsisteem van etlike dekades gelede as 'n vanselfsprekendheid aanvaar word, maar hedendaags is dit in sommige lande al 'n uitsondering en 'n vreemde verskynsel. So kan dit ook tans nog vreemd klink om van 'n christosentriese sportsisteem, christosentriese opvoedingsisteem of christosentriese besigheidsisteem te praat omdat die waarmaking van die christosentriese struktuurkomponent vir dié besondere instellings respektiewelik nog gelei word deur die oorbeklemtoning van die fisiese, die kennis en die wins - en dat daar nie dinamiek en openheid ten opsigte van die ander fundamentele maatskaplike verhoudinge is nie en ook nie vir die Skrifgefundeerde mensbeeld binne dié betrokke sisteme nie.

Inersie as stabiliseringselement van die sosiale sisteem se komponente verduidelik dus ook die *voortbestaan* van misdadige gedrag indien dit eers eenmaal posgevat het in of deur die sosiale sisteem.

## 4.6 Voortbestaan van misdaad

Ten slotte kan ten opsigte van die stabiliserings-elemente die hipotese gemaak word dat dit 'n bydrae kan lewer tot misdaadverklaring vanweë die feit dat dit die *voortbestaan* van misdadige gedrag kan verklaar.

## 4.7 Skematiese voorstelling

Die voorafgaande uiteensetting kan skematies soos volg voorgestel word met 'n selfverklarende skema[1]:

| STRUKTUURKOMPONENTE (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENT (BESTAAN) |
|---|---|
| WAARDES (Gewenste gedrag)<br>NORME (Konkrete gedragsreëls)<br>ROLLE (Persoonlike inkleuring)<br>SUBGROEPE (Onderdele van groter groep) | AANPASSING (In gemeenskap)<br>INTEGRASIE (Ooreenkoms na binne)<br>PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone)<br>DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) |
| SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN) | STABILISERINGSKOMPONENT (VOORT-BESTAAN) |
| INTERAKSIE (Tussen persone)<br>WISSELWERKING (Tussen groepe)<br>INTERNALISERING (Eie-making)<br>INSTITUSIONALISERING (Instellings) | DIFFERENSIASIE (Verskille in komponente)<br>SEGMENTASIE (Verskeie eendershede)<br>SPESIFIKASIE (Besondere andershede)<br>INERSIE (Geen verandering) |

1) *Dit skema is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

## 4.8 Samevatting

Die uitgebreide sosiale sisteemteorie wat in die ondersoek ontwerp is, het vier hoofkomponente, naamlik die struktuur-, funksionele, sosialiserings- en stabiliseringselemente. Elkeen van dié komponente voorsien 'n verduidelikende element vir misdaadverklaring in makrososiologiese sin, dit wil sê die struktuurkomponent gee die noodsaaklike *definiëring* van misdadige gedrag as onderskeidend van konformerende gedrag; die funksionele probleemareas verklaar die *bestaan* van misdadige gedrag; die sosialiseringskomponent verklaar die *ontstaan* van misdadige gedrag en die stabiliseringskomponent verklaar die *voortbestaan* van misdadige gedrag. In dié sin kan die uitgebreide sosiale sisteemteorie dus as 'n globaal-teoretiese, makrososiologiese beskouing al die vorme van fundamentele maatskaplike verhoudingskendings verklaar.

Teen die agtergrond van die uitgebreide sosiale sisteemteorie as die norm in terme waarvan misdaad makrososiologies verklaar kan word, sal nou oorgegaan word tot die uiteensetting en toetsing van die voorheen genoemde sosiologiese teorieë vir die verduideliking van afwykende gedrag aan dié norm.

# HOOFSTUK 5

## DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE MISDAADEKOLOGIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING

### 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die misdaadverklaringsmoontlikhede van die sosiologiese misdaadekologieteorie beredeneer word. Vir die doeleindes sal enkele begrippe omskryf word, die stedelike ontwikkelingsteorieë kortliks bekyk word, die stedelike misdaadareas nader ontleed word en ook die kenmerke van die misdaadekologieteorie geïdentifiseer, bespreek en toegepas word ten einde die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan te kan ondersoek aan die hand van die opvatting dat misdaad bestaan wanneer die fundamentele tussenmenslike verhoudinge geskend word.

### 5.2 Ekologiese nabyheid

Dit behoef sekerlik weinig betoog dat mense wat naby mekaar woon, mekaar meer beïnvloed as dié wat verder van mekaar af woon. Dit is ook 'n onbetwiste sosiologiese feit dat juis dié nabyheid van die mens se medemens broodnodig is vir die ontplooiing en verdieping van die mens se sosiale aard (Van Dijk, s.j. p. 10).

Die nabyheid of verwyderdheid tussen mense verduidelik ook gedragseendersheid en gedragsandersheid tot op sekere hoogte. Mense wil normaalweg naby diégene wees wat soos hulle dink en doen en ver wees van dié wat

anders as hulle dink en doen. Soort soek soort, sê die spreekwoord. Normaalweg verkies mense dus om in hulle persoonlike ruimtelikheid naby eendersdenkende en eendersdoenende mense te wees, dit wil sê naby subkultuurgenote.

Die sosiologiese teorie van misdaadekologie onderstreep ook dié bevinding van die algemene sosiologie. Dit lê soveel klem op dié bevinding, dat dit misdaad in sy volle omvang en openbaring in terme van menslike stedelike ekologie wil verduidelik. Ter verheldering is enkele begripsomskrywings ter sake.

## 5.3 Begripsomskrywings

### 5.3.1 Ekologie

Kortweg kan volstaan word met Hawley (1950, p. 3) se omskrywing van ekologie as verwysende na "... the study of the relation of organisms or groups of organisms to their environment".

### 5.3.2 Menslike ekologie

Park, Burgess & McKenzie (1968, p. 63-4) sê menslike ekologie is die "... study of the spatial and temporal relations of human beings as affected by the selective distributive, and accommodative forces of the environment". Hieruit kan afgelei word dat dit gaan om die aard van die effekte van tyd en ruimte op mense en ook van die effekte van veranderinge op die verhoudinge tussen mense. Horton & Hunt (1964, p.400)

koppel menslike ekologie eksplisiet aan die bestudering van mense en instellings se ruimtelike gelokaliseerdheid. Hawley (1950, p. 69) en Bierens de Haan (1959, p. 149) sê dit gaan om die ruimtelike aspekte van die simbiose van mense en die instellings van mense.

### 5.3.3 Sosiale ekologie

Volgens Fairchild (1965, p. 101) bestudeer die sosiale ekologie die ruimtelik-funksionele struktuur van die areas van die menslike habitat asook die ruimtelike verspreidheid van sosio-kulturele tendense en sosio-kulturele komplekse.

Hoult (1969, p. 153) brei uit op dié omskrywing. Hy sê die sistematiese studie van die ruimtelike aspekte van die menslike lewe, met besondere verwysing na die effekte van die kompeterende en koöperatiewe prosesse op die verspreiding en organisasie van fisiese verskynsels soos die buurt, strate, koopsentrums en kerke, is sosiale ekologie.

Sosiale ekologie bestudeer dus die maatskaplike struktuur in verhouding tot 'n betrokke plaaslike gebied en dit beklemtoon die plekgebondenheid van sekere verhoudingspatrone (Cilliers & Joubert, 1968, p. 79; Swart & Lamont, 1973, p. 60).

### 5.3.4 Stedelike ekologie

Stedelike ekologie behels die ondersoeking van die

ruimtelike verspreiding van mense en menslike instellings in stede en sluit basiese sosiologiese data in soos natuurlike gebiede, industriële en instellingskompetisie vir grondruimte, die uitbreiding van konsentriese sones, *spot maps*, gradiënte, eiendomswaardes en -neigings, grade van gekonsentreerdheid, tipes van dominansie asook sentralisering en populasiesegregasie (Fairchild, 1965, p. 101).

5.3.5 Misdaadekologie

Taft & England (1964, p. 153) verduidelik misdaadekologie in terme van die studie van die lokalisering van misdade as sodanig, of in terme van ander vermoedelike invloede op misdaad in ruimtelike verband.

Barron (1956, p. 103) sê misdaadekologie hou verband met die ruimtelike verspreiding van misdaad, van misdadigers en van ander veranderlikes wat dít kan beïnvloed wat ook ruimtelik versprei is.

## 5.4 Die uitgangspunte van die misdaadekologieteorie

### 5.4.1 Ruimtelike misdaadkonsentrasie

Die ekologiese benadering tot misdaad is gebaseer op die uitgangspunt dat misdaad patrone van ruimtelike konsentrasie vertoon. In die sogenaamde misdaadareas word misdaad dan aangehelp en veroorsaak, nie deur die ruimtelike faktor as sodanig nie, maar weens bepaalde veranderlikes wat in dié ruimtelike gebied(e) voorkom (Barron, 1956, p. 103). Dit is nie die

objektiewe, fisies-ruimtelike struktuur van die area wat die mense misdadig maak nie, maar, "... more important are the sociological and psychological traits of the people who dwell there. Objective features are merely symbolic of these more important traits" (Barron, 1956, p. 225).

### 5.4.2 Saamgroepering van heterogene fasette

Hierdie *more important traits* sê Bredemeier & Stevenson (1962, p. 88) het te doen met die feit dat mense van verskillende rasse, nasionaliteite, inkomste, huwelikstatus, ouderdom, geslag en van grade van konformiteit, neig om saam te groepeer in dieselfde geografiese areas. Hulle is die gepatroneerde eendersheid van sosialisering rondom konformering kwyt omdat hulle geïsoleerd is van die groter en dominante kultuur waarin hulle leef (Bredemeier & Stevenson, 1962, p. 89).

Hieruit kan afgelei word dat die misdaadekologieteorie nie ruimtelike determinisme wil leer nie. Misdaadekoloë skryf nie misdaad aan fisies-ruimtelike faktore as sodanig toe nie, maar aan die "... related factors that are distributed in spatially similar patterns" (Barron, 1956, p. 225).

### 5.4.3 Kenmerke van die misdaadekologieteorie

1. Die begrip *ekologie* is ontleen aan die biologiese wetenskappe en verwys na omgewingsleer.

2. Die mens word as organiese wese beskou in die teorie: hy tree op volgens die wette van die organiese wêreld en daarom het die omgewing 'n impak op hom.

3. Die sentrale probleem van die ekologiste is om vas te stel hoe die akteur homself kan handhaaf in 'n voortdurend veranderende, maar beperkte omgewing (Hawley, 1950, p. 66).

4. Daarom soek ekologiste na die verhoudings tussen persone en hul omgewings en na hul reaksies op die omgewingsdruk en -spanning (Barnes & Teeters, 1959, p. 154).

5. Die ekologiste se hipotese is dat sekere maatskaplike toestande en probleme verwant is aan die ruimtelike omgewing (Barnes & Teeters, 1959, p. 154). Hulle doel is om dié faktore wat die wysigings van dié ruimtelike ordeninge wat die bevolking en sy instellings beheers, te ondersoek.

6. Die misdaadekologie wil vasstel wat die aard en verspreiding van misdaad in 'n stedelike gebied is en wat die moontlike korrelasie daarvan met omgewingstoestande is (Freed, 1963, p. 7).

7. Die misdaadekologieteorie is hoofsaaklik gebaseer op die konsentriese soneteorie wat die ontwikkeling van stedelike gebiede verduidelik. McKay sê hy en Schaw se konsepsies is gebaseer op Burgess se klassieke ekologiestudie en hul konsepsies

"... were grouped around the proposition that American cities, in their growth, tend to create characteristic types of areas which differ widely from one another" (Voss & Petersen, 1971, p. 17).

Vervolgens word die teorieë vir stedelike ontwikkeling weergegee, naamlik die konsentriese soneteorie, die sektorteorie en die veelvuldige kerneteorie omdat en vir sover die ekologieteorie van misdaadverklaring aan al drie hierdie teorieë gekoppel kan word.

## 5.5 Stedelike ontwikkelingsteorieë


### 5.5.1 Die konsentriese soneteorie

Reeds in 1923 het Burgess sy welbekende teorie van die konsentriese sones van stedelike ekologie uiteengesit (Swart & Lamont, 1973, p. 65). Hiervolgens kan jong industriële stede in vyf konsentriese sones onderskei word - elkeen met sy eie kenmerke, funksies en sy eie groep mense (Swart & Lamont, 1973, p. 65). Die konsentriese aard van die gebiedsontwikkeling van die stede word hoofsaaklik bepaal deur topografie, riviere, mere, kunslyne, spoorweë en hoofpaaie (Swart & Lamont, 1973, p. 65-6).

Die vyf konsentriese sones wat onderskei word is die middestad, die oorgangsone, die sone van die middelmatige woonbuurtes, die middelklaswoonbuurtes en die voorstedelike sone (Faris, 1967, p. 60; Swart & Lamont, 1973, p. 65-8). Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word met 'n selfverklarende diagram volgens

die aangehaalde skrywers:

*Diagram 3* Die konsentriese soneteorie vir stedelike ontwikkeling[1)]





5.5.2 Die sektorteorie

Hoyt het in opposisie van die konsentriese soneteorie, die sektorteorie ontwikkel wat diagrammaties en self-verklarend soos volg voorgestel word deur Swart en Lamont (1973, p. 68):

1) *Die diagram is oorgeneem uit Swart & Lamont (1973, p. 65).*

*Diagram 4* Die sektorteorie vir stedelike ontwikkeling[1)]




In die uiteensetting van die sektorteorie van stedelike ontwikkeling onderskei Hoyt ook die middestad, die oorgangsone, die sone van die middelmatige woonbuurtes, die sone van die middelklaswoonbuurtes, maar verskil van Burgess ten opsigte van die laaste sone se benoeming deur dit die hoëklaswoonbuurt te noem in plaas van die voorstedelike woonbuurt (Swart & Lamont, 1973, p. 68).


1) *Dié diagram is oorgeneem uit Swart & Lamont (1973, p. 68).*

### 5.5.3 Die multikerneteorie

Harris en Ullman stel hulle opvatting van die veelvuldige kerneteorie vir stedelike ontwikkeling voor in die plek van die twee voorafgaandes wat na hulle mening te simplisties is (Swart & Lamont, 1973, p. 71).

Diagrammaties word die selfverklarende voorstelling van Harris en Ullman soos volg deur Swart & Lamont (1973, p. 71) weergegee:

*Diagram 5* Die multikerneteorie vir stedelike groei[1)]




1) *Die diagram is oorgeneem uit Swart & Lamont (1973, p. 71).*

Uit dié voorstelling is dit baie duidelik dat daar 'n aansienlike uitbreiding van die voorstelling van stedelike groeipatrone bestaan ten opsigte van Hoyt, en Harris en Ullman se teorieë. Die voorstellingsverskille kan gekoppel word aan die feit dat Harris en Ullman duidelik die metropolitaanse grootstad voorstel, terwyl Burgess en Hoyt die grootstad voorstel.

Binne hierdie stedelike groeigebied vind misdaad dan volgens die misdaadekologieteorie, volgens 'n bepaalde patroon plaas in die sin dat dit meer voorkom in sekere van die gebiede as in ander. Die stedelike misdaadareas word nou vervolgens bespreek.

## 5.6 Die stedelike misdaadareas

### 5.6.1 Beskrywing van die middestad en oorgangsone

Swart & Lamont (1973, p. 66) sê dat die middestad en oorgangsone gekenmerk word deur 'n minimum landelikheid. Dit word uitgedruk in die byna algehele afwesigheid van bome, plante, parke en tuine. Die middestad huisves die vernaamste finansiële ondernemings, kleinhandelsake, kantoorgeboue, klubs, banke, eersterangse hotelle, kafees, teaters en die hoofkwartiere van verskillende organisasies. Dit vorm meestal die geografiese middelpunt van die stad (Swart & Lamont, 1973, p. 66-7). Dit is 'n ongesonde omgewing vir die opbou van en onderhouding van 'n stabiele gesinslewe (Swart & Lamont, 1973, p. 67). Die meeste misdaad word in die middestad aangetref (Freed, 1963, p. 73; Lötter, 1964, p. 78-84; Venter, 1972, p. 54; ~~Shaw & McKay~~, en Conradie 1979; 122).

1969, p. 236-7).

Longmoor en Young het weer in hulle ondersoeke bevind dat die meeste jeugmisdaad in Long Beach, California, die digste verspreid is in die oorgangsone (Neumeyer, 1964, p. 271). Dié sone word gekenmerk deur 'n vermenging van besighede, wonings en fabrieke.

### 5.6.2 Misdaadverspreiding in die middestad en oorgangsone

Freed (1964, p. 73) het met betrekking tot Johannesburg vasgestel dat misdaad in die middestad sy grootste omvang het. Die kritiese grense is Noord-, Anderson-, Siemert-, Diagonal- en Weststraat (Venter, 1972, p. 53). Olivier het op sy beurt ook 'n sterk korrelasie tussen jeugmisdaad en bepaalde voorstedelike industriële gebiede van Johannesburg vasgestel (Olivier, 1966, p. 75).

In Pretoria het Lötter (1964, p. 78-84) vasgestel dat die grootste persentasie jeugoortreders asook volwasse misdadigers aangetref word in dié area wat in 'n halfmaan om kerkplein geleë is. Die straatgrense is in hierdie geval Boomstraat in die noorde, Potgieterstraat in die weste, die spoorlyn in die suide, Paul Krugerstraat in die ooste en dié deel van Du Toitstraat ten noorde van Proesstraat (Venter, 1972, p. 54).

Hierdie studies en bevindings in Suid-Afrika is geïnspireer deur die werk van Shaw en McKay. Hulle het naamlik 'n totaal van 55 998 individuele oortreders in

Chicago bestudeer en die resultate van hulle studie in 1929 gepubliseer (Voss & Petersen, 1971, p. 13). Uit dié resultate het hulle ses hoofbevindinge gemaak (Voss & Petersen, 1971, p. 13-4):

1. Daar is duidelike variasies in die areas waarin misdaad voorkom in Chicago.

2. Die misdaadgebiede varieer omgekeerd in proporsie tot die afstand van die middestad: hoe nader daaraan, hoe hoër is die voorkoms van misdaad.

3. Die oortreders, jeugmisdadigers en misdadigers woon in dieselfde gemeenskappe.

4. Die misdaadareas word gekenmerk deur fisiese deteriorasie en populasievermindering.

5. Relatief hoë misdaadvoorkoms het voortgeduur in bepaalde areas nieteenstaande populasiewisselings.

6. Residivisme kom meer voor in die hoë misdaadareas as in die ander areas.

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word dié hoofbevindinge van Shaw en McKay geneem as die uitgangspunte vir die misdaadekologieteorie en dit word gereduseer tot die kenmerke van sosiale mobiliteit, subkultuurvorming, waardedifferensiasie, en differensiële assosiasie.

## 5.7 Die kenmerke van die misdaadekologieteorie

### 5.7.1 Sosiale mobiliteit

Venter (1972, p. 53) verduidelik die rede waarom misdaad hoofsaaklik in die sentrale sakesentrum en in die oorgangsone van die stad voorkom soos volg: Die middestad en oorgangsone bestaan in die reël uit vervalle huise en woonkamers wat algaande plek maak vir nuwe handelsondernemings. Omdat hulle teen lae huurtariewe bekom kan word, word hulle bewoon deur die arm gesinne en enkelinge. Hulle verblyf is nie permanent nie, en daarom word dié areas gekenmerk deur 'n hoë mate van sosiale mobiliteit. Dit bring mee dat 'n verskeidenheid van gehalte van mensemateriaal daarin aangetref word sodat daar nie bestendige gemeenskapsbindinge kan ontwikkel nie. Juis in die afwesigheid van 'n sterk gemeenskapstrots en sterk openbare oordeel, skep dié areas 'n vrugbare groeibodem vir allerlei vorme van afwykende gedrag en misdaad.

Die sosiale mobiliteit lei tot die vestiging van 'n heterogene populasie. Kobrin (1971, p. 107-8) sê dat die populasieheterogeniteit en daarmee gepaardgaande onstabiliteit in dié areas gesien moet word in verhouding tot die diversiteit van (gedrags)norme wat weer op hulle beurt die moontlikheid skerp verminder dat die betrokke populasie kollektief kan optree in die oplossing van gemeenskaplike probleme, omdat dit die sosiale solidariteit van die gemeenskap verminder. Die onvermoë om saam te staan in gemeenskaplike handeling, word dan gesien as realisering van

gemeenskapsdesorganisasie wat voortkom uit die sosiale mobiliteit.

Dié heterogeniteit wat ontstaan uit sosiale mobiliteit word verder bevorder deur "... the presence of marginal, criminal, or unconventional persons for whom such communities furnished a haven from the police surveillance and from pressures for conformity" (Kobrin, 1971, p. 107). Sosiale mobiliteit in die middestad en die oorgangsone verhoog sosiologiese en sosiale onstabiliteit in die betrokke gemeenskappe weens die diversiteit van kulturele agtergrond van die inwoners van die gebied. Dit lei tot die ontstaan van 'n besondere soort subkultuur.

### 5.7.2 Subkultuurvorming

Shaw & McKay (1971, p. 87-8) het bevind dat dié areas met 'n lae jeugmisdaadsyfer in Chicago gekenmerk word deur 'n min of meer eenderse, duursame en universele houding teenoor konvensionele waardes en houdings met betrekking tot kinderopvoeding en wetskonformering, terwyl dié areas waarin die hoë jeugmisdaadsyfers was, "... systems of competing and conflicting moral values have developed". Hoewel dit ook so was dat in laasgenoemde situasie die konvensionele waardes en houdings nogtans dominant was, het die jeugmisdaad ontwikkel as 'n sterk kompeterende lewenswyse (Shaw & McKay, 1971, p. 87-8).

Die subkultuur wat in die misdaadareas gevorm word,

ontleen sy stimulerende krag aan "... the fact that it provides a means of securing economic gain, prestige, and other human satisfactions and is embodied in delinquent groups and criminal organizations, many of which have great influence, power and prestige" (Shaw & McKay, 1971, p. 87-9).

Dié misdadige subkultuur ontstaan juis uit die waardedifferensiasie wat gefasiliteer word deur die sosiale mobiliteit en die heterogeniteit van die populasie van die hoë misdaadareas.

### 5.7.3 Waardedifferensiasie

Teenoor die uniformiteit van die waardesisteem in die middelklasareas, word die areas van die lae ekonomiese status waar die misdaad hoog is, gekenmerk deur "... wide diversity in norms and standards of behavior" (Shaw & McKay, 1971, p. 89). Die morele waardes van die hoë misdaadareas wissel tussen dié wat streng konvensioneel is en dié wat in direkte teenstelling daarmee is soos wat dit gesimboliseer word in veral die gesin, die kerk en ander verwante instellings (Shaw & McKay, 1971, p. 89).

Dit bring mee dat binne dieselfde gemeenskap diefstal, byvoorbeeld, as reg en as verkeerd gedefinieer kan word. Shaw & McKay (1971, p. 89) formuleer hulle standpunt daaroor soos volg: "Thus, within the same community, theft may be defined as right and proper in some groups and as immoral, improper, and undesirable in others. In some groups wealth and

prestige are secured through acts of skill and courage in the delinquent world, while in neighbouring groups any attempt to achieve distinction in this manner would result in extreme disapprobation. Two conflicting systems of economic activity here present roughly equivalent opportunities for employment and for promotion". Die getuienis van die sukses van die misdadigers is vir die jeugdiges baie duidelik in die kleredrag en motors van die misdadigers - die risiko's en die waardes wat oortree word deur hulle is nie so duidelik sigbaar vir die jeugdiges nie, omdat daar waardedifferensiasie bestaan.

Hierteenoor bestaan daar in die hoë ekonomiese areas met die lae misdaadvoorkoms meer geïntegreerdheid ten opsigte van die waardes en sosiale beheer in die instellings. Shaw & KcKay (1971, p. 88) sê: "Where these institutions represent dominant values, the child is exposed to, and participates in a significant way in one mode of life only. While he may have knowledge of alternatives, they are not integral part of the system in which he participates". Dit is dus die geïntegreerdheid van die waardes in die hoë ekonomiese klas wat daartoe lei dat daar 'n lae misdaadvoorkoms is (Vergelyk ook Voss & Petersen, 1971, p. 18).

In 'n gemeenskap waarin daar groepe is wat vashou aan die konvensionele gedragspatrone en groepe wat daarvan afwyk, is die uitkoms van die jeugdige se gedrag uit die aard van die saak afhanklik van sy deelname aan en identifikasie met een van dié twee groepe (Voss &

Petersen, 1971, p. 18). Dié opvatting vertoon 'n duidelike ooreenkoms met Sutherland se differensiële assosiasieteorie en Shaw & McKay gee dan ook sodanige erkenning aan Sutherland (Voss & Petersen, 1971, p. 18).

## 5.7.4 Differensiële assosiasie

Kinders wat in die misdaadareas woon, word blootgestel aan 'n veeltal botsende gedragswaardes en word nie onderwerp aan een relatief konstante en konvensionele gedragspatroon nie; meer as een soort morele skoling en instellings is tot hulle beskikking sê Shaw & McKay (1971, p. 89). Hulle konkludeer: "A boy may be familiar with, or exposed to, either a system of conventional activities or the system of criminal activities, or both". En dan lei hulle tereg daaruit af dat die jongeling se houdinge en gewoontes grootliks gevorm sal word in ooreenstemming met die aard van sy deelname aan en in die mate waarmee hy hom identifiseer met een van die twee teenoorstaande waardesisteme, dit wil sê in terme van sy differensiële assosiasie.

Shaw & McKay (1971, p. 90) verduidelik dié proses verder soos volg: Die teenwoordigheid van 'n groot aantal volwasse misdadigers in sekere areas, beteken dat die kinders in dié gebied in kontak kom met misdaad as 'n loopbaan en met die misdadige lewenstyl soos dit gesimboliseer word in georganiseerde misdaad. Daar ontstaan noodwendig waardekonflikte wanneer kinders met soveel gedragsoorte in aanraking kom wat in botsing is met konvensionele moraliteit soos dit uitge-

druk word in die skool en die kerk en waardeur hulle dan geleidelik misdadige gedrag aanleer.

## 5.8 Misdaadverklaringsmoontlikhede

### 5.8.1 Inleiding

Hier sal 'n poging aangewend word om deur middel van logiese redenering sekere hipoteses te formuleer ten opsigte van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die kenmerke van die misdaadekologieteorie soos dit tot uitdrukking kom in die differensiële assosiasie, waardedifferensiasie, subkultuurvorming en sosiale mobiliteit. Misdaad sal vir hierdie doeleindes beskou word as die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Die beoordeling van die misdaadverklaringsmoontlikhede sal gedoen word aan die hand van die sosiale sisteemteorie wat vir dié doel uitgewerk is in hierdie navorsing.

### 5.8.2 Sosiale beweeglikheid

Die voorkoms van sosiale mobiliteit veroorsaak dat daar nie sterk solidariteit in die sin van aanvaarde gemeenskapswaardes (kan) ontwikkel nie.

Sosiale mobiliteit bring mee dat mense nie lank genoeg op een plek in een gemeenskap woon sodat die ander mense waarmee hulle saamwoon (se lewenstyl) vir hulle begin saakmaak en dat hulle hulle optrede daarvolgens rig nie. Dit bring mee dat hulle eintlik

kulturele *drifters* of vlinders word en maklik verval in situasie-etiek, dit wil sê hulle tree pragmatisties op soos die situasie voor hulle van hulle verwag sonder dat hulle die basiese konvensionele kultuurpatrone in ag neem. Sosiale mobiliteit lei eintlik tot kulturele draadsittery ten opsigte van die gewenste gedrag en dít bring mee dat mense maklik na die misdadige kant van dié draad toe kan afval ten einde hulle doelstellings te bereik.

Uit die aard van die saak het só 'n toestand, sosiologies gesien, baie goeie misdaadverklaringsmoontlikhede ten opsigte van al die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Wanneer daar twyfel ontstaan weens dié multinormatiwiteit van normale gewaardeerde gedrag, realiseer in die letterlike sin van die woord normatiewe ambivalensie en dít kristalliseer weer op sy beurt uit in normatiewe permissiwiteit. Die relatiwiteite wat daarmee saamgaan, kan dit makliker maak vir mense om misdaad te pleeg, omdat daar teenstrydige norme teenwoordig is en die moontlikheid dus groter is dat daar wel groepe mense is wat hulle (afwykende) gedrag (minstens) sal kondoneer.

Sosiologies gesien, kan dus geredeneer word dat dit eintlik nie die sosiale mobiliteit as sodanig is nie, maar wel die invloed wat dit op die mens het om van hom 'n ankerlose wese te maak, wat kriminogenies kan werk. So is iemand wat sosiaal mobiel is, in baie opsigte sosiaal anoniem en dit verhoog die moontlikheid dat hy onopgespoord sal bly ná misdaad - of dit nou interpersoonlike, seksuele, familiale, ekonomiese

of politieke misdade is wat hy gepleeg het. Sosiale mobiliteit bied aan die misdadiger die beskermingsmaatreël van onbekendheid wat sy opspoorbaarheid minimaliseer.

### 5.8.3 Solidariteitsgebrek

Die feit dat daar 'n gebrek is aan 'n hegte, intieme en persoonlike kennis van mekaar, aan 'n hegte gemeenskapsgevoel en gemeenskapstrots, kan daartoe bydra dat mense die fundamentele tussenmenslike gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse skend - gewoonweg omdat hulle dan nie hoë waardering het vir die gemeenskapstandaarde en -kodes nie.

### 5.8.4 Kompeterende subgroepe en subkulture

Die misdaadverklaringsmoontlikhede van kompeterende subgoepe is duidelik en voor-die-hand-liggend, indien die subgroepe en betrokke subkulture wel dieselfde doelstellings het.

Weens die bestaan van die multinormatiwiteit en botsende waardes, ontstaan daar subkulture waarin die afwykendes as die fundamentele verhoudingskenders, ondersteuning verkry vir hulle gedrag. Die kulturele *gapings* wat ontstaan weens die andersdenkendheid van die subkulture, skep ook die geleentheid vir lede van die subkultuur om soms ook die konvensionele en dominante kultuurgoedere te misbruik vir hulle eie afwykende doelstellings in die sin dat hulle dié teenstrydige en botsende waardestrukture kan afspeel

teen die verteenwoordigers van die konvensionele kultuurpatrone. Wanneer die kompeterende subgroepe byvoorbeeld ten opsigte van die ekonomiese fundamentele gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, albei die doelstelling van finansiële sukses najaag, kan elke subgroep probeer om aan die ander (of van sy eie lede) een te bewys dat die middele wat hy gebruik, die beste resultate lewer. Op dié wyse werf die verskillende subgroepe dan ook mekaar se lede.

Subkultuurvorming kan in die ekologieraamwerk goed verduidelikend aangewend word vir misdaadverklaring. Die subkultuur se waardes kan byvoorbeeld voorskryf dat finansiële sukses hooggeskat word en dat enige middel aangewend mag word om dit mee te bekom. Sō sal dit dan diefstal en selfs moord, prostitusie en bedrog goedkeur en dié goedkeuring versterk die afwykende gedrag verder. Wanneer die subkultuur byvoorbeeld ook polities andersdenkend is ten opsigte van die dominante kultuurpatrone, kan dit ook goedkeuring verleen aan opstande teen openbare gesag in die sin van oproer en terreur. Dieselfde soort argumentering geld ten opsigte van die ander fundamentele maatskaplike verhoudinge.

### 5.8.5 Konflik

Volgens die misdaadekologieteorie bestaan daar konflikterende waardesisteme in die misdaadareas wat daartoe lei dat misdaad in dié gebiede floreer.

Waardedifferensiasie hang ten nouste saam met subkultuurvorming. Dit is eintlik die *oorsaak* van subkultuurvorming. Dit verwys na botsende waardesisteme.

Uit die aard van die saak kan dit baie goed misdaadverklarend aangewend word. Wanneer daar botsende opvattinge in dieselfde kultuur is oor wat gewenste gedrag is ten opsigte van byvoorbeeld reg en geregtigheid, dan kan openbare gesagsverhoudingskendings maklik voorkom. So kan ook maklik Godslastering en Sabbatsontheiliging voorkom wanneer mense verskil oor die aard en betekenis van hulle verhouding met God. Waardedifferensiasie veronderstel en is eintlik die broeiplek en beginpunt van alle fundamentele verhoudingskendings.

Die misdaadverklaringsmoontlikhede van dië kenmerk is nogtans twyfelagtig. Die rede hiervoor is dat konflikterende waardesisteme juis kan lei tot konsolidering en tot samehorigheid van die subkulture waarin dit verteenwoordig word. Dit is wel waar dat die misdaadekologieteorie beweer dat dît juis nië gebeur nie weens die sosiale mobiliteit en die daaruit ontstaande solidariteitsgebrek. Die hipotese kan egter in dië verband gemaak word dat sommige van die mense wat in dië lae klas ekonomiese gemeenskappe beland, juis daarin beland weens hul sterk konvensionele oortuigings. Hulle weier byvoorbeeld om deel te neem aan oneerlike praktyke en land dan weens verarming in die misdaadgebied met sy goedkoper behuising. Sulke persone sal nie maklik weens die gedifferensieerde blootstelling aan botsende waarde-

strukture, in misdaad verval nie; hulle was immers bereid om baie van hulle voorregte prys te gee ter wille van hulle waardes.

### 5.8.6 Deelname en identifikasie

Deelnemende identifikasie met die waardes, gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse wat rondom die fundamentele tussenmenslike optrede plaasvind binne bepaalde subgroepe, word in besonderhede beredeneer in die hoofstuk oor die differensiële assosiasieteorie. Hier word volstaan met die volgende opmerking:

Met hierdie kenmerk van die misdaadekologieteorie, raak dié teorie aan die sosiologiese feit dat alle menslike gedrag aangeleer word deur deelnemende differensiële identifikasie. Daarom word hier volstaan met die opmerking dat, indien daar wel misdadige gedrag gerealiseer word in die middestad en in die oorgangsone, dan is dié gedrag aangeleer deur deelneming aan en identifisering met die doelstellings van die afwykende subkultuur. Mense sal nie seksuele, sosiale, psigiese, ekonomiese, juridiese, analitiese, etiese, estetiese en godsdienstige waardes en norme oortree indien hulle nie dié afwykende of misdadige gedrag aangeleer het nie en daar nie wel 'n verwysingsgroep bestaan wat hulle misdadige gedrag goedkeur nie.

So kan die hipotese gestel word dat, indien differensiële assosiasie plaasvind in dié normatief-ambivalente sin van die woord, familiale verhoudinge geskend

sal kan word in die sin van bigamie en kinderverwaarlosing, ensovoorts. Wanneer mense ook blootgestel word aan seksuele multinormatiwiteit waarby botsings ingebou is, kan daar ook makliker seksuele waardes aangeleer en uitgeleef word wat sal uitloop op prostitusie, verkragting en ander seksuele perversiteite. Op dieselfde wyse sou hipoteses vermenigvuldig kon word ten opsigte van al die ander fundamentele maatskaplike verhoudinge.

## 5.9 Evaluering

### 5.9.1 Soneringshipotese is 'n oorvereenvoudiging

Die sosiologiese literatuur rondom die misdaadekologieteorie is oor die jare heen gestimuleer deur kritiese debatte aangaande die toepaslikheid van veral Burgess se model en die ander aspekte wat daarmee saamhang (Voss & Petersen, 1971, p. 12). Enkele betekenisvolle elemente van dié debatte word vervolgens behandel.

Reeds in 1937 is die soneringshipotese van Davue aangeval deur daarop te wys dat dit nie op New Haven van toepassing is nie (Voss & Petersen, 1971, p. 12). Daar is vasgestel dat fisiografiese faktore soos wateroppervlaktes, treinspore en strate nie net versteurende elemente is nie, "... but were important in delimiting the boundaries of these urban natural areas. However, he could not discover a criterion for grouping these areas which would produce a concentric pattern" (Voss & Petersen, 1971, p. 12).

Gedurende 1945 het Firey begin wys op die belangrikheid van kulturele waardes in die bepaling van ruimtelike orde en dus ook die klassieke ekologiste se opvatting van die grondgebruik as bepalende faktor verwerp (Voss & Petersen, 1971, p. 13). Die werk van Lander (1971, p. 170) het dié werk van Firey bevestig. In sy navorsing in Baltimore kon Lander ook nie die sones as natuurlike areas vasstel nie, want dáár is die sones nie gekenmerk deur kulturele en ekonomiese homogeniteit nie. Hy sê verder dat hoewel daar lae huur areas naby die middestad aangetref word, word dit ook in al die ander sones aangetref, en hy konkludeer dat "... some of Baltimore's lowest rental areas are found in the city's peripheral zone. In contrast, some of the city's highest rental districts are found in Zone 1" (Lander, 1971, p. 170).

Lander (1971, p. 170) vind ook nie in Baltimore 'n sistematiese oorgang van die sentrale middestad na die oorgangsone, die werkershuise, die middeklaswoonbuurt en die hoëklaswoonbuurt nie. Hy vind dat die konsentriese sones daar nie gekenmerk word deur enige vorm van homogene grondgebruik nie. Die werkers en die middelklasmense se huise word in alle sones aangetref en industrieë is nie beperk tot die oorgangsone nie, maar kom ook voor by die hoëklassone (Lander, 1971, p. 170).

In die oorgangsone het gedurende die jare 1939-42 'n baie hoë frekwensie van jeugmisdaad voorgekom, maar daar was ook gebiede in dié sone waar die voorkomssyfer byna nul was: "... the wealthy or socially

elite and the criminal or prostitute frequently living within a stone's throw of each other" (Lander, 1971, p. 168). Verder het sy studie van Baltimore ook uitgewys dat die misdaadsyfers in of naby die industriële areas aansienlik hoër was as die mediaan vir die stad, maar dat daar tegelyk ook van die laagste verspreidingsyfers in teenwoordig was (Lander, 1971, p. 168). Ten slotte konkludeer Lander (1971, p. 168): "Also, those areas characterized by poverty, bad housing and workingmen's homes while frequently near the center of the city are found in every zone".

Die bevindinge van Lander (1971, p. 170) dui daarop dat die soneringshipotese 'n oorvereenvoudiging is van die werklike patroon van misdaadverspreiding: "Each zone includes high and low delinquency rates. Within Zone 1, for example, the delinquency rates vary widely; from as high as 20.8 to a low of 1.1. The emphasis on the study of delinquency by zonal rates also tends to obscure the more meaningful analysis of the mosaic of rates within each zone, the search for the explanation of the wide variation in the delinquency rates of contignuous areas".

Die algemene bevindings van Shaw & McKay word egter wel ondersteun deur die resultate van Lander (1971, p. 133-58), en ook dié van Robinson en Jonassen (1971, p. 133-4).

5.9.2 Georganiseerdheidsaard is onvoldoende

Chilton (1971, p. 208) sê: "Our findings suggest that delinquency still appears to be related to transiency, poor housing, and economic indicis; this supports the assumption of almost all sociological theories of delinquency, that delinquency in urban areas is predominantly a lower-class male phenomenon". Maar hy twyfel ernstig oor die "... relation of delinquency to the degree of organization of an area or to the degree of agreement on norms...", want dít kan nie 'n standhoudende antwoord verskaf vir misdaadverspreiding nie. Dié opmerking kom van Chilton nadat hy indringende vergelykende studies gedoen het van Detroit, Indianapolis en Baltimore deur middel van regressieanalise, faktoranalise en statisties-wiskundige studies (Chilton, 1971, p. 189-208).

Lander (1971, p. 171) se studie is ook in teenstelling met dié van Burgess ten opsigte van die "... assumption of one general basic factor, namely, social disorganization of which delinquency, poverty, bad housing end tuberculosis and equally manifestations". Hy wil eerder die georganiseerdheidsaard van die misdaadgemeenskap koppel aan twee basiese faktore, naamlik sosio-ekonomiese en anomiese faktore (Lander, 1971, p. 171). Lander se konklusie is dat die georganiseerdheidsaard van 'n area of gemeenskap alleen, nie genoegsaam is om die komplekse matriks van sosiale interverwante verhoudinge betekenisvol te kan verduidelik nie (Lander, 1971, p. 171).

Ten opsigte van hierdie saak wys Voss & Petersen (1971, p. 24) op die volgende aspek: Hulle meen dat Lander tereg daarop gewys het dat, indien sosiale desorganisasie gedefinieer word in terme van 'n kompleks faktore wat jeugmisdaad insluit, dan is dit 'n sirkelredenasie indien 'n losweg gedefinieerde geheel gebruik word as die verduideliking van een van sy eie komponente; nogtans gebruik Lander dan self dieselfde tipe argumentering ten opsigte van anomie en sosio-ekonomiese sake.

## 5.10 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die misdaadekologieteorie

### 5.10.1 Kenmerke

Uit die bestudeerde literatuur blyk dit dat die kenmerke van die misdaadekologieteorie reduseerbaar is tot sosiale mobiliteit, subkultuurvorming, waardedifferensiasie en differensiële assosiasie. Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word binne die raamwerk van die evalueringsisteem wat vir die doeleindes van hierdie navorsing ontwerp is:

*Diagram 6* Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die misdaadekologieteorie[1])

| STRUKTUURKOMPONENTE (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENTE (BESTAAN) |
| --- | --- |
| WAARDES (Gewenste gedrag) | AANPASSING (In gemeenskap) *Sosiale mobiliteit* |
| NORME (Konkrete gedragsreëls) | INTEGRASIE (Na binne ooreenkoms) *Differensiële assosiasie* |
| ROLLE (Persoonlike inkleuring) | PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone) *Waardedifferensiasie* |
| SUBGROEPE (Onderdele van groter groep) | DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) *Subkultuurvorming* |
| SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN) | STABILISERINGSKOMPONENT (VOORTBESTAAN) |
| INTERAKSIE (Tussen persone) | DIFFERENSIASIE (Verskille in komponente) |
| WISSELWERKING (Tussen groepe) | SEGMENTASIE (Verskeie eendershede) |
| INTERNALISERING (Eie-making) | SPESIFIKASIE (Besondere andershede) |
| INSTITUSIONALISERING (Instellings) | INERSIE (Geen verandering) |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

### 5.10.2 Verklaring van die diagram

Verduidelikend kan die volgende van dié diagrammatiese beoordelingsraamwerk gesê word: Sosiale mobiliteit dui eintlik op 'n funksionele aanpassingsprobleem wat sekere mense nie in die konformerende gemeenskap kan oplos nie en so beland hulle in die misdaadareas. Wanneer hulle in dié heterogene gemeenskap beland, het hulle uit die aard van die saak 'n funksionele integrasieprobleem vir sover daar baie andersdenkendes is en só ontstaan differensiële assosiasiemoontlikhede vir elke lid van dié gemeenskap. Die handhawing van die funksionele gedragspatrone (wat vir hulle suksesvol is) bring spanninge teweeg wat in 'n mate oorbrug kan word deur duidelike waardedifferensiasie. Wanneer daar dan subkultuurvorming plaasvind uit dié waardedifferensiasie, kan daar sprake wees van doelbereiking vir elke subgroep in dié betrokke (misdaad)gemeenskap.

### 5.10.3 Funksioneringskomponente van die sosiale sisteem

In die lig van die voorafgaande, kan dus gestel word dat die misdaadekologieteorie slegs verduidelikend is ten opsigte van die *funksioneringskomponente* van die sosiale sisteem as die evalueringskriterium in terme waarvan alle misdaad verduidelik kan word. Die misdaadekologieteorie kan dus nie die strukturering, sosialisering of die stabilisering van misdaad verklaar nie.

### 5.10.4 Bestaan van misdaad

Vir sover as wat die misdaadekologieteorie net verduidelikend is ten opsigte van die funksionele kante van misdaad, kan dit dus ook net die *bestaan* van misdaad verduidelik en nie die ontstaan, voortbestaan of stabilisering daarvan nie.

## 5.11 Samevatting

Die misdaadekologieteorie wil misdaad verduidelik in terme van die ruimtelike verspreiding daarvan. Dit leer dat die kenmerke van stedelike misdaadekologie sosiale mobiliteit, waardedifferensiasie, subkultuurvorming en differensiële assosiasie is. Individueel en gesamentlik gesien,kan volgens die hipotese van die ondersoek dié kenmerke wel misdaadverklarend aangewend word, maar in terme van die beoordelingsraamwerk van dié proefskrif is dit duidelik eensydig vir sover dit slegs die *bestaan* van misdaad kan verduidelik en nie ook die ander komponente nie.

Die betekenis van Shaw & McKay se werk vir die daaropvolgende misdaadteoretiese ontwikkelings, kan moeilik oorskat word. Voss & Petersen (1971, p. 19) en Sutherland & Cressey (1966, p. 83) sê dat daar 'n duidelike verbintenis is tussen hulle posisie en dié

van Sutherland, Cohen, Cloward en Ohlin. Sutherland het byvoorbeeld die prosesse waardeur iemand gaan voordat hy misdadig word,beklemtoon. Cloward het weer anomie en die kultuuroordragtradisie gekoppel aan differensiële assosiasie, terwyl Cloward en Ohlin klem gelê het op die integrasie van verskillende veranderlikes met betrekking tot die toeganklikheid van wettige en onwettige (gedrags)geleenthede - alles duidelike uitvloeisels van die ekologieteorie vir misdaadverklaring.

In aansluiting hierby sal dan ook vervolgens 'n uiteensetting, evaluering en beoordeling van die differensiële assosiasieteorie vir misdaadverklaring aangebied word.

HOOFSTUK 6

# DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE DIFFERENSIËLE ASSOSIASIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING

## 6.1 Inleiding

In dié hoofstuk sal gepoog word om die misdaadverklaringsmoontlikhede van die differensiële assosiasieteorie te ondersoek binne die raamwerk van die siening van misdaad as die skending van die fundamentele maatskaplike verhouding,synde samelewingsordeninge.

## 6.2 Ontstaansagtergrond

### 6.2.1 Vroeë misdaadstudies

Toppinard het reeds in 1830 aan die kriminologie sy naam gegee as dié vakwetenskap wat misdaad bestudeer (Van der Walt, 1964, p. 42). In die latere helfte van die negentiende eeu het die populêre pers ook die term kriminologie gebruik as die eweknie van die destyds bekende kriminele antropologie (Glaser, 1962, p. 425). Hoewel dié vroeë misdaadstudies in Europa hoofsaaklik gekoppel was aan die regs- en medisynefakulteite, het die hoofstroom van misdaadverklarende kennis uit die Amerikaanse sosiologiedepartemente gekom (Glaser, 1962, p. 426).

Dié Amerikaanse misdaadsosioloë het veral na die Eerste Wêreldoorlog misdaadverklaringstudies aangepak weens die ongekende toename van misdaad in daardie tyd. In hulle studies het hulle hulle toe vasgeloop

teen die ouere Europese kriminologiese literatuur wat hoofsaaklik gebaseer was op biologiese veroorsakingsfaktore. Sō het dit dan gekom dat die eerste Amerikaanse publikasies oor misdaadverklaring hoofsaaklik 'n herpublisering was van dié vroeëre Europese veroorsakingsteorieë (Glaser, 1962, p. 426).

Gedurende die vroeë twintigerjare van dié eeu het baie studente egter dié vroeëre, hoofsaaklik biologiese misdaadverklarings, aangepas en geopponeer met ander eenoorsaakverklarings. So het Ferri byvoorbeeld in Italië onder Marx se invloed geleer dat misdaad veroorsaak word deur ekonomiese onderdrukking (Van der Walt, 1964, p. 44-5). In Frankryk het Tarde weer onder psigologiese invloede verklaar dat misdaad te wyte is aan nabootsende sosiologiese faktore (Glaser, 1962, p. 426). In Duitsland het manne soos Joly, Proal en Krauss misdaad weer verklaar uit godsdiensloosheid en Godloosheid (Van der Walt, 1964, p. 48).

### 6.2.2 Veelvuldige faktore in misdaadverklaring

Die eerste betekenisvolle en selfstandige bydraes van die Amerikaanse sosioloë tot empiriese sosiologiese misdaadkennis is gedoen deur die Chicagoskool. Hulle studieresultate het aangetoon dat jeugdiges in hulle kriminaliteit ten nouste met mekaar geassosieerd is (Glaser, 1962, p. 427). Thrasher het byvoorbeeld in sý studie van die 1313 jeugbendes van Chicago gewys op die besondere solidariteit en lojaliteit wat binne die jeugbendes bestaan het (Thrasher, 1967, p. 196). Dit het telkens daartoe gelei dat hulle hulle misdade

gesamentlik pleeg as groepe en nie as individue nie (Thrasher, 1967). Shaw & McKay het weer gevallestudies en stedelike karterings van jeugbendes gepubliseer wat aangetoon het dat die jeugmisdade in geselekteerde stedelike areas floreer en dat rondom 90% van die jeugmisdadigers hulle misdade in die geselskap van ander jeugdiges pleeg (Glaser, 1962, p. 429).

Hierdie eerste teksboeke deur sosioloë oor misdaadveroorsaking en misdaadverspreiding was gebaseer op die sogenaamde veelvuldige faktorteorie. Die essensie van dié teorie is dat misdaad veroorsaak word deur baie faktore waarvan geesteskrankheid, ekonomiese armoede, gebroke huise, assosiasie met misdadigers en persoonlikheidsgebreke die meeste aangehaal is (Glaser, 1962, p. 427). Die Amerikaners het met dié benadering gepolemiseer met hulle Europese voorgangers en voorstanders van die sogenaamde enkelfaktorteorie.

Binne en tydens dié polemiek tussen die enkelfaktoren veelvuldige faktorteorieë is Sutherland gevra om kriminologie te doseer en om 'n teksboek voor te berei in die veld van misdaadverklaring. Soos verwag kon word,het hy dan ook dié taak met die nodige ruimdenkendheid aanvaar en aansluiting gevind by die veelvuldige faktorbenadering soos duidelik blyk uit sy 1924-publikasie van *Principles of Criminology*.

### 6.2.3 Grondslag en uitgangspunt vir misdaadverklaring

Die hipotese van die differensiële assosiasieteorie is

dat die meeste lede van komplekse samelewings gebuk gaan onder die eis om 'n voortdurende balans te handhaaf tussen definisies van (gedrag)situasies wat die verbreking van 'n besondere wet regverdig en diê definisies wat die handhawing daarvan regverdig en hul sodoende probeer immuniseer teen die oorweging daarvan om dit te verbreek (Nettler, 1974, p. 194). Dit is dan ook wat met differensiële assosiasie bedoel word, naamlik dat dit "... refers to differing balance, a changing balance, within each actor among *the definitions* he has learned to associate with categories of conduct defined by law as legal or criminal" (Nettler, 1974, p. 194). Diê (gedrags) definisies is houdings en evaluerings en as sodanig veronderstel om (gedrags)motiverend te wees.

Uit die voorafgaande kan gesien word dat die differensiële assosiasieteorie van Sutherland nie besonderlik nuut of akademies oorspronklik was nie. Wat wel uitmuntend van sy teorie is, is dat hy probeer het om 'n logiese en sistematiese formulering te gee vir die interafhanklike handelingskettingreaksies wat misdaad moontlik maak as aangeleerde gedrag (Vold, 1958, p. 192; Cressey, 1962, p. 443-4). Hy het naamlik algaande meer oortuig geword daarvan dat die veelvuldige faktorbenadering die wetenskaplike bestudering van misdaad nie sou kon bevorder nie en daarom het hy begin soek na 'n verenigende teorie - 'n teorie wat in elke geval sal kan onderskei tussen konformerende en misdadige gedrag (Radzinowicz, 1966, p. 80).

Met diê ontwikkeling wou hy wegdoen met die biologiese

of psigologiese gefundeerde misdaadverklarings en wou hy 'n aanvaarbare sosiologiese teorie vir misdaadverklaring ontwerp. Om dít te kon bereik, het hy in sy differensiële assosiasieteorie die aandag hoofsaaklik gerig op die sosiale verhoudings in die sin van die frekwensie, intensiteit en betekenisvolheid van intermenslike assosiasie eerder as op die persoonlike kwaliteite, of die eksterne wêreld van die individu (Vold, 1958, p. 192).

Grondliggend aan die differensiële assosiasieteorie lê die opvattings van Sutherland aangaande differensiële sosiale organisasie en die aanleer van gedrag. In dié verband meen hy dat die begrip *sosiale organisasie* (bedoelende daarmee die samekoms van mense rondom gemeenskaplike doelstellings en gemeenskaplike belangstellings) nie *teenoor* die begrip *sosiale desorganisasie* staan nie (Vold, 1958, p. 192). Sosiale desorganisasie moet liewer vervang word met die begrip *differensiële sosiale organisasie* omdat die begrip sosiale desorganisasie nie dui op 'n toestand van nie-georganiseerdheid nie, maar eerder op 'n gevarieerde georganiseerdheid waarin die organisatoriese doelstellings en belangstellings net verskil van dié van die dominante kultuurpatrone.

Sy opvatting kom daarop neer dat die begrip sosiale desorganisasie, wat veronderstel is om van toepassing te wees op die afwykende subkulture, die stabiele interaksiepatrone tussen die misdadigers verduister en nie voorsiening maak vir die begrype van die bestaan van alternatiewe waardesisteme nie (Cloward, 1968,

p. 167). Cloward druk dié opvatting goed uit wanneer hy sê: "He expressly recognized that crime, far from being a random, unorganized activity, was typically an intricate and stable system of human arrangements. He therefore rejected the concept of 'social disorganization' and substituted the concept of 'differential group organization'" (Cloward, 1968, p. 167-8).

Die begripsonderskeiding is van besondere belang vir die begrype van die differensiële assosiasieteorie, want wanneer die bestaan van die gedifferensieerde sosiale organisasie erken word, "... it is inevitable that some of these groups will subscribe to and support criminal patterns of behaviour; others will be essentially neutral with no criminal involvement, while others still will be more definitely anticriminal, or self-consciously 'law-abiding'" (Vold, 1958, p. 193).

Differensiële assosiasie is dan volgens dié opvatting veronderstel om die leerproses te wees waardeur dié gedifferensieerde sosiale organisasie ten opsigte van misdadige gedrag aangeleer word (Vold, 1958, p. 193; Sykes & Matza, 1966, p. 129; Cressey, 1962, p. 443). Die differensiële assosiasieteorie berus op twee proposisies, naamlik dat misdadige gedrag die produk is van gedifferensieerde sosiale organisasie (sosiale desorganisasie) en dat misdadige gedrag aangeleerde gedrag is.

## 6.3 Voorlopige formulering van die differensiële assosiasieteorie

In 1939 verskyn die werk van Sutherland, naamlik *Principles of Criminology* waarin hy die bekende differensiële assosiasieteorie bekend stel waarmee hy 'n algemeen-geldende misdaadverklaringsteorie formuleer. Sy poging tot die formulering van die differensiële assosiasieteorie het Sutherland in die vorm van sewe proposisies gepubliseer wat soos volg lui: (Sutherland, 1939, p. 4-8):

"First, the processes which result in systematic criminal behaviour are fundamentally the same in form as the processes which result in systematic lawful behaviour.

Second, systematic criminal behaviour is determined in a process of association with those who commit crimes, just as systematic lawful behaviour is determined in a process of association with those who are law-abiding.

Third, differential association is the specific causal process in the development of systematic criminal behaviour.

Fourth, the chance that a person will participate in systematic criminal behaviour is determined roughly by the frequency and consistency of his contacts with the patterns of criminal behaviour.

Fifth, individual differences among people in respect to personal characteristics or social situation cause

crime only as they affect differential association or frequency and consistency of contacts with criminal patterns.

Six, cultural conflict is the underlying cause of differential association and therefore of systematic criminal behaviour.

Seventh, social disorganization is the basic cause of systematic criminal behaviour".

Uit dié voorlopige formulering het reeds duidelik geblyk dat dié teorie ook ontwerp is as opposisie vir die destyds gangbare antropologiese skool van Lombroso en die biologiese skool van Ferri ingevolge waarvan misdaadveroorsaking gereduseer is tot een enkele faktor of tot een enkele gekombineerde faktor (Grovè, 1963, p. 32-3).

## 6.4 Finale formulering van die differensiële assosiasieteorie

In die hersiene 1947-uitgawe van die *Principles of Criminology* het Sutherland belangrike wysigings aangebring in sy aanvanklike formulering van die differensiële assosiasieteorie. Hoofmotivering hiervoor was onder andere dat dit nie net meer die sistematiese misdadige gedrag nie, maar dan wel alle vorme van misdadige gedrag moes kon verklaar. Die aanvanklike sewe is toe ook vermeerder na nege proposisies en hy het dit soos volg geformuleer(Sutherland, 1947, p. 5-9):

"(1) Criminal behaviour is learned

(2) Criminal behaviour is learned in interaction with other persons in a process of communication

(3) The principal part of the learning of criminal behaviour occurs within intimate personal groups

(4) When criminal behaviour is learned, the learning includes (a) techniques of committing crime, which are sometimes very complicated, sometimes very simple; (b) the specific direction of motives, drives, rationalization and attitudes

(5) The specific direction of motives and drives is learned from definitions of legal codes as favourable and unfavourable

(6) A person becomes delinquent because of an exess of definitions favourable to violation of law over definitions unfavourable to violation of law

(7) Differential association may vary in frequency, duration, priority and intensity

(8) The process of learning criminal behaviour by association with criminal and anti-criminal patterns involves all of the mechanisms that are involved in any other learning

(9) Though criminal behaviour is an expression of general needs and values, it is not explained by these general needs and values since non-criminal behaviour is an expression of the same needs and values". 153

Uit die voorafgaande formulerings van die differensiële assosiasieteorie kan gekonkludeer word dat die kernelemente daarvan reduseerbaar is tot die stellings dat misdadige gedrag aangeleer word; dat dit gedra word deur kultuurkonflik; dat misdaadtegnieke en misdaadhoudings die belangrikste dinge is wat aangeleer word en dat misdadige gedrag gemanifesteer word in die aanvaarding van meer wetsverbrekingsdefinisies vir gedrag as wetsgehoorsame gedragsdefinisies (Korn & McCorkle, 1959, p. 298-301).

Elkeen van dié kenmerke sal nou vervolgens in besonderhede ontleed word ten einde die differensiële assosiasieteorie enigsins beter te kan voorstel en sy misdaadverklaringsmoontlikhede binne die raamwerk van die kenmerke te kan ondersoek en te kan evalueer.

## 6.5 Misdadige gedrag word aangeleer

### 6.5.1 Inleiding

Met die uitspraak dat misdadige gedrag aangeleer word, beoog Sutherland om dit te onderstreep dat misdaad nie oorgeërfde gedrag is nie (Sutherland & Cressey, 1971, p. 403). Wanneer hy sê dat misdaad aangeleerde gedrag is, veronderstel dit ook dat alle psigologiese, sosiologiese en kulturele en ander prosesse wat normaalweg teenwoordig is in enige leerproses, ook teenwoordig is en funksioneer by die aanleer van misdadige gedrag (Gibbons, 1973, p. 214). Tog het Sutherland veral die klem laat val op die kommunikasie, primêre behoeftes en waardes en die primêre groepe se

rol in dié aanleerproses van misdadige gedrag.

### 6.5.2 Gedragsverandering word aangeleer

Motiverings, waarnemings, sosialiserings en leer is onlosmaaklik gekoppel aan die ingewikkelde samestelling van die mens se beheersende vormingsfunksies (Cressey, 1962, p. 451-3). Die aanleer van nuwe gedragspatrone verwys altyd na 'n gedragsverandering wat plaasvind ten opsigte van 'n besondere fundamentele maatskaplike verhouding. Die gedragsverandering is gebaseer op interaksie met die totaliteit van die fundamentele maatskaplike verhoudinge as ordeningsbeginsels en is as sodanig dus onlosmaaklik verbonde aan die individu se motiverings, waarnemings, sosialiserings, leer en werklikheidsvisie.

### 6.5.3 Interaksie en kommunikasie as leermiddels

Volgens Sutherland word misdadige gedrag aangeleer in interaksie met ander mense deur middel van kommunikasie wat meestal verbaal is, dog dit kan ook gebare insluit (Sutherland, 1970, p. 209). Deur middel van die kommunikasieproses word die kriminele tegnieke en kriminele lewenshoudings en lewenswaardes aangeleer; dit sluit in die opwekking en bepaling van of rigtinggewing aan sekere motiewe, dryfvere, rasionalisasie en sienswyses ten opsigte van koformerende gedrag (Grovè, 1963, p. 44).

### 6.5.4 Persoonlike verantwoordelikheid in die aanleeraktiwiteit

In sy skrywe beklemtoon Sutherland die persoonlike verantwoordelikhede van die individu wanneer hy daarop wys dat die aanleer van kriminele gedrag nie net verklaar kan word in terme van nabootsing nie. Hy sê: "A person who is seduced, for instance, learns criminal behaviour by association, but this process would not ordinarily be described as imitation" (Sutherland, 1970, p. 209-10).

### 6.5.5 Skoling in misdaadtegnieke

Wanneer hy die stelling van die aanleer van misdadige gedrag maak, het Sutherland dit ook eksplisiet teen die opvatting wat in sy tyd gangbaar was, naamlik dat misdadige gedrag oorgeërf word. Sy opvatting is dat, wanneer iemand nie daaraan gewoond is om met misdadige gedragspatrone te assosieer nie, en dus nie in misdaad geoefen is nie, sal hy nie misdaad (kan) pleeg nie (Grovè, 1963, p. 43). Net so min as wat iemand wat nie in die meganika onderlê is nie, meganiese uitvindings sal kan maak, kan iemand wat nie in die misdaadtegnieke en misdaadhoudings geskool is nie, misdaad pleeg (Grovè, 1963, p. 43).

### 6.5.6 Assosiasie en isolasie van kriminele gedrag

Omdat en vir soverre kriminele gedrag ook menslike gedrag is, moet dit ook soos enige ander konformerende

gedragsvorme aangeleer word. Daarom sluit Halloran, Brown & Chaney hulle aan by die differensiële assosiasieteorie se uitgangspunt soos geïnisieer deur Sutherland en gepromoveer deur Cressey, naamlik dat kriminele gedrag aangeleer word in assosiasie met diegene wat sulke gedrag gunstig definieer en in isolasie leef van dié wat dit as ongunstig definieer (Halloran, Brown & Chaney, 1970, p. 34). Mense raak net betrokke by kriminele gedrag wanneer die gewig van dié gunstige kriminele gedragsdefinisies dié van die konformerende gedragsdefinisies oorskry (Halloran, Brown & Chaney, 1970, p. 34-5 en 179). Die meeste mense begin hulle loopbane sonder kriminaliteit, maar leer iets van die wetlike gedragskodes wat sekere gedrag verbied en leer ook in verskillende groepe dat daar ander (sub)groepe is wat nie met die wetlike gedragskodes saamstem nie en dan ook sodanige botsende kultuurpatrone uitleef (Eldefonso, 1967, p. 79).

## 6.6 Die aanleerproses van misdaadtegnieke en -houdings

### 6.6.1 Die aanleerproses in primêre groepe

Die vernaamste deel van die aanleer van die misdadige gedrag vind plaas in die intiem-persoonlike kontakte van die primêre groepe (Sutherland, 1970, p. 209; Grovê, 1963, p. 44; Trojanowicz, 1973, p. 38; Reiss & Rhodes, 1964, p. 5). Negatief gesien beteken dié uitspraak dat die sekondêre groepe 'n relatief onbelangrike bydrae maak tot die ontstaan van misdadige gedrag. Die nie-persoonlike groepe, instellings en

media het nie so 'n persoonlike aanspraak op die gedragsrigting van die mens nie en kan derhalwe nie so 'n rigtinggewende gedragsverandering in die sin van aanleer by die individu laat ontstaan nie.

Hoewel Sutherland dit nie eksplisiet sê nie, lyk dit asof aangeneem kan word dat hy met die primêre groepe nie in die eerste plek die huisgesin in die visier het nie, maar eerder die vriendskaps(bende)groepe en ander kriminele misdaadsubkultuurgroeperinge wat reeds die kriminele kultuurgoedere aanvaar het. Dit veronderstel natuurlik wel dat die huisgesin sy inspraak en houvas op die gedragsrigting van sy lede al verloor het. Dit is dan ook juis een van die redes waarom die gedragsafwykende individu dan die misdadige groepe se intiem-persoonlike atmosfeer en fasiliteite opsoek.

### 6.6.2 Die aanleerproses in beroepsgroepe

Binne die primêre groepe vind die aanleer van misdadige gedrag plaas by wyse van interaksie met ander waarin die mededelingsproses mondeling of by wyse van gebare kan plaasvind (Grovè, 1963, p. 43). Die primêre groepe wat Sutherland op die oog het, is duidelik in dié verband hoofsaaklik die beroepsgroepe soos dit blyk uit sy uiteensetting van waarom sakelui witboordjiemisdadigers word (Cressey, 1962, p. 469). Hy meen naamlik dat die proses van inlywing tot witbroodjiemisdade plaasvind in die normale praktiese inlywing en aanleerproses van hoe om 'n sakeonderneming winsgewend te kan bedryf. Hy word byvoorbeeld deur

sy bestuurder opgedra om 'n sekere onetiese of onwettige ding te doen en hy kom dan agter dat dié ongerymdhede op sukses vir sy onderneming uitloop (Grovè, 1963, p. 106). So leer hy die tegnieke, houdings en rasionaliserings aan vir die vertroueskendings wat hy pleeg. Eldefonso (1967, p. 78) wys daarop dat diegene wat witboordjiemisdadigers word in Sutherland se sin van die woord, hulle loopbane begin uit 'n goeie buurt, hulle kom uit 'n goeie huis, hulle gradueer met idealisme en kom met min moeite in besondere besigheidsituasies te lande waarin kriminaliteit eintlik 'n subkulturele kultuurpatroon is en hulle word daarby ingelyf soos dit die geval is met enige ander subkultuur se gedragspatroon.

## 6.7 Kultuurkonflik as basis van misdaad

### 6.7.1 Inleiding

Die bestaan van professionele diewery word onder andere moontlik gemaak deur gemeenskaplike tegnieke vir misdaadpleging; die aanvaarding van hoë sosiale statusse in die misdaadwêreld; konsensus onder die professionele diewe aangaande die aanvaarbare waardes, houdings, gelowe en deur differensiële assosiasie (Clinard & Quinney, 1973, p. 252).

### 6.7.2 Professionele diewery

Die kultuurkonflik kom veral duidelik uit juis in die differensiële assosiasie van die professionele diewe.

Die professionele dief is naamlik deel van die onderwêreld en in dié sin van die konformerende samelewing geskei, maar kan homself nie losmaak van die konformerende samelewing waaruit hy 'n bestaan moet maak nie (Radzinowicz & Wolfgang, 1971, p. 327; Cloward & Ohlin, 1966, p. 161-9). Hy woon meestal in die agterbuurtes of in die witlig-areas waarin gekommersialiseerde ontspanning floreer. Selfs al sou hy tuisgaan by 'n residensiële hotel of in 'n voorstedelike huis, moet hy nogtans sorg dra dat hy minder opsigtelik lewe as wat die geval is met mense in daardie buurt wat nie nodig het om hulle beroep geheim te hou nie (Radzinowicz & Wolfgang, 1971, p. 327).

### 6.7.3 Konformeer en afwyk

Hoewel die professionele dief as sodanig gedefinieer en aanvaar word deur sy makkers in die onderwêreld, is en moet hy egter ook nog lid bly van die konformerende gemeenskap omdat hy in isolasie daarvan nie 'n bestaan sal kan maak nie (Radzinowicz & Wolfgang, 1971, p. 327). Hulle moet immers kontak maak met mense in die konformerende samelewing ten einde van hulle te kan steel. Hulle dra veral ook sorg dat hulle betrokke raak in vertrouensposisies waaruit hulle finansiële voordele kan bekom.

Ten einde suksesvol te kan opereer as 'n professionele dief, moet die professionele dief dus differensieel assosieer. Hy het dan ook vriende uit die konformerende wêreld wat hom ken as 'n professionele dief - dit kan selfs beskermers wees van die konformerende gemeen-

skap (Radzinowicz & Wolfgang, 1971, p. 328). Die professionele dief het egter ook nog duidelik konsensus, dit is hy doen mee aan die meerderheid van die konformerende samelewing se dominante doelstellings, waardes en norme.

### 6.7.4 Opponerende (sub)kulture

Kultuurkonflik as onderliggende aan kriminaliteit bestaan dus eintlik daarin dat die professionele dief (of dan ook die misdadiger) voortdurend tussen twee teenoorgestelde kulture te staan kom en dan telkens ten opsigte van sekere sake afwyk van die kulturele waardes en kulturele doelstellings van die dominante konformerende kultuur en eerder aansluiting vind by nonkonformerende kultuurpatrone. Elliott (1970, p. 110) som dié kenmerk van die differensiële assosiasieteorie goed soos volg op: "Sutherland, in effect, assumes that criminality is learned as the individual relates to particular types of delinquent or nondelinquent groups which either support or reject delinquency or criminality". Die feit dat daar sulke botsende (sub)kulture bestaan binne sy lewensveld, maak dit moontlik vir die misdadiger om differensieel te assosieer en om sodoende misdaad te pleeg.

### 6.7.5 Konsensus

Misdade soos dié deur witboordjiemisdadigers en professionele diewe gepleeg, bestaan as wetsoortredinge en is deel van die uitvoering van die gewone besig-

heidsaktiwiteite of lewensaktiwiteite (Gibbons & Garitty, 1971, p. 246).

Dié onwettige handeling word ondersteun en ook aangemoedig deur die algemene konsensus dat sodanige oortreding slegs tegnies onwettig is (Gibbons & Garitty, 1971, p. 246). Die aanvaarding van die onwettige dade word deur Sutherland ook gekoppel aan die oorheersing van die positiewe gesindheid teenoor sodanige oortredings soos dit aangeleer word in differensiële assosiasie wat dan die dominante gedragspatrone verteenwoordig vir dié persoon wat dit oortree.

## 6.8 Wetsverbrekingsdefinisies oorheersend

### 6.8.1 Inleiding

Die proposisie rondom wetsverbrekingsdefinisies as 'n simptoom van sosiale desorganisasie in die sin van gedifferensieerde sosiale organisasie, word deur Sutherland soos volg geformuleer: "A person becomes delinquent because of an excess of definitions favourable to violation of law over definitions unfavourable to violation of law" (Sutherland, 1970, p. 209; Gibbons, 1973, p. 213). Eldefonso merk in hierdie verband op dat differensiële assosiasie in die sin van wetsverbrekingsdefinisies ontstaan en voortgang kan hê omdat die gemeenskap nie behoorlik en solidêr georganiseerd is teen sodanige misdadige gedrag nie (Eldefonso, 1967, p. 78).

### 6.8.2 (Sub)kultuurassimilasie

Volgens sy eie woorde is die aanvaarding van wetsverbrekingsdefinisies van gedrag eerder as van wetsgehoorsame gedragsdefinisies, 'n baie goeie voorbeeld van wat eintlik met differensiële assosiasie bedoel word. Dit is so omdat: "It refers to both criminal and anti-criminal association and has to do with counteracting forces" (Sutherland, 1970, p. 209; Gibbons, 1973, p. 213). Dit kom dus daarop neer dat misdadigers kriminele word weens hulle kontakte met misdadige gedragspatrone en weens isolasie van konformerende gedragspatrone (Sutherland, 1970, p. 209; Sutherland & Cressey, 1970, p. 76). Dit is so, meen hy, omdat enige mens die kultuurgoedere aanneem waarbinne hy leef. Wanneer meer mense 'n bepaalde wet beskou as 'n gedragsreëling wat eerder verbreek as gehoorsaam moet word, intensiveer die moontlikhede van gedifferensieerde sosiale organisasie in die sin van sosiale desorganisasie, want dan is daar meer mense wat wetsverbrekend leef ten opsigte van die besondere wet en daarom is die moontlikheid dan groter dat mense uiteindelik eerder dié wetsverbrekende kultuurpatroon sal wil internaliseeer (Trojanowicz, 1973, p. 38). Eldefonso (1967, p. 77) sê hiervan: "When any person becomes a criminal, he does so because of contacts with criminal patterns and also because of isolation from anti-criminal patterns. Any person inevitably assimilates the surrounding culture unless other patterns are in conflict".

### 6.8.3 Persoonlike vatbaarheid

Binne hierdie raamwerk van wetsverbrekingsdefinisies het Sutherland egter nie die persoonlike verskille in die vatbaarheid vir kriminaliteit ontken nie. Inteendeel, hy koppel dit aan die verhouding en mate waarin individue blootgestel is aan assosiasies met diégene wat misdadige waardes aanhang. Die feit of iemand dus wel 'n misdadiger sal word of nie, sal bepaal word deur die duurte, frekwensie, prioriteite en intensiteit van sy kontakte met die misdadige kultuurpatrone en wetsverbrekingsdefinisies van gedrag (Eldefonso, 1967, p. 78; Sutherland & Cressey, 1970, p. 76).

### 6.8.4 Frekwensie en duurte, prioriteit en intensiteit

Die frekwensie en duurte van differensiële assosiasies wat lei tot kriminaliteit, het te make met die aanhoudende langdurigheid van gedifferensieerde assosiasies met wetsverbrekingsdefinisies (Sutherland & Cressey, 1970, p. 76; Gibbons, 1973, p. 213). Frekwensie dui weer op die gereeldheid waarmee sodanige assosiasies voorkom (Sutherland & Cressey, 1970, p. 76). Van prioriteit sê Sutherland dit "... is assumed to be important in the sense that lawful behaviour developed in early childhood may persist throughout life" (Sutherland, 1970, p. 209). Hy erken wel dat dié tendens nie bevredigend getoets is nie, maar prioriteit is van belang in differensiële assosiasie, hoofsaaklik weens die selektiewe aard van die invloed wat dit op menslike gedrag het.

Wat die intensiteit van differensiële assosiasie betref, sê Sutherland dat dit nie duidelik omskryfbaar is nie, maar "... it has to do with such things as the prestige of the source of a criminal or anti-criminal pattern and with the emotional reactions related to the associations" (Sutherland, 1970, p. 209).

### 6.8.5 Kwantiteite

Sutherland is ook van oortuiging dat in die presiese omskrywing van die kriminele gedrag van 'n besondere individu, die modaliteite van frekwensie, duurte, prioriteit en intensiteit in kwantitatiewe vorme uitgedruk sou kon word en dat 'n matematiese verhouding daartussen vasgestel sou kon word (Sutherland, 1970, p. 209). Nietemin het hy ook erken dat hy nog nie dié formule uitgewerk het nie en ook dat dit baie moeilik gedoen sal kan word.

## 6.9 Misdaadverklaringsmoontlikhede

### 6.9.1 Inleiding

Wanneer die misdaadverklaringsmoontlikhede van die differensiële assosiasieteorie ontleed word, moet noukeurig aandag gegee word aan die moontlike verhouding en verband wat bestaan tussen die kenmerke van dié teorie en die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

### 6.9.2 Oppervlakkig en algemeen

Dat kriminele gedrag aangeleer word soos dit die geval is ook met konformerende gedrag, behoef sekerlik in beginsel geen teenstand te ontlok nie. Dit lyk egter uit die voorafgaande uiteensettings soos versamel uit die bestudeerde literatuur, asof die hiervolgende opmerkings hieroor vermelding verdien. In die evaluering van die differensiële assosiasieteorie sal op 'n ander vlak ook aandag daaraan gegee word.

Wanneer van die aanleer van misdadige gedrag gepraat word, is dit duidelik dat daarmee veral die aandag gevestig word op veral die misdadige tegnieke, misdadige houdings, misdadige motiverings en rasionaliserings vir die wetsverbrekende gedrag. Wat egter in dié verband opmerklik is, is die feit dat die meeste konformiste ook wel deeglike kennis dra van dié tegnieke, houdings, motiverings en rasionaliserings. Hulle verkry naamlik dié kennis ook uit massamedia soos die koerante, radio en televisie, en nie uitsluitlik deur intiem-persoonlike kontakte met misdadige gedragspatrone soos Sutherland beweer nie.

Die meeste konformiste dra kennis van die wetsverbrekingsdefinisies en lees in die koerante van die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge, asook van die wyses waarop die oortreders dit gedoen het en van die redes wat hy aanvoer waarom hy dit gedoen het; nogtans pleeg hulle nie daarom ook misdaad nie.

Wat dus nie afdoende verduidelik word uit Sutherland se uitspraak dat kriminele gedrag aangeleer word nie, is waarom die konformiste wat wel deeglik ook kennis dra van die misdadige tegnieke, houdings, motiverings en rasionaliserings, nie ook misdaad pleeg nie. Die mees waarskynlike antwoord sou moontlik wees in terme van Sutherland se opvatting (hoewel hyself nie dié antwoord gee nie) dat die elemente van frekwensie, duurte en prioriteit nie teenwoordig is by die konformiste nie. Dit neem egter nog nie die probleem weg van byvoorbeeld die geregsdienaars en gevangenispersoneel wat sekerlik die meeste in kontak kom met die misdadige gedragspatrone nie, en die voorkoms van misdaad by hulle is nie bo-normaal nie.

Aanleer kan dus net misdadigheid verklaar in die sin van oppervlakkige en algemene kennis, naamlik dat geen mens iets kan doen wat hy nie geleer het nie. Dit verklaar egter nog nie waarom sommige mense wel misdaad aanleer en sommige dit nie aanleer nie, en dit is juis die kernprobleem van die sosiologiese misdaadverklaringsteorieë.

### 6.9.3 Onvoltooidheid

Reeds in die voorafgaande argumentering is daarop gewys dat die kennis van die kriminele tegnieke en houdings nie noodwendig daarop uitloop dat mense misdadigers word nie; ook nie eers indien hulle wel voortdurend kontakte van hoë frekwensie en langdurigheid met sodanige gedragspatrone het nie.

Sutherland sien wel iets van dié probleem raak met sy verwysing na die rol van die primêre groepe in die aanleerproses van sodanige tegnieke en houdings. Sy opvatting kom in konsekwensie daarop neer dat die primêre groepe (dan wel die werks- en beroepsgroep) die individu soort van sagmaak om die wetsverbrekingsdefinisies van sekere gedragsvorme eerder as die wetsgehoorsame gedragsvorme te internaliseer en dan word hy nog boonop met ostrasisme gedreig indien hy nie konformeer aan dié nonkonformerende gedragsdefinisies nie.

Die feit dat mens die nodige tegniese kennis en korrekte misdadige houdings en motiverings moet hê voordat 'n misdaad suksesvol uitgevoer kan word, kan egter nog nie verklaar waarom mense misdaad pleeg nie. Die onvoltooidheid van Sutherland se teorie lê in dié opsig veral daarin dat hy naamlik nie die rol van die individueel-persoonlike en wilsmotiverings van die individu verdiskonteer het in sy weergawe van die differensiële assosiasieteorie nie.

### 6.9.4 Sosiologisties

Die feit dat die aanleer van misdadige gedrag ook deur Sutherland gekoppel word aan die bestaan van kultuurkonflik, wys vooruit na die formulering van die anomieteorie. Die grondslag en uitgangspunt van die anomieteorie is immers dat afwykende gedrag begin wanneer daar 'n wanbalans ontstaan tussen die kulturele doelstellings en die sosiale middele waarmee dié doelstellings bereik moet word, wat in essensie kultuurkonflik

is. Diè kultuurkonflikgedagte lê ook ten grondslag aan Cohen se subkultuurteorie wat poneer dat subkultuurvorming plaasvind wanneer ontevredenhede ontstaan met die dominante kultuurwaardes (Short, 1968, p. 15).

Die leerstelling van die differensiële assosiasieteorie ten opsigte van kultuurkonflik, kan dan eintlik gekoppel word aan die situasie-etiek en kulturele draadsittery van mense. Dit beteken dat die individuele persoon homself aanpas by die sosiale omgewing en sosiale situasie waarin hy homself bevind, ongeag sy eie persoonlike waardes en norme. Dit kom daarop neer dat die sosiale situasie so 'n persoon se gedrag bepaal en nie sy persoonlike, deur die dominante kultuur ingesosialiseerde en geïnternaliseerde waardes en norme nie.

Die differensiële assosiasieteorie handel met die *other-directed* persoonlikheidstipe soos uitgebeeld deur Riesmann en daarom kan dieselfde soort kritiek ook teen die differensiële assosiasieteorie ingebring word as teen Riesmann, naamlik dat dit veronderstel dat die mens 'n inisiatieflose, verantwoordelikheidlose en willose wese is. Hy (die mens) kan naamlik nooit enige unieke persoonlike inisiatief neem in enige sosiale situasie nie, want volgens die differensiële assosiasieteorie bepaal die groep en situasie waarin hy is sy optrede, en daarom dra hy ook nie die persoonlike verantwoordelikheid vir die gevolge van sodanige handelinge nie. Die groep of situasie het dit immers van hom verwag en sy handeling geïnisieer. Dit is 'n volledig sosio-

logistiese denkraamwerk omdat dit die rol van die sosiale sisteem in persoonlike gedragsbepaling heeltemal oorskat en nie ruimte laat vir persoonlike verantwoordelikheid nie.

Met inagneming van die bogenoemde redenering, kan die bestaan van kultuurkonflik, sosiologies gesien, tog wel 'n bydrae lewer tot die begrype van die ontstaan van die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Dit lyk voor-die-hand-liggend dat botsings in waardes en norme en die onsekerhede wat daaruit voortkom, misdaad sal kan inisieer. Dit is veral die formele en informele beheer van afwykende gedrag wat meestal onder sulke omstandighede sódanig verswak dat effektiewe beheer skipbreuk ly. Dit verklaar egter nog nie waarom dié verhoudinge dan geskend word nie.

### 6.9.5 Gedeeltelik suksesvol

Wat die aanleer van wetsverbrekende gedragsdefinisies betref, is dit waar dat dit juis die bestaan van misdaad konstitueer (Sutherland & Cressey, 1970, p. 75-6). Die voorbeelde van die witboordjiemisdadigers van Sutherland is in dié opsig goeie voorbeelde van die moontlike misdaadverklärings daarvan (Grovè, 1963, p. 105-115).

Mannheim (1946, p. 120) vestig in dié verband die aandag daarop dat wanneer die gemeenskap getref word deur 'n vlaag van misdaad, mobiliseer dit sy eie kragte daarteen onder leiding van die hoër klasse vir die doeltreffende toepassing van die kriminele wette - so

word die gemeenskapsmoreel versterk en misdaad effektief beheer. Wanneer witboordjiemisdaad egter plaasvind, is sulke handelinge moeilik, omdat die witboordjiemisdadigers self aan dié hoër sosio-ekonomiese klasse behoort en die ander mense van dieselfde klas sku is om teen hulle op te tree. So ontbreek daar dan effektiewe leierskap teen dié soort witboordjiemisdade ten opsigte van die wetstoepassings, want, sê Mannheim (1946, p. 120): "Because of their social prestige and political influence, white-color criminals are but seldom prosecuted and even more rarely convicted".

So sal die advertensiebestuurder van 'n koöperasie wat byvoorbeeld skuldig bevind is aan die plasing van valse en misleidende advertensies, nie sy status en prestige verloor in sy voorstedelike en besigheidsareas nie; hy sal ook nog ewe hartlik ontvang word in sy kerk, klubs en in ander besigheidsorganisasies, want in die sfere word sy gedrag en agtergrond nog as konformerend met die vereistes van aanvaarbaarheid gesien en aanvaar (Bloch & Geis, 1962, p. 233).

Die relatiewe hoë status van die professionele en die besigheidsman, die neiging weg van straf en die relatiewe ongeorganiseerdheid van verwyt van die publiek jeens witboordjiemisdade, beskerm dié misdadigers eintlik teen vervolging (Quinney, 1970, p. 72). Selfs as hulle dan wel tog vervolg word, sal die saak eerder administratief as juridies afgehandel word omdat die kulturele verbondenheid tussen die witboordjiemisdadigers en die wetgewers en wetstoepassers vervolgings bemoeilik (Quinney, 1970, p. 72). Ball &

Friedmann (1971, p. 109) meen ook dat Sutherland aangetoon het dat wetstoepassing in die hande van diê sosiale klas is wat hoogswaarskynlik met die witboordjiemisdadiger sal simpatiseer - veral as hy 'n besigheidsman is.
In hierdie verband kan opgemerk word dat Sutherland wel daarin geslaag het om ten opsigte van die witboordjiemisdadigers aan te toon dat hulle waarskynlik in meer geleenthede kom om misdaad te pleeg weens die vertrouensposisies waarin hulle juis is. Dat hulle frekwentatief meer met kriminele gedragspatrone in aanraking kom, kan egter bevraagteken word. Diê feite verklaar egter ook nog nie waarom hulle tog wel uiteindelik daartoe oorgaan om van die fundamentele maatskaplike verhoudinge te skend nie.

## 6.10 Evaluering

### 6.10.1 Onbevredigende misdaadverklaring

Volgens Radzinowicz & Wolfgang (1971, p. 15) asook Taylor, Walton & Young (1973, p. 127) moet dit betwyfel word of die differensiële assosiasieteorie 'n bevredigende verklaring kan aanbied vir alle misdaadsoorte en ook of dit bevredigend kan onderskei tussen kriminele en konformerende gedrag. Hierby sluit Neumeyer (1964, p. 91) aan as hy sê ander kritici vestig die aandag op die skynbare onvolledigheid van die teorie deur te stel dat dit nie rekenskap gee van al die verskillende misdaadsoorte nie en dat dit nie kan verduidelik waarom sommige mense wat baie kontakte het met misdadigers, tog nie misdaad pleeg nie,terwyl

ander met die minimum kontakte tog wel misdaad pleeg. Die Gluecks (Glueck & Glueck, 1964, p. 243) gaan só ver as om te sê dat die differensiële assosiasieteorie "... fails to organize and integrate the findings of respectable research and is, at best, so general and puerile as to add little or nothing to the explanation, treatment and prevention of delinquency".

Wanneer Sutherland sê differensiële assosiasie behels die "... excess of definitions favourable to violation of law over definitions unfavourable to violation of law..." is dié teorie nie empiries toetsbaar in dié terme nie omdat dit nie betekenisvol omsetbaar is in enige betekenisvolle kwantitatiewe terme nie (Short, 1966, p. 86).

### 6.10.2 Individuele verskille

In aansluiting by Nettler (1974, p. 196) kan ook gestel word dat die differensiële assosiasieteorie nie individuele verskille verreken nie. Nettler sê egter dadelik dat dít voorkom by die meeste sosiologiese misdaadverklarings en dit is as sodanig nie 'n agterstand nie - veral nie as 'n mens net geïnteresseerd is in die misdaadkoerse, tendense of neigings tussen groepe of in veranderings daarvan in die bevolking oor tyd heen nie. Dié nalating van die verskille in persoonlike menslike belange maak dit egter moeilik vir die differensiële assosiasieteorie om rekenskap te gee van die konformerende seun wat in 'n hoogs-kriminele gebied woon, asook van die *bad actor* wat in 'n goeie omgewing woon en grootword. Aan die ander kant meen

Nettler moet die verklaring hiervan eerder by die sosiaal-sielkundiges gesoek word en nie by die sosioloë nie (Nettler, 1974, p. 196).

### 6.10.3 Misdaadgeleenthede

Nettler brei sy kritiek op die differensiële assosiateorie verder uit deur daarop te wys dat dié teorie die misdaadgeleenthede as 'n konstante gegewene beskou (Nettler, 1974, p. 196). Hy sê die algemene opvatting van misdaad is naamlik dat die geleentheid om 'n misdaad te pleeg iets te doen het met die moontlikheid dat dit gepleeg sal word (Nettler, 1974, p. 196). Versoekings is sterk of swak, naby of ver. Hoewel dit so is dat hulle saamstem dat die aangryping van die misdaadgeleentheid 'n funksie van die akteur self se definisie van sy kanse is, aanvaar strukturaliste en ander dat daar ook grade van misdaadgeleenthede bestaan. Die beklemtoning van die differensiële assosiasieteorie is in dié verband op gelowe en houdings geskoei wat die rol van situasies in die voortbrenging van misdaad verberg. Dit beteken dat impulsiewe misdade nie goed verklaar kan word nie (Nettler, 1974, p. 196).

### 6.10.4 Passiemisdade

Nettler (1974, p. 197) verduidelik sy kritiek dat die differensiële assosiasieteorie nie passiemisdade kan verklaar nie, verder soos volg: Die wet stem met die meeste waarnemers van die sosiale milieu saam dat onderskei

moet word tussen voorbedagte rade en impuls, asmede tussen beplanning en nalatigheid in misdaad. Die leerstellings van die differensiële assosiasieteorie "...seems to fit better those behaviours that are routine, characteristic, and patterned... It becomes more difficult for most observers to perceive 'definitions of the situation' operating where the behaviour is unusual, out of character, impulsive, and, hence, less early linked to 'a choice'" (Nettler, 1974, p. 197). Nettler gebruik dan die voorbeeld van moord of manslag om sy stelling te staaf. Hy sê (tereg) dat die doodmaak meestal voortkom uit die hitte van 'n argument tussen eggenote(s) verliefdes, vriende of kennisse. Daar bestaan meestal 'n geskiedenis van stryery en verskille, waarin dié argumente aangehelp word met alkohol tot by die dodelike einde (Nettler, 1974, p. 197).

### 6.10.5 Onbewysbaarheid

Nettler en Short spreek ook kritiek uit teen die niebewysbaarheid van die differensiële assosiasieteorie (Nettler, 1974, p. 197-8; Caldwell, 1965, p. 216; Short, 1966, p. 86). Nettler het dit veral teen die feit dat dit nie as vals of onwaar bewys kan word nie. Die voorstelle van die differensiële assosiasieteorie, soos baie ander aangaande menslike gedrag, lokaliseer die oorsake van gedrag in eienskappe binne die akteur wat afgelei word deur die waarnemer. Sulke afleidings is nie noodwendig vals nie; dit word gebou op empatie, op 'n projeksie van ons eie gevoelens en denke in ooreenstemmende situasies en is nuttig om ander persone te verstaan. Die probleem met die aflei-

ding van gedragsverklaring deur disposisies is egter dat 'n afleiding altyd gemaak kan word om die feite van elke handeling te pas. Disposisies kan net soos instinkte, eindeloos vermenigvuldig word. Die verhouding van die definisies van die situasies gunstig of ongunstig tot die wet, kan verskuif en gepas word soos die verduideliker wil om enige misdaad te pas (Nettler, 1974, p. 197-8).

"The risk of using dispositions as an explanation, then, is that one may construct a circular explanation in which the acts are said to be caused by the dispositions (beliefs, attitudes) and the dispositions are said to be known from the acts" (Nettler, 1974, p. 197-8). Die differensiële assosiasieteorie kan dus nie bewys word nie omdat dit vassit in en gebruik maak van sirkelredenasies.

Deel van die verwarring in die opsig bestaan omdat Sutherland nie presies is met die betekenis van differensiële assosiasie nie. Soos die teorie nou staan, beteken dit assosiasie met gedragspatrone en nie met misdadigers nie - afgesien van die karakter van die persoon wat die gedragspatrone verteenwoordig. Volgens dié interpretasie van die teorie, word mense misdadigers weens die aanvaarding van meer wetsverbrekende gedragsdefinisies as wetsgehoorsame gedragsdefinisies, selfs al het hulle nog nooit 'n misdadiger ontmoet nie (Caldwell, 1965, p. 216). Verder is dit onmoontlik om die eindelose gedagtevloei van elke mens te kan leer ken en om te bepaal dat die meeste van sy gedagtes in die wetsverbrekingskategorieë val. In dié sin is die differensiële assosiasieteorie dus empiries ontoetsbaar.

### 6.10.6 Kunsmatig

Die hoofdefek van die differensiële assosiasieteorie is egter volgens Nettler (1974, p. 198) dat dit op kunsmatige wyse een handelingselement van die ander handelingselemente skei en dit dan die oorsaak van afwykende gedrag noem. Hiermee is niks verkeerd nie, mits die afgeskeide element - in dié geval houdings of oortuigings (*beliefs*) - in werklikheid wel die veroorsakende krag gehad het wat daaraan toegeskryf is of word. Dit is egter volgens Nettler (1978, p. 198) 'n ope vraag ten opsigte van die hipotese van die differensiële assosiasieteorie of dit geregverdig is om denke van handelinge te skei en om aan te neem dat definisies van die situasie soveel onafhanklike impak het op gedrags(veroorsaking) as wat dié teorie wil voorgee.

Wanneer aandag aan die definisie van die situasie gegee word as veroorsakende gedrag, word gedrag egter nog onverklaar gelaat, omdat die bronne van dié verskillende definisies dan nog ongespesifiseerd gelaat word (Nettler, 1974, p. 199).

### 6.10.7 Onbeantwoord

Die differensiële assosiasieteorie laat juis na om afdoende antwoorde te gee op die vrae waarop die meeste sosioloë antwoorde soek, naamlik: Waarom pleeg mense misdaad? Watter toestande bevorder toenames in ernstige misdaad? Watter toestande bevorder die afnames daarvan? Wat kan ons doen om die toenames

in misdaad te stuit? ensovoorts (Nettler, 1974, p.199).

### 6.10.8 Verskillende omskrywings

Volgens Caldwell word die begrype van die differensiële assosiasieteorie bemoeilik omdat die aard en omvang van die teorie verskillend gedefinieer is (Caldwell, 1965, p. 212-3). In sy oorspronklike vorm wil die differensiële assosiasieteorie nie alles nie, maar net die sistematiese misdade verklaar. Met sistematiese misdaad word waarskynlik bedoel waar die misdaad vir die individu 'n lewenswyse geword het en waarin dit ondersteun word deur 'n lewensfilosofie wat misdaad regverdig. Dié onderskeiding veronderstel die bestaan van 'n dichotomie tussen sistematiese misdadige en sistematiese konformerende gedrag, en oorvereenvoudig sodoende die misdaadprobleem omdat menslike gedrag nie só skerp in (slegs) twee kategorieë ingedeel kán word nie. Alle menslike gedrag, insluitende misdadige gedrag, bestaan uit graderings en graadverskille wat in mekaar invloei (Caldwell, 1965, p. 212-3).

### 6.10.9 Deterministies en geslote

Hierbenewens beskou Caldwell ook die differensiële assosiasieteorie as 'n volledig deterministies-geslote denksisteem rondom misdaad (Caldwell, 1965, p. 214). Dit vind naamlik die volledige antwoord op misdaad net in differensiële assosiasie. Sodoende ontken dit die bestaan van die moontlikheid van 'n vrye menslike wil en laat min ruimte toe vir die byvoeging van nuwe

kennis. Elke wetenskaplike teorie van menslike gedrag moet immers die onbekende elemente erken en verreken wat in elke aspek van die menslike lewe voorkom, omdat die wetenskaplike waarhede en die werklikheid nêrens altyd saamval nie (Caldwell, 1965, p. 214).

### 6.10.10 Ontken menslike kreatiwiteit

Die feit dat die differensiële assosiasieteorie nie genoegsame aandag gee aan die biologiese en psigologiese faktore nie, word ook deur Caldwell raakgesien (Caldwell, 1965, p. 214). Vir sover dit wel erken word, kry dit 'n heeltemal ondergeskikte plek soos blyk uit die vyfde stelling wat lui dat dit misdaad veroorsaak vir sover dit differensiële assosiasies affekteer. Maar die individu as 'n unieke kombinasie van oorerwing en omgewing het 'n realiteit apart van die groep en geen persoonlikheidsdesorganisasies is ooit dieselfde as dié van die groep waarbinne die individu funksioneer nie. Deur dít nie te erken nie, word die kreatiwiteit van die mens ontken. "Therefore, in opposition to Sutherland's contention, one may argue that differential association causes crime only as it gives expression to individual differences" (Caldwell, 1965, p. 214). In die 1947-uitgawe laat Sutherland die vyfde proposisie egter weg en sê dit is nie nodig om op dié vlak te verduidelik waarom iemand dié assosiasies het wat hy het nie. Effektief is dit egter 'n erkenning dat dié teorie nie 'n belangrike deel van die misdaadprobleem kan verklaar nie en dat ander verduidelikingsvlakke ook gebruik kan word.

### 6.10.11 Oorvereenvoudig leerproses

Caldwell (1965, p. 215) merk verder ook op dat die differensiële assosiasieteorie die leerproses oorvereenvoudig. In die 1939-model slaag Sutherland nie daarin om die kompleksiteit van die leerproses te onderken met die vierde leerstelling nie. In die 1947-model probeer hy dié swakheid elimineer deur te sê dat die leerproses alle meganismes insluit soos dit die geval ook is in konformerende aanleer van gedrag en dat differensiële assosiasies kan varieer in terme van frekwensie, duurte, prioriteit en intensiteit. "But this still does not tell us very much about how and why some persons internalize criminal patterns of behaviour and others do not; and yet, Sutherland is here presenting an essential part of his theory" (Caldwell, 1965, p. 215). Dit is juis op dié besondere punt wat die sosiologie meer presiese kennis van misdaad moet bekom indien dit vordering wil maak om onder andere die etiologie van misdaad en jeugmisdaad effektief te kan onderken en beskryf.

### 6.10.12 Reduksionisme

Die differensiële assosiasieteorie verval ook in die fout van reduksionisme. Dit beteken dat dit nie die volledigheid van die kompleksiteit van alle aspekte van menslike gedrag onderken nie en reduseer daarom die veroorsaking van misdaad tot 'n eenfaktor(verklaring) (Caldwell, 1965, p. 219).

### 6.10.13 Meriete

Alhoewel die differensiële assosiasieteorie leemtes het, het dit ook meriete. Dit vestig naamlik die aandag op die belangrikheid van die sosiale faktore, op die eendersheid van die aanleerproses van kriminele en konformerende gedragsdefinisies, en op die feit dat misdaad nie uitsluitlik verklaar kan word in terme van persoonlikheidsversteurings nie (Caldwell, 1965, p. 218). Dit is egter ook so dat die meeste misdadigers wel aangepas is by die groot meerderheid van die populasie en oortree die wet hoofsaaklik weens die waardes wat hulle aangeleer het en waarvolgens hulle leef, maar wat nie aanvaarbaar is in die dominante kultuur nie (Caldwell, 1965, p. 218).

### 6.10.14 Spekulatief

Caldwell (1965, p. 219) sluit sy kritiek teen die differensiële assosiasieteorie af deur te sê dat dit grootliks 'n spekulatiewe konstruksie is en dat die betekenis daarvan ook nog verberg word deur vae terminologie. Hy (Caldwell) sê iemand pleeg 'n misdaad omdat hy sekere kenmerke het. Vir Sutherland weer is dit wel meer wetsverbrekings- as wetsgehoorsame definisies van situasies, terwyl ons weet dat dié persoon dié kenmerke het, omdat hy 'n misdaad gepleeg het. Dit is 'n sirkelredenasie en dus 'n toutologiese poging tot misdaadverklaring.

### 6.10.15 Kultuurgebondenheid

Die differensiële assosiasieteorie kon ook nie loskom van die kultuur en tyd waarin en waaruit dit voortgekom het nie. Sutherland se teorie vertoon ook die effekte en invloede van oorsprong uit 'n tydgebonde kultuur waarin groot sosiale veranderings groot dele van die populasie weggeruk het van hulle tradisionele wonings deur mans en vroue opeen te hoop in stede waarin die individue nommers in kategorieë word van groot organisasies, terwyl hulle ook nog onderwerp is aan die ernstigste depressie in die geskiedenis, terwyl die rykdom en mag van die groot koöperasies toegeneem het (Caldwell, 1965, p. 219). Dié kultuurgebondenheid van die differensiële assosiasieteorie openbaar binne dié agtergrond die hulpeloosheid en betekenisloosheid van die individu teen die invloede van die omgewing; vandaar (waarskynlik) die byna negering van die individueel-persoonlike faktore in die differensiële assosiasieteorie ten opsigte van misdaadveroorsaking.

### 6.10.16 Differensiële identifikasie

Glaser (1962, p. 525) wys daarop dat differensiële assosiasie eerder geleer moet word in terme van differensiële identifikasie, wat daarop neerkom "... that a person pursues criminal behaviour to the extent that he identifies himself with real or imaginary persons from whose perspective his criminal behaviour seems acceptable".

## 6.11 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die differensiële assosiasieteorie

### 6.11.1 Kenmerke

Volgens die bestudeerde literatuur kan die kenmerke van die differensiële assosiasieteorie soos volg geïdentifiseer word: Misdadige gedrag word aangeleer; die aanleerproses geskied ten opsigte van die misdaadhoudings en -tegnieke; kultuurkonflik is die basis van misdadige gedrag en wetsverbrekingsdefinisies is oorheersend in misdadige gedrag. Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word binne die raamwerk van die evalueringsisteem wat ontwerp is in hierdie navorsing:

*Diagram* 7 Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die differensiële assosiasieteorie[1)]

| STRUKTUURKOMPONENTE (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENTE (BESTAAN) |
|---|---|
| WAARDES (Gewenste gedrag) | AANPASSING (In gemeenskap) |
| NORME (Konkrete gedragsreëls) | INTEGRASIE (Na binne ooreenkoms) |
| ROLLE (Persoonlike inkleuring) | PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone) |
| SUBGROEPE (Onderdele van groter groep) | DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) |
| **SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN)** | **STABILISERINGSKOMPONENT (VOORT-(BESTAAN)** |
| INTERAKSIE (Tussen persone) *(Aanleering van misdadige gedrag)* | DIFFERENSIASIE (Verskille in komponente) |
| WISSELWERKING (Tussen groepe) *(Misdaadhoudings en -tegnieke)* | SEGMENTASIE (Verskeie eendershede) |
| INTERNALISERING (Eie-making) *(Wetsverbrekingsdefinisies oorheers)* | SPESIFIKASIE (Besondere andershede) |
| INSTITUSIONLISERING (In instellings) *(Kultuurkonflik is basis van misdaad)* | INERSIE (Geen verandering) |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

### 6.11.2 Verklaring van die diagram

Die diagrammatiese voorstelling moet só verklaar en geïnterpreteer word dat die kenmerk van die aanleer van misdadige gedrag geïdentifiseer word met die interaksie-element van die sosialiseringskomponent van die uitgebreide sosiale sisteemteorie. Deur die wisselwerking tussen groepe vind weer die aanleer van die misdaadhoudings en -tegnieke plaas en deur die internaliserende eie-making van die voorgenoemde word die wetsverbrekingsdefinisies oorheersend in die akteur se lewenspatroon en dit word verder vir die akteur vergemaklik om in misdaad te verval vir sover kultuurkonflik as die basis van misdadige gedrag geïnstitusionaliseerd voorkom in minstens dan (volgens Sutherland) die vriendskaps- en werksgroepe.

### 6.11.3 Sosialiseringskomponente van die sosiale sisteem

Wanneer hierdie kenmerke ingepas word in die skematiese voorstelling van die uitgebreide sosiale sisteemteorie vir misdaadverklaring, kan enkele beoordelende opmerkings ten opsigte van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die differensiële assosiasieteorie gemaak word. Hiervolgens blyk dat die differensiële assosiasieteorie skynbaar net voorsiening maak vir die *sosialiseringselemente* van die uitgebreide sosiale sisteemteorie, naamlik vir interaksie, wisselwerking, internalisering en institusionalisering.

### 6.11.4 Ontstaan van misdaad

Uit diê voorstelling kan afgelei word dat die differensiële assosiasieteorie hoofsaaklik 'n teorie is wat die *ontstaan* van misdadige gedrag binne of deur middel van die sosiale sisteem kan verklaar.

Vir sover as wat die differensiële assosiasieteorie dus nie in sy verklaring van misdaad voorsiening maak vir die definiëring, bestaan en voortbestaan van misdadige gedrag nie, is dit in makrososiologiese sin onvolledig.

## 6.12 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van die kenmerke van die differensiële assosiasieteorie en daarna is die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan beredeneer aan die hand van die uitgewerkte evalueringskriteria wat ontwerp is vir die doeleindes van hierdie proefskrif.

Daar is bevind dat die differensiële assosiasieteorie 'n tipiese voorbeeld is van 'n sosiologiese leerteorie oor misdaad(verklaring). Dit is die konklusie in hierdie hoofstuk dat die finale formulering van die differensiële assosiasieteorie konstateer dat kriminele gedrag asook die misdaadtegnieke en -houdings aangeleer word in die primêre groepe, dat kultuurkonflik die basis is vir misdaad(veroorsaking) en dat wetsverbrekingsdefinisies oorheersend teenwoordig is by die misdadiger. Teen die agtergrond van hierdie

bevindinge het die differensiële assosiasieteorie beperkte misdaadverklaringsmoontlikhede. Dit kan nie die skending van al die fundamentele verhoudinge verduidelik nie, is deterministies geslote en dit oorvereenvoudig die leerproses en verval boonop in reduksionisme.

Aan die positiewe kant slaag die differensiële assosiasieteorie daarin om misdaadverklarings los te breek van atavistiese fisiologismes, dit op die spoor van (wel dan min of meer behavioristies) die gedragsaanleerproses te plaas en om dit in 'n meer sosiologies ter sake raamwerk aan te bied.

Vervolgens word die anomieteorie uiteengesit en beoordeel.

# HOOFSTUK 7

## DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE ANOMIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING

### 7.1 Inleiding

In dié hoofstuk sal gepoog word om die misdaadverklaringsmoontlikhede van die anomieteorie te ondersoek binne die raamwerk van misdaad wat gesien word as die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

### 7.2 Ontstaansagtergrond

#### 7.2.1 Wysgerige denke

Die wetenskaplike besinning aangaande die verhouding en verband wat bestaan tussen die individu en die gemeenskap waarin hy leef, is so oud soos die wetenskaplike denke self. Reeds Plato en sy tydgenote het hulself rekenskap gegee hiervan in hulle denksisteme as hulle beweer dat die gedrag van mense in gemeenskapsverband wissel na gelang van die aard en struktuur van die (stad)staat (Clinard, 1964, p. 1). Gedurende die Middeleeue het Thomas en Augustinus weer beweer dat menslike gedrag eerder bepaal word deur die kerklike struktuur.

Na dié staatsuniversalistiese en kerkuniversalistiese benaderings het denkers soos Locke, Hobbes en Rousseau met die koms van die moderne tyd weer 'n meer kontraktuele benadering tot die verhouding tussen die individu

en die gemeenskap gevolg. Hulle het naamlik beweer dat die aard van en die verhouding en verband tussen die individu en die gemeenskap gerig word deur 'n kontraktuele ooreenkoms (Clinard, 1964, p. 1). Hierdie meer wysgerige denke aangaande die menslike samelewing is mettertyd, met die vestiging van die sosiologie, vervang met meer vakwetenskaplik-gerigte denke.

### 7.2.2 Sosiologiese denke

Reeds vroeg in die begin van die 19e eeu het Comte met sy geskrifte begin wegbeweeg van wat hy genoem het die filosofiese spekulasies aangaande die aard, verhouding en verband tussen die individu en die gemeenskap (Timasheff, 1967, p. 17-18). Hy wou dan meer wetenskaplik-presiese beskrywende verduidelikings gee van die menslike samelewing en daarom het hy sy positivistiese sosiologie ontwerp. Hy het egter só behep geraak met die kollektiewe aard van die menslike natuur, dat hy naderhand alle verskynsels verklaar het binne die raamwerk van die menslike samelewing (Clinard, 1964, p. 1).

Ander sosioloë soos Gumplowitz, Ward, Giddings, Small, Durkheim, Ross, Cooley, Simmel en Weber het egter mettertyd ook die rol van die kleiner groepe en van sosiale instellings beklemtoon, asook die rol van persoonlike menslike gedrag in die gemeenskap (Clinard, 1964, p. 1). Die ontwikkelings het betekenisvolle rigting gegee aan die opvattings aangaande

die etiologie van afwykende gedrag wat op sy beurt weer 'n stimulus aan die ontwikkeling van die anomieteorie vir misdaadverklaring gegee het.

7.2.3 Afwykende gedrag

Clinard vestig die aandag daarop dat verskeie beklemtonings " ... has emerged strongly in the sociological approach to deviant behaviour, setting it off from explanations of such behaviour as products of biological or individual psychological factors, and psychiatric complexes, in particular, the sociological formulations of anomie advanced by Emile Durkheim and Robert K. Merton have earned an important place in contemporary sociology, mainly because they have sought to explain various forms of deviant behaviour within the context of the larger society, especially its social structure" (Clinard, 1964, p. 1).

Volgens Reid (1976, p. 177) het Merton ook gereageer teen die biologiese teorieë wat voorgestel het dat menslike gedrag die resultaat is van aangebore eienskappe en teen die psigiatriese en Freudiaanse teorieë wat geleer het dat die mens gekenmerk word deur die onvermydelike stryd tussen biologiese begeertes en sosiale beperkings. Merton wou uitvind waarom mense in dieselfde omgewing verskillend optree en sy hipotese was dat sosiale strukture druk uitoefen op sommige mense om eerder afwykend as konformerend op te tree (Trojanowicz, 1973, p. 33).

Die anomieteorie wil dus hoofsaaklik soek na die verklaring van afwykende gedrag (en dus ook van misdaad) in terme van die sosiale struktuur van die menslike samelewing. Dit gaan om die moontlike aard, verhouding en verband te bepaal wat bestaan tussen die groepsdruk wat ontstaan in en uit die samelewingstruktuur wat kan aanleiding gee tot afwykende gedrag. In dié sin is die anomieteorie wat sy uitgangspunt betref, 'n tipies sosiologiese teorie vir misdaadverklaring.

## 7.3 Uitgangspunte van die anomieteorie

### 7.3.1 Ambivalensie

Die anomieteorie is gebaseer op die sosiologiese konsep en feit van sosiologiese of samelewingsambivalensie, met dien verstande dat die ambivalensie duidelik verwys na die sosiale en nie na die persoonlikheidstruktuur van die mens nie (Merton & Barber, 1963, p. 94). Volgens Merton & Barber verwys sosiologiese ambivalensie in breër sin na " ... incompatible normative expectations of attitudes, beliefs, and behaviour assigned to a status or to a set of statusses in society" (Merton & Barber, 1963, p. 94-5). In enger sin verwys sosiologiese ambivalensie na " ... incompatible normative expectations incorporated in a *single* role of a *single* status" (Merton & Barber, 1963, p. 95).

Sosiologiese ambivalensie as die basis waarop die bestaan van anomie berus, verwys dus na die bestaan van

teenoorstaande normatiewe tendense in die sosiale definisie van 'n rol - iets wat uit die aard van die kompleksiteit van die menslike samelewing en rolvervullings op baie verskillende vlakke voorkom.

### 7.3.2 Multidimensionaliteit

Sosiologiese ambivalensie is ondersoek en bevestig as bestaande op die volgende verskeidenheid sosiologies-relevante vlakke, naamlik in botsende normatiewe verwagtings wat vasgelê is in 'n sosiale status; in die konflik van statusse binne 'n individu se persoonlike statusrol; in die botsings van verskillende rolle wat geassosieer word met 'n besondere statusrol; in botsende kulturele waardes wat voorgestaan word deur dieselfde samelewingslede en in die botsings tussen kultureel-voorgeskrewe aspirasies en sosiaal-gestruktureerde kanale waardeur die aspirasies bereik mag word. Verder kan sosiologiese ambivalensie ook ontstaan by mense wat in twee of meer samelewings geleef het en wat georiënteer geraak het tot verskillende en botsende sosiale sisteme van kulturele waardes (Merton & Barber, 1963, p. 96-9).

Die toestand van anomie word gekonstrueer wanneer daar 'n ambivalensie bestaan tussen die kultureel-voorgeskrewe doelstellings en die sosiale norme waardeur dié doelstellings bereik kan word. Ten einde hieroor volledige helderheid te kan verkry, is dit nodig dat gelet word op die aanvanklike formulering van die ano-

mieteorie deur E. Durkheim,asook op die huidige omskrywing daarvan.

## 7.4 Aanvanklike formulering

Die aanvanklike formulering van die anomieteorie vir misdaadverklaring is gedoen deur E. Durkheim en hy het dit direk gekoppel aan wat hy genoem het die organies-solidêre en die meganies-solidêre samelewingstipes (Kruger, 1972, p. 33-4). Hy het naamlik geleer dat die tradisionele segmentele samelewings gekenmerk is deur homogeniteit op alle lewensterreine met geringe arbeidsverdeling tussen mense op grond van geslag en ouderdom. Die segmentele samelewings was dus na sy mening meganies-solidêr en die meganiese solidariteit is veral duidelik weerspieël in die relatief ongedifferensieerde gewetensuitinge van die samelewings en aan die onderwerping van die individu aan dié gewete. Dit veronderstel dat die segmentele, ongedifferensieerde samelewingstipe 'n geïntegreerde normkompleks besit wat menslike gedrag op alle lewensterreine rig en reguleer.

Hierteenoor staan die gedifferensieerde samelewings wat gekenmerk word deur 'n heterogene aard en 'n organiese solidariteitsvorm met 'n siviel-regtelike oorsprong wat die saamleef van mense meer kontraktueel van aard reël op grond van ouderdom en geslag (Kruger, 1972, p. 34). Mens sou dus logieserwyse meer moontlikhede van normatiewe ambivalensie kon verwag in dié ge-

differensieerde samelewings: hulle is meer onderhewig aan moontlike ontstaan van anomietoestande. Hierin speel veral arbeidsverdeling 'n groot rol.

### 7.4.2 Arbeidsverdeling

Aansluitend by die voorafgaande opvatting, stel Durkheim in sy aanvanklike formulering van die anomieteorie dat daar 'n toestand van normloosheid ontstaan of bestaan wanneer arbeidsverdeling en spesialisasie daartoe lei dat persoonlike interaksie en kontak tussen mense verminder en verlore gaan. Dit bevestig die ondergang van die gemeenskaplike normkompleks in die gedifferensieerde samelewing met sy organiese solidariteit. Daar ontstaan diskontinuïteit tussen die individu en die gemeenskap waarin hy leef en dit lei tot verwarring en konflik op alle lewensterreine. Kruger sê van Durkheim se anomieopvatting " ... dat hy anomie sien as 'n toestand van werklike normloosheid waarin daar nie regulerende norme bestaan deur middel waarvan mense hulle aspirasies kan bereik nie" (Kruger, 1972, p. 34-5). Veral die gewysigde omskrywing van die anomieteorie deur Merton ten opsigte van die anomietoestand word kontemporêr as die gangbare opvatting beskou.

## 7.5 Huidige formulering

### 7.5.1 Kulturele verval

Merton sê: "Anomie is then conceived as a breakdown in the cultural structure, occuring particularly when there is an acute disjunction between the cultural norms and goals and the socially structured capacities of members of the group to act in accord with them" (Merton, 1968, p. 216).

Nisbet (1970, p. 274) gee die volgende omskrywing van anomie. "Anomie is, in short, behaviour characterized by tensions and distresses that arise from the effort of an individual to meet the obligations of two or more irreconcilable norms. That is, they are irreconcilable within the framework of response of the individual concerned".

In die huidige formulering van die essensie van die anomieteorie gaan dit dus daarom dat Merton suggereer dat alle sosiale strukture twee gemeenskaplike kenmerke het, naamlik dat hulle eerstens *doelstellings* daarstel wat die aspirasies van al die mense van dié samelewing behoort te wees, en tweedens, dat dit goedgekeurde *middele* ontwerp in terme waarvan dié erkende, aanvaarbare doelstellings bereik kan word (Reid, 1976, p. 177).

### 7.5.2 Disekwilibrium

Die verduideliking van Kruger van dié omskrywing van Merton se opvatting ten opsigte van sosiologiese ambivalensie, is baie verhelderend. Hy sê die anomieteorie " ... kom in kern daarop neer dat die maatskaplike en kulturele strukture, as die teoretiese onderskeibare strukture van die sosiale realiteit, in 'n toestand van wanbalans of disekwilibrium verkeer. In hierdie sin verwys disekwilibrium na die verskynsel dat die doelstellings van mense, soos dit beliggaam word in die kulturele struktuur, nie by wyse van die kultureel gedifferensieerde of institusionele middele bereik kan word nie, aangesien die fasiliteite van die sosiale struktuur van so 'n aard is dat die middele, in die sin van doelbereiking, ontoeganklik en as sodanig oneffektief is. Nader ontleed, wys anomie dan op die afwesigheid van algemeen geldende en regulerende norme, aangesien daar in die toestand van anomie, vanuit effektiwiteitsoogpunt gesien, nie aanvaarde norme of middele bestaan deur middel waarvan kulturele doelstellings bereik kan word nie" (Kruger, 1972, p. 3).

Omdat en vir sover menslike gedrag in sosiologiese sin altyd gekoppel word aan dié genoemde doelstellings en middele, volg dit dat daar verskillende reaksiewyses verwag kan word wanneer daar dan wel so 'n disekwilibrium ontstaan. Merton het die bestaan van vyf aanpassingsvorme onderskei ten opsigte van disekwilibrium tussen doelstellings en middele.

## 7.6 Aanpassingsvorme tot die toestand van anomie

### 7.6.1 Sosiaal-kulturele strukture en disekwilibrium

#### 7.6.1.1 Onderskeidings

Met die herformuleerde uitbouing van die anomieteorie deur Merton het hy die onderskeidings tussen die kulturele doelstellings en sosiale middele gemaak in terme van sy uitgangspunt, en ook geleer dat sosiale ambivalensie in elke menslike samelewing bestaan (Merton & Barber, 1963, p. 96-9; Merton, 1966, p. 94-5).

Die kulturele doelstellings verteenwoordig die doelstellings en aspirasies soos voorgeskryf deur die betrokke samelewingskultuur. Die sosiale middele verteenwoordig die sosiale middele soos geïnstitusionaliseer waarmee die kulturele doelstellings bereik moet en mag word.

#### 7.6.1.2 Tipies sosiaal

Die sosiaal-kulturele strukture bestaan reeds wanneer die individu besig is met sy persoonlike internaliserende sosialisering binne die verskillende instellings. Die bestaan van die strukture is dus tipies sosiaal en maak juis die bestaan van die samelewing van mense moontlik vir sover dit in terme daarvan moet plaasvind.

Merton het een konformerende en vier afwykende aanpassingswyses beskryf wat die individu kan volg wanneer

hy gekonfronteer word met die toestand van anomie. Die betekenisvolle bydraes van Cloward en Dubin ten opsigte van die onderskeie aanpassingsvorme tot die anomietoestand, het ook die tipies sosiale aard daarvan onderstreep soos dit gekoppel word aan die dominante kultuurpatroon van elke samelewing; dit sal ook waar van toepassing, uiteengesit word.

#### 7.6.1.3 Dominante kultuurpatroon

Merton het veral die Amerikaanse kultuur en kultuurgoedere gebruik in sy uiteensetting van motivering vir die bestaan van die anomietoestand as 'n wanbalans tussen kulturele doelstellings en sosiale middele (Trojanowicz, 1973, p. 33-4). Hierin gaan hy uit van die veronderstelling dat in die Amerikaanse kultuur dan veral die ekonomiese suksesdoelstellings die dominante kultuurpatroon is soos wat dit gepaard gaan met en gekoppel word aan die kompeterende aard van die kapitalistiese ekonomiese sisteem (Merton, 1968, p. 190; Trojanowicz, 1973, p. 34; Gibbons, 1973, p. 183).

### 7.6.2 Konformiteit

#### 7.6.2.1 Ekwilibrium

Volgens Merton bestaan daar konformiteit wanneer daar 'n ewewigtige verhouding is tussen die kulturele doelstellings en die sosiale middele (Merton, 1968, p. 188).

Hy sê: "An effective equilibrium ... of the social structure is maintained so long as satisfactions accrue to individuals conforming to both cultural constraints, viz., satisfactions from the achievement of goals and satisfactions emerging directly from the institusionally canalized modes of striving to attain them" (Merton, 1968, p. 188). Daarom meen hy tereg ook dat dié aanpassingsvorm, naamlik die nalewing van beide die kulturele doelstellings en die sosiale middele, die mees algemene en wydverspreide aanpassingsvorm is wat juis die samelewing van mense moontlik maak (Merton, 1968, p. 195; Reid, 1976, p. 178; Merton, 1966, p. 97).

7.6.2.2 Disekwilibrium

Wanneer daar 'n wanverhouding in die sin van 'n wanbalans ontstaan tussen die kulturele doelstellings en die sosiale middele, sal dit volgens Merton lei tot een van die hiervolgende afwykende aanpassingsvorme as reaksie op die bestaande anomietoestand.

7.6.3 Innovasie

7.6.3.1 Omskrywing

Kruger sê dat dié aanpassingswyse tot die anomietoestand omskryf kan word as 'n algemene vorm van afwykende gedrag waar die kulturele doelstellings nog nagestreef word, maar waarin sosiaal-voorgeskrewe middele

vir die bereiking daarvan nie meer gevolg word nie (Kruger, 1972, p. 54; Trojanowicz, 1973, p. 34; Reid, 1976, p. 178).

Merton sê self hiervan: "Great cultural emphasis upon the successgoal invites this mode of adaptation through the use of institutionally proscribed but often effective means of attaining at least the simularcum of success - wealth and power. This response occurs when the individual has assimilated the cultural emphasis upon the goal without equally internalizing the institutional norms governing ways and means for this attainment" (Merton, 1968, p. 195).

### 7.6.3.2 Funksioneel en disfunksioneel

Volgens Merton kan die meeste vorme van gedragsafwykings en misdaadvorme verklaar word in terme van innovasie (Reid, 1976, p. 178). Dit is immers voor-die-hand-liggend dat misdaad in die sin van die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge geskend sal word wanneer daar gebruik gemaak word van nie-aanvaarde sosiale middele om die voorgeskrewe kulturele doelstellings te bereik, waarin Merton gelyk gegee moet word.

Afgesien van dié disfunksionaliteit daarvan, erken Merton egter dat innovasie vir die samelewing ook funksioneel kan wees. Kruger verduidelik dié standpunt soos volg: "Sommige vorme van innovasie kan die basis vorm

van nuwe instellings wat beter toegerus is as die ouer instellings, of dit mag selfs die geval wees dat die geïnstitusionaliseerde middele van die groep foutief is, en deur die verwerping van hierdie middele kan innovasie wel 'n funksionele betekenis hê" (Kruger, 1972, p. 55). Die bydraes wat Dubin tot die onderskeiding en betekenisgewing van innovasie gemaak het, onderstreep dié stelling van Kruger verder.

7.6.3.3 Tipologie

Dubin (1959, p.147-64) wys daarop dat Merton se weergawe van innovasie nie volledig genoeg is nie omdat hy in die toepassing van innovatiewe aanpassingsvorme 'n onderskeiding maak tussen sekere gedragsvorme, maar dit nie volledig eksploiteer nie. Volgens Dubin behoort Merton ook te onderskei tussen die *waardes* en die *werklike gedrag* van die innovatiewe akteur. Verder meen hy behoort ook onderskei te word tussen die geïnstitusionaliseerde wyses waarop doelbereiking gerealiseer kan word en die norme wat dié grense van die geïnstitusionaliseerde middele bepaal (Dubin, 1959, p. 162-4).

Volgens Kruger se interpretasie is dié onderskeidings van Dubin geregverdig, aangesien die geïnstitusionaliseerde norme die kulturele doelstellings van die samelewing word en dat dit dan weer uiteindelik oorgedra word na elke instelling toe in die vorm van gedragsriglyne (Kruger, 1972, p. 102).

Op grond van dié onderskeidings meen Dubin dat hy goeie reg het om die volgende innovasietipologie op te stel: Hy onderskei naamlik tussen gedragsinnovasie (soos gekenmerk in institusionele uitvindings, normatiewe uitvindings en operatiewe uitvindings) en waarde-innovasie (soos gekenmerk in intellektuele uitvindings, organisatoriese uitvindings en in sosiale bewegings) Kruger, 1972, p. 103-7).

### 7.6.3.4 Swak sosialisering

Merton is van mening dat innovasie veral en makliker sal kan voorkom in dié samelewingstipes waarin "... the great cultural emphasis on pecuniary success ..." vir almal geld en die sosiale struktuur tegelykertyd beperkings plaas op die aanvaarde middele van doelbereiking (Merton, 1968, p. 203). Wanneer innovasie egter as aanpassingsvorm tot die anomietoestand aanvaar word, meen Merton dat dit 'n illustrasie is van swak sosialisering. Dit is weens swak sosialisering dat mense die geïnstitusionaliseerde middele verwerp terwyl hulle nog die kulturele (sukses-)doelstellings nastreef. Hy wys dan daarop dat hier dadelik ook 'n alternatiewe aanpassingswyse veronderstel word: "Among those who fully internalize the institutional values, however, a comparable situation is more likely to lead to an alternative response in which the goal is abandoned but conformity to the mores persists" (Merton, 1968, p. 203). So 'n aanpassingsvorm is dié van ritualisme.

### 7.6.4 Ritualisme

#### 7.6.4.1 Omskrywing

Die ritualistiese aanpassingsvorm tot die anomietoestand word soos volg deur Merton omskryf: "It involves the scaling down of the lofty goals of great pecuniary success and rapid social mobility to the point where one's aspirations can be satisfied. But though one rejects the cultural obligation to attempt 'to get ahead in the world', though one draws in one's horizons, one continues to abide almost compulsively by institutional norms" (Merton, 1968, p. 203-4).

In die ritualistiese aanpassingsvorm kom die gedragspatroon dus daarop neer dat die sosiologiese disekwilibrium tussen die kulturele doelstellings en sosiale middele gerealiseer word deur die sosiale middele oor te beklemtoon ten koste van die kulturele doelstellings (Kruger, 1972, p. 55; Trojanowicz, 1973, p. 34; Reid, 1976, p. 179). Daarom sê Cilliers & Joubert tereg dat ritualistiese mense dié is wat geneig is om hulle optrede te beperk tot die uitlewing van die gevestigde gedragspatroon en nie bereid is om sosiale inisiatief te neem en beslissings te neem wat groter verantwoordelikheid veronderstel en wel ook meebring nie (Cilliers & Joubert, 1968, p. 314).

#### 7.6.4.2 Ambisieverlaging

Ritualisme word gedra deur dié houding dat hoë ambi-

sies frustrerend inwerk op die menslike lewe en dat laer aspirasies tevredenheid en sosiale sekuriteit meebring (Reid,1976, p. 179). Dit verteenwoordig 'n nie-aanvaarde reaksie op die anomietoestand wat bedreigend en wantrouewekkend voorkom (Merton, 1968, p. 204). Ritualisme gaan om die soeke en vind van persoonlike ontvlugting van die gevare en frustrasies wat skynbaar ingebou is in die kompeterende aard van die strewe na die groot kulturele suksesdoelstellings deur dié doelstellings te verwerp en dan vaster te hou aan die veilige roetines van die geïnstitusionaliseerde sosiale middele (Merton, 1968, p. 205).

Ook ten opsigte van ritualisme het Dubin betekenisvolle subtipes onderskei wat dié aanpassingsvorm tot anomie beter verstaanbaar maak.

### 7.6.4.3 Tipologie

Volgens Dubin moet ten opsigte van ritualisme onderskei word tussen waarderitualisme en gedragsritualisme (Dubin, 1959, p. 155-8). By gedragsritualisme onderskei hy die subtipes van die nivelleerders van aspirasies, die institusionele moraliste en die organisasieoutomate. By waarderitualisme onderskei hy die bestaan van die ritualistiese volksredenaar, die normopportunis en die middele-opportunis (Dubin, 1959, p. 155-8).

Aansluitend by die innoveerder wat die kulturele doelstellings aanvaar, maar die sosiale middele verwerp, en

by die ritualis wat weer die kulturele doelstellings verwerp en oorkonformeer aan die sosiale middele, bestaan volgens Merton ook nog die aanpassingswyse van onttrekking waarin beide die kulturele doelstellings en die sosiale middele verwerp word.

### 7.6.5 Onttrekking

#### 7.6.5.1 Omskrywing

Onttrekking as aanpassingsvorm tot anomie kom tot stand wanneer "They have relinquished culturally prescribed goals and their behaviour does not accord with institutional norms" (Merton, 1968, p. 207). By die onttrekkers sluit Merton dié mense in wat hy tipeer as ín die samelewing maar nie ván die samelewing nie, soos die swerwers, verstotelinge, boemelaars, chroniese alkoholiste, dwelmmiddelafhanklikes, dit wil sê die gealiëneerdes en psigote (Kruger, 1972, p. 56; Reid, 1976, p. 179). Die onttrekkers is dus die sosiaal-onterfdes wat nie kan of wil deel in die belonings van die kompeterende, suksesnastrewende samelewing nie en tegelyk ook wegskram van die frustrasies wat die najaging van die kulturele doelstellings deur middel van die voorgeskrewe sosiale middele teweegbring (Trojanowicz, 1973, p. 34).

#### 7.6.5.2 Ontoeganklikheid

Merton koppel die bestaan van die onttrekkingsreaksie tot anomie ook aan die toeganklikheid al dan nie vir

die individu tot die kulturele doelstellings en sosiale middele. Hy sê: "From the standpoint of its sources in the social structure, this mode of adaptation is most likely to occur when *both* the cultural goals and the institutional practices have been thoroughly assimilated by the individual and imbued with effect and high value, but accessible institutional avenues are not productive of success" (Merton, 1968, p. 207).

So ontstaan daar dan 'n dubbele konflik. Enersyds is die geïnternaliseerde morele verpligtings om die geïnstitusionaliseerde middele te aanvaar in konflik met die druk om eerder gebruik te maak van nie-aanvaarde middele vir doelbereiking. So word die individu afgesluit van dié sosiale middele wat beide effektief en aanvaarbaar is. Merton sê: "It is thus expedient which arises from continued failure to use the ilegitimate route because of internalized prohibitions, *this process occurring while the supreme value of the success-goal has not yet been renounced.* The conflict is resolved by abandoning *both* precipitation elements, the goals and the means. The escape is complete, the conflict is eliminated and the individual is asocialized" (Merton, 1968, p. 207-8). Uit dié opmerking blyk dit duidelik dat Merton oortuig is dat onttrekking 'n persoonlike en individualistiese aanpassingsvorm is tot anomie.

#### 7.6.5.3 Persoonlik-individualistiese aanpassingsvorm

Merton wys dan ook self verder daarop dat onttrekking 'n persoonlike eerder as 'n kollektiewe aanpassingsvorm is (Merton, 1968, p. 209). Dit sluit egter nie die moontlikheid uit dat die onttrekkers hulleself geleidelik en algaande met mekaar sal assosieer nie. Dit kan selfs lei tot die ontstaan van 'n subkultuur ook, maar " ... their adaptations are largely private and isolated rather than unified under the aegis of a new cultural code" (Merton, 1968, p. 209).

Ten opsigte van onttrekking het Dubin geen verandering aangebring in Merton se onderskeidings nie.

Teenoor die meer passivistiese aanpassingsvorm van onttrekking, staan dié van rebellie wat tegelykertyd ook beide die kulturele doelstellings en die sosiale middele verwerp, maar dan met die oog daarop om nuwes in die plek daarvan te stel.

### 7.6.6 Rebellie

#### 7.6.6.1 Omskrywing

Dié aanpassingsvorm word soos volg deur Merton omskryf: "This adaptation leads men outside the environing social structure to envisage and seek to bring into being a new, that is to say, a greatly modified social structure" (Merton, 1968, p. 209).

Juis daarom veronderstel rebellie vervreemding of aliënasie van die bestaande samelewing se dominante kulturele doelstellings en sosiale middele (Trojanowicz, 1973, p. 34). Volgens Merton kan die werking en bestaan van georganiseerde rebelliebewegings in die huidige samelewing gesien word as bewegings wat die kulturele doelstellings van sukses en kompetisie skerp wil verander om meer voorsiening te maak vir 'n beter verhouding tussen meriete, insette en belonings (Merton, 1968, p. 209).

7.6.6.2 Hindernis

Die verduidelikende uiteensetting van Kruger aangaande rebellie kom daarop neer dat rebellie as aanpassingsvorm voorkom wanneer die institusionele sosiale sisteem gesien word as 'n hindernis in die strewe na die verwesenliking van (nuwe) kulturele doelstellings (Kruger, 1972, p. 59; Reid, 1976, p. 180).

Omdat die rebelle egter die kulturele doelstellings ook wil verander, wil hulle aktivistiese houding en dinamiese ingesteldheid ook die sosiale middele verander hê sodat daar nuwe sosiale middele geskep kan word om die nuwe kulturele doelstellings mee te kan bereik. Beide die doelstellings en middele word gesien as hindernisse wat uit die weg moet kom ter wille van die veranderde samelewing wat die rebelle beoog.

## 7.7 Motiveringselemente vir die keuse van aanpassingswyses

### 7.7.1 Interaksiesisteem

#### 7.7.1.1 Voluntarisme

Parsons se besondere bydrae tot die ontwikkeling en vestiging van die anomieteorie kom hoofsaaklik daarop neer dat hy binne die raamwerk van sy voluntaristiese interaksiesisteembenadering probeer het om die belangrikste leemte in Merton se uiteensetting van die aanpassingsvorme op anomie aan te vul. Dit het hy gedoen deur daarop te wys dat daar individuele motiverings bestaan van waarom mense innoveer, ritualiseer, onttrek of rebelleer wanneer anomie ontstaan.

#### 7.7.1.2 Sisteemekwilibrium

Volgens Parsons ontstaan afwykende gedrag wanneer daar 'n versteuring plaasvind van die sisteemekwilibrium wat gehandhaaf word deur die beginsels van inersie, van aksie en reaksie, van inspanning en sisteemintegrasie (Kruger, 1972, p. 73-4). Omdat en vir sover Parsons afwykende gedrag sien as oortredings van die geïnstitusionaliseerde gedragspatrone van 'n sosiale sisteem, neem hy as vertrekpunt van sy bydrae tot die anomieteorie, die individu se houding teenoor die norme wat in 'n bepaalde situasie geld (Kruger, 1972, p. 78).

Binne die raamwerk van dié benadering vind afwykende gedrag dán plaas wanneer die individu òf vervreemd òf

gedwonge navolgend staan teenoor die norme; wanneer hy 'n aktiewe of passiewe gesindheid openbaar in die betrokke maatskaplike situasie en hy sy handelinge primêr rig op die ander persoon of op die norme wat geld in die bepaalde situasie (Kruger, 1972, p. 78). 'n Vollediger uiteensetting is nodig ten einde Parsons se bydrae tot die anomieteorie te kan waardeer.

### 7.7.2 Konformerende of vervreemdende motiverings

#### 7.7.2.1 Normabivalensie

Kruger verduidelik die eerste motiveringselement wat Parsons onderskei soos volg: "Parsons se beskouing is dat daar by mense dikwels 'n ambivalensie ten opsigte van norme ontstaan, naamlik òf streng volgens die norm te handel sonder 'n verdere perspektief, òf om waar nodig die norm meer rekbaar toe te pas. Een van hierdie twee neigings kan oorheers in die ambivalensie, sodat gevolglik onderskei kan word tussen gedwonge konformiteit en gedwonge vervreemding" (Kruger, 1972, p. 81).

#### 7.7.2.2 Oorheersend konformerend

Parsons vergelyk sy eie konsepsie van gedwonge konformerende reaksies ten opsigte van anomie met die opvatting van Merton ten opsigte van innovasie en ritualisme. Dit sal afhang of die akteur 'n aktiewe of passiewe gesindheid openbaar soos dit dan tot openbaring

kom in perfeksionistiese of onderworpenheidsgedrag (Parsons, 1952, p. 258; Kruger, 1972, p. 81).

7.7.2.3 Oorheersend vervreemdend

Merton se beskouing van rebellie en onttrekking kom weer ooreen met Parsons se opvatting van oorheersend vervreemdende reaksies - afhangende daarvan of die akteur 'n aggressief-uitdagende houding het in die geval van 'n aktiewe gesindheid en of hy eerder by gedwonge onafhanklikheid en ontwyking aansluiting vind in die geval van 'n passiewe gesindheid (Kruger, 1972, p. 81).

7.7.3 Aktiewe of passiewe motiverings

7.7.3.1 Aktief

Beide die aktiewe en die passiewe gedragsmotiverings word deur Parsons as afwykend getipeer. Hy sê gedrag is aktief konformerend wanneer oorheersing en afdwinging van die norme plaasvind. Dan is die akteur se handelinge hoofsaaklik gerig op die ander persoon in die situasie of bloot op die afdwing van die norme daarin (Kruger, 1972, p. 82).

Indien die gedragsmotivering tot aanpassing by anomie egter vervreemdend is en die gesindheid steeds aktief, word die handeling weerspieël in byvoorbeeld aggressiewe gedrag as dit hoofsaaklik gerig is op die ander persoon en daar vind uitdagende normoortredinge plaas

as dit primêr gerig is op die norme (Kruger, 1972, p. 82).

#### 7.7.3.2 Passief

Wanneer gedrag egter passief konformerend is, manifesteer dit in gedrag soos onderworpenheid as die handelinge gerig is op ander persone en in perfeksionisme as dit gerig is op die norme. Dit is passief konformerend wanneer gedwonge onafhanklikheid voorkom. As die handelinge gerig is op die norme en ontwyking daarvan vind plaas, is dit ook 'n uiting van 'n passiewe gesindheid as vervreemdende motiveringselement van handeling (Kruger, 1972, p. 82).

### 7.7.4 Normatiewe of persoonsgerigte motiverings

Hoewel Parsons afwykende gedrag sien as normoortredings, erken hy dat mense in hul oortredings van die norme ook gemotiveer word om dit te doen as reaksies op ander mense (Kruger, 1972, p. 84). Indien die akteur 'n aktiewe houding het in sy reaksie op ander persone, probeer hy om die ander persoon teenoor wie hy reageer in só 'n posisie stel dat hy nie anders kan as om aan sy verwagtinge te voldoen nie. Wanneer hy egter hoofsaaklik vervreemdend reageer, voel hy hom nie meer afhanklik van sy medemens vir sy persoonlike behoeftebevrediging nie. Dan veroorsaak 'n aktiewe gesindheid aggressiewe, geveguitlokkende handelinge en 'n passiewe gesindheid weer die vermyding van strydige

verwagtings sodat die verhoudings totaal verbreek word (Kruger, 1972, p. 84).

7.7.4.2 Normgerig

Wanneer die persoon sy handelinge direk rig op die norme en die konformerende element in sy motivering is oorheersend, sal 'n aktiewe gesindheid uitloop op die afdwing van die norme op ander mense. Indien die oriëntasie egter passief is met die klem op konformering, word perfeksionistiese gedragsvorme gerealiseer (Kruger, 1972, p. 86). Wanneer die vervreemdende element in die handelinge soos gerig op die norme oorheersend is, vind distansiëring van die norme plaas. Wanneer die gesindheid egter aktief is, vind die distansiëring plaas in opstand teen die norme (Kruger, 1972, p. 86). Is daar egter 'n passiewe gesindheid teenwoordig, sal die individu probeer om konformering aan die norme te ontwyk deur die betrokke situasies waarin hy dit moet uitleef, te ontduik.

Benewens Parsons se bydrae, moet ook melding gemaak word van die besondere bydrae van R.A. Cloward tot die beter verstaan van anomie. Hy het naamlik 'n verbinding uitgewerk tussen die anomieteorie en die differensiële assosiasieteorie, sodat ook voorsiening gemaak kan word in die anomieteorie vir die subkulturele bestaan van misdaad.

### 7.7.5 Ongeoorloofde middele

#### 7.7.5.1 Gedifferensieerde toeganklikheid

Die opvatting van die gedifferensieerde toeganklikheid ten opsigte van die ongeoorloofde middele van doelbereiking, is in die anomieteorie ingebou deur R.A. Cloward toe hy 'n verbinding geslaan het tussen die anomieteorie en sekere elemente van die differensiële assosiasieteorie.

Wanneer na Merton se opvatting van innovasie gekyk word, is dit duidelik dat hy meen wanneer iemand nie die kulturele doelstellings met die aanwending van die geoorloofde middele kan bereik nie, dan beskik hy oor 'n keuse van alle beskikbare ongeoorloofde middele aangesien Merton meen dat al dié middele vir hom toeganklik en effektief is (Kruger, 1972, p. 112). Kruger voeg hierby: "Hierteenoor stel Cloward dit dat afgesien van die rol van waardes en die posisie van die individu in die maatskaplike sisteem, hierdie ongeoorloofde middele waarvan gebruik gemaak word, beskik oor die eienskappe van gedifferensieerde toeganklikheid" (Kruger, 1972, p. 112).

Cloward meen dus ons moet aanvaar dat die toeganklikheid van die ongeoorloofde middele op dieselfde wyse beperk is as wat die toeganklikheid tot die geoorloofde middele beperk is (Kruger, 1972, p. 113). Dié toeganklikheid van die ongeoorloofde middele is net so relevant tot die posisie wat hy beklee in die maatskap-

like sisteem as wat dit die geval is met die toeganklikheid van die geoorloofde middele. Vir die toeganklikheid tot die ongeoorloofde middele stel Cloward dan die vereiste van die bestaan van die aanleerstrukture en die geleentheidstrukture.

### 7.7.5.2 Aanleerstrukture

In aansluiting by die uitgangspunt van die differensiële assosiasieteorie pas Cloward veral die konsep van die aanleerstrukture toe op misdaad as vorm van afwykende gedrag (Kruger, 1972, p. 113). Dit veronderstel dat die inhoud van dít wat aangeleer word in assosiasie met kriminele gedrag, verskil van dít wat aangeleer word in assosiasie met konformerende gedrag - en juis dít sou dan die oorsaak wees van misdadige gedrag. Kortweg kom dié gedagte daarop neer dat misdaad nie kan bestaan indien daar nie 'n struktuur bestaan waarbinne dit aangeleer kan word nie, by name dan 'n afwykende subkultuur. Dit veronderstel ook weer dat die toeganklikheid van die ongeoorloofde middele beperk word tot die geledere van die aanleerstruktuur of afwykende subkultuur.

### 7.7.5.3 Geleentheidstruktuur

"Die geleentheidstruktuur moet gesien word as 'n struktuur waarbinne die individu deur wie die spesifieke gedragspatroon reeds aangeleer is, geleenthede gebied word om die aangeleerde gedragspatroon te realiseer"

(Kruger, 1972, p. 114). Dit kom daarop neer dat, hoewel 'n mens byvoorbeeld voldoen aan al die vereistes vir beroepsukses, daar nogtans baie ander faktore is wat sal bepaal of jy wel daarin sal slaag binne die kompeterende wêreld. Dieselfde geld vir misdaad: daar moet 'n geleentheids- of subkultuur bestaan waarbinne die misdadige gedrag as goeie gedrag beskou word voordat mense hulle daarmee sal kan vereenselwig.

### 7.7.5.4 Dubbele mislukking

Kruger verduidelik Cloward se opvatting van dubbele mislukking, waarmee hy (Cloward) 'n beter uiteensetting van die proses van onttrekking gee, soos volg: "Uit Merton se beskrywing van die proses van onttrekking is dit duidelik dat die onttrekker gekenmerk word deur 'n interne dwangmatigheid om byvoorbeeld by die ontoeganklikheid van geoorloofde middele tog nie van ongeoorloofde middele gebruik te maak nie. Hierdie dwangmatigheid is in terme van Merton se beskouing die beslissende element wat lei tot onttrekking as aanpassingsvorm, want sou hierdie element nie aanwesig wees nie, sou die proses van onttrekking soos Merton dit omskryf, uitloop op innovasie ... Die opvatting van toeganklikheid tot middele impliseer egter dat hierdie interne dwangmatigheid nie noodwendig aanwesig hoef te wees nie, met ander woorde dat onttrekking wel moontlik is selfs in die afwesigheid van die geïnternaliseerde verbod op die aanwending van ongeoorloofde middele ..." (Kruger, 1972, p. 118-9). Wanneer dié ongeoorloofde

middele dan ook ontoeganklik is, sal sy pogings tot innovasie nie slaag nie en weens dié dubbele mislukking, sal sy ontvlugtingsmeganisme des te afwykender wees en sal onttrekking ontstaan (Kruger, 1972, p. 119).

Teen die agtergrond van dié uiteensetting van die kernelemente van die anomieteorie in sy huidige vorm, kan nou oorgegaan word tot die bespreking van die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan aan die hand van die opvatting dat misdaad bestaan in die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

## 7.8 Misdaadverklaringsmoontlikhede

### 7.8.1 Inleiding

Wanneer die misdaadverklaringsmoontlikhede van die anomieteorie ontleed word, moet aandag gegee word aan die moontlike verhouding en verband wat bestaan tussen die anomietoestand self, die reaksiewyses op die toestand, die motiveringselemente in die keuse van 'n reaksiewyse op die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge en ook na die moontlike rol wat dubbele mislukking, aanleer- en geleentheidstrukture kan speel.

### 7.8.2 Disekwilibrium

Waar daar 'n disekwilibrium is tussen die kulturele doelstellings en die sosiale middele waarmee dié doel-

stellings bereik kan word, bestaan die toestand van anomie.

Só 'n toestand kan skynbaar met die eerste oogopslag wel in oorsaaklikverklarende verband aangewend word ten opsigte van misdaadverklaring in die sin van die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Die feit dat die kulturele doelstellings en die daarmee ooreenstemmende sosiale middele ook en telkens van kultuur tot kultuur en van tyd tot tyd sal verskil in die verskillende sosiale strata, afhangende van die betrokke sosiale subsisteme ter sake, kan die aanvanklike misdaadverklaringsmoontlikhede van die anomietoestand onduidelik laat voorkom.

7.8.3 Gedifferensieerdheid

By nadere ondersoek blyk dit tog dat met reg beweer kan word dat, wanneer daar enigsins 'n disekwilibrium bestaan tussen byvoorbeeld die interpersoonlike kulturele doelstellings en die interpersoonlike sosiale middele, wel misdaad in die sin van die skending van dié fundamentele maatskaplike verhoudinge veroorsaak (kan) word. Dit moet egter dan ook onmiddellik hier bygevoeg word dat die gedifferensieerdheid van die kulturele doelstellings altyd in dié verband verdiskonteer sal moet word voordat van misdaadveroorsaking gepraat sal kan word, en dit is iets wat Merton en sy volgelinge skynbaar nie doen nie.

Merton skryf immers in terme van die anomieteorie net oor *ekonomiese* kulturele doelstellings en die daarmee ooreenstemmende sosiale middele. Daarmee verreken hy nie die bestaan van die ander fundamentele maatskaplike verhoudinge in terme waarvan telkens van mekaar verskillende kulturele doelstellings en sosiale middele onderskei moet word nie. Dit is immers so dat die ekonomiese kulturele doelstellings heeltemal sal verskil van die seksuele kulturele doelstellings (waardeafwegende besparing teenoor lewe) en dat die middele tot die bereiking van dié doelstellings dus ook dramaties anders sal vertoon.

Dit is dan duidelik dat daar op elk van die vlakke van die fundamentele maatskaplike verhoudinge kulturele doelstellings en sosiale middele onderskei moet word indien die gedifferensieerdheid en Godgeskape verskeidenheid van die menslike samelewing en kultuur erken wil word - iets wat gedoen moet word as alle moontlike gegewens betrek word by die wetenskaplike ondersoeke daarvan.

### 7.8.4 Stimulus

Waar daar 'n wanbalans bestaan tussen die kulturele doelstellings en die sosiale middele ten opsigte van enige van die betrokke fundamentele maatskaplike verhoudings, sal dit veroorsaak dat daar onsekerhede ontstaan oor die betrokke doelstellings en ook oor die sosiale middele waarmee dit bereik kan word. Dit sti-

muleer verhoudingskendings op alle vlakke.

### 7.8.5 Suksesvol

Die innovatiewe aanpassingsvorm ten opsigte van die anomietoestand kom daarop neer dat die kulturele doelstellings nog aanvaar en hooggeag word, maar dat die sosiale middele ter bereiking daarvan nie meer aanvaar word nie, of nie meer toeganklik is vir die akteur nie.

Merton het dié aanpassingsvorm eksplisiet gebruik om misdaad mee te verklaar (Merton, 1968, p. 195). Dit kan dan ook suksesvol gebruik word om die skending van al die fundamentele maatskaplike verhoudinge te verklaar.

Dit is immers sosiologies gesien voor-die-hand-liggend dat, wanneer daar onsekerheid bestaan oor die kulturele doelstellings, (hetsy dit dan seksuele, ekonomiese of sosiale is) hoewel die akteur dit aanvaar, en hy weier om die sosiale middele wat voorgeskryf is vir die verwesentliking daarvan te aanvaar, misdaad sal voorkom. Dit kan nie anders as om juis misdaad te konstitueer nie.

Merton gebruik self deurgaans veral die voorbeeld van die ekonomiese suksesdoelstelling as kulturele doelstelling, wat die dominante in die Amerikaanse kultuur is, om te wys hoe innovasie misdaad kan verklaar. Om die ekonomiese suksesdoelstelling suksesvol te kan be-

reik, word byvoorbeeld deur die sosiale middele voorgeskryf dat mense hard moet werk, spaar en kompeteer. Hulle aanvaar die ekonomiese suksesdoelstelling, maar kan of wil nie hard werk, spaar of kompeteer nie en gebruik dan eerder die nie-aanvaarde sosiale middele soos diefstal en afpersing om nogtans daardie ekonomiese suksesdoelstelling suksesvol te kan bereik.

Op dieselfde wyse sou 'n mens byvoorbeeld ook seksuele verhoudingskendings soos prostitusie en verkragting kan verklaar in terme van anomiese innovasie. Die seksuele kulturele doelstelling is byvoorbeeld dat volwasse mense seksuele bevrediging mag verkry en die aanvaarde sosiale middele daarvoor, is die sluiting en onderhouding van 'n monogame huwelik. By die seksuele oortreder word die doelstelling van tevredestelling dan nog wel nagevolg, maar hulle kan of wil nie die monogame huweliksvorm aanvaar en of onderhou as die middele waardeur die kultureel-voorgeskrewe seksuele doelstelling bereik mag word nie en verval dan eerder in prostitusie of verkragting as middele tot doelbereiking.

Sulke voorbeelde van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die innovasie aanpassingsvorm tot anomie sou vermenigvuldig kon word op die vlak van elke fundamentele maatskaplike verhouding. Daarom sou 'n mens dit kategories kon stel dat, wanneer mense die voorgeskrewe kulturele doelstellings aanvaar, maar nie die voorgeskrewe sosiale middele nie, daar skending verwag kan word van al die fundamentele maatskaplike

verhoudinge ten opsigte waarvan dié situasie geld by 'n betrokke individu.

### 7.8.6 Hiperkonformisme

Met die ritualistiese aanpassingsvorm tot die toestand van anomie, verander die prentjie sodanig dat die individu nie meer die kulturele doelstellings aanvaar nie, maar tog nog vashou aan die sosiale middele. Hulle is dus oorkonformiste wat deur middel van hiperkonformisme wegskram van die verhoogde verantwoordelikheid wat saamgaan met die aanvaarding van die hoë kulturele doelstellings op al die vlakke van die fundamentele maatskaplike verhoudinge. Daarom verlaag hulle hulle waardering van die kulturele doelstellings en leef puriteins-getrou volgens die voorgeskrewe sosiale middele.

Weens die feit dat die ritualiste oorkonformiste is, sou 'n mens verwag dat hulle eintlik nie in misdaad sal kan verval nie; hulle lewe immers juis baie wetsgetrou volgens die voorgeskrewe norme waarbinne die kulturele doelstellings bereik kan word, hoewel hulle skynbaar nie geïnteresseerd is in die doelbereiking self nie. Ritualisme lyk dus baie na 'n alternatiewe konformerende aanpassingsvorm, eerder as nog 'n afwykende aanpassingsvorm. Juis die feit dat die ritualis homself so streng hou aan die nakoming en uitlewing van die voorgeskrewe sosiale middele, sal teweegbring dat die ritualis nie in verhoudingskendende gedrag sal

verval nie. Sy oorkonformering lei tot die beskerming van die fundamentele maatskaplike verhoudinge in sy eie lewe. Ritualisme as reaksievorm op anomie skyn dus onsuksesvol te wees in die verklaring van afwykende gedrag en misdaad in die sin van die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

Nogtans meen Merton dat ritualisme wel ook 'n vorm is van afwykende aanpassing tot anomie vir sover dié mense hulle soort van onttrek aan die kulturele doelstellings en 'n geroetineerde-genormeerde lewe lei. Dit bewerk en bevorder nie kulturele bloei nie en daarom meen Merton volg die afwykende gedrag.

Die argument bly egter staan dat in dié aanpassingsvorm geen van die fundamentele maatskaplike verhoudinge geskend word nie, maar eerder gepreserveer en bewarend bevestig word en daarom lyk dit nie of ritualisme misdaadverklarend aangewend kan word nie; dit gaan om die spreekwoordelike begrawe eerder as om die afwykende misbruik van die talente.

### 7.8.7 Twyfelagtig

Onttrekking bestaan daaruit dat die individu hom aan beide die kulturele doelstellings en die sosiale middele onttrek sonder dat hy iets anders in die plek van òf die doelstellings òf die middele wil stel. Die misdaadverklaringsmoontlikhede van dié aanpassingsvorm is twyfelagtig.

Die twyfelagtigheid van onttrekking as misdaadverklarend word ondersteun deur die feit dat dit aan die een kant 'n passiewe houding impliseer en aan die ander kant weer dat al die fundamentele maatskaplike verhoudinge daardeur geskend kan word in die sin dat aan dié verhoudinge geen bestaansreg gegun word deur die onttrekkende akteur nie.

Dit lyk egter asof onttrekking aan die kulturele doelstellings en die sosiale middele van die fundamentele verhoudinge in sekere gevalle misdaadverklarend aangewend kan word. So sal byvoorbeeld aangetoon kan word dat familiale verhoudingskendings gerealiseer sal word wanneer byvoorbeeld die vader hom sou onttrek aan die gesinsdoelstellings. Dan sal kinderverwaarlosing en huweliksontbinding verwag kan word. Hierteenoor sou die onttrekking aan politieke en kulturele doelstellings nie lei tot terrorisme nie, maar bloot tot miskien politieke onbetrokkenheid. Ook sal die blote onttrekking aan byvoorbeeld seksuele doelstellings en seksuele middele nie lei tot prostitusie en verkragting nie.

Dit lyk asof onttrekking net misdaadverklarend aangewend kan word ten opsigte van die interpersoonlike en familiale misdade en nie ten opsigte van die ander nie en dit is so omdat ons by onttrekking met 'n hoofsaaklik passiewe aanpassingsvorm tot die anomietoestand te make het. Dieselfde geld ook ten opsigte van die dubbele-mislukking-verduideliking van onttrekking in Cloward se terme.

### 7.8.8 Totalisering

Rebellie sou 'n mens byna in Parsons se terme kon omskryf as die aktiewe reaksiewyse in terme van onttrekking. Hierin word nuwe doelstellings en middele gestel teenoor dié wat verwerp word en waaraan die akteur homself onttrek. Onttrekking sou dus as die passivistiese en rebellie as die aktivistiese kante van dieselfde munt gesien kon word.

Met rebellie het ons met 'n sprong vanaf die bloot funksionele vlak na die struktuurfunksionele vlak te make in misdaadverklaring. Al die vorige aanpassingswyses tot anomie het hoofsaaklik klem gelê op die funksies binne die maatskaplike sisteem, maar rebellie wil ook die struktuur daarby betrek. Die geïdentifiseerde fundamentele maatskaplike verhoudinge konstrueer immers die maatskaplike ordeningstruktuur van die menslike samelewing. Rebellie is nou ook nie tevrede met die bestaande struktuur (kulturele doelstellings) van die samelewing nie en verklaar daarom ook die funksies (sosiale middele) as ongeldig; 'n hele nuwe orde moet gerealiseer word. Dit sou byna kon deurgaan as totale misdaad, tensy die bestaande samelewing natuurlik in sy struktuur en funksies buitendien foutief is.

### 7.8.9 Onwaarskynlik

Wat die oorheersend konformerende motiverings in die Parsoniaanse uiteensetting van die motiveringselemente betref, moet ten opsigte van die misdaadverklaringsmoont-

likhede daarvan, daarop gelet word dat Parsons dit self vergelyk met Merton se innovasie en ritualisme (Parsons, 1952, p. 258). Dit is dus hieruit duidelik dat Parsons hiermee veral die aandag vestig op die konformerende elemente van innovatiewe gedrag, naamlik dat innovasie ook regstellend aangewend kan en moet word wanneer vasgestel word dat die middele vir doelbereiking nog altyd foutief was. Dit dui op die perfeksionistiese gedragsvorme.

Hierteenoor staan die onderworpenheidsgedragsvorme wat eerder weer korrespondeer met die ritualistiese aanpassingsvorme soos deur Merton onderskei.

In beide gevalle lyk dit onwaarskynlik dat die motiveringselemente daartoe sal lei dat mense in misdaad sal verval, want in die een geval konsentreer hulle perfeksionisties op die doelstellings en die middele en in die ander geval onderwerp hulle hulle weer onvoorwaardelik daaraan.

Die oorheersend konformerende en oorheersend vervreemdende gedragsmotiverings kan dus nie misdaadverklarend aangewend word nie, omdat dit eerder verwys na motiverings tot konformerende gedrag soos blyk uit die verbindings daarvan met innovasie en ritualisme.

### 7.8.10 Vervreemding

Beide die aktiewe en passiewe gedragsmotiverings word deur Parsons as afwykend getipeer. Tog is dit nie dui-

delik hoe aktief konformerende en passief konformerende motiverings misdaadverklarend aangewend kan word nie, want dié motiverings dui telkens 'n konformeringswyse tot die kulturele doelstellings en sosiale middele aan.

Die aktief-passief vervreemdende motiverings kan wel misdaadverklarend aangewend word, omdat ons dan daarin te make het met vervreemding van die kulturele doelstellings en die sosiale middele. Die aggressiewe gedrag en normatiewe oortredings wat gepaard gaan met aktiewe vervreemdende gesindhede kan duidelik seksuele, familiale, ekonomiese en ander misdaadsoorte verklaar in die sin van verhoudingskendings. Ook die passief vervreemdende motiverings kan dié misdaadsoorte verklaar. Die vergelykende ooreenkoms met dié gedragsmotiverings en met rebellie en onttrekking van Merton, word dan ook in dié opsig duideliker.

### 7.8.11 Konformering en misdaad

Dit is skynbaar ondebatteerbaar dat, wanneer handelinge gerig is op die norme met 'n aktiewe of passiewe gesindheid soos gekoppel aan vervreemdende motiverings, dit misdaadverklarend aangewend kan word. Dit geld egter nie wanneer normatief-gerigte handelinge gekoppel word aan oorheersende konformerende gedragsmotiverings nie, want dit realiseer juis geïntegreerde konformering.

Dieselfde argumentering geld ten opsigte van persoons-

gerigte gedragsmotiverings. Dit wil sê wanneer gedrag gerig word op ander persone en die motivering is hoofsaaklik vervreemdend gekoppel aan passiewe of aktiewe gesindhede, kan die misdaadverklaringsmoontlikhede in die terme van die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge wel gehandhaaf word, maar nie wanneer die motivering oorheersend konformerend is nie.

### 7.8.12 Noodsaaklik en verduidelikend

Die onderskeiding van die aanleer- en die geleentheidstrukture waarin die kriminele gedragsmotiverings aangeleer, ondersteun en waardeer word, was 'n noodsaaklike toevoeging tot die anomieteorie deur Cloward. Wat die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan betref, is dit voor-die-hand-liggend om positief daarop te reageer. Veral in sosiologiese sin is dit belangrik om daarop te let dat ons in dié onderskeidings juis hierin die hart raakloop van sosiologiese besinning oor kriminele gedrag, naamlik dat misdadige gedrag juis in en uit die sosiale sisteem ontstaan, want sonder dié twee strukture sou mense sosiologies gesien, nie in misdaad kon verval nie.

Teen die agtergrond van die bespreekte misdaadverklaringsmoontlikhede van die anomieteorie, kan nou 'n waardering gemaak word van die teorie as geheel binne die raamwerk van die sosiologiese beskouing oor misdaad.

## 7.9 Evaluering

### 7.9.1 Kwaadwilligheid

Reid (1976, p. 180) sê: "It has been argued that Merton's theory of anomie does not explain the nonutilitarian element of much juvenile delinquency, which appears to be engaged in for fun and not in order to meet specific goals of the society. It has also been argued that the theory does not explain the destructive nature of some delinquent and criminal acts, that it does not explain crime in societies that do not advocate that 'esteem goals' are available to everyone, and that it has not been empirically tested".

### 7.9.2 Genoegsame toegang

Verder is Reid (1976, p. 180) ook die mening toegedaan dat Merton se opvatting van innovasie bevraagteken kan word omdat kriminele innovasie ook teenwoordig is in die middel en hoë klasse van wie gesê kan word dat hulle wel genoegsame toegang tot geleenthede van konformerende gedrag het.

### 7.9.3 Oppervlakkig

Volgens Reid (1976, p. 180) het Merton ook selfkritiek toegepas deur daarop te wys dat hy rebellie net oppervlakkig ontleed het en dat sy weergawe van anomie nie sosiaal-psigologiese veranderlikes in ag neem wat die keuses van sy aanpassing tot anomie beïnvloed nie.

### 7.9.4 Sosiologisties

Merton se benadering tot afwyking lê klem op die posisie wat die individu binne die sosiale struktuur beklee, sonder dat hy ook aandag gee aan die persoonlikheidseienskappe van die individu (Kruger, 1972, p. 68). Hierin verlei sy sosiologiese benadering hom uiteindelik daartoe dat hy die mens se individualiteit laat verdwerg binne die sosiale struktuur sodat die sosiokulturele werklikheid vir hom die enigste verklaring vir afwykende gedrag is en dit is 'n sosiologistiese benadering (Kruger, 1972, p. 68).

### 7.9.5 Onbenoemde determinante

Dit is ook duidelik uit Merton se uiteensetting van die afwykende aanpassingswyses tot die anomietoestand dat hy nie 'n duidelike uiteensetting gee van die determinante wat lei tot spesifieke aanpassingswyses nie (Kruger, 1972, p. 68). Die naaste wat hy wel hieraan kom, is om te verklaar dat die kompeterende, materiële-sukses-najagende Amerikaanse kultuurpatroon, die dominante kultuurpatroon en dan ook die hoofmotiveringselement van menslike gedrag in die Amerikaanse samelewing skyn te wees. In 'n sekere sin kon Merton dit egter ook nie doen nie, omdat in die geval van anomie alle individue in dié toestand wel gekonfronteer word met dieselfde situasie, en sou elkeen beskik oor dieselfde potensiaal, kan hierdie determinante wat lei tot verskillende aanpassingswyses, nie in die sosiale struktuur gesoek word nie. Dit moet eerder in

die persoonlikheidstruktuur gesoek word (Kruger, 1972, p. 68). En dít doen Merton nie, vanweë sy sosiologistiese benadering tot afwykende gedrag.

### 7.9.6 Statusverwerwing

Die strewe na materiële sukses, wat ten nouste saamhang met statusverwerwing binne die prestige-sisteem van 'n gemeenskap, kan egter ook net handelingsmotiverend aangewend word in die gemeenskappe waarin verwerwing van statusse die enigste vorm van statusbereiking is (Kruger, 1972, p. 69). Dit sou nie van toepassing gemaak kan word op dié gemeenskapstipes waarin status hoofsaaklik toegeskrewe is nie.

### 7.9.7 Frustrering van doelbereiking

'n Belangrike bydrae wat Merton gelewer het tot die beter verstaan van afwykende gedrag lê in die idee dat afwykings ontstaan weens frustrering van die individu se doelbereiking (Kruger, 1972, p. 67). Verder het hy ook die aandag daarop gevestig dat afwykende gedrag nie sonder meer in terme van persoonlikheidsafwykings alleen verklaar kan word nie (Kruger, 1972, p. 67-8). Hy wys duidelik op die bronne van spanning wat in die sosiale en kulturele strukture lei tot ambivalensie by die individu.

### 7.9.8 Sosiaal-sielkundig

Parsons se uiteensetting van anomie wil juis kompenseer vir dié sosiologistiese benadering van Merton deurdat hy van mening is dat dit juis psigiese faktore is wat die dryfkragte in die maatskaplike lewe is (Kruger, 1972, p. 94). In dié sin is Parsons se uiteensetting van reaksies op anomie as 'n sosiaal-sielkundige verskynsel, omvattender as dié van Merton.

Merton bly juis in gebreke om te wys op die rol van die interaksiesisteem in die motivering van gedrag, terwyl Parsons weer hieraan 'n sentrale betekenis in sy benadering gee en verduidelik hy dat afwykende gedrag net so deel is van die interaksiesisteem as wat dit die geval is met konformerende gedrag (Kruger, 1972, p. 96). So sien Parsons dan afwykende gedrag as die uiteindelike resultaat van die konflik wat tussen die persoon se doelstellings en middele aanwesig is as uitvloeisel van 'n proses en nie van 'n plotselinge, enkelvoudige gebeurtenis nie (Kruger, 1972, p. 96).

### 7.9.9 Drukuitoefening

Die opvattings van Cloward ten opsigte van die differensiële toeganklikheid tot ongeoorloofde norme, gee 'n beter verduideliking ten opsigte van dié feit dat sosiale strukture druk uitoefen op mense om afwykende gedrag te pleeg (Kruger, 1972, p. 120). Terselfdertyd is hy ook volgens Kruger (1972, p. 120) nader aan die kol betreffende die posisie van die individu

binne die sosiale struktuur in die veroorsaking van afwykende gedrag. Sy kombinering van die anomieteorie met die differensiële assosiasieteorie se kenmerke, lei tot die daarstelling van 'n duideliker verklaring van afwykende gedrag (Kruger, 1972, p. 121).

## 7.10 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die anomieteorie

### 7.10.1 Kenmerke

Die kenmerke van die anomieteorie kan, hoewel daar in hierdie ondersoek tien veranderlikes geïsoleer is, gereduseer word tot die hoofkomponente van die kulturele doelstellings, die sosiale middele, die persoonlike motiveringselemente en die aanleer- en geleentheidstrukture. Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word binne die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie:

*Diagram* 8 Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die anomieteorie[1)]

| STRUKTUURKOMPONENTE (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENTE (BESTAAN) |
|---|---|
| WAARDES (Gewenste gedrag) (*Kulturele doelstelling*)<br>NORME (Konkrete gedragsreëls) (*Sosiale middele*)<br>ROLLE (Persoonlike motiversings-elemente) (*Individuele inkleuring*)<br>SUBGROEPE (Onderdele van groter groepe) (*Aanleer- en geleentheid-strukture*) | AANPASSING (In gemeenskap)<br>INTEGRASIE (Na-binne ooreenkoms)<br>PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone)<br>DOELBEREIKING (Kwalifiserings-element) |
| SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN) | STABILISERINGSKOMPONENT (VOORTBESTAAN) |
| INTERAKSIE (Tussen persone)<br>WISSELWERKING (Tussen groepe)<br>INTERNALISERING (Eie-making)<br>INSTITUSIONALISERING (Instel-lings) | DIFFERENSIASIE (Verskille in komponente)<br>SEGMENTASIE (Verskeie eendershede)<br>SPESIFIKASIE (Besondere andershede)<br>INERSIE (Geen verandering) |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

### 7.10.2 Verklaring van die diagram

Volgens die uiteensetting van Merton, dui die wanbalans tussen die doelstellings en die sosiale middele dus eintlik op sodanige toestand wat bestaan tussen die waardes en die norme van die sosiale sisteem, dit wil sê daar is nie kontinuïteit tussen hulle nie. Verder dui die bydrae van Parsons, naamlik die onderskeiding van die persoonlike motiveringselemente, duidelik op die rolle van die akteur in terme van sy persoonlike inkleuring en gebruik van die sosiale middele (norme) om die kulturele doelstellings te bereik (die waardes). Die onderskeiding van Cloward aangaande die aanleer- en geleentheidstrukture waarbinne al die voorgenoemde prosesse plaasvind, wys duidelik op die subgroepe as die onderdele van die instellings waarbinne die misdadige gedrag gestruktureer word.

### 7.10.3 Strukturele komponente van die sosiale sisteem

Wanneer dié kenmerke van die anomieteorie ingepas word in die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie as die evalueringskriterium, blyk dit dat dit hoofsaaklik tuisgebring kan word onder die *struktuurelemente* van die sosiale sisteem vir sover as wat die struktuurkomponente veral voorsiening maak vir die erkenning van waardes, norme, rolle en subgroepe.

### 7.10.4 Definiëring van misdaad

Binne die voorgestelde raamwerk van evaluering blyk dit dus dat die misdaadverklaringsmoontlikhede van die anomieteorie hoofsaaklik beperk is tot die *definiëring* van misdadige gedrag.

## 7.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die misdaadverklaringsmoontlikhede van die kenmerke van die anomieteorie beredeneer in terme van die ontwerpte sosiologiese evalueringskriterium. Dit blyk duidelik dat die anomieteorie slegs beperkte misdaadverklaringsmoontlikhede het in terme van die skending van al die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

Daar is bevind dat die anomieteorie ekonomistiese eensydighede ingebou het, dat dit sosiologisties is en nie genoegsame aandag gee aan die rol van verwerwing in die aanleer van gedragsrigting nie. Nietemin is dit 'n tipies sosiologiese teorie vir sover dit gebaseer is op die wanbalans wat kan bestaan tussen die kulturele doelstellings en die sosiale middele en alles wat daarmee gepaard gaan.

Vervolgens word die delinkwente subkultuurteorie aangebied.

# HOOFSTUK 8

## DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE DELINKWENTE SUBKULTUURTEORIE VIR MISDAADVERKLARING

### 8.1 Inleiding

In dié hoofstuk sal gepoog word om die misdaadverklaringsmoontlikhede van die delinkwente subkultuurteorie te ondersoek binne die raamwerk van misdaad as die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge in samelewingsordeninge.

### 8.2 Ontstaansagtergrond

#### 8.2.1 Begripsontwikkeling

##### 8.2.1.1 Kultuur

Sosiale denkers, antropoloë en sosioloë het lank reeds agtergekom dat daar in die samelewing van mense nie alle dinge toegelaat word nie. Hulle het vasgestel dat gestandaardiseerde gedrag 'n produk is van die saamlewe van mense en dat dit 'n vereiste is vir ordelike saamlewe in groepe (Nettler, 1974, p. 141). Dit dui op die konstruering van kultuurgoedere en kultuurpatrone as gedragspatrone (Van Dijk, s.j., p. 69).

Die sosiologiese konsep van kultuur verwys na die aanvaarde gedragstandaarde soos dit waarneembaar is

in woorde, idees, dade en aangeleerde en oorgedraagde optrede van geslag tot geslag; wat ons is en het as lede met kultuurerfenis van ons samelewing, dit wil sê soos dit duursaam voortbestaan (Nettler, 1974, p. 141; Roode, 1974, p. 51; Bierstedt, 1970, p. 123; Cuber, 1968, p. 76). Dit hoef egter nie noodwendig te beteken dat sódanige kultuurgoedere verfynd en beskaafd is nie. Dit beteken eerder dat dié gedragspatrone duursaam is.

8.2.1.2 Subkultuur

Sosiale (vak)wetenskaplikes het die begrip subkultuur ontwikkel om variasies op die dominante kultuurpatrone van 'n betrokke samelewing te beskryf. In sulke omstandighede word dan veronderstel dat sommige kulturele proposisies geld vir al die lede van dié betrokke samelewing, maar dat modifikasies en variasies tog ook daarbinne kan voorkom (Nettler, 1974, p. 141). Dit kom daarop neer dat beide die begrippe kultuur en subkultuur die konnotasie dra dat hulle relatief duursaam is. Die kultuur se norme het met duursaamheid en die subkultuur met kortstondigheid te make (Nettler, 1974, p. 141-2).

Sedert 1955 toe Cohen die eerste keer die begrip subkultuur in verhouding tot sekere vorme van jeugmisdaad gebruik het, het die begrip delinkwente subkultuur ingebed geraak in die woordeskat van die misdaadsosiologie en kriminologie (Downes, 1966, p. 1). In dié verband omskryf Short (1968, p. 11) subkultuur as aanvaarde, gewaardeerde en genormeerde gedragspatrone wat

tradisioneel geword het onder sekere groepe. Die subkultuurvorming kan verskillende soorte groepe of subsisteme insluit van verskillende beroepe, etniese groepe, sosiale klasse, geslote instellings en ook van verskillende ouderdomsgroepe (Short, 1968, p. 11).

#### 8.2.1.3 Delinkwente subkultuur

Onder die delinkwente subkultuur verstaan Cohen 'n lewenstyl wat op een of ander wyse in die Amerikaanse samelewing tradisioneel geword het onder seunsbendes van die werkersklasseuns. Dit kom veral voor in die groter stede se misdaadwyke. Die misdaadtradisies wat hierin geld,word voortgesit soos die leeftydsgroepe mekaar opvolg (Short, 1968, p. 11). Sommige van die bendelede konformeer met die koms van volwassenheid; ander word weer professionele misdadigers.

Die eerste van 'n reeks pogings om bendemisdaad te verstaan in (delinkwente) subkulturele terme was dié van A.K. Cohen met *Delinquent Boys* in 1955 (Phillipson, 1971, p. 136). Dit is later gevolg deur die werk van Cloward & Ohlin in 1960, dié van Miller in 1958 en met dié van Goblansky in 1967 (Phillipson, 1971, p. 137-9). Omdat die hooflyne en hoofbydrae deur die aanvanklike hoofbydrae van Cohen in die misdaadsosiologie opgeneem is, word hierin hoofsaaklik gekonsentreer op en aandag gegee aan die opvatting van veral Miller, omdat en vir sover sy opvatting van dié van Cohen verskil.

8.2.2 Werkersklasseuns

Beginnende by Merton se anomietema het Cohen geargumenteer dat die innovatiewe aanpassingsvorm nie daarin slaag om rekenskap te gee van die onderskeidende inhoud van die afwykings van die werkersklasseuns se bendegroepe nie (Phillipson, 1971, p. 136). Dit is so omdat baie van die delinkwente subkultuur se aktiwiteite nie daarop ingestel is om materiële sukses te behaal nie; hulle aktiwiteite is eerder nie-utilitaristies en negativisties en ook nie beplan om vir hulle 'n onwettige inkomste te gee nie en die aktiwiteite wat hulle pleeg, kan dit ook in elk geval nie doen nie. Phillipson sê tereg dat die delinkwente subkultuur se vandalisme, eiendomsbeskadiging, konflikreaksies en eskapades met motors, nie gesien kan word as pogings om materiële sukses te behaal deur middel van ongeoorloofde sosiale middele nie (Phillipson, 1971, p. 136). Trojanowicz (1973, p. 39) sluit by die oordeel van Phillipson aan as hy sê: "Cohen feels that the problem of delinquency is mainly a working-class phenomenon".

Teenoor Merton se innovatiewe verklaring van kriminaliteit, meen Cohen eerder dat die delinkwente subkultuur se aktiwiteite "... frequently seemed to be a direct denial of the essentially middle-class values of getting ahead by hard work and material acquisition" (Phillipson, 1971, p. 137). Juis dié uitgangspunt het vir Cohen sy reaksieformasieteorie laat ontwikkel wat stel dat die werkersklasseuns 'n statusprobleem het. Hulle soek erkenning en aanvaarding in

die gemeenskap en hulle huislike opvoeding en sosiale omgewing kan hulle nie voorberei vir die effektiewe terme van die konvensionele middelklasstatuskriteria nie. Baie van dié seuns voldoen nie aan en streef nie na die middelstandklasmaatstawwe van ambisie, akademiese prestasie, goeie maniere, respek vir eiendom, aggressiebeheer en konstruktiewe vryetydsbesteding nie (Phillipson, 1971, p. 137). Dan ontwikkel hulle die daarstelling en die handhawing van die delinkwente subkultuur wat statuswaarde en ook 'n uitlaatklep vir aggressie op (subkulturele) aanvaarbare wyse bied (Schafer, 1969, p. 247).

Cohen erken ook die bestaan van variasies in dié delinkwente subkultuur se gedrag; hoewel dit weliswaar eers later na kritiek tot hom deurgedring het. Hy sê: "Nonetheless, it is possible, for each of these subcultures, to draw a picture which represents certain themes or traits which run through all the variants. This 'ideal-types' or 'full-blown' picture will be fully realized in some of the variants and only approximated, in various degrees, in others" (Cohen, 1966, p. 103).

### 8.2.3 Kultuuroordrag

Cohen was die mening toegedaan dat sy teorie van die delinkwente subkultuur 'n gaping vul in die kultuuroordragteorieë wat sê dat mense misdadigers word omdat hulle die waardes, houdings en tegnieke van die afwykende sosiale subsisteme aanleer (Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 119).

## 8.3 Uitgangspunte van die delinkwente subkultuurteorie

### 8.3.1 Klassesisteem

Volgens Short neem Cohen sy uitgangspunt vir die verklaring van die bestaan van die delinkwente subkultuur in die feit dat dit belangrik is vir die jongeling om op te groei in 'n klassesisteem (Short, 1968, p. 14; Reid, 1976, p. 181). Hy gaan uit van dié standpunt dat daar algemene aanpassingsprobleme ontstaan vir die werkersklasseuns wat weer daartoe aanleiding gee dat hulle op afwykende wyse optree ten opsigte van hulle aanpassingsprobleme (Kobrin, Puntil & Peluso, 1968, p. 179).

Taft & England sê tereg hiervan: "... Cohen sees 'non-utilitarian, malicious and negativistic' delinquency as arising from the need of working class boys to disavow the validity of middle class standards of conduct which they encounter in socially heterogenous high schools and elsewhere" (Taft & England, 1964, p. 179).

### 8.3.2 Statusprobleme

Die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die delinkwente subkultuur is 'n reaksie wat ontstaan hoofsaaklik onder die manlike werkersklaskinders. Dit gebeur so omdat *being somebody* tipies manlike aspirasies is en omdat dít meer as onder die vroulikes, afhanklik is van persoonlike prestasies. Caldwell asook

Short & Strodtbeck formuleer dië uitgangspunt soos volg: "Concentrated in the male, working class sector of the juvenile population, it represents a reaction against a low-class stigma by those who cannot achieve the middle-class standards of the dominant culture and an attempt to enchance status by defiance of those standards" (Caldwell, 1965, p. 193, Short & Strodtbeck, 1965, p. 53; Reiss & Rhodes, 1966, p. 195). Dit kom veral onder die werkersklasseuns voor omdat mense in dië sosiale stratum gekonfronteer word met probleme waarmee diegene bokant hulle nie te make het nie, en dit bring statusfrustrasie en aggressie by hulle na vore (Short, 1968, p. 14; Reiss & Rhodes, 1966, p. 195).

Dit is duidelik dat daar geen enkele kriteriasisteem is in terme waarvan jongmense geëvalueer word in ons samelewings nie. In die Ameriaanse samelewing, waarin die waarde van opwaartse mobiliteit geld vir al die segmente van die bevolking, bestaan egter 'n belangrike evalueringskriterium wat dië persoonlike kwaliteite beklemtoon wat opwaartse mobiliteite kan bevorder. Dië kriteria word beheer deur diegene wat die poorte beheer van die *getting ahead*, soos die onderwysers, besigheids- en professionele mense, ministers en siviele leiers (Short, 1968, p. 14; Kobrin, Puntel & Peluso, 1968, p. 179). Dië statuskriteria noem Cohen die middelstand-statuskriteria - nie omdat dit besonderlik ekslusief op die middelklas van toepassing is nie, maar omdat dit duursamer en met minder ambivalensie toegepas word in die middelklas as in die ander sosiale strata (Short,

1968, p. 14) waarvan die werkersklasseuns gealiëneerd is (Reid, 1976, p. 182).

Volgens Cohen word die werkersklasseuns daagliks gekonfronteer met die middelklassisteem en hulle gaan gebuk onder vernederings, skaamte en verwerping weens hulle gesinsagtergrond. Ook in die nedersettingshuise, ontspanningsentrums en ander welsynsdienste word die werkersklasseun blootgestel aan kritiese waarneming van dié mense wat vreemdelinge is in sy gemeenskap en wat hom beoordeel in terme van waardes wat hy nie deel nie (Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 122). Ten einde die guns te wen van die mense in beheer, moet hy sy gewoontes, waardes, ambisies, spraak en assosiasies verander. Wanneer hy dan die goed wat hulle kan aanbied uitgesorteer het, keer hy terug na die strate of klubhuis toe in 'n kelder waar die fasiliteite swakker is maar waar die menseverhoudinge meer bevredigend is (Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 123).

Hierdie middelklasstatusbepalende kriteria sluit in: ambisie en voortdurende optrede wat die subordinering van onmiddellike behoeftebevrediging ter wille van langtermyndoelstellings insluit; 'n sin van persoonlike verantwoordelikheid vir jou eie mislukkings en prestasie; die benutting en besit van tegnieke van potensiële akademiese, ekonomiese en beroepswaarde; die rasionele kultivering van goeie maniere, beleefdheid, innemendheid, wat ook insluit geduld, selfdissipline en die beheer van emosionele uitdrukking; fisiese aggressie en geweld (Short, 1968, p. 14;

Reiss & Rhodes, 1966, p. 195-6). Die werkersklasseuns is dan nie in staat om dié doelstellings te kan bereik nie - in elk geval nie deur middel van die sosiaal aanvaarde middele nie en omdat hulle nie goed gesosialiseer is nie (Reid, 1976, p. 181-2). Weens die feit dat hulle onsuksesvol is om te voldoen aan die middelklasmaatstawwe vir status, beleef die werkersklasseuns statusverlies en verlies van selfrespek, en dit laat hulle afwykend optree (Short & Strodtbeck, 1965, p. 5; Reiss & Rhodes, 1966, p. 195-6).

### 8.3.3 Sosialisering

'n Verdere belangrike uitgangspunt van Cohen se teorie oor die ontstaan, ontwikkeling en vestiging van 'n delinkwente subkultuur, sluit in sy opvatting van die sosialisering van die werkersklasseuns. Hulle sosialisering is naamlik nie daarop ingestel om hulle te laat presteer in terme van dié voorgenoemde statuskriteria nie; die middelklasseuns se sosialisering is wel daarop ingestel (Short, 1968, p. 15; Reid, 1976, p. 181-2; Short & Strodtbeck, 1965, p. 4-5). Om dié rede vertoon baie werkersklasseuns rof, onverfynd, ongemanierd, ongedissiplineerd, sonder ambisie en sonder dryfkrag. Ook vir en in die skole is hulle swak gesosialiseer, want by hulle ontbreek die agtergrond, dissipline en gewoontes wat hulle sal help om die akademiese vakke te beheers en om aanvaarbaar op te tree in dié gemeenskappe op alle terreine.

Die demokratiese etos laat toe en moedig die werkersklasse aan om hulleself te verbeter en om te kompeteer vir status met die middelklasseuns en handhaaf die opvatting dat hulle ook geregtig is op dieselfde belonings indien hulle wel verdienstelik sou optree (Short, 1968, p. 15). Nogtans onderwerp hulle dus dié seuns van verskillende agtergronde en verskillende sosialisering aan evaluering met dieselfde statuskriteria, naamlik die middelklasmaatstawwe. Dit bring mee dat die werkersklasseuns sistematies benadeel word in die kompeterende najaging van status en hulle bevind hulleself herhaaldelik aan die voet van die statusberg met beskadigde selfrespek (Short, 1968, p. 15).

Hierdie toestand is net waar solank as wat die werkersklasseuns die geldigheid van die middelklasstatusdefinisies aanvaar. Dit is nie meer waar wanneer hierdie seuns die statusgewende kriteria se geldigheid vir hulle suksesvol kan repudieer en hulself kan oortuig dat dié statusspel nie hulle deelname waardig is nie (Short, 1968, p. 15). Om dít te kan doen, is die ondersteuning van ander ook nodig en ook alternatiewe bronne van statustoekenning. Volgens Cohen is daar dan baie van die seuns wat saamgroepeer en deur hulle simpatieke interaksie met mekaar, ontwikkel hulle hulle eie statussisteme binne hulle eie sosiale (sub)sisteme (Short, 1968, p. 15).

Dié nuut ontwikkelde statussisteem is slegs duidelik en volledig verstaanbaar as 'n reaksie teen die kon-

vensionele statussisteem volgens die delinkwente subkultuurteorie van Cohen (Short, 1968, p. 15). Gewaardeerde gedrag bestaan vir hulle uit die minagting van die middelklasmoraliteit. Ordelikheid en aanvaarding van volwassenes se leiding, respek vir eiendom, goeie maniere en die aanvaarding van diplomasie eerder as geweld, word voortdurend deur die afwykende subkultuur verwerp (Short, 1968, p. 15).

Op hierdie hele statusfrustrasieprobleem wat voortkom uit die sosialisering van die werkersklasseuns, is daar drie populêre reaksies moontlik wat soos volg omskryf kan word:

### 8.3.4 Reaksies op statusfrustrasie

#### 8.3.4.1 Konformering

'n Sekere proporsie van die werkersklasseuns aanvaar die uitdagings van die middelstandstatussisteem, nieteenstaande hulle (sub)kulturele agterstand en speel die statusspel volgens die middelklasspelreëls daarvoor. Dit is 'n groot poging en vereis baie opofferings van hulle omdat die belonings vir hulle baie moeilik toegeken kan word (Downes, 1966, p. 47). Dit is immers baie moeilik vir hulle om dié reaksie uit te leef, maar eintlik ook tog nog deel te te wees van die straathoekseuns waaruit hulle eintlik voortkom en met hulle mee te doen en te geniet.

#### 8.3.4.2 Straathoekreaksie

'n Volgende reaksie tot die statusfrustrasieprobleem van die werkersklasseuns, is dié van die aanvaarding van die straathoeklewenstyl. Dit kom eintlik neer op 'n kompromie deurdat hulle die beste maak van die situasie waarin hulle is deur die onsekerhede en morele prys van beide die konformerende *college-boy* - reaksie en dié van die afwykende subkultuurreaksie te vermy. Die straathoekreaksie vernietig nie op radikale wyse die goeie verhoudings met die middelklasdraers nie en veroorsaak ook nie 'n radikale breuk met die erkenning van opwaartse sosiale mobiliteit nie (Downes, 1966, p. 47; Cohen, 1966, p.112).

#### 8.3.4.3 Delinkwente subkultuurreaksie

Die afwykende subkultuurreaksie tot die statusfrustrasieprobleem van die werkersklasseuns,vervul vir hulle 'n dubbele doel. Eerstens verwyder dit hulle statusfrustrasie deur 'n herdefiniëring van die statuskriteria,sodat hulle subkulturele houdings statusgewend word en tweedens wettig dit aggressie teen die bronne van frustrasie,naamlik die norme van die respektabele middelklassamelewing (Downes, 1966, p. 47).

## 8.4 Kenmerke van die delinkwente subkultuurteorie

### 8.4.1 Identifisering van die kenmerke

Cohen identifiseer die kenmerke van die delinkwente

subkultuur as nie-utilitaristies, negativisties, kwaadwillig en hedonisties (Caldwell, 1965, p. 192-3; Reid, 1976, p. 182; Schafer, 1969, p. 247; Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 120, 124). Die kenmerke van veelsydigheid en groepsoutonomie wat Reid ook nog byvoeg, kan egter ook onder die ander kenmerke ingesluit word (Reid, 1976, p. 182). Vervolgens sal dié kenmerke elkeen breedvoeriger ontleed word.

## 8.4.2 Nie-utilitaristies

Meestal word aanvaar dat mense byvoorbeeld dinge steel omdat hulle dit wil hê vir hulle persoonlike voordeel. Hulle wil dit hê omdat hulle dit byvoorbeeld kan eet, aantrek of andersinds kan gebruik of omdat dit iets simboliseer wat hulle graag wil bereik. Dit kom daarop neer dat normaalweg aanvaar word dat 'n misdaad soos byvoorbeeld steel, eintlik 'n middel tot 'n doel verteenwoordig vir die misdadiger, naamlik om in besit van iets waardevols te wees (Short & Strodtbeck, 1965, p. 4). In die normale sin van die woord is misdaad soos steel dus rasioneel en utilitaristies, dit wil sê doelvol.

Volgens Cohen kan in baie van die jeugbendemotiverings vir byvoorbeeld diefstal, geen sodanige rasionele motiverings gevind word nie (Reid, 1976, p. 182). Hy sê: "In homelier language, stealing 'for the hell of it' and apart from considerations of gain and profit is a valued activity to which attaches glory, prowess and profound satisfaction"

(Cohen, 1966, p. 104). Reid sê hiervan: "By *non-utilitarian*, Cohen means that the delinquents are not stealing things for which they have a need or desire. They steal 'for the hell of it'. For example, they may steal an item from one store and exchange it for another item at another store" (Reid, 1976, p. 182).

Die delinkwente subkultuur se waardes en statuskriteria hou ook nie rekening met die rasionele gevaarrisiko's nie en dikwels word die gesteelde goedere ongeërg weggegee of vernietig (Cohen, 1966, p. 104). Hulle steel klere wat hulle nie kan dra nie, soos byvoorbeeld 'n hoed by een winkel en ruil dit heimlik weer by 'n ander winkel om vir 'n ander artikel (Cohen, 1966, p. 104).

### 8.4.3 Opsetlike kwaadwilligheid

By die delinkwente subkultuur is daar deurgaans 'n duidelike mate van opsetlike kwaadwilligheid teenwoordig. Hulle geniet die ongemak van ander en kry lekker as hulle die samelewingstaboes kan vertrap soos in hulle aanhang van akademiese onverskilligheid, deur stokkiesdraaiery, rofheid, eiendomsvernietiging en diefstal (Taft & England, 1964, p. 273; Reid, 1976, p. 182; Cohen, 1966, p. 105).

Deur die spelreëls van die sosiale statusse te verander sodat dit inpas by hulle eie beperkings, verkry die werkersklasseuns emosionele en behoeftebevrediging wat hulle andersinds ontneem is. Die jeugmisdadigers van die afwykende subkultuur, se

gedrag is dus juis korrek en gewaardeerd deur hulle eie subkultuur omdat en vir sover dit verkeerd is in terme van die dominante kultuurgoedere. Reid sê met negativisme word bedoel "... that the norms of delinquent subculture appear to be the polar opposites of adult society" (Reid, 1976, p. 182). Hulle aanvaar juis hulle eie subkulturele kultuurgoedere omdat hulle *spiteful* en kwaadwillig is.

### 8.4.4 Groepsoutonomie en/of groepskohesie

Hoewel dit nie uitsluitlik 'n kenmerk van jeugmisdaadbendes is nie, val daar sterk klem by hulle op groepsoutonomie - juis weens hulle onverdraagsaamheid teenoor die samelewingsbeperkings. Die delinkwente subkultuur word beskryf as 'n werkersklasinstelling waarvan daar meer as een soort bestaan - elkeen met sy eie geslote kring van lojaliteit en solidariteit. Onderling onderwerp die bendelede hulle geredelik aan die subkulturele waardes en norme en volg dit selfs slaafs na.

Die subkulturele aard van jeugmisdaad ontstaan wanneer jongelinge wat eenders veronreg is, bymekaar aansluit en gesamentlik die middelklasstatuskriteria verwerp en hul eie statuskriteria daarstel in terme waarvan hulle wel sal kan slaag (Short & Strodtbeck, 1965, p. 5; Short, 1968, p. 257). Dié alternatiewe subkulturele statussisteem neem die vorm aan van reaksieformasie teen die middelklasstatussisteem "... of which they are found wanting" (Short & Strodtbeck, 1965, p. 5). Juis dié begeerte na die

middelstandstatusse lei tot die kenmerke van nie-utilitarisme, kwaadwilligheid, hedonisme en groepsoutonomie omdat hulle nie toegerus is om dié begeerte te kan bevredig nie.

Cohen merk op dat status per definisie die toekenning is van respek aan jou deur ander; en juis daarom het die reaksie van die werkersklasseuns slegs betekenis as 'n groepsreaksie soos dit vergestalt word in groepsoutonomie; as dit nie statussoekend is nie (Short & Strodtbeck, 1965, p. 5). Dit kom daarop neer dat juis weens hulle verwerping van die dominante kultuurgoedere en hulle gevolglike groter respek- en statusverlies, word die deelnemers van die delinkwente subkultuur al meer van mekaar afhanklik vir statustoekennings wat geïllustreer word deur hulle groepsoutonomie en groepsolidariteit.

Trojanowicz beskryf die ontstaan en voortbestaan van groepsoutonomie duidelik in die volgende woorde: "Group or gang delinquent activity legitimizes and supports aggression against middle-class institutions. The collective support of the group is important to the boy if he persists in delinquent activity, because he is not convinced, at least unconsciously, that his hostile reaction is normal. As long as the group supports his actions he can continue to blame the external middle-class institutions and ward of internal feelings of inadequacy" (Trojanowicz, 1973, p. 40). Die groepsoutonomie en -solidariteit van die delinkwente subkultuur is eintlik sektaries. Dit is so omdat die afwykende jeugdiges wat daaraan behoort,

se bendesolidariteit versterk word deur die lede se reaksieformasie teen alle (vir hulle) nie-status-toekennende sosiale sisteme wie se erkenning hulle (hoe latent ookal) steeds begeer (Downes, 1966, p. 48; Cohen, 1966, p. 107).

Hulle bied konstant weerstand teen die pogings van die skool, die huisgesin en ander sosialiserings-agente wat probeer om nie net hulle afwykende gedrag te beheer nie, maar ook enige aktiwiteit wat binne hulle subkultuur plaasvind (Cohen, 1966, p. 107).

### 8.4.5 Korttermyn-hedonisme

Die lede van die delinkwente subkultuur stel weinig belang in langtermyndoelstellings. Hulle optrede is meestal impulsief en sonder vooruitbeplanning en tyds-berekening en is afgestem op momentele genot en opportunisme (Cohen, 1966, p. 107). Reid sê: "They are interested in momentary pleasures, giving no thought to planning activities or budgeting time and money for the future" (Reid, 1976, p. 182). Die bendelede van die subkultuur kom op 'n straathoek by-mekaar sonder 'n besondere aktiwiteit in gedagte en hulle *hang around*, *roughhousing* en *chewing the fat* (Cohen, 1966, p. 107).

Hulle reageer impulsief op iemand se voorstel om te gaan swem of om een of ander stoutigheid aan te vang; hulle is nie geïnteresseerd in georganiseerde ont-spanning waar daar toesig is en waarin hulle gereglementeerd of geskeduleerd is nie. Hulle is ongeduldig

en onstuimig in hulle hedonistiese aksies (Cohen, 1966, p. 107).

### 8.4.6 Proposisies uit die kenmerke afgelei

Kitsuse & Dietrick (1966, p. 121) lei die hiervolgende proposisies af uit die kenmerke van die subkultuurteorie:

1. Die werkersklasseuns word gekonfronteer met 'n aanpassingsprobleem ten opsigte van die middelklasseuns vir sover hulle sosialisering kwantitatief verskil van dié van die middelklasseuns.

2. Die werkersklasseuns se aanpassingsprobleem is dié wat sentreer rondom statusfrustrasie vir sover hulle nie aan die voorgeskrewe middelstandstatusse kan voldoen nie.

3. Die werkersklasseuns se sosialisering blokkeer hulle prestasie in die middelklasstatussisteem.

4. Nogtans word die werkersklasseuns in hierdie kompeterende middelklasstatuskriteriumsisteem geplaas waar prestasies beoordeel word in terme van die middelstandstandaarde vir gedrag en prestasie.

5. Weens hulle swak voorbereiding hiervoor en daarmee gepaardgaande swak motivering, word die werkersklasseuns gefrustreer in hulle statusaspirasies deur die agente van die middelklas-

samelewing.

6. Die totstandbrenging van die delinkwente subkultuur bring vir die werkersklasseuns 'n oplossing van hulle aanpassingsprobleem, want dit stel hulle in staat om heeltemal los te breek van die middelklasmoraliteit en dit wettig vyandigheid en aggressie sonder morele inhibisies ten opsigte van die middelklaswaardes en -norme as die objekte van hulle frustrasie.

7. Dit is om bogenoemde redes dat die delinkwente subkultuur gekenmerk word aan nie-utilitarisme, kwaadwilligheid, groepsoutonomie en korttermyn hedonisme as die omkering van die belangrikste middelstandwaardes en as 'n aanval op hulle waar hulle die trefbaarste is.

## 8.5 Sentrale gedragsfokuspunte

### 8.5.1 Laerklas subkultuur

Volgens Miller (1970, p. 351) moet die bestaan van subkulture nie beskou word uit die verwysingsraamwerk van ander (sub)kultuursisteme soos wat Cohen dit doen nie. Miller sê: "In the case of 'gang delinquency', the cultural system which exerts the most direct influence on behaviour is that of the lower class community itself - a long-established, distinctively patterned tradition with an integrity of its own - rather than a so-called 'delinquent subculture' which has arisen through conflict with

middle class culture and is oriented to be deliberate isolation of middle class norms".

Met die identifisering van die bestaan van diè laer-klas(sub)kultuur gaan ook hand aan hand die onderskeiding van die dominante (sub)kultuurpatrone daarvan (Miller, 1970, p. 353). Hy stel dit diagrammaties soos volg voor:

*Diagram 9* Skematiese voorstelling van die sentrale waardes van die laerklassubkultuur[1)]

| Area | Waargenome alternatiewe (stel, kwaliteit, toestand) | Gedragsoorte |
|---|---|---|
| 1. Moeilikheid | wetsgehoorsaamheid, | wetsverbrekenheid, |
| 2. Gedugtheid | manhaftigheid, vaardigheid, manlikheid, vreesloosheid, braafheid en moedigheid | swakheid, onvaardigheid, verwyfdheid, lafhartigheid, versigtigheid |
| 3. Swierigheid | uitoorlêvermoë fopvermoë, geldmaak deur gevatheid, skranderheid, vinnig van begrip. | liggelowigheid, teen fop, geldmaak deur harde werk, traagheid, stadig van begrip. |
| 4. Prikkeling | opwinding, risiko, gevaar, verandering, aktiwiteit. | vervelig, dooierigheid, veiligheid, eendersheid, passiwiteit. |
| 5. Noodlot | bevoordeel deur lot, gelukkig wees | ongeluksvoël, ongelukkig wees |
| 6. Outonomie | vryheid van eksterne inperkinge, vryheid van subordinerende outoriteit, onafhanklikheid. | teenwoordigheid van eksterne inperkinge, teenwoordigheid van sterk outoriteit, omgee vir. |

1) *Dié skema is oorgeneem uit Miller (1970, p. 353).*

In breedvoeriger terme verduidelik hy hierdie kernbelange, dit wil sê dominante kultuurpatrone van dié laerklassubkultuur soos volg.

8.5.2 Verklaring van die diagram

8.5.2.1 Moeilikheid

Dit is 'n dominante kenmerk van die laerklas(sub)kultuur en dit het vir hom verskillende betekenisse (Miller, 1970, p. 353). Dit verteenwoordig 'n situasie of gedragspatroon wat uitloop op die onwelkome of ingewikkelde betrokkenheid met owerhede of agente van die middelklassamelewing (Miller, 1970, p. 353). Om in die moeilikheid of uit die moeilikheid te bly, is een van die hoofgedragsmotiverings van mans, vroue en kinders in die laerklassubkultuur (Miller, 1970, p. 353). Vir die mans beteken moeilikheid meestal gevegte of seksuele avonture wanneer hulle dronk is en vir vroue beteken dit meestal seksuele betrokkenhede met nadelige gevolge (Miller, 1970, p. 353).

Die uitdruklike begeerte om gedrag wat wetlike norme oortree, te vermy, is meesal gebaseer op die begeerte om nie in die moeilikheid te beland nie, eerder as wat dit gemotiveer word deur die eksplisiete meelewing met die algemeen geldende morele en wetlike gedragstandaarde (Miller, 1970, p. 353). Miller druk die belangrikheid van die moeilikheidsgedragspatroon soos volg uit: "The dominant concern over 'trouble' involves a distinction of critical importance for the lower class community - that between 'law-abiding' and 'non-law-abiding' behaviour. There is a high degree of sensitivity as to where each person stands

in relation to these two classes of activity. Whereas in the middle class community a major dimension for evaluating a person's status is 'achievement' and its external symbols, in the lower class, personal status is very frequently gauged along the law-abiding-non-law-abiding dimension" (Miller, 1970, p. 353).

Daarom sê hy dat 'n moeder byvoorbeeld die gepastheid van haar dogter se kêrel minder op die basis van sy prestasiepotensiaal en eerder op sy moeilikheidspotensiaal bepaal (Miller, 1970, p. 353). Dié sensitiwiteit vir die teendele van moeilikheidproduserende en nie-moeilikheidproduserende gedrag, verteenwoordig dan 'n hoofbron van statustoekenning en van geïnternaliseerde konflikpotensiaal vir die individu in die laerklas(sub)kultuur (Miller, 1970, p. 353).

### 8.5.2.2 Gedugtheid

Die belangrikste komponente van dié subkulturele gedragspatroon sluit in fisiese moed/manhaftigheid soos dit tot vergestalting kom in liggaamskrag, uithouvermoëns en atletiese vaardighede, manlikheid (soos vergestalt in tatoeëermerke gebrek aan sentimentaliteit, nie-belangstelling in kunste of letterkunde en die opvatting dat vroue *dinge* is wat oorwin moet word) en ook heldhaftigheid in die aangesig van fisiese bedreigings (Miller, 1970, p. 354). Dit gaan dus hierin veral om die *tough-guy-image* soos gesimboliseer in byvoorbeeld die fliekbendes van die dertigerjare en die sogenaamde *private-eye* en die

*cowboy* van die fliek (Miller, 1970, p. 354).

Miller is van mening dat die oorsprong van die behept-heid met gedugtheid waarskynlik lê in die feit dat die meeste van die laerklasmans opgroei in 'n oor-wegend vroulike huishouding waarin daar nie altyd 'n mansfiguur teenwoordig is waarmee hulle hul kan identifi-seer nie en dus nie die tipies manlike rolle kan aan-leer nie (Miller, 1970, p. 354). Hulle gedugtheids-reaksie verteenwoordig dus eintlik 'n tipe kompulsiewe reaksieformasie wat weer op sy beurt goed ondersteun word deur die beheptheid met homoseksualisme in die laerklassubkultuur (Miller, 1970, p. 354). Dit word byvoorbeeld uitgeleef deur die geïnstitusionaliseerde gebruik by die laerklassubkultuur om *queens* aan te rand en om die begrip homoseksueel te gebruik as 'n "... generalized pejorative epithet (example, higher class individuals or upwardly mobile peers are fre-quently characterized as 'fags' or 'queens')" (Miller, 1970, p. 354).

Positief vroulike take kan nogtans deur die gedugte manne uitgevoer word sonder dat hulle hulle etiket van taaiheid en gevaarlikheid verloor (Miller, 1970, p. 354). So kan dié laerklasmans professionele *short-order cooks* wees en nogtans as gedug gereken word. Dieselfde geld ook die uiting van sterk emosio-nele gevoelens teenoor ander mans, maar dit word egter "... disguised as their opposite, taking the form of ostensibly aggressive and physical interaction (kidding, 'ranking' roughhousing, etcetera)" (Miller, 1970, p. 354-5).

8.5.2.3 Swierigheid

Soos geïnterpreteer in die laerklassubkultuur, behels dié kultuurpatroon "... the capacity to outsmart, outfox, outwit, dupe, 'take', 'con' another or others, and the concomitant capacity to avoid being outwitted, 'taken', or duped one-self" (Miller, 1970, p. 355).

Die grondliggende betekenis van swierigheid of gevatheid kom dus daarop neer dat dit die vermoëns insluit om materiële goedere en persoonlike status te kan bekom deur middel van die maksimale gebruik van geestelike ratsheid met 'n minimum fisiese pogings (Miller, 1970, p. 355). Diegene wat in hierdie vaardigheid slaag, word met besondere prestigewaarde hoog geag (Miller, 1970, p. 355). Leierskap word grootliks bepaal deur dié swierigheid en die *smart* leier kry meestal meer prestige as die *tawwe* leier: hierin lê opgesluit die laerklas se respek vir intelligensie, naamlik in die *smartness*-sin van die woord (Miller, 1970, p. 355).

Miller konkludeer ten opsigte van swierigheid as kultuurpatroon onder die laerklas met die volgende woorde: "... a very high premium is placed on ingenuity, hair-trigger responsiveness, inventiveness, and the acute exercise of mental faculties" (Miller, 1970, p. 355).

8.5.2.4 Prikkeling

"For many lower class individuals the rhythm of life

fluctuates between periods of relatively routine or repetitive activity and sought situations of great emotional stimulation. Many of the most characteristic features of lower class life are related to the search for exitement or 'thrill'" (Miller, 1970, p. 355-6). Hiermee gaan gepaard die gebruik van alkohol by beide geslagte, die wye verspreiding van dobbelary en ook van seksuele avonture (Miller, 1970, p. 356).

Die eksplosiewe potensiaal van dié tipe avonture met seks en aggressie wat dikwels lei tot moeilikheid, word semi-eksplisiet deur die individu opgesoek (Miller, 1970, p. 356). "Since their is always a good likelihood that being out on the town will eventuate in fights, etcetera, the practice involves elements of sought risk and desired danger" (Miller, 1970, p. 356).

Dié flirtasie-met-gevaar-aspek van *exitement* "... is the prevalence in lower class culture of other well established patterns of activity which involve long periods of relative inaction, or passivity" (Miller, 1970, p. 356). Vir lang tye is hulle besig met *hanging out*, dit wil sê met *standing around, doing nothing, shooting the breeze*, ensovoorts. Vir baie van hulle kom dié avontuur in die hoë risiko van seks, alkohol en baklei so een keer per week voor met interimperiodes "... devoted to accommodating to possible consequences of these periods, along with recurrent resolves not to become so involved again" (Miller, 1970, p. 356).

8.5.2.5 Noodlot

"Related to the quest for excitement is the concern with fate, fortune, or luck. Here also a distinction is made between two states - being 'lucky' or 'in luck', and being unlucky or jinxed. Many lower class individuals feel that their lives are subject to a set of forces over which they have relatively little control. These are not directly equated with the supernatural forces of formally organized religion, but relate more to a concept of 'destiny', or man as a pawn of magical powers" (Miller, 1970, p. 356).

Die konsep van die uitvoering van semi-magiese rites sodat jou geluk kan verander of draai is aan die orde van die dag. Die element van fantasie speel 'n belangrike rol in dié area. "Related to and complementing the notion that 'only suckers work' (smartness) is the idea that once things start going your way, relatively independent of your own effort, all good things will come to you" (Miller, 1970, p. 356).

8.5.2.6 Outonomie

In die laerklassubkultuur is die verskil tussen wat openlik waardeer word en wat heimlik nagejaag word besonder duidelik in die area van outonomie (Miller, 1970, p. 357). Openlik is daar byvoorbeeld 'n duidelike verwerping van die idee van eksterne beheer en beperkings van persoonlike gedrag as onregverdige outoriteit. Nogtans word daar in die laerklas ook 'n noue verbintenis gemaak tussen

outoriteit en versorging (Miller, 1970, p. 357). Om streng beheer te word, is om versorg te word; dus, die openlik verwerpte en negatief geëvalueerde subordinansie van outoriteit word ook deur hulle uitgebrei na die betekenis van versorging (nurturance), en beskerming (Miller, 1970, p. 357).

Dié outonomiebegeerte van persoonlike vryheid by die laerklassubkultuur word by hulle uitgedruk met *ek het niemand nodig om vir my te sorg nie.* Nogtans is daar 'n duidelike verskil tussen wat hulle openlik sê en heimlik begeer. So soek baie laerklasindividue byvoorbeeld hoogs inperkende sosiale milieus uit waarin streng eksterne beheer oor hulle gedrag geld soos in die weermag, hospitale vir geesteskrankes en dissiplinêre skole. Teenoor hulle meerderes kla hulle dan voortdurend oor die onregverdige en arbitrêre gesagsuitoefening oor hulle. Losgemaak, soek hulle egter na 'n tyd van vryheid weer dié instansies op, of tree in elk geval só op dat hulle daarby betrokke bly (Miller, 1970, p. 357). So sal byvoorbeeld pasiënte van hospitale vir geesteskrankes buitengewone oorspronklikheid aan die dag lê om te verseker dat hulle betrokke bly by die hospitaaldissipline terwyl hulle wel sê dat hulle wil uitkom, en jeugmisdadigers dros uit kliniekskole sodat hulle weer gevang en opgeneem kan word, want dit bewys dat daar vir hulle omgegee word (Miller, 1970, p. 357). "Since 'being controlled' is equated with 'being cared for', attempts are frequently made to 'test' the severity or strictness of superordinate authority to see if it remains firm. If intended or executed rebellion produces

swift and firm punitive sanctions, the individual is reassured, at the same time that he is complaining bitterly at the injustice of being caught and punished. Some environmental milieux, having been tested in this fashion for the 'firmness' of their *coercive* sanctions, are rejected, ostensibly for being too strict, actually for not being strict enough" (Miller, 1970, p. 357). Dit is dikwels so met die probleemgedrag van laerklasseuns in openbare skole wat meestal nie beheer kan toepas wat die individu vereis nie (Miller, 1970, p. 357).

Dieselfde soort teenstrydigheid tussen wat openlik en bedek begeer word, tref ons ook by die laerklaskultuur aan in die area van afhanklikheid-onafhanklikheid ten opsigte van outonomie (Miller, 1970, p. 357). Die voordoening van taaie en rebellerende onafhanklikheid van die laerklaspersoon bedek dikwels kragtige afhanklikheidsgevoelens. Dit word primêr tot uitdrukking gebring deur "... obliquely expressed resentment when 'care' is not forthcoming rather than by expressed satisfaction when it is" (Miller, 1970, p. 357-8).

Die outonomie-afhanklikheidstrewe word verbind met die moeilikheid- en noodlotgedragspatrone. "Insofar as the lower class individual feels that his behaviour is controlled by forces which often propel him into 'trouble' in the face of an explecit determination to avoid it, there is an implied appeal to 'save me

from myself'. A solution appears to lie in arranging things so that his behaviour will be coercively restricted by an external imposed set of controls strong enough to forcibly restrain his explicable inclination to get in trouble" (Miller, 1970, p. 358).

Teen die agtergrond van dié uiteengesette kenmerke van die delinkwente laerklassubkultuur, kan nou oorgegaan word tot die ontleding van die misdaadverklaringsmoontlikhede van dié verskillende kenmerke en kultuurpatrone.

## 8.6 Misdaadverklaringsmoontlikhede

### 8.6.1 Twyfelagtig-belowend

Met die nie-utilitaristiese kenmerke van die subkultuurteorie word bedoel dat die lede van die jeugdige subkultuur ter sake, nie misdaad om rasionele redes pleeg nie, maar eerder *for the hell of it* (Cohen, 1968, p. 104).

Die misdaadverklaringsmoontlikhede van dié kenmerke lyk soms twyfelagtig en soms belowend. Dit is byvoorbeeld te betwyfel of die jeugbendes ter sake waarskynlik interpersoonlike misdade soos moord, aanranding of crimen injuria sal pleeg *for the hell of it.* Selfs al word dit in samehang gelees met die ander kenmerke van opsetlike kwaadwilligheid, korttermyn-hedonisme en groepsoutonomie, is dit nog twyfelagtig of dit in elke geval iets soos moord effektief sal kan verklaar, tensy daar ernstige per-

soonlikheidsversteurings teenwoordig is, en dit is nie in dié teorie ter sake nie. Tot op sekere hoogte sal miskien crimen injuria in die sin van die openbare belediging van persone van aansien *for the hell of it* gepleeg word, maar dan wonder 'n mens dadelik of dit nie eerder dan daarom gaan dat die betrokkenes gesien en gehoor wil word nie, eerder as dat hulle plesier daaruit put, wat nie rasioneel begrond is nie. Ook wanneer die sentrale fokuspunt van moeilikheid in ag geneem word soos uiteengesit deur Miller, (1970, p. 353) dan vervaag die misdaadverklaringsmoontlikhede van nie-utilitarisme verder.

Ook en ten opsigte van familiale misdade is dit moeilik om te kan aanvaar dat jeugdiges of dan mense van 'n laerklas kultuur familiale misdade soos bigamie of kinderverwaarlosing sal pleeg *for the hell of it*. Ook hierin geld die beginsel dat daar waarskynlik met die betrokke persoon iets persoonliks verkeerd sal aangetref word eerder as dat hy weens nie-utilitaristiese motiewe optree.

Ten opsigte van die seksuele misdade soos prostitusie, verkragting en ontbloting, kan die nie-utilitaristiese beginsel wel waarskynlik met meer geredelikheid aanvaar word as in die vorige gevalle. Veral die teenwoordigheid van die ander kenmerke soos geïdentifiseer deur Miller, naamlik van avontuurlustigheid, gedugtheid en drankmisbruik, kan die betrokkenheid van seksuele perversiteit stimuleer en seksuele misdade kan makliker plaasvind.

Dieselfde soort van dubbelsinnighede geld ten opsigte van die meeste ander misdaadvorme in die sin van die skending van die fundamentele tussenmenslike verhoudinge. Betreffende die ekonomiese verhoudingskendings soos diefstal, inbraak en roof, is nie-utilitarisme twyfelagtig. Betreffende die eiendomsverhoudingskendings waaronder ook vandalisme tel, is die verklaringsmoontlikhede weer duideliker en aanvaarbaarder. Dit is ook betwyfelbaar of nie-utilitarisme die openbare gesagsverhoudingskendings al kan verklaar en dieselfde geld ten opsigte van die juridiese verhoudingskendings soos ontsnappings. Of Godslastering en Sabbatsontheiliging weens nie-utilitaristiese redes gepleeg sal word, is ook duidelik debatteerbaar, want indien dit wel sou plaasvind, kan eerder geredeneer word dat dié wangedrag gepleeg word om onder die aandag van die waarnemers te kom, eerder as om enige ander rede.

Konkluderend kan dus gestel word dat die kenmerk van nie-utilitarisme ten opsigte van misdaadverklaringsmoontlikhede waarskynlik beter ten opsigte van die ekonomiese, eiendoms- en seksuele verhoudingskendings gebruik kan word en minder effektief ten opsigte van al die ander fundamentele verhoudinge.

### 8.6.2 Logiese redusering

Opsetlike kwaadwilligheid kom daarop neer dat die ongemak en verleentheid van ander doelbewus beplan word en dat daaruit dan plesier geput word (Reid,

1976, p. 182). Die misdaadverklaringsmoontlikheid van opsetlike kwaadwilligheid moet logieserwys gereduseer word tot die sfere van die interpersoonlike en eiendomsverhoudingskendings (Reid, 1976, p. 182). Dit is so omdat onverskilligheid, stokkiesdraaiery, rofheid en eiendomsbeskadiging hiertoe gereduseer word. Die opsetlike kwaadwilligheid van vergeldende maatreëls word tans ook wel in flieks uitgespel in die sin van byvoorbeeld vergeldende en doelbewus beplande en kwaadwillige verkragtings ten einde wraak op persoonlike vlak te kan bevredig. Of dit werklikheidsgetrou is, is debatteerbaar, aangesien dit eerder tuisgebring kan word onder die nie-utilitarisme.

### 8.6.3 Besondere vergestalting

Die kenmerke van groepsoutonomie wat deur Cohen uiteengesit word, is juis tekenend van die bestaan van die delinkwente subkultuur en konstrueer juis die raamwerk waarbinne die voorgestelde kenmerke op besondere wyse vergestalting vind. Dit kom daarop neer dat dit gaan om die misdaadverklaringsmoontlikhede van die *bestaan* van jeugdige delinkwente subkulture. Uit die aard van die saak behels dit juis die hele probleem van verwysingsgroepe en die vraag uit watter verwysingsgroep se raamwerk van waardes, norme, rolle, fasiliteite, ensovoorts die gedrag van ander subgroepe of verwysingsgroepe beoordeel mag word? Immers, in terme van die delinkwente subkultuur se verwysingsraamwerk, is hulle *afwykende en misdadige* gedrag juis gewaardeerde en genormeerde gedrag wat hulle lidmaatskap van die subkultuur

fasiliteer, en dit is juis in terme van ons eie dominante christelik-gefundeerde gedragsdefinisies wat ons die delinkwente subkultuur se gedrag as afwykend en misdadig definieer.

In dié problematiese sin moet daarop gelet word dat dit die uitgangspunt van hierdie studie is dat alleen die Godgewilde gewaardeerde en genormeerde gedrag die alleenverwysingsraamwerk kan en mag wees omdat en vir sover God self die saamleef van mense gewil en daargestel het. In dié sin kan die bestaan van die subkulturele groepsoutonomie wel misdaadverklarend aangewend word.

## 8.7 Evaluering

### 8.7.1 Inleiding

Die resensies oor die delinkwente subkultuurteorie het oor die algemeen goeie ontvangs getoon in die wye erkenning in die veld van jeugmisdaad en in die kriminologie. Tog was daar ook kritiek ten opsigte van sekere aspekte van die teorie wat vervolgens nader toegelig word.

### 8.7.2 Middelklaswaardes

Kitsuse & Dietrick bevraagteken in die eerste plek Cohen se standpunt dat die werkersklasseuns hulleself meet in terme van middelklasnorme (Reid, 1976, p. 183). Hoewel Cohen dit self as 'n sensitiewe en debatteer-

bare saak bestempel, gaan hy nogtans voort om te aanvaar dat daar tog sosiologiese rede is om te aanvaar dat die meeste kinders wel tot op sekere hoogte sensitief is oor die houdings van ander persone met wie hulle in intiemer as blote kontakverhoudinge kom (Reid, 1976, p. 183). Hierteenoor meen Kitsuse & Dietrick egter dat dit sosiologies net so sinvol sou wees om te redeneer dat die laerklasseuns middelstandstandaarde verwerp as om te aanvaar dat hulle dit aanvaar (Reid, 1976, p. 183). Hulle vind dus Cohen se verklaring van die verwerping van die middelstandwaardes as die hoofmotivering van die subkultuur se kriminaliteit, onaanvaarbaar.

Op hulle beurt gaan Sykes & Matza in hulle kritiek teen diē aspek van Cohen se teorie uit van die opvatting dat die jeugoortreders wel (in elke geval gedeeltelik) betrokke is en ook toegewy is aan die dominante sosiale orde se waardes en derhalwe ook skuld en skaamte ervaar wanneer hulle daarvan afwyk (Gibbons, 1973, p. 281). Wanneer hulle dan tog wel afwyk, rasionaliseer hulle hul afwykings van die wetsgehoorsaming om sodoende hulle skuldgevoelens te sus en hulle skaamte te verontskuldig. Diē neutraliseringstegnieke sluit volgens Sykes & Matza in verantwoordelikheidsontkenning, skade-ontkenning, slagofferontkenning en verdoeming van die verdoemers (Gibbons, 1973, p. 281).

Die aanvaarding van die neutraliseringstegnieke dui dan juis daarop dat die jeugmisdadigers hulleself wil verontskuldig van hulle oortredings van waardes waar-

mee hulle hulleself tog identifiseer (Gibbons. 1973, p. 281).

Cohen en Short het gesamentlik hierop gereageer en "... agree that the failure of Cohen's theory to consider techniques of netralization was a serious omission. They then try to incorporate it into their theory, suggesting that the discussion of 'reaction-formation' is really a technique of neutralization and that the subculture itself is a neutralizing factor" (Reid, 1973, p. 185).

### 8.7.3 Reaksieformasie

Die konsep en betekenis van Cohen se reaksieformasie ten opsigte van die delinkwente subkultuur is ontwikkel en gebaseer op die laerklasseuns se begeerte om hulleself te verbeter in terme van middelklasstatus (Reid, 1976, p. 183). Maar dan suggereer Cohen tegelykertyd dat die laerklasseuns voortdurend gekonfronteer word met die middelklasstandaarde deur middel van die middelklassosialiseringsagente; om dié mense se guns te wen, moet die laerklasseuns dan hulle gewoontes, waardes, ambisies, taal en assosiasies verander. "Having sampled what they have to offer, he turns to the street or to his 'clubhouse' in a cellar where 'facilities' are meager but human relations more satisfying" (Reid, 1976, p. 183). Kitsuse & Dietrick toon dan aan dat dié uiteensetting nie die teorie van reaksieformasie ondersteun soos deur Cohen voorgestaan nie, maar eerder die teendeel bewys, naamlik dat die laerklasseuns nie wil strewe na die middelklasstandaarde nie en in opstand kom teen diégene van

die middelklas wat hulle waardes op hulle wil afdwing (Reid, 1976, p. 183; Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 123).

Kitsuse & Dietrick is ook van mening dat die bende-afhanklikheid van die werkersklasseuns soos deur Cohen geskets, onbevredigend is en só ook sy voorstelling van die dehumanisering en belediging van dié seuns deur die middelklas se sosialiseringsagente. Hulle sê dat die voor-tiener en die tieners se voorgestelde intense begeerte om status te bekom in die middelklasstatussisteem wat dan by mislukking sou uitloop op statusfrustrasie en reaksieformasie, "... is to overdraw him beyond recognition" (Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 123).

### 8.7.4 Nie-standhoudend

Sommige van die aktiwiteite van die delinkwente subkultuur wat onder dié kenmerke van nie-utilitarisme, kwaadwilligheid en hedonisme tuisgebring word, is nie kenmerkend van die laerklasbendes nie, maar eerder van die middelklasseunsbendes (Reid, 1976, p. 183-4). Dié bendes word dan uitgesluit van Cohen se teorie. Hierteenoor sê Reid dat baie van die laerklasbendes se aktiwiteite baie ernstiger is as wat Cohen meen; daar kan dus geargumenteer word oor die feite wat Cohen se teorie ondersteun (Reid, 1976, p. 183-4; Gibbons, 1973, p. 282).

By dié kritiek sluit ook Kitsuse & Dietrick aan as

hulle aanvaar dat Cohen se voorstelling van die laerklasjeugbendes irrasioneel, kwaadwillig en negativisties is en nie kan standhou nie, want "... they are not engaged in replacing one stolen hat with another from store to store, or delighting in the terrorizing of 'good' children by driving them from playgrounds and gyms. The delinquents whose activities are organized by a delinquent subculture are attending to more serious enterprises. There is no absence of rational, calculated, utilitarian behaviour among delinquent gangs, as they exist today" (Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 124). Kitsuse & Dietrick sê verder dat dit misleidend is om die laerklasjeugbendes se aktiwiteite as nie-utilitaristies, negativisties en kwaadwillig te bestempel omdat daarmee die idee geskep word dat hulle verteenwoordigend is van kinders se kwaai uitbarstings teen die onregte van 'n wêreld wat hulle nie help bou het nie (Kitsuse & Dietrick, 1966, p. 124).

### 8.7.5 Metodologies en teoreties

Die hoofprobleem in die metodologiese en teoretiese veld van Cohen se benadering tot die probleem van die delinkwente subkultuur, lê daarin opgesluit dat hy 'n historiese en nie 'n funksionele ondersoekmetodologie aanhang nie (Reid, 1976, p. 184). Kitsuse & Dietrick (1966, p. 120) sê ook dat die metodologiese basis van die delinkwente subkultuurteorie dit inherent ontoetsbaar maak.

Dit is problematies omdat dit veronderstel dat die psigologiese motiverings van voorafgaande populasies ondersoek moet word en empiries is dít 'n onmoontlikheid. Wanneer dié probleem egter uit 'n funksionele oogpunt benader sou word, sodat vasgestel kan word watter toestande is noodsaaklik vir die voortbestaan van die delinkwente subkultuur, behoort beter resultate bekom te kan word (Reid, 1976, p. 185). So 'n benadering sou dit ook moontlik maak om vas te stel wat die gevolge is van deelname aan die delinkwente subkultuur vir die motivering van die deelnemers daaraan (Reid, 1976, p. 184).

Ten einde dié probleme die hoof te kan bied, het Kitsuse & Dietrick 'n alternatief vir die benadering van Cohen aangebied, "... arguing that the original motives of delinquent actors for participation in gangs are varied. Once they get involved in the subculture, hostile responses by respectable adults, correctional agents, and others are directed to them. In turn, the offenders reject their rejectors through further deviant conduct. Thus, according to these authors, 'the delinquent subculture persists because, once established, it creates for those who participate in it, the very problems which were the basis for its emergence'" (Gibbons, 1973, p. 282).

### 8.7.6 Veranderlikes

Volgens Gibbons kritiseer Bordua ook vir Cohen ten opsigte van die ander faktore wat moontlik kriminologies sou kon werk wat hy nie op voldoende wyse in

sy subkultuurteorie hanteer het nie. Hy het dit veral teen die uitlating van gesins-, etniese en sekere ander sosiale veranderlikes in jeugmisdaadveroorsaking (Gibbons, 1973, p. 282). Die aandag word in dië verband veral gevestig op klas-georiënteerde gesinne wat 'n hoofbron van baie van die spanning van die laerklasseuns kan meebring, byvoorbeeld die relatief losgestruktureerde ouer-kindverhouding, voortdurende afwesigheid van die vader en ander algemene kenmerke van baie werkersklasgesinne kan baie te make hê met die ontwikkeling van die probleme onder die jeugdiges van die werkersklasseuns (Gibbons, 1973, p. 282).

### 8.7.7 Ander subkulture

By sommige van die kritiek op sy navorsing het Cohen geantwoord. Hy bevestig byvoorbeeld in 'n artikel saam met Short dat daar wel meer as een soort subkultuur kan bestaan. Gibbons sê hulle "... agreed with this view and suggested that lower-class subcultures include the parent-male subculture, the conflict-oriented subculture, the drug addict subculture, and semiprofessional theft subculture" (Gibbons, 1973, p. 282).

Cohen en Short het die etiket van ouersubkultuur gebruik om aan te toon dat ander bendevorme eintlik gespesialiseerde spruite daarvan is (Gibbons, 1973, p. 282-3).

In pogings om rekenskap te gee van die ontwikkeling

van dié verskeidenheid van subkulture in die afsonderlike woonbuurtes, het Cohen en Short swaar aangeleun op 'n vroeëre skrywe van Kobrin wat aangetoon het dat areas verskil in terme van die wyse waarop konvensionele en kriminele waardesisteme geïntegreer is in die lokale sosiale struktuur (Gibbons, 1973, p. 283). Die volwasse misdadigers is burgers met prestige wat aktief is in lokale besighede, broederlike organisasies, politiek, ensovoorts. Hulle is lokale helde of modelle vir die jeugdige vakleerlinge in misdaad (Gibbons, 1973, p. 283). Hierteenoor is dit in ander gemeenskappe individualisties, ongekontroleerd en vreemd aan die konvensionele sosiale orde-organisasie (Gibbons, 1973, p. 283; Caldwell, 1965, p. 193).

Caldwell (1965, p. 193) merk ook op dat Cohen die klasseverskille en die homogeniteit van lidmaatskap oorbeklemtoon en nie daarin slaag om die bestaan van ander (soorte) subkulture te verduidelik nie en dat hy die omvang van individuele verskille en die diversiteit van persoonlike reaksies en keuses onderskat het.

Die hoofkritiek teen Miller se opvatting is dat dit vandag, met die bestaan van die massakommunikasiemedia, baie moeilik is om te kan aanneem dat die laerklassubkultuur soos hy dit beskryf, kan bestaan in só 'n suiwer vorm (Trojanovicz, 1973, p. 43). Miller se laerklassubkultuur sal ongetwyfeld beïnvloed word deur die ander klasse, en aanpassings tot die omgewing (wettig of onwettig) sal uitbrei buite die onmiddellike

subkultuur (Trojanovicz, 1973, p. 43)

## 8.8 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die delinkwente subkultuurteorie

### 8.8.1 Kenmerke

Die kenmerke van die afwykende subkultuurteorie is in hierdie studie onderskei as nie-utilitaristies, opsetlike kwaadwilligheid, groepsoutonomie en of groepskohesie en as korttermyn hedonisme. Die sentrale gedragsfokuspunt van moeilikheid, gedugtheid, swierigheid, prikkeling, noodlot en outonomie, sluit daarby aan soos aangetoon sal word in die diagrammatiese voorstelling.

Geplaas binne die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie, kan die afwykende subkultuurteorie soos volg voorgestel word in terme van sy misdaadverklaringsmoontlikhede:

*Diagram* 10 Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die delinkwente subkultuur[1)]

| STRUKTUURKOMPONENTE (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENT (BESTAAN) |
|---|---|
| WAARDES (Gewenste gedrag) | AANPASSING (In gemeenskap) (*Groepsoutonomie en of -kohesie*) |
| NORME (Konkrete gedragsreëls) | INTEGRASIE (Na binne ooreenkoms) (*Opsetlike kwaadwilligheid*) |
| ROLLE (Persoonlike inkleuring) | PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone) (*Sentrale gedragsfokuspunte*) |
| SUBGROEPE (Onderdele van groter groep) | DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) (*Nie-utilitaristies en hedonisties*) |
| **SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN)** | **STABILISERINGSKOMPONENT (VOORTBESTAAN)** |
| INTERAKSIE (Tussen persone) | DIFFERENSIASIE (Verskille in komponente) |
| WISSELWERKING (Tussen groepe) | SEGMENTASIE (Verskeie eendershede) |
| INTERNALISERING (Eie-making) | SPESIFIKASIE (Besondere andershede) |
| INSTITUSIONALISERING (Instellings) | INERSIE (Geen verandering) |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif*

### 8.8.2 Verklaring van die diagram

Uit die voorafgaande diagrammatiese voorstelling kan gekonkludeer word dat die delinkwente subkultuurteorie hoofsaaklik verduidelikend is ten opsigte van die *bestaan* van misdadige gedrag. Die groepsoutonomie en groepskohesie maak die aanpassingsprobleem in die konformerende gemeenskap vir die misdadige subkultuur onoplosbaar; die vaslegging van opsetlike kwaadwilligheid as gewenste gedrag los vir hulle die integrasieprobleem op en wanneer die sentrale gedragsfokuspunte wel gehandhaaf word, kan die nie-utilitaristiese korttermyn hedonistiese doelstellings wel bereik word.

### 8.8.3 Funksioneringskomponente van die sosiale sisteem

Beoordeel binne die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie kan dus gekonkludeer word dat die delinkwente subkultuurteorie se hoof- en uitsluitlike bydrae tot misdaadverklaring gesoek moet word in die *funksioneringskomponente* van die sosiale sisteemteorie vir sover as wat dit verduidelikend is van hoe misdadige gedrag dit regkry om te kan *bestaan*.

### 8.8.4 Bestaan van misdaad

Die delinkwente subkultuurteorie is makrososiologies gesien onvolledig in sy misdaadverklaringsmoontlikhede, want dit verduidelik binne diê beoordelingsraamwerk net

die *bestaan* van misdaad en nie ook die definiëring, ontstaan of voortbestaan daarvan nie.

## 8.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die misdaadverklaringsmoontlikhede van die delinkwente subkultuurteorie beredeneer. Hierdie teorie wil misdaad verduidelik in terme van afwykende subkultuurvorming wat gekenmerk word deur groepsoutonomie, opsetlike kwaadwilligheid, sentrale gedragsfokuspunte en nie-utilitaristiese hedonisme. In terme van die hipotese van hierdie ondersoek kan die misdaadverklaringsmoontlikhede van die teorie as eensydig beskou word vir sover dit volgens die uitgewerkte beoordelingsraamwerk slegs die *bestaan* van misdaad kan verduidelik.

Vervolgens sal die etiketteringsteorie uiteengesit, geëvalueer en beoordelend getoets word aan die hand van die ontwerpte evalueringsraamwerk.

# HOOFSTUK 9

## DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE ETIKETTERINGSTEORIE VIR MISDAADVERKLARING[1)]

### 9.1 Inleiding

In dié hoofstuk sal gepoog word om die misdaadverklaringsmoontlikhede van die etiketteringsteorie te ondersoek soos gekoppel aan die opvatting dat misdaad gesien word as die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

### 9.2 Ontstaansagtergrond

#### 9.2.1 Amerikaans

Volgens Pretorius (1976, p. 63) ontstaan die etiketteringsbenadering uit die vierde periode van die ontwikkeling van die Amerikaanse sosiologie, naamlik uit die ontwikkeling van spesialisasie soos voorafgegaan deur die integrasie van teorie, feit en metode; die vorming van 'n wetenskaplike beleid en die daarstelling van 'n grondslag. Veral drie belangrike prosesse

1) *Die etiketteringsteorie is 'n nuwe teorie wat die eerste keer geïntegreer is tot 'n teoretiese benadering uit verskeie brokkies en fraksies wat veral sedert die sestigerjare daaroor verskyn het in verskeie werke, maar veral deur outeurs soos Matza, Erickson, Becker en Lemert. Pretorius en De Klerk het oorspronklike sintesewerk in dié verband gedoen en daarom word hoofsaaklik na hulle studieresultate verwys.*

binne dié ontwikkeling van die voorgenoemde het die etiketteringsperspektief laat ontwikkel (Pretorius, 1976, p. 64).

### 9.2.2 Uitbreiding

In hierdie ontwikkelingstadium van die Amerikaanse sosiologie het die verfyning en uitbreiding van konsepte die aandag van die teoretici opgeneem en die navorsers het dié konsepte na nuwe belangstellingsareas uitgebrei en probeer toepas (Pretorius, 1976, p. 64). Veral binne die raamwerk van die ontwikkeling van die simboliese interaksionisme van die Amerikaanse sosiologie, het die navorsers die konsepte probeer toepas op die terrein van afwykende gedrag waaruit spesifiek die etiketteringsperspektief tot afwykende gedrag ontstaan het (Pretorius, 1976, p. 64).

### 9.2.3 Konflik en erkenning

In dieselfde tyd het die Harvard-Chicago-konflik in die Amerikaanse sosiologie ontstaan. Eersgenoemde het die belangrikheid van sosiologiese strukture en laasgenoemde dié van sosiologiese prosesse beklemtoon. Dit het daartoe bygedra dat die sosioloë van Harvard meer in staat was om die interaksionistiese konsepte uit te brei en hulle het gekonkludeer dat die etiketteringsbenadering verskynsels stereotipeer en oorvereenvoudig (Pretorius, 1976, p. 64). Hierteenoor het die sosiologie vanuit Chicago weer in die

etiketteringsbenadering 'n uitstraling van hulle denke gesien (Pretorius, 1976, p. 64). Beide skole het die benadering egter wel erken as 'n uitbreiding van sosiologiese kennis.

## 9.3 Uitgangspunte van die etiketteringsteorie

### 9.3.1 Groepsdefinisies

Pretorius (1976, p. 64) sê tereg dat die basiese stelling van die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag hoofsaaklik sentreer rondom dié stelling dat afwykende gedrag nòg die eienskap van 'n persoon is, nòg deur dié persoon se handelinge voortgebring word. Afwykende gedrag word eerder gevorm deur groepsdefinisies en groepsreaksies op mense se gedrag (Erickson, 1962, p. 308; McAllister, 1975, p. 8).

Dié uitgangspunt bring mee dat soms aanvaar word dat slegs diegene wat by nonkonformering en besondere etiketterings- of definiëringservarings betrokke is, afwykend is (Pretorius, 1976, p. 64).

Nietemin is almal dit eens dat die afwykendes wat deur die polisie, geestesgesondheidspersoneel of ander mense as sodanig uitgesonder word, aanpassingsprobleme rakende bedorwe identiteit het; iets waarmee die verborge afwykendes nie te make het nie (Pretorius, 1976, p. 64). Dit is een van die kernaannames van die etiketteringsoriëntasie ten opsigte van afwykende gedrag.

In die etiketteringsbenadering tot die verduideliking van afwykende gedrag word dus eerder van die sosiale gehoor (openbare mening) as van die individuele akteur gebruik gemaak as die kritiese veranderlike. Dit is so omdat dit volgens hulle die gehoor is wat uiteindelik besluit of 'n gegewe handeling afwykend of konformerend is (Pretorius, 1976, p. 62; Erickson, 1962, p. 308; Kitsuse, 1962, p. 248). Wat andere aan hom doen weens sy handelinge, is hier die primêre saak en nie soseer wie die individu self is en wat hy doen nie (Pretorius, 1976, p. 62; Becker, 1963, p. 8-9).

9.3.2 Partikuliere sosiale definisies

"In die eerste plek beklemtoon hierdie benadering dat afwyking 'n kwessie van sosiale definisie is, omdat die standaarde of norme wat oortree word, nie universeel of onveranderlik van aard is nie. As gedrag in ander perspektiewe problematies was, is dit in hierdie perspektief juis daardie toestand waarin gedrag as afwykend gedefinieer word, wat as problematies beskou word" (Pretorius, 1976, p. 65). Dié partikuliere definisie van sosiale gedrag bring dié probleem na vore van uit watter (groeps)verwysingsraamwerk moet/mag/kan gedrag as afwykend (en dus ook as misdadig) omskryf word.

Die gemeenskap se besluit om iemand se handelinge as afwykend te etiketteer, is nie net 'n sensuurhandeling nie; dis 'n skerp oorgangsrite van die konformerende na die afwykende rol. Die seremonies wat die status-

verandering teweegbring, behels 'n formele konfrontasie, die aankondiging van die straf vir sy wandaad en dan volg 'n klassifisering binne die raamwerk van 'n afwykende rol soos byvoorbeeld vir 'n pasiënt of 'n misdadiger (Erickson, 1962, p. 311). Dié gebeure is meestal van wye openbare belang en vind plaas in 'n dramatiese rituele opset - en dit is byna onomkeerbaar, sodat die "... deviant often returns home with no proper license to resume a normal life in the community" (Erickson, 1962, p. 311-12).

### 9.3.3 Die sosiale oorsprong van stigmatiese etikette

In hulle uiteensetting van die sosiale oorsprong van stigmatiserende etikette, handhaaf die etiketteringsteoretici 'n waardepluralistiese standpunt (Pretorius, 1976, p. 65). Dit is so in die sin dat hulle nie glo dat daar een of ander klein kern van kulturele waardes is ten opsigte waarvan daar gedifferensieerde geleentheidstrukture van toegang bestaan, wat die verskillende vorme van afwykende gedrag in komplekse samelewings verklaar nie. Hulle beklemtoon waardepluralisme en die belangrikheid van subkulturele normatiewe gedragspatrone by nonkonformering (Pretorius, 1976, p. 65).

Daarom word die aandag van dié mense meestal in beslag geneem deur hulle soeke na sosiale veranderlikes wat die etiketteringsproses kousaal kan beïnvloed omdat etikettering eerder as die afwykende gedrag van die persoon beskou word as wat dit as die afhanklike veranderlike beskou word (Pretorius, 1976, p. 66).

## 9.3.4 Afwykende gedragsvorming is 'n (sosiale) proses

Die voorkoms en verspreiding van afwykende gedrag is nie die gevolg van geïsoleerde gevalle van oortreding of afwyking van voorgeskrewe norme nie (Pretorius, 1976, p. 65). In afwykende gedrag kom ook die prosesse en handelinge van konformiste voor en daarom is die etiketteringsanalitici van mening dat afwykende gedrag as 'n sosiale proses ondersoek moet word McAllister, 1975, p. 12-3).

Die kern van die benadering is dat afwykende gedrag nie as 'n statiese eenstapgebeurtenis gesien kan en mag word nie, maar as 'n resultaat van dinamiese handeling (Pretorius, 1976, p. 65). Die uitgangspunt kom daarop neer dat gehandhaaf word dat alle oorsake van afwykende handelinge nie altyd gelyktydig voorkom nie en dat 'n model in die etiketteringsbenadering ontwikkel behoort te word wat daarvoor voorsiening maak dat menslike gedragspatrone ordelik ontwikkel.

Ter beter verduideliking van die uitgangspunt stel Pretorius dit so: "In hierdie proses van sosiale interaksie is die reaksie van ander mense nie 'n konstante gegewe nie, maar varieer dit in 'n groot mate. In die eerste instansie is daar variasie met verloop van tyd... Die mate waarin ander persone op 'n afwykende handeling sal reageer, hang in die tweede plek af van wie die handeling begaan... Navorsing ter stawing van hierdie stelling het aan die lig gebring dat daar inkonsekwensies bestaan met

betrekking tot die oplegging van 'n misdadige etiket" (Pretorius, 1976, p. 65).

### 9.4 Kenmerke van die etiketteringsteorie

#### 9.4.1 Konformiste is die etiketteerders

##### 9.4.1.1 Aanduiding

Volgens Matza speel aanduiding 'n rigtinggewende rol in die etiketteringsproses (De Klerk, 1977, p. 76). Aanduiding dui op die registrasie, etikettering of klassifisering van persone in kategorieë op grond van die feit dat hulle verkeerd opgetree het; dit verwys na die benadeling of stigmatisering en verandering van persone sover hulle verkeerd opgetree het en dit verwys ook na die verteenwoordiging of simbolisering van verkeerde gedrag van afwykendes (De Klerk, 1977, p. 77; Matza, 1969, p. 156-7).

"Om as afwykend aangedui te word, verseker nie dat die aangeduide persoon noodwendig met sy afwykende optrede sal voortgaan nie; maar dit het wel tot gevolg dat die oortreding vir die oortreder en die oortreder vir ander persone groter betekenis kry" (De Klerk, 1977, p. 77).

Matza verduidelik dit soos volg: "To make someone or something stand for yet something else is an act of genuine creation requiring an investment of meaning. Thus, signifying makes its object more significant - as we might expect. The object enjoys

- or suffers - enhanced meaning. To be signified a thief is to lose the blissful identity of one who among other things, happens to have committed a theft. It is a movement, however gradual, toward a thief and representing theft" (Matza, 1969, p. 156).

"In der waarheid figureer die rol wat hierdie konformeerders in die proses van afwyking speel so prominent in die werke van etiketteringseksponente dat baie kritici die mening huldig dat die konformeerders eintlik die sentrale fokuspunt van die etiketteringsbenadering is. So 'n benadering beteken natuurlik hoegenaamd nie dat die etiketteringseksponente die konformeerders ten koste van die afwykende persone buite rekening laat nie. Inteendeel, die afwykende persone is vir die eksponente steeds die sentrale fokuspunt in hul opvattings aangaande afwykings, maar dan *alleenfokuspunt* - en hier verskil die benadering van ander benaderings - binne 'n sosiale of interaksionêre konteks waarin konformerende persone ook pertinent en deurslaggewend figureer. Aangesien die etiketteringseksponente dan primêr daarin belangstel om die invloed van ander, konformerende persone op afwykendes vas te stel, is die afwykende persone volgens die mening van die skrywer steeds die afhanklike veranderlike en daarom ook die sentrale fokuspunt van die benadering" (De Klerk, 1977, p. 111).

#### 9.4.1.2 Sosiale kontrole

Volgens De Klerk (1977, p. 42-3) dui sosiale kontrole vir Lemert in die samehang tussen die afwykende gedrag

en sosiale kontrole op die onafhanklike veranderlike, dit wil sê sosiale kontrole is die oorsaak eerder as die gevolg van afwykende gedrag. Dit beteken dat die nie-tradisionele beskouing aangaande sosiale kontrole groter moontlikhede inhou vir die bestudering van afwykende gedrag in die moderne samelewings. De Klerk (1977, p. 42-3) sê: "As gevolg van afwykendes se simboliese reaksie jeens sosiale kontrole word dikwels *effektiewe*, (dit wil sê stimulus tot verdere afwyking) eerder as *bedoelde* (dit wil sê rehabilitasie of herstel) resultate bereik. Gevolglik kan versorging van die afwykende in 'n inrigting of terapeutiese behandeling aan hom eerder aanleiding gee tot verdere afwyking (as effektiewe resultaat) as wat dit die bedoelde rehabilitasiefunksie vervul".

Volgens Lemert kan afwykende gedrag ook weens die werking van formele sosiale beheermaatreëls gestabiliseer word. Hoewel die regverdiging van die werking van hierdie instansies soos die rehabilitasiesentra, welsyns-, straf- en verbeteringsinrigtings moreel geregverdig word, is die onmiddellike rasionale vir hulle kontroleoptrede geleë in wette, beleidsrigtings en in administratiewe reëlings te vinde. Juis dít gee aanleiding tot potensiële konfliksituasies omdat daar in weinig gevalle algehele eenstemmigheid in 'n samelewing of 'n gemeenskap ten opsigte van die kontroleoptrede is. Die moontlikheid bestaan altyd dat die situasie kan ontwikkel waar die een groep oor die mag beskik om sekere waardes af te dwing en van ander groepe dit te verwag waarmee hulle nie saamstem nie. Hierdie sosiaal-sielkundige agtergrond vorm dan die

opset waarbinne afwykendes se frustrasies opgebou word en waarbinne afwykende gedrag inderdaad gestabiliseer kan word (De Klerk, 1977, p. 43-4). Lemert gee egter wel toe dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat frustrasie en verontregtingsgevoelens as sodanig tot sekondêre afwykens sal lei nie (De Klerk, 1977, p. 43-4). In sommige gevalle kan dit egter wel gebeur.

Omdat die afwykendes simboliese betekenis heg aan die kontroleagente se optrede, word in baie gevalle selfbeelde gevorm wat meewerk tot 'n individu se afwykings. Vanweë die noue kontak en interaksie tussen die verskillende afwykendes binne 'n inrigting, is hulle in 'n posisie waar hulle verdere tegnieke van afwyking bymekaar kan aanleer. Juis om dié rede behoort meer aandag gegee te word aan die beter begrip en insig van die subjektiewe simboliese betekenisse van sosiale kontrole, eerder as aan die bedoelde uitwerking daarvan (De Klerk, 1977, p. 44).

### 9.4.1.3 Tipologie

Becker onderskei vier tipes afwykende gedrag en dit doen hy op grond van 'n kruisklassifikasie van die beginsels van *normoortreding en sosiale definisie*. Die gevolg is 'n vierledige tipologie waarin hy onderskei tussen:

(i) *Konformerende gedrag* as daardie gedrag wat die reëls gehoorsaam en wat deur ander as sodanig gedefinieer word.

(ii) *Suiwer afwykende gedrag* as daardie gedrag wat die reëls oortree en wat as sodanig waargeneem en gedefinieer word.

(iii) *Valsbeskuldigde gedrag* as daardie gedrag wat wel die reëls gehoorsaam, maar wat deur ander persone waargeneem word as sou hulle die reëls oortree.

(iv) *Geheime afwykende gedrag* as waar die reëls wel oortree word, maar die gedrag word nie as oortreding waargeneem nie en daar kan volgens Becker se definisie dus geen sosiale reaksie of definisie wees nie (De Klerk, 1977 , p. 55-56; Becker, 1963, p. 9-21).

Die tipologie van Becker moet egter gekwalifiseer en nader verduidelik word met die volgende opmerkings: Dié betrokke klassifikasie moet altyd in terme van die perspektief van 'n gegewe stel reëls gebruik word. Dit neem met ander woorde nie die kompleksiteit in ag in gevalle waar binne dieselfde konteks verskillende reëls is wat gedrag voorskryf nie (De Klerk, 1977, p. 56). In die tweede plek verwys die klassifikasie na gedragstipes eerder as na mensetipes, dit wil sê dit verwys eerder na handelinge as na persoonlikhede (De Klerk, 1977, p. 56).

9.4.1.4 Die homogeniteit van afwykende gedrag

Becker maak verder ook beswaar teen daardie sosioloë wat afwykende gedrag definieer as die oortreding of verbreking van 'n algemene aanvaarde gedragsreël en dan die vraag van wie die reël verbreek, beantwoord in terme van die persoonlike lewensituasie van die oortreders (De Klerk, 1977, p. 54). Uit sô 'n opvatting kom die idee te maklik na vore dat diegene wat 'n bepaalde reël oortree, 'n homogene groep uitmaak (Becker, 1963, p. 8). Volgens Becker kan nie aanvaar word dat diégene wat dieselfde reël oortree het, 'n homogene groep uitmaak nie.

Volgens hierdie skrywer ignoreer sô 'n aanname die sentrale feit van afwykende gedrag, naamlik dat dit deur die samelewing geskep word (Becker, 1963, p. 8-9). Met so 'n uitspraak bedoel hy egter nie die gewone opvatting, naamlik dat die oorsake van afwykings in die sosiale situasie van die afwykende gelokaliseerd is of in sosiale faktore wat aksie vereis nie (Becker, 1963, p. 8-9). Hy sê: "I mean, rather, that *social groups create deviance by making the rules whose infraction constitute deviance,* and by applying those rules to particular people and laballing them as outsiders" (Becker, 1963, p. 8-9). Hieruit gesien, is afwykings dan nie 'n kwaliteit van die handeling wat die persoon uitvoer nie, maar eerder 'n konsekwensie van die toepassing van reëls deur ander op die *oortreder.* Die afwykende is daardie persoon op wie hierdie etiket suksesvol toegepas is (Becker, 1963, p. 8-9; De Klerk, 1977, p. 54).

Afwykende gedrag is vir Becker ook kollektiewe gedrag, net soos konformerende gedrag. Dit beteken dat afwykende gedrag deel is van die komplekse netwerk van handelinge wat meer as net die afwykende persoon betrek. Dié kollektiewe siening van afwykende gedrag het dus tot gevolg dat al die persone wat by 'n afwyking betrokke is, daarby betrek moet word in die bestudering van die afwyking; nie net die afwykende persoon nie. Dit veronderstel dat die sosioloog ook diegene wat die afwykende as sodanig etiketteer en identifiseer, moet bestudeer. Juis wanneer aangeneem word dat afwykende gedrag in 'n komplekse netwerk van handelinge voorkom wat noodwendig ander persone insluit, moet weggedoen word met die gedagte dat afwykende gedrag in duidelike kategorieë ingedeel kan word (De Klerk, 1977, p. 53). Die klassifisering van afwykende gedrag is vir Becker prakties 'n onmoontlikheid, veral omdat daar dikwels onsekerheid bestaan oor die afwykendheid van 'n handeling al dan nie. Dié onsekerheid bestaan nie net by die afwykende nie, maar ook by die konformiste en hulle wat die gedrag as afwykend definieer. Dit gebeur ook dikwels dat die toekenning van 'n etiket, alhoewel dit geregverdig kan wees, nogtans moeilik en selfs onmoontlik kan wees soos wanneer die oortreders baie mag besit of in hoë posisies is (De Klerk, 1977, p. 53-4).

Ook meen hy dat daar alleenlik sprake kan wees van afwykende gedrag indien daar ander mense is wat dié gedrag só definieer (Becker, 1963, p. 11; McAllister, 1975, p. 17). Afwyking is dus nie 'n kwaliteit wat in sommige gedragsoorte teenwoordig is

en in ander afwesig is nie; dit is eerder die produk van 'n proses wat die reaksies van ander mense op dié soort gedrag insluit (Becker, 1963, p. 12). Dieselfde gedrag kan byvoorbeeld 'n verbreking van die reëls wees op een tydstip en nie op 'n ander nie, en dit kan 'n verbreking wees as dit deur die een persoon en nie as dit deur 'n ander persoon gedoen word nie (Becker, 1963, p. 12). Dit wil sê die afwykendheid van 'n handeling hang deels saam met die aard van die handeling (of dit 'n gedragsreël verbreek of nie) en deels saam met wat ander mense daaraan doen (Becker, 1963, p. 12).

Op grond van hierdie insig dat dit daarom nie moontlik is om die afwykendes as 'n homogene groep te beskou nie, en ook omdat die etiketteringsproses dan boonop nog feilbaar is, kan dit nog gebeur dat persone wat geen oortreding begaan het nie, ook as afwykend gebrandmerk kan word (De Klerk, 1977, p. 54). Hierbenewens kan ook gebeur dat nie almal wat oortree wel geëtiketteer word nie, naamlik weens die feilbaarheid van die proses en daarom die konklusie: "Insofar as the category lacks homogeneity and fails to include all the classes that belong in it, one cannot reasonably expect to find common factors of personality or life situations that will account for the supposed deviance" (Becker, 1963, p. 9).

De Klerk skryf verder "... van belang in hierdie verband is die eksplisiete onderskeid wat Becker tref tussen *gedrag wat reëls oortree* en *afwykende gedrag*. In die geval van eersgenoemde is daar slegs sprake van

reëloortreding sonder dat daar hoegenaamd reaksie deur ander op die gedrag is. In die geval van afwykende gedrag, daarenteen, is beide reëloortreding en ander se reaksie noodwendig essensiële elemente. Volgens Becker: "In short, whether a given act is deviant or not depends in part on the nature of the act (that is, whether or not it violates some rule) and in part on what other people do about it". Hy het dus nie beswaar daarteen dat wetenskaplikes wel gedrag wat reëls oortree, bestudeer nie, mits hulle hul studieterrein dan as *reëloortredende gedrag* en nie as *afwykende gedrag* identifiseer nie (De Klerk, 1977, p. 55).

### 9.4.2 Afwykende gedrag het 'n sosiale konteks

#### 9.4.2.1 Verborge en openlike sosiale etiketteringskonteks

"Verdere belangrike aspekte van afwykende gedrag wat Lemert aantoon en wat in der waarheid in verband staan met die tipering van afwykende gedrag is *openlike* en *verborge simboliese* aspekte" (De Klerk, 1977, p. 24; Lemert, 1951, p. 34-5).

Onder die openlike aspekte verstaan Lemert volgens De Klerk (1977, p. 24) vertikale en nie-vertikale aspekte. "Met openlike verbale afwyking bedoel hy dan daardie afwyking wat waargeneem kan word deur te let op 'n persoon se taal of spraak en sluit aldus chroniese vloektaal en hakkel in. Openlike nieverbale afwyking verwys na 'deviation in all gross

bodily behaviour except vocal responses'. Dit sluit in gedrag soos chroniese alkoholisme, prostitusie, misdaad ensovoorts, wat gewoonlik deur sosioloë as 'patologies' beskou word" (De Klerk, 1977, p. 24).

Hierby aansluitend verwys die verborge simboliese aspekte soos weergegee deur Lemert (De Klerk, 1977, p. 24) op afwykings in houdings en emosies, met besondere verwysing na die betekenis wat dit inhou vir die persoon wat dit deurleef. Hy baseer sy opvatting op die feit dat daar sonder twyfel wel 'n onderskeid getref moet word tussen die bedekte bedoeling van en mense se openlike gedrag.

### 9.4.2.2 Sosiopatiese individuasie

Die begrip sosiopatiese individuasie word deur Lemert gebruik om die proses waardeur mense afwykend word, aan te dui. Die illustrering van hierdie prosessuele aard van afwykende gedrag is duidelik in sy konsep van sekondêre afwyking. Hy onderskei die hieropvolgende prosesse (De Klerk, 1977, p. 33):

1. Die persoon tree afwykend op in die sin dat hy teenstrydig handel met die standaardverwagtings van die samelewing of gemeenskap;

2. ander persone reageer afkeurend teenoor dié gedrag en sulke reaksies is meestal in die vorm van stigmatisering, straf, segregasie en ander vorme van sosiale kontrole;

3. die ander se reaksies skep vir die afwykende persoon probleme soos formele of informele segregasie van die res van die gemeenskap of die toesegging van 'n bepaalde rol en status wat nie met die aanvaarde ooreenstem nie;

4. die afwykende persoon reageer deur byvoorbeeld 'n selfbeeld in ooreenstemming met die ander se siening van homself te ontwikkel.

Hierdie sekondêre afwyking word gewoonlik voorafgegaan deur 'n primêre afwyking en daar is in die reël 'n geleidelike oorgang van die eersgenoemde een na die ander. Hierdie oorgang vind gewoonlik soos volg plaas: primêre afwyking; sosiale straf; verdere primêre afwyking volg; sterker strafmaatreëls volg; verdere afwyking volg (hier kan al sprake wees van vyandigheid teenoor diégene wat die strafmaatreëls toepas); dan word 'n krisis in die toleransiekwosiënt bereik wat gemanifesteer word deur formele optrede deur die gemeenskap; dit word gevolg deur versterking van afwykende gedrag as reaksie op die stigmatisering en straf, en dan volg die finale aanvaarding van 'n afwykende status en pogings om daarby aan te pas (De Klerk, 1977, p. 33; Lemert, 1951, p. 77).

### 9.4.2.3 Afwykende loopbane

Volgens die uiteensetting van De Klerk (1977, p. 58) en McAllister (1975, p. 16) word die begin van 'n afwykende loopbaan geïnisieer met die aanvanklike

oortreding in die sin van die begaan van 'n afwykende handeling. Volgens die genoemde skrywer (De Klerk, 1977, p. 58) gebruik Becker vir die verduideliking hiervan die onderskeiding van die nie-bedoelde en die bedoelde afwykings.

Die nie-bedoelde afwyking vind plaas omdat die persoon onbewus is van die bestaan van die reël wat dié gedrag verbied, of omdat hy meen dat dié reël nie op hom van toepassing is nie en dus nie in sy situasie gegeld het nie (De Klerk, 1977, p. 58). Hierteenoor word verskillende verklarings vir die bedoelde afwykings voorgehou: die psigoloë soek dit in die sielkundige ontwikkeling van die kind; die sosioloë soek dit weer in sosio-kulturele strukturerings. Nogtans meen Becker (De Klerk, 1977, p. 59; Becker, 1963, p. 27) dat ons hierin met 'n valse probleem werk, want die vraag wat eintlik beantwoord moet word, is waarom konformiste nie ook toegee aan die neiging tot afwykings nie. "Die antwoord wat Becker dan self op hierdie vraag bied, is dat konformiste op so 'n wyse by konvensionele instansies en gedrag betrokke is dat hulle nie kan bekostig om die reëls te oortree nie. Vir hulle is daar te veel op die spel" (De Klerk, 1977, p. 59).

Wat egter veral hier van belang is, is die volharding met afwykende gedragspatrone wat (kan) uitloop op etikettering, dit wil sê diégene wat hulle identiteit rondom dié afwykende gedragspatrone van afwyking organiseer (De Klerk, 1977, p. 60). Vir Becker speel die proses van sosiale interaksie 'n rigtinggewende

rol in die ontwikkeling en stabilisering van afwykende gedragspatrone - veral die ontdekking van die voordele wat die oortreding vir hom inhou dien as motivering vir die voortsetting van die afwykende gedragspatroon (De Klerk, 1977, p. 60). "Dit is egter nie slegs as gevolg van interaksie met ander afwykendes wat afwykende gedrag neig om te stabiliseer nie. Ook interaksie met ander nie-afwykendes is hier van die grootste belang; en dan veral die identifisering en etikettering van die persoon as afwykend" (De Klerk, 1977, p. 61).

Hierby aansluitend moet onthou word dat die etikettering van *afwykend* tot gevolg het dat sekere meganismes in werking gestel word wat help om die beeld wat konformiste het van die afwykende, te help vorm. Op só 'n manier dra die etiket daartoe by dat die afwykende al dieper betrokke raak in afwyking (De Klerk, 1977, p. 62). Hy word byvoorbeeld afgesny van deelname aan konformerende groepe en sulke isolering bring mee dat hy in toenemende mate betrek word by afwykende gedrag.

"Die finale stap in die loopbaan van die afwykende is die beweging na 'n georganiseerde afwykende groep. Aangesien die lede van so 'n groep afwyking in gemeen het en hulle as gevolg daarvan gemeenskaplike probleme het, ontwikkel 'n eie afwykende subkultuur" (De Klerk, 1977, p. 63). Veral wanneer iemand in so 'n groep inbeweeg, het dit betekenisvolle implikasies vir sy afwykende selfbeeld deurdat hy daarmee sy eie afwykendheid vestig en stabiliseer (De Klerk, 1977, p. 63).

9.4.2.4 Kollektiewe verteenwoordiging

"Nadat die afwykende homself uiteindelik as essensieel afwykend beskou, is hy geskik om verteenwoordigend van 'n bepaalde aktiwiteit te wees. Om hierdie verskynsel te illustreer, bespreek Matza redelik in detail hoe die polisie as staatsinstansie te werk gaan om oortreders op te spoor. Dit gaan naamlik in die breë vir Matza hier om die feit dat 'n persoon wat deur ander uitgesonder is en wat ook meegewerk het om homself uit te sonder, beskou word as verteenwoordigend van daardie afwyking wat hy begaan het en daarom ook voortdurend by ander onder verdenking is, of soos Matza dit stel: "Having been cast in a part, he should be put to work. The essential thief is employed as a regular suspect..." (De Klerk, 1977, p. 91). Wanneer 'n soortgelyke oortreding as dié waarby die oortreder betrokke is of was en waarvolgens hy geëtiketteer is, in die omgewing begaan word, word die oortreder byvoorbeeld vir ondervraging ingeroep en sodoende opnuut herinner aan sy afwykende status (Matza, 1969, p. 181; Lemert, 1972, p. 67 en 69). "Alhoewel miskien onskuldig aan hierdie oortreding, is hy weer eens getuie van homself in die rol en word sy afwykende selfbeeld op komplekse simboliese wyse verder versterk. Deur hierdie uiteindelike kollektiewe verteenwoordiging word die hele proses van afwykendword afgesluit" (De Klerk, 1977, p. 91).

### 9.4.3 Die prosessuele aard van afwykings

#### 9.4.3.1 Situasionele afwykings

Hierdie afwyking is 'n funksie van die situasie waarvan die individu deel is eerder as van fisiese en psigiese stremminge. Die oorsake van situasionele afwyking lê dus in veranderlikes buite die individu. In hierdie verband sê Lemert: "Situations have a compelling force and may cause persons to transgress rules of conduct to which they have rigidly adhered in the past and which presumably have been incorporated as part of their personality structures" (Lemert, 1951, p. 37-8). In gevalle van situasionele afwyking kan dus verwag word dat verandering in die situasie, verandering in gedrag tot gevolg sal hê. In hierdie tipe afwyking negeer Lemert weer eens nie die persoonlike faktore nie. Stimuli buite die individu is egter hier oorheersend en meer dinamies as interne faktore ten opsigte van die ontstaan van die afwykende gedrag (De Klerk, 1977, p. 26).

#### 9.4.3.2 Sistematiese afwykings

Lemert bedoel hiermee afwykende gedragspatrone wat die vorm van subkulture aanneem (De Klerk, 1977, p. 26; Lemert, 1951, p. 44). Deur middel van kommunikasie en interaksie tussen persone met dieselfde situasionele of individuele afwyking, word die bewustheid van eendersheid ten opsigte van 'n afwyking omvorm tot 'n gedragsisteem binne 'n spesifieke sosiale organisasie met geformaliseerde statusse, rolle en

'n afsonderlike moreel. Groepvorming word instrumenteel belangrik vir en in dié afwykingsvorms wat vir hulle sistematiese gekontinueerde aktiwiteite goedere en dienste benodig wat deur besondere verhoudinge voorsien moet word, soos prostitusie, dobbelary, politieke radikalisme en gewapende roof illustreer (Lemert, 1972, p. 73).

Afgesien van dié *spontane* ontstaan van subkulture, kan dit ook deur middel van innovateurs tot stand gebring word. Dié innovateurs is meestal vir 'n tydperk geïsoleerd weens hulle afwyking en is in der waarheid in afwagting op 'n simpatieke gehoor en deur oorreding, propaganda en beloning kry hulle 'n aanvanklike groep volgelinge wat dan die voorloper word van 'n georganiseerde subkultuur (De Klerk, 1977, p. 27; Lemert, 1951, p. 45). Aangesien individue met verskillende idees en verskillende motiverings by dié subkulture aansluit, is dit nie altyd goed geïntegreerd nie en dit is dikwels dan nodig dat integrasie deur middel van konflik met ander groepe as eksterne bedreigings gehandhaaf word (De Klerk, 1977, p. 27).

### 9.4.3.3 Primêre afwykingstipologie

"Wat *primêre afwyking* betref, verwys Lemert na daardie afwyking wat uit 'n verskeidenheid bronne ontstaan en wat eintlik nie indringende verandering ten opsigte van die afwykende persoon self tot gevolg het nie. Alhoewel primêre afwyking sosiaal as ongewens waargeneem word, het dit slegs marginale implikasies vir

die status en psigiese struktuur van die betrokke persoon" (De Klerk, 1977, p. 28; Lemert, 1972, p. 81). Dit kom daarop neer dat primêre afwyking daardie afwykende gedrag is wat die persoon uitleef wat nie 'n volle deel van sy lewenspatroon word nie; dit het nie betekenisvolle implikasies vir sy selfbeeld nie en het min of geen invloed op sy status en rol (De Klerk, 1977, p. 28). Konformerende gedrag is bepalend vir sy selfbeeld.

9.4.3.4 Sekondêre afwykingsdinamika

Dit verwys na die persone wie se lewens deur afwykende gedrag oorheers word (De Klerk, 1977, p. 28; Lemert, 1972, p. 81; McAllister, 1975, p. 25). Weens ander se reaksies teenoor hom, aanvaar hy sy eie optrede as afwykend en rasionaliseer hy nie meer nie (Lemert, 1972, p. 84). Afwykende subkulture is een vorm wat sekondêre afwykings kan aanneem (De Klerk, 1977, p. 28).

Wanneer dié selfdevaluering plaasvind in terme van die samelewing, vind gewoonlik ook 'n sielkundige stryd plaas - veral wanneer sy selfbeeld se voortbestaan op massale wyse bedreig word (Lemert, 1972, p. 82). Wanneer die individu egter wel, argumentsonthalwe, verder in afwykende gedrag inbeweeg, word die vermindering van sy konflik meestal ondersteun deur die ontdekking dat sy status as afwykende, alhoewel dit gedegradeerd is, "... is by no means as absymal as represented in moral ideologies" (Lemert, 1972, p. 82). Die prostituut kom gou agter dat, hoewel

haar lewe rof en onvoorspelbaar is en dat arrestasie 'n hindernis is, is dit nie "... a life of shame..." nie en gaan sy dan voort (Lemert, 1972, p. 82).

### 9.4.4 Ander se reaksies

#### 9.4.4.1 Reaksievorme

Reaksies van bewondering, simpatie, vrees, verontregting, weersin, afkeer, haat en toorn is van die reaksies wat by ander mense ontlok kan word wanneer afwykende gedrag plaasvind (De Klerk, 1977, p. 22). Die kwaliteit van dié reaksies staan veral in die informele groepe in direkte verband met die graad, intensiteit en sosiale sigbaarheid van die afwyking (De Klerk, 1977, p. 30).

Tussenkomende faktore kan egter veroorsaak dat die reaksievorme sodanig beïnvloed word dat aan hulle onegte kwaliteite toegeken word deur die waarnemer; naamlik die reaksies kan deur tussenkomende faktore veroorsaak word sodat die intensiteit en aard van die reaksie nie in ooreenstemming is met die aard van die afwyking nie en verder kan dié faktore tot gevolg hê dat die reaksie hewiger is as wat die afwyking regverdig (De Klerk, 1977, p. 30). Veral sake soos tegniese eise en formele prosedure, gebrek aan bronne en agente van sosiale kontrole en persoonlike idiosinkrasieë van die maghebbers kan volgens Lemert dié onegte kwaliteite aan die samelewingsreaksies toevoeg (De Klerk, 1977, p. 30). Nog 'n belangrike faktor is die konflik tussen groepe wat in 'n magstryd betrokke

is; dit lei dikwels daartoe dat die samelewingsreaksies meestal hewiger is as wat die oortreding regverdig omdat dit gesien kan word om die ander groep af te takel (De Klerk, 1977, p. 30-1).

Die gevolge van die samelewingsreaksies op afwykende gedrag kan wissel tussen uiteindelike aanvaarding, onstabiele ekwilibrium, algehele verwerping en uitwissing (De Klerk, 1977, p. 31-2).

9.4.4.2 Verbanning

"Verbanning van 'n aktiwiteit, dit wil sê die bekleding van 'n bepaalde aktiwiteit met skuld, beteken egter nie dat die individu wat hom aan die betrokke aktiwiteit skuldig maak, noodwendig ook met skuld beklee sal word nie. Dit kan inderdaad gebeur dat persone op een of ander wyse daarin slaag om die skuld wat met 'n betrokke aktiwiteit gepaard gaan òf te hanteer òf selfs te neutraliseer" (De Klerk, 1977, p. 78).

Verbanning het die meeste negatiewe konsekwensies vir die *wrong-minded*: "Veral hierdie gevolge is prominent; naamlik dat die oortredende persoon bykans gedwing word om al meer by afwyking betrokke te raak en voorts ook dat die afwyking groter omvang sal aanneem as wat dit met die aanvanklike verbanne aktiwiteit die geval was" (De Klerk, 1977, p. 79). Dit wil sê solank die persoon om een of ander rede voortgaan met die verbanne aktiwiteit, sal hy dieper en dieper in afwyking verval sodat dit in omvang en intensiteit sal toeneem.

Met verbanning hang ook saam die verskynsel van deursigtigheid. Dit hou verband met geheimhouding nadat hy die afwykende daad gepleeg het en bekommernis of dié daad geheimhoubaar is (De Klerk, 1977, p. 80). "Die akteur is dus besorgd oor die beeld wat sy optrede na buite reflekteer en dat hy homself sal 'weggee' deur sekere onbewuste wenke aan ander te openbaar" (De Klerk, 1977, p. 81).

Meer as verbanning is egter nodig vir die voortsetting van afwykende gedrag.

### 9.4.4.3 Formele beheertoepassing

Wanneer verbanning plaasgevind het, is dit egter nog nie genoeg om iemand onderweg na groter en meer afwykende gedrag te kanaliseer nie; die afwyking moet aan gesaghebbende afkeur blootgestel word (De Klerk, 1977, p. 84; McAllister, 1975, p. 19). Dit kan deur die staat gedoen word. Wanneer dit wel suksesvol deur die staat gedoen word, moet die afwykende egter reeds gevoelig wees vir afwyking soos wat meestal die geval is nadat verbanning plaasgevind het; dan is die persoon meestal gereed en makliker vatbaar om homself te sien in terme van die etiketteerders.

Dit is baie belangrik om te let op die rol wat *uitsluiting* speel in die oorgang van die tentatiewe selfidee na die gestabiliseerde afwykende selfbeeld (De Klerk, 1977, p. 87). Wanneer die oortreder van die meeste normale aktiwiteite tussen konformiste uitgesluit word, is dit vanselfsprekend bevestigend dat dit

die voorpad van die vestiging van 'n afwykende selfbeeld kan wees. Dit werk daartoe mee dat hulle konvensionele konformerende selfidentiteit geleidelik verswak sodat hulle eintlik daardeur gedwing word tot verdere afwykings as voortsetting van die vorige afwyking, of as uitbreiding van afwyking oor die algemeen.

Afgesien van die redelike uitsluiting, kan ook nog die brutale uitsluiting onderskei word. Eersgenoemde verwys byvoorbeeld na die weiering van 'n stortplek aan 'n homoseksualis langs jou eie en laasgenoemde na die weiering van werk aan 'n homoseksualis op grond van sy homoseksualisme (De Klerk, 1977, p. 87). Uit die aard van die saak bewerk die brutale uitsluiting in meerdere mate uitsluiting en dus ondersteuning van afwykende selfbeelde. Wanneer die afwykende uiteindelik bereid is om homself as 'n afwykende te beskou weens die sosiale prosesse soos bo uiteengesit, is hy ook geskik om as verteenwoordigend van 'n bepaalde aktiwiteit te wees en dan word hy ook uitgesonder om voortdurend onder verdenking te wees daarvoor (De Klerk, 1977, p. 90).

#### 9.4.4.4 Ingryping

Volgens Pretorius (1976, p. 68-70) het die etikettering blykbaar verskillende gevolge, afhangende van wie op watter stadium van die afwykende se loopbaan etiketterend ingryp. Wanneer 'n persoon byvoorbeeld 'n primêre afwykende is, kan etikettering sy afwyking

beëindig of dien om hom na die stadium van die sekondêre afwyking te laat oorgaan.

Wanneer die etiket in die geheim toegeken word, bestaan die moontlikheid dat die afwykende in die toekoms afwykende gedrag sal vermy. Dieselfde geld wanneer die afwykende persoon om die een of ander rede sensitief is vir die evaluering van die etiketteerder; dan sal die effek van die etiketteringsproses heelwaarskynlik meer positief as negatief wees. Ook wanneer die etiket maklik verwyder kan word, sal die geëtiketteerde makliker in die rigting van konformerende gedrag gekanaliseer kan word. Wanneer die uiteinde van die samelewingsreaksie kumulatief gesien, ondersteunend of verwerpend is ten opsigte van die afwykende gedrag, sal die resultaat daarvan op die individu ook positief of negatief wees. Pretorius wys ook daarop dat die milde toekenning van realistiese etikette die voorkoms van konformerende gedrag stimuleer (Pretorius, 1976, p. 70).

## 9.5 Misdaadverklaringsmoontlikhede

### 9.5.1 Inleiding

Wanneer die misdaadverklaringsmoontlikhede van die etiketteringsteorie ondersoek word, sal veral aandag gegee word aan die moontlike veroorsakende verband tussen die geïdentifiseerde kenmerke van die benadering en die skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge.

### 9.5.2 Bevraagteken en ondersteun

Dat konformiste die etiketteerders is, dui daarop dat hulle deur middel van aanduiding en tipologisering oor die aard van afwykende gedrag, ander persone etiketteer as afwykendes.

In soveel woorde word die misdaadverklaringsmoontlikhede van die element van aanduiding bevraagteken en ondersteun met die opmerking van De Klerk (1977, p. 77): "Om as afwykend aangedui te word, verseker nie dat die aangeduide persoon noodwendig met sy afwykende optrede sal voortgaan nie; maar dit het wel tot gevolg dat die oortreding vir die oortreder en die oortreder vir ander persone groter betekenis kry". Hieruit kan afgelei word dat dit die konformiste is wat die etikettering doen en nie kan verklaar dat en waarom mense interpersoonlike, familiale, seksuele, ekonomiese, gemeenskaps-, openbare gesags-, eiendoms- of godsdienstige verhoudinge skend nie. Dit verduidelik miskien wel, dat en waarom misdadige gedrag duideliker en groter betekenis kry vir beide die misdadiger en die konformiste.

### 9.5.3 Stabilisering

Ten opsigte van *sosiale kontrole* as element van die konformiste se etiketteringsrol, bedoel die etiketteerdersteoretici dat dít (sosiale kontrole) eerder die oorsaak is van misdadige gedrag en nie iets is wat volg weens misdadige gedrag nie (De Klerk, 1977, p. 42). In 'n sekere sin kan dié opvatting wel mis-

daadverklarend in die sin van fundamentele verhoudingskendings aangewend word, naamlik vir sover magsvorming, en dus beheer van een groep oor 'n ander wie se waardes verskil van dié van die sosiale beheeragente, daartoe kan lei dat misdadige gedragspatrone gestabiliseer raak. Dit blyk duidelik soos in subkultuurvorming vir sover dit reaksierealisering is op die voorafgaande verduideliking. Dit is duidelik dat dié opvatting wel fundamentele tussenmenslike verhoudingskendings kan verklaar; veral dan in die sin van rebellie soos uiteengesit deur Merton, want mense kan dalk juis subkulture vorm as reaksie teen die magsvorming van die beherende (sub)kultuurbeheerders.

### 9.5.4 Grondprobleem

Met betrekking tot *tipologisering* deur die konformeerders, moet opgemerk word dat dít juis die grondprobleem van die etiketteringsteoretici is in terme van misdaadverklaring. Hulle leer naamlik juis dat mense misdadige gedrag begaan omdat hulle as misdadigers getipologiseer word deur die konformiste. Afgesien daarvan dat hulle dan buite rekening laat dat die primêre afwyking eers moes voorgekom het voordat die etiketterings deur die konformiste sal kan plaasvind, kan dié benadering die beskuldiging van konformeringsprojeksie en van sosiologisme op die etiketteringsteoretici laat neerkom. Die konformerende subkultuur word dan 'n té prominente plek toegeken, naamlik die *enigste* plek in die identifisering van misdadige gedrag en daar word geen moontlikheid gelaat vir die bydraes wat die afwykende subkultuur

self kan maak tot misdadige gedragsidentifisering nie. Hier kan verder ook gehipostateer word dat dit nie 'n uitgemaakte saak is dat byvoorbeeld Becker (1963, p. 9-21) se tipologie (konformerende gedrag, suiwer afwykende gedrag, valsbeskuldigde afwykende gedrag en geheime afwykende gedrag) wel die ontstaan, en veral nie die voortbestaan van kriminele gedrag sal kan verklaar in die sin van fundamentele verhoudingskendings nie. Dit lyk egter wel asof die voorkoms van geheime afwykende gedrag en van suiwer afwykende gedrag misdaadverklarend aangewend sal kan word, veral wanneer die misdadigers in beide gevalle wegkom en slaag met hulle kriminele gedrag vir sover hulle nie in hegtenis geneem, verhoor en skuldig bevind word nie.

### 9.5.5 Onduidelik

Betreffende die kenmerk van die *homogeniteit van misdadigers* as 'n groep wat nie deur dié teoretici aanvaar wil word nie, moet opgemerk word dat dié standpunt baie onduidelikhede inhou. Dit is byvoorbeeld immers nie moontlik dat mense kan doen wat hulle wil en dat daar dan nog 'n ordelike samelewing sal kan bestaan nie. Sosiale groepe móét immers ordelikheidsreëls daarstel in terme waarvan mense met mekaar behoort saam te leef en dit is juis die skending van dié fundamenteles van dié reëls wat misdaad konstrueer. Dit is wel debatteerbaar of die misdadigers onder alle omstandighede 'n homogene groep uitmaak in die sin dat hulle voor oortreding aan 'n bepaalde subkultuur behoort. Ná oortreding behoort hulle wel aan 'n

homogene groep kragtens hulle misdadigheid. Dan moet egter in ag geneem word dat hulle hulleself in dié misdadige subkultuur laat plaas het met hulle optrede. Dit is nogtans betwyfelbaar of die ontkenning van die bestaan van homogeniteit onder misdadigers wel die skending van die fundamentele verhoudinge sal kan verklaar; die bestaan van homogeniteit kan dit waarskynlik beter verklaar vir sover die eendersdenkendheid wat uit homogeniteit kan ontstaan, ook rondom kriminaliteitswaardes geïnternaliseer kan raak onder die misdadigers.

### 9.5.6 Bevoordeling

Die opmerking van Becker (1963, p. 12) dat gedrag soms as afwykend getipeer word wanneer dit deur een persoon gepleeg word en soms nie as dit deur 'n ander persoon gepleeg word, is wat misdaadverklaring betref, ook dubbelslagtig. Dit is immers waar dat, gegee bepaalde omstandighede, die wets- en ordehandhawers *misdaad* mag pleeg ten einde die orde te kan bly handhaaf. Dié optrede verklaar egter nie misdaad nie; dit verduidelik die handhawing van ordelikheid in die samelewing. Verder moet toegegee word dat dit ook waar is dat weens korrupsie van regstelsels, sommige persone bevoordeel word in terme van hulle etikettering as misdadigers. Sutherland het ook al daarop gewys in terme van sy studie oor witboordjiemisdadigers wat nie so streng bestraf word as ander mense nie weens die kulturele homogeniteit wat daar bestaan tussen hulle en die regsplegers.

9.5.7 Natuurnoodwendig

Vervolgens moet ook gelet word op die misdaadverklaringsmoontlikhede van die uitspraak dat afwykende gedrag in 'n *sosiale konteks* voorkom. Hieronder onderskei die etiketteringsteoretici die kenmerke van verborgenheid of openlikheid, sosiopatiese individuasie, afwykende loopbane en kollektiewe verteenwoordiging. Betreffende die verborgenheid of openlikheid van afwykende gedrag verwys De Klerk (1977, p. 24) na Lemert se opmerking oor die persone se afwykings in houdings en emosies. Dit is egter nie duidelik of die afwykings ook te wyte is aan etikettering deur konformiste nie. Met verwysing na sosiopatiese individuasie as die proses waardeur mense afwykend word, is die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan voor-die-hand-liggend. Wat egter nie duidelik is nie, is waarom Lemert nie ook daarop wys dat, hoe en waarom nie alle mense wat primêre afwykings pleeg, ook oorgaan tot sekondêre afwykings nie en ook nie dat daar sommige mense is wat staak binne 'n sekere graad van sekondêre afwyking nie. Dit is byna asof hy die voorkoms van sosiopatiese individuasie as 'n natuurnoodwendige proses uitbeeld, dit wil sê 'n proses wat onomkeerbaar is as dit eers aan die gang gesit is. Wanneer dié proses egter wel so deurgaan soos wat hy dit uiteensit, kan dit duidelik die skending van al die fundamentele maatskaplike verhoudinge verklaar.

9.5.8 Misdaadloopbane

'n Verdere probleem duik op wanneer die misdaad-

verklaringsmoontlikhede van die kenmerke van *afwykende loopbaan* ondersoek word. Becker (1963, p. 27) wys naamlik daarop dat mense afwykende loopbane begin volg weens nie-bedoelde afwykings en hy sê dan dat baie konformiste nie ook afwykendes word nie omdat hulle self te veel *belê* het in konformerende gedrag. Dié stelling is egter debatteerbaar binne die raamwerk van die vraag na waarom die misdadigers, wat tog ook aanvanklik konformiste was, oorgegaan het tot 'n misdaadloopbaan. Dit is wel aanvaarbaar dat iemand wat homself oortuig het dat hy 'n afwykende loopbaan behoort te volg (of dit die etiketteerders of sy eie besluit is, maak nie saak nie), makliker daartoe sal oorgaan om al die fundamentele maatskaplike verhoudinge te skend as ander. Die moontlikheid is nogtans groot dat hy net dié verhouding sal skend ten opsigte waarvan hy vir homself 'n afwykende selfbeeld aanvaar het en dat hy nog heeltemal sal konformeer aan die ander fundamentele verhoudinge. Dan kom hierby ook nog die hipotese dat die stabilisering van hierdie afwykende gedragsvorm slegs sal plaasvind in interaksie met ander persone wat dieselfde afwykende selfbeeld aanhang waarbinne hy dus sy eie gedrag positief gesanksioneer kan kry. Dan kan eintlik aangeneem word dat die *afwykendes* die etiketteerders is en nie die *konformiste* nie, want hulle moedig hom eintlik aan om die afwykende selfbeeld te stabiliseer. Dit is ook juis die stabilisering van sy afwykende gedrag wat die konformiste in versoeking laat kom om hom as verteenwoordigend van dié afwyking te beskou en dat hy onder voortdurende verdenking is by hulle.

### 9.5.9 Weinig onduidelikhede

Dié kenmerk van die *prosessuele aard van afwykings* van die etiketteringsbenadering kom daarop neer dat situasionele afwykings, sistematiese afwykings, primêre afwykingstipologie en sekondêre afwykingsdinamika verantwoordelikheid moet aanvaar in die proses van afwykend word deur middel van etikettering.

Dit wil voorkom asof daar weinig probleme bestaan betreffende die misdaadverklaringsmoontlikhede van die prosessuele aard van afwykings, want die rol wat situasionele druk, subkulture en die rol wat 'n verskeidenheid faktore in misdaadveroorsaking kan speel, kan nie ontken word nie. Die prosessuele aard van afwykings kan dus binne dié raamwerk as misdaadverklarend aangewend word vir sover dit kan lei tot die skending van die fundamentele tussenmenslike verhoudinge en vir sover dit moontlik is om oorsake vir misdadige gedrag ook verklarend daarvoor aan te wend.

### 9.5.10 Oorreaksies

Die kwaliteit en intensiteit van reaksies soos toorn en bewondering, van verbanning, van formele beheertoepassing en van ingryping, is ter sake wanneer die misdaadverklaringsmoontlikhede van ander se reaksies ontleed word.

Vermeldingswaardig in die verband van die *hewigheid van die reaksies*, is veral dié reaksies wat hewiger is as wat die afwyking regverdig. Sulke oorreaksies op die

skending van die fundamentele maatskaplike verhoudinge kan wel misdaadverklarend aangewend word, veral wanneer die oortreder magteloos staan teenoor die intensiteit van die reaksie en hy nie in staat is om bewys te lewer dat hy nie oortree het waarvan hy beskuldig word nie. Dit kan afwykende selfbeeldvorming verhaas. Wanneer groepe wat in 'n magstryd betrokke is hierby ingesluit word, intensiveer die misdaadverklaringsmoontlikhede verder.

*Verbanning* as die skuldbekleding van sekere aktiwiteite se akkumulerende effek, naamlik dat die afwykende bykans gedwing word om al meer by afwyking betrokke te raak, kan ook misdaadverklarend aangewend word in terme van fundamentele verhoudingskendings. Hierby geld die spreuk dat misdaad misdaad voortbring. Die toenemende omvang en intensiteit van misdadige optrede (die oorgang van primêre na sekondêre afwykings) en die al meer sigbaarwordingsmoontlikhede daarvan, kan verklaar waarom mense fundamentele maatskaplike verhoudinge sal skend en sal aanhou om dit te skend. Die formele beheertoepassing wanneer die staat die negatiewe strafsanksie op die oortreder aanbring, bevestig dan sy afwykende selfbeeld.

### 9.5.11 Wisselend

Wanneer op die misdaadverklaringsmoontlikhede van *ingryping* gelet word, is dit duidelik dat geheime etiketterende ingryping deur 'n bekende persoon vir wie die oortreder hoë agting het, afwykende gedrag sal kan staak by die primêre afwyking, indien dit gedrag is

wat nie strafbaar is deur die staat nie, want dan is hy medepligtig. Wanneer die oortreder egter geen agting het vir die etiketteerder nie, sal hy nogtans voortgaan met sy afwykende gedrag, of hy in die geheim, openbaar, formeel of informeel geëtiketteer word. Wanneer die oortreder 'n primêre afwykende is, kan die etiket òf sy afwyking beëindig, òf dien om hom na sekondêre afwyking te laat oorgaan. Pretorius (1976, p. 68) haal ondersoeke aan wat daarop dui dat jong en onervare winkeldiewe wat as sodanig geëtiketteer is, gewoonlik opgehou het met dié gedrag, want dié amateurs dink nie voor hulle inhegtenisnames aan hulleself as diewe nie en het ook geen portuurgroep ter ondersteuning van dié rol nie en daarom verwerp hulle dié rol by inhegtenisneming en etikettering. Die misdaadverklaringsmoontlikhede van ingryping is dus wisselend tussen misdaadverklarend en nie-misdaadverklarend.

Pretorius (1976, p. 69) wys ook ten opsigte van *ingryping* op die navorsingsresultate van Schwartz en Skolnick. Hulle het naamlik bevind dat die onthulling van 'n arrestasierekord, ongeag skuldigbevinding of vryspraak, 'n merkbare verskil gemaak het ten opsigte van die aantal werksgeleenthede vir die betrokkenes. Dit bevestig wel die negatiewe kante van etikettering. Hierteenoor wys Pretorius (1976, p. 69) ook op die positiewe resultate wat kan ontstaan wanneer dié misdadigeretikette maklik verwyder kan word soos wat die geval is in Swede wat die rekord van veral die moordenaars vernietig, sodat hulle identiteit onbekend kan bly. Die bevinding is dat diegene wat onder dié program toegelaat is, vir dekades reeds nie hulle wandade

herhaal nie.

## 9.6 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die etiketteringsteorie

### 9.6.1 Kenmerke

Met hierdie navorsing is vasgestel dat die kenmerke van die etiketteringsteorie gereduseer kan word tot: konformiste is die etiketteerders, afwykende gedrag het 'n sosiale konteks, afwykings is prosessueel van aard en ander se reaksies is rigtinggewend.

Indien dié kenmerke van die etiketteringsteorie ingepas word in die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie ten einde die misdaadverklaringsmoontlikhede binne dié raamwerk te kan beoordeel, lyk dit asof die etiketteringsteorie inpas by die differensiële assosiasieteorie vir sover dit ooreenkomste vertoon met die sosialiseringskomponente van die uitgebreide sosiale sisteemteorie. Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word:

*Diagram 11* Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die etiketteringsteorie[1)]

| STRUKTUURKOMPONENTE (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENT (BESTAAN) |
|---|---|
| WAARDES (Gewenste gedrag)<br>NORME (Konkrete gedragsreëls)<br>ROLLE (Persoonlike inkleuring)<br>SUBGROEPE (Onderdele van groter groep) | AANPASSING (In gemeenskap)<br>INTEGRASIE (Na-binne ooreenkoms)<br>PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone)<br>DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) |
| SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN) | STABILISERINGSKOMPONENT (VOORTBESTAAN) |
| INTERAKSIE (Tussen persone) *(Ander se reaksies is rigtinggewend)*<br>WISSELWERKING (Tussen groepe) *(Afwykings is prosessueel)*<br>INTERNALISERING (Eie-making) *(Konformiste is etiketteerders)*<br>INSTITUSIONALISERING (Instellings) *(Afwykende gedrag het sosiale konteks)* | DIFFERENSIASIE (Verskille in komponente)<br>SEGMENTASIE (Verskeie eendershede)<br>SPESIFIKASIE (Besondere andershede)<br>INERSIE (Geen verandering) |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

### 9.6.2 Verklaring van die diagram

Geïnterpreteer binne dié aangebode raamwerk, kom dit daarop neer dat die rigtinggewendheid van ander se reaksies op die (misdadige) akteur se gedrag in die interaksieproses tussen persone gerealiseer word; dat die prosessuele aard van afwykende gedrag wisselwerkend deur en tussen groepe plaasvind en dat die konformiste vir hulleself die etiketteerdersrol aanleer en laat welgeval, en dit kan alles gedoen word omdat en vir sover die sosiale konteks waarbinne afwykingsetiketterings voorkom, geïnstitusionaliseerd is.

### 9.6.3 Sosialiseringskomponente van die sosiale sisteem

Kortom kan dus afgelei word dat die misdaadverklaringsmoontlikhede van die etiketteringsteorie ook gesoek moet word in die *sosialiseringskomponent* van die uitgebreide sosiale sisteemteorie.

### 9.6.4 Ontstaan van misdaad

Dit verduidelik net die *ontstaan* van misdadige gedrag en nie ook die definiëring, die bestaan of die stabilisering daarvan nie. In dié sin is die teorie dan ook makrososiologies onvolledig wat sy misdaadverklaringsmoontlikhede betref.

## 9.7 Samevatting

Die benadering tot die verklaring van afwykende gedrag het hom veral dié kritiek op die hals gehaal dat dit die indruk skep dat die individuele verantwoordelikheid heeltemal buite rekening gelaat word; die skuld vir afwykende gedrag berus by konformiste (De Klerk, 1977, p. 115). Dit kom voor asof daar nie 'n verskil is tussen die gedrag van die konformis en die afwykende nie en dat dit net die samelewingsreaksie is wat differensieer tussen die twee soorte mense. Die samelewing dwing as't ware die individu as produk in die afwykende rol in en dan het hy nie juis 'n ander keuse as om 'n afwykende te wees nie: die goeie word die slegte en die slegte word die goeie (De Klerk, 1977, p. 115). Die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag kan dus gesien word as *sosiologiese determinisme* waarin die persoonlike inisiatief van die konformis of die misdadiger geen rol by gedragswaardering meer speel nie.

Dit is verder ook nie duidelik wat die *doel* van die etiketteringsteoretici is nie (De Klerk, 1977, p. 117) - of hulle wel daarop uit is om afwykende gedrag te verklaar en of hulle die reaksie van die samelewing daarop wil verduidelik nie. Indien dit beoordeel word as 'n verklaring van afwykende gedrag, dan ver-

skaf hulle onvoldoende antwoorde op onder andere die volgende vrae: Waarom verskil die voorkoms van 'n bepaalde afwykende handeling van een na 'n ander bevolkingsgroep? Waarom begaan nie alle mense afwykende gedrag nie? Waarom word 'n bepaalde gedragsvorm in een maar nie in 'n ander samelewing nie as afwykend beskou?

Hoewel die eksponente baie aandag gee aan die feit dat afwykend-word 'n sosiologiese proses is, het nie een op gefundeerde wyse verduidelik waarom die aanvanklike *primêre afwyking* voorkom nie, en verder moet dan daarop gelet word dat die reaksie van ander eers volgens dié teoretici 'n effektiewe rol begin speel nadat die aanvanklike afwyking plaasgevind het. Hulle verreken nie dat die aanvanklike afwyking plaasvind losstaande van ander se reaksies en etikette nie. Die afwykende gedrag gaan dus in alle gevalle die etikettering vooraf en in dié sin skep die afwykende gedrag eintlik die etiket (De Klerk, 1977, p. 120).

Verder wys dieselfde skrywer daarop dat in die etiketteringsbenadering daar 'n akteur-dominante ontleding van afwykings bestaan wat meebring dat die organisatoriese aspekte van sosiale beheer oor afwykende gedrag weinig aandag kry en dus 'n leemte vir navorsing ooplaat (1977, p. 121).

Die etiketteringsanalitici verskuif die klem wat die misdaadsosiologie lê op die *soeke* na die oorsake van afwykende gedrag na die *proses* waarvolgens persone afwykendes word. Veral die benaderingsverskil wat geld ten opsigte van die rol wat sosiale beheermaatreëls speel, is noemenswaardig en verder dat hulle benadering dat *sosiale beheer afwykende gedrag laat ontstaan,* 'n herwaardering vir die rol van die sosiale kontrole-agense laat ontstaan het in die sosiologie. Nogtans het hulle in dié verband die belangrike rol wat konflik speel in die ontketening van afwykende gedrag, agterweë laat bly (De Klerk, 1977, p.130-1). Lofland (De Klerk, 1977, p. 131) wys daarop dat, voordat afwykende gedrag suksesvol as sodanig definieer kan word, moet daar eers 'n groot minderheidsgroep bestaan wat bedreig voel deur die realisering van sodanige gedrag. Konflik is dus 'n integrale en onafskeidbare deel van afwykende gedrag en dít verreken die etiketteringsanalitici nie.

Die etiketteringsteoretici slaag daarin om op besondere wyse die verband wat afwyking met *sosiale verandering* het, onder die aandag van sosioloë te bring (De Klerk, 1977, p. 131). Hulle kyk naamlik deur die bril van die afwykende na buite en slaag só daarin om simpatie vir die afwykendes op te wek by die samelewing en dat hulle dan hulle houding teenoor afwykendes verander; só het reeds betekenisvolle sosiale hou-

dingsveranderings plaasgevind ten opsigte van homoseksualisme, dwelmafhanklikes en alkoholiste wat al as siek mense gesien word. Dit is juis ook dié *herontdekking* van die metodologiese tegniek van deelnemende waarneming wat 'n belangrike bydrae is van die etiketteringsteoretici tot die verstaan van afwykende gedrag. Dit verskuif die klem van die gekwantifiseerde statistiese tegnieke van waarneming na die kwalitatiewe menslike groepsbetrokkenheid.

'n Verdere belangrike ontdekking wat met die etiketteringsteoretici se studies na vore kom, is die ondubbelsinnige wyse waarop hulle dit uitgespel het dat ook die konformis by afwykende gedrag betrokke is en nie net die afwykende nie (De Klerk, 1977, p. 129). Konformiste is dus net so deel van die studiegebied van die misdaadsosiologie as wat misdadigers deel daarvan is.

Die belangrikste bydrae wat die etiketteerders gemaak het tot die verstaan van afwykende gedrag, is dat hulle die brandglas geplaas het op die tot nog toe verwaarloosde fasette van die sosiologiese bestudering van afwykende gedrag. Veral deur afwykende gedrag vanuit die *oogpunt van die afwykende* te beskou, het hulle waardevolle werk gedoen wat baie meer aandag moet ontvang (De Klerk, 1977, p. 129).

Vervolgens word die misdaadverklaringsmoontlikhede van die aliënasieteorie uiteengesit en evaluerend getoets.

# HOOFSTUK 10

## DIE HOOFTREKKE EN HOOFKENMERKE VAN DIE ALIËNASIETEORIE VIR MISDAADVERKLARING

### 10.1 Inleiding

In dié hoofstuk sal gepoog word om die misdaadverklaringsmoontlikhede van die aliënasieteorie te ondersoek binne die raamwerk van die opvatting dat misdaad die skending is van die fundamentele maatskaplike verhoudinge as samelewingsordeninge.

### 10.2 Ontstaansagtergrond

#### 10.2.1 Verstedeliking en massifikasie

Dit word in toenemende mate populêr om die huidige lewe te beskryf in terme van aliënasie (Schacht, 1971, p. ix), onder meer in die generasiegaping, in die hippiekultus, aktivistebeweging, in anti-oorlogbewegings en in die uitdaging van ou politieke sisteme. Ons lees van aliënasie in werk, in burokratiese organisasies, in die middelklassamelewing en in regerings (Schact, 1971, p. ix). Aliënasie word gekoppel aan toenemende kunsmatigheid, aan interpersoonlike onpersoonlikheid, kompartementalisering, die verspreiding van neurotiese persoonlikheidstrekke, die afwesigheid van 'n sinvolle lewe ensovoorts. Byna geen aspek van die huidige lewe het bespreking in terme van aliënasie vrygespring nie.

Vereensaming is die mees fundamentele nood van die mens van ons tyd (Duvenage, 1975, p. 1; Aiken & Hage, 1966, p. 497). Aliënasie is 'n term wat gebruik word om die mens se geestelik misplaaste posisie in 'n kommoditeit-gesentreerde, gedepersonaliseerde samelewing aan te dui (Stroup, 1961, p. 107; Faunce, 1968, p. 101). Volgens Duvenage (1975, p. 4) en Faunce (1968, p. 84) kan die ontstaan van vereensaming veral gekoppel word aan industriële verstedeliking. Die verstedeliking bring teweeg 'n opeenhoping van mense, 'n intensivering van hulle lewenstempo, verhoogde lewenspanning en die verdwyning van rustigheid (Duvenage, 1975, p. 4; Faunce, 1968; p. 84; Blauner, 1970, p. 96). Dit lei tot onttrekking (Nisbet, 1970, p. 264). Die *gemeinschaftliche* verhoudinge van die plattelandse lewenstyl word vervang deur die *gesellschaftliche* stedelike lewenstyl; die tradisionele, hegte tussenmenslike verhoudinge het kom plek maak vir die oppervlakkige, apatiese verhoudinge (Duvenage, 1975, p. 4; Faunce, 1968, p. 101-2). Die mens se lewe word gefragmenteer (Blauner, 1970, p. 107).

Die afbreking van die Middeleeuse feudale samelewingsisteem het tot gevolg gehad dat alle individue van alle klasse alleen en geïsoleerd gelaat word (Faunce, 1968, p. 99-101; Stroup, 1961, p. 108-9; Die mens was vry - en dié vryheid het 'n tweeledige gevolg gehad. Enersyds is die mens ontneem van die sekuriteit en die onbevraagtekende geborgenheid wat hy beleef het, en andersyds is hy losgeruk van beknellende denk- en doensisteme;

sodoende was hy vry om onafhanklik te doen en te dink (Faunce, 1968, p. 100-1). Die mens is losgelaat om sy eie meester te wees en om met sy lewe te maak wat hy wil en nie soos vir hom voorgeskryf word nie. Dié demokratiseringsrewolusie was die aanloop tot die begin van sosiale aliënasie: die opeenhoping van mense en verlies van sosiale ankers; die afwesigheid van 'n voorspelbare lewenstyl in 'n era van astronomiese sosiale veranderinge en van die magteloosheid van die mens om dit alles te beheer (Faunce, 1968, p. 84 ; Stroup, 1961, p. 108).

Die geestelike en sedelike proletarisering, ontpersoonliking en outomatisering as massifikasie-eienskappe van die huidige tyd, het ook gedien as stimuli vir die ontstaan van sosiologiese besinning aangaande aliënasie (Duvenage, 1975, p. 4-5; Bell, 1959, p. 950). Uiterlike gelykskakeling van mense vind plaas waarin hulle individualiteitlike uniekheid geïgnoreer word, sodat waaragtige gemeenskap ontbreek. Die menslike samelewing word 'n saamgebondelde eensaamheid (Duvenage, 1975, p. 5). Die geïntegreerde gemeenskappe word opgebreek (Blauner, 1970, p. 76).

### 10.2.2 Instrumentalisering

Die voorafgaande kortlikse tekening van die ontsosiologiseringstendens as stimulus tot die ontstaan van aliënasiedenke in die sosiologie, kan met reg beskou word as 'n kultuurkrisis wat uitgeloop het op

'n waardekrisis soos dit vergestalt is in dié massasamelewing (Mannheim, 1966, p. 12-26). Binne die massasamelewing het die industrialisering en outomatisering van arbeid gelei tot die ontstaan van die sogenaamde instrumentale mens (Duvenage, 1975, p. 5). Dit beteken dat die mens in sy verhouding tot sy naaste nog net as 'n werktuig leef (Duvenage, 1975, p. 5). Die menslikheid en medemenslikheid van die mens is gereduseer tot sy produserende werksvermoë: as mens is hy onbeduidend en 'n verlorenheid. Die effektiewe vermoëns en rolle van die mens word begrawe ter wille van sy instrumentele vermoëns en rolle. Dit het alles ontstaan weens die massale aard van die verstedelikingsproses en die daarmee gepaardgaande verfabrisering van arbeid.

### 10.2.3 Kroniese sosiale verandering

Die spanninge, verlies en eise van ons tegnologiese samelewing word verder bemoeilik deur die bestaan van voortdurende kroniese sosiale verandering (Keniston, 1965, p. 383; Faunce, 1968, p. 102). Die twee groot oorgange as sosiale veranderinge van dramatiese omvang was die industriële rewolusie en die demokratiese rewolusie. Met hulle is 'n kettingreaksie van sosiale veranderinge aan die gang gesit wat die totale bekende samelewing van mense geatomiseer het (Nisbet, 1970, p. 267). Die werk van Weber, Durkheim en Simmel was reeds aanduidend van die aliënerende effekte wat dié grootskaalse industrialisasie, demokrasie, tegnologie en burokrasie op die mens gehad het (Nisbet, 1970,

p. 267; Bell, 1959, p. 946 en 949). Die deurlewing van al dié magte vind in die persoonlike lewe van die mens plaas en dit is nie meer vir hom slegs akademiese begrippe nie (Keniston, 1965, p. 384).

Nisbet (1970, p. 266-7) sê tereg dat die mense egter, nieteenstaande dié groot oorgange, nog steeds leef deur sy gewone (sosiologies gesien) vermoëns om lewensituasies effektief te kan definieer, en dit word buitengewoon bemoeilik deur die konvulsiewe sosiale veranderinge en skynbare wanorde. Die resultaat daarvan is onttrekking, vervreemding en aliënasie.

### 10.2.4 Onvermoëndheid

Wanneer die effekte van verstedeliking, massifikasie, instrumentalisering en kroniese sosiale verandering getotaliseer word, ontstaan *aliënasie* as die resultaat van werklike of vermeende onvermoëndheid van die mens ten opsigte van die eise van ons samelewing (Keniston, 1965, p. 386-7). Diegene wat nie aan die eise van ons tyd kan voldoen nie, het twee keuses: hulle kan die wettigheid van die eise aanvaar en daarmee saam hulle eie onvermoë daartoe erken, of hulle kan die eise repudieer en hulle selfbeeld handhaaf. Keniston (1965, p. 386-7) sê hulle doen meestal albei; dié wat nie kan nie, skryf nie in vir die resies nie, en verag dit dan boonop nog totaal. So word hulle onvermoëndheid dan ook nie net 'n teoretiese begrip nie, maar ook 'n werklike lewenswyse (Keniston, 1965, p. 383).

## 10.3 Kenmerke van die aliënasieteorie

### 10.3.1 Inleiding en omskrywing

Nieteenstaande die wye populariteit, is daar by min mense eenstemmigheid oor die betekenis van aliënasie. Die hiervolgende verskeidenheid omskrywings illustreer die stelling. Stojanović sê byvoorbeeld dat Marx aliënasie sien as die teenstelling tussen die mens se essensie en sy bestaan (Stojanović, 1973, p. 19), dit wil sê dit bestaan wanneer 'n mens die wêreld en jouself passief ervaar, respektiewelik as die subjek geskei van die objek. Omdat die mens se hele lewe (volgens Marx) gesentreerd is rondom arbeid en die produksie van materiële goedere, het Marx die primêre vorm van aliënasie in arbeid gesoek. Gealiëneerde arbeid of werk is volgens Marx die bron van alle ander aliënasievorme soos in die politiek ten opsigte van die staat, godsdiens, bewussyn, behoeftes en sinne (Stojanović, 1973, p. 19-20).

Volgens Stojanović (1973, p. 30) behoort daarom deur die term van aliënasie 'n besondere verhouding tussen die mens en sy kreatiewe aktiwiteite aangedui te word.

Faunce (1968, p. 94) meen weer dat dit verwys na 'n ontwrigting tussen selfwaardehandhawing en statustoekennende sisteme: *"We are alienated from others or from any organization in which we are a member to the extent that the criteria we use to evaluate ourselves are different from the criteria used by others in evaluating us".*

Volgens Schacht (1971, p. 4-5) is die huidige betekenisgewing aan aliënasie te vinde in dié verskynsel dat mense wat eers intiem met mekaar geleef het, gealiëneerd geraak het van mekaar sonder dat hul dit wou (byvoorbeeld deur gedwonge skeiding wat met verhuising gepaard gaan), en dat hulle dan na verloop van tyd, hoewel hulle geen antagonisme teenoor mekaar beleef nie, nie in staat is om die oorspronklike intimiteit te herstel nie en dan baie ongelukkig voel omdat hulle dit nie kan doen nie.

Die beskikbare en bruikbare literatuur wat handel oor die uiteensetting van die aliënasieteorie (Faunce, 1968; Blauner, 1970; Seeman, 1970; Mizruchi, 1970; Keniston, 1965; Nisbet, 1970; Fromm, 1972; Schacht, 1971; Stojanovič, 1973; Ollman, 1971; Duvenage, 1975; Stroup, 1961; Bell, 1959; Mouledous & Mouledous, 1964; Aiken & Hage, 1966; Simmons, 1965) behandel dié verskynsel onder die hiervolgende onderskeidings:

### 10.3.2 Medemensaliënasie

#### 10.3.2.1 Eensaamheid

Volgens Schacht (1971, p. 156) sien skrywers soos Middleton, McClosky en Schaar aliënasie in eensaamheid teenwoordig: hulle voel daar is 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudinge met ander mense in hulle lewens en hulle is ongelukkig daaroor. Seeman (1970, p. 385) sê dit verwys na die afskilfering van die mens se verhouding tot die groter sosiale orde. Dit hou ver-

band met sosiale isolasie en verwys na die gevoel en houding van die individu dat hy in, maar nie van die samelewing is nie; dit gaan vir hom om die belewing van 'n gevoel van ver-weg-wees van die samelewingsorde (Blauner, 1970, p. 106-7). Die nie-eensame teenoorgestelde individu is die betrokke individu wat geïntegreerd is in die gemeenskap deur die deling en najaging van die normatiewe sisteem (Blauner, 1970, p. 106-7).

Die geïsoleerde medemensaliënasietipe word soos volg deur Seeman (1970, p. 390) omskryf: "The alienated in the isolation sense are those who, like the intellectual, *assign low reward value to goals or beliefs that are typically highly valued in the given society*".

Seeman (1970, p. 391) vergelyk die isolasie-aliënasie ook met Merton se opvatting van rebellie. Sosiale isolasie in die sin van eensaamheid lei die mens ook buite die omgewing van die sosiale struktuur, (se waardes en norme) dit wil sê die doelstellings en middele van die samelewing waarbinne hy leef net soos dit die geval is met rebellie (Merton, 1968, p. 144-5). Dit gaan dus hierin om die hippie wat die middelklasnorme verwerp, die politieke ekstremis wat die vernietiging van die bestaande politieke instellings voorstel en die kluisenaar wat die kontemporêre lewenstyl heeltemal verwerp: almal deel dié vorm van eensaamheidsmedemensaliënasie (Faunce, 1968, p. 89).

### 10.3.2.2 Solidariteitsgebrek

Dié element van medemensaliënasie dui daarop dat daar 'n gevoel van gebrek aan dié solidariteit met ander is wat ontstaan uit die kennis dat 'n mens nie meer jou opvattings, belangstellings en smake deel met ander nie (Schacht, 1971, p. 157). Hierdie betrokkenes voel dan verskillend ongemaklik of anders *uncomfortably different*, soos 'n vyfde wiel aan die wa in die teenwoordigheid van ander mense weens hul opvattings, belangstellings en smake. Die solidariteitsgebrek het dus te make met die belewing van niebetrokkenheids- en nie-behorensgevoelens as uitsluitende belewenisse in sosiale betrokkenheid (Schacht, 1971, p. 158).

Die solidariteitsgebrek wat hier ter sake is, is deur Marx opgeneem as 'n volledige afwesigheid van gevoel teenoor ander mense; 'n waardering van ander mense as 'n middel tot persoonlike doelstellings en 'n antagonisme teenoor ander, wat gebaseer is op 'n gevoel van teeneksploitasie (Schacht, 1971, p. 96). Dit is dus duidelik dat dié solidariteitsgebrek eintlik voortkom uit selfgesentreerdheid en uit 'n selfbeeld wat enige idee van sosialiteit uitsluit. Dit hou noue verband met selfaliënasie.

### 10.3.3 Selfaliënasie

Faunce (1968, p. 96-7) sê selfaliënasie dui op dié toestand of proses waarin ons deelneem aan 'n aktiwiteit wat geen betrekking het op ons selfwaardering nie. Die

essensie hiervan is dat die selfgealiëneerde individu nie deel het aan persoonlike intrinsieke betekenisvolle aktiwiteite nie (Seeman, 1970, p. 393). Volgens Blauner (1970, p. 99) en Bell (1959, p. 936) beteken dit dat mense van hulle innerlike self gealiëneerd raak in hulle werkaktiwiteite sodat persoonlikheidsgroei nie kan plaasvind nie. Marx (Schacht, 1971, p. 100-1) meen egter dat, wanneer die werker se persoonlike fisiese en geestelike energie soos gemanifesteer in sy produktiewe aktiwiteite, onderwerp is aan die rigtinggewing deur iemand anders, sy lewe nie meer sy eie is nie en is hy in dié sin van homself vervreemd. Wanneer die mens van sy kreatiewe vermoë in sy werk ontneem word, is hy ontmens en gealiëneerd (Schacht, 1971, p. 101; Blauner, 1970, p. 107; Ollman, 1971, p. 137).

Hierby aansluitend beteken selfaliënasie vir Fromm (Schacht, 1971, p. 131) 'n gebrekkige selfsin, gebrekkige spontaneïteit, en gebrekkige individualiteitsin en dít hou vir hom verband met 'n gebrek aan selfrealisering. Selfaliënasie bestaan uit die gebrek aan ervaring deur die individu dat hy homself is; dat hy 'n unieke individualiteit is wat nie dupliseerbaar is nie; dat hy nie 'n denkende, voelende en liefdevolle persoon is nie en hy ervaar homself nie as die draer van produktiewe menslike kragte nie (Schacht, 1971, p. 132). In nie-gealiëneerde (dit wil sê konformerende) aktiwiteite, lê daar belonings vir die akteur in die handeling self opgesluit en in gealiëneerde aktiwiteite is die belonings hoofsaaklik buite die handeling geleë, omdat die handeling 'n

middel tot 'n doel word (Blauner, 1970, p. 100). Dit kom daarop neer dat die mens homself nie beleef as die skepper van sy eie handelinge nie (Schacht, 1971, p. 132; Seeman, 1970, p. 393).

Soos bô verduidelik, verwys selfaliënasie dus na daardie werker wat sy werk net doen om dit klaar te kry en na die huisvrou wat net koskook om dit verby te kry (Seeman, 1970, p. 393; Ollman, 1971, p. 137; Blauner, 1970, p. 107). Dan word die werk vir hom 'n middel tot 'n doel en dit dra nie by tot 'n positiewe persoonlike identiteit en selfheid nie, maar bewerk eerder beskadiging van die persoon se selfbeeld (Ollman, 1971, p. 137; Blauner, 1970, p. 107). Die individu kan dus nie selfbevredigende aktiwiteite vind waarmee hy hom kan besig hou nie (Seeman, 1970, p. 393). Dit is ook wat Blauner (1970, p. 100) op die oog het wanneer hy sê dat selfaliënasie-aktiwiteite nie vrye, spontane aktiwiteite is nie, maar kompulsief en gedwonge deur noodsaaklikheid. Dit maak gealiëneerde aktiwiteite toekomsgerig in dié sin dat die man op die monteerband net werk sodat hy kan klaarkry om sy bier te gaan drink of net uitsien na sy salaristjek sodat hy sy vakansiehuisie kan begin bou; die beloning is net 'n middel tot toekomstige doelbereiking (Stroup, 1961, p. 111; Blauner, 1970, p. 101). Dit kom dus daarop neer dat persone selfgealiëneerd is wanneer hulle deelneem aan aktiwiteite wat vir hulle nie op sigself betekenisvol is nie, maar wat bloot middele tot ander doelstellings is; hy doen dinge wat hy nie as belangrik ag nie (Faunce, 1968, p. 86, 87 en 90). Selfaliënasie loop hand aan hand met

werkaliënasie.

### 10.3.4 Werkaliënasie

#### 10.3.4.1 Werktevredenheid

Werkaliënasie hou ten nouste verband met die individu se tevredenheid met betrekking tot sy posisie in sy werk en die mate van betrokkenheid in sy werk (Schacht, 1971, p. 161). Dit beteken essensieel dat hy geen kontrole het oor die kommoditeite wat hy produseer nie (Faunce, 1968, p. 85). Werkaliënasie word dus gekoppel aan die professionele status van die werker vir sover dit die individu in verbinding stel met sake soos sy eie posisie in verhouding tot sy medemens; die erkenning wat hy ontvang van sy meerderes en die mate waarin sy werk bykom by sy beroepsverwagtings (Schacht, 1971, p. 161). Dit gaan dus om die tevredenheid met betrekking tot die hiërargiese plasing van die individu in sy werk. Indien hy daarmee tevrede is sal werkaliënasie nie bestaan nie.

#### 10.3.4.2 Intrinsieke werkbeloning

As Seeman beweer dat werkaliënasie bestaan wanneer die individu sy werk nie intrinsiek bevredigend vind nie, kom hy naby aan die Marxistiese konsepsie van werkaliënasie (Schacht, 1971, p. 162). Dié konsepsie van werkaliënasie kom daarop neer dat die individu nie beheer het oor die produkte wat hy produseer nie en ook nie oor die produksiemiddele nie (Faunce, 1968, p. 85 en 86; Mizruchi, 1970, p. 268). Die

werker kan nie sy onmiddellike werkprosesse beheer nie en is nie in staat om 'n gevoel van doelgerigte funksionaliteit aan sy werk te koppel nie ; dit kry hy ook nog verder nie gekoppel aan die oorhoofse organisasie van produksie nie, en daarom is hy dan ook nie in staat om sy deel te sien in die geïntegreerde geheel van die produksieproses nie (Schacht, 1971, p. 163).

Met die koms en voortgang van die fabrieksisteem waarin die werker nie meer die gereedskap besit nie, en waarin hy sy eie arbeid verkoop as 'n kommoditeit en daarom ook geen beheer meer het oor sy werklewe nie, is sy werkaktiwiteite vervreemd van die res van sy bestaan en daarom kan hy nie werktevredenheid beleef nie (Faunce, 1968, p. 86; Mizruchi, 1970, p. 268; Aiken & Hage, 1966, p. 497).

#### 10.3.4.3 Beheer

Werkaliënasie bestaan wanneer die werk nie meer die werker se persoonlike belangstellings en persoonlikheid reflekteer nie, maar eerder onder die beheer van iemand anders staan (Schacht, 1971, p. 88-9). Wanneer werk onderwerp word aan die wil van iemand anders en die werker dus self beheer oor sy eie werkaktiwiteite verloor, verloor ook die werk volgens objektiewe realisering van die individu en dit gebeur omdat die prerogatief van arbeidsinisiatief en van arbeidsmiddele in die hande van die regerende of besittende interpreneurs lê (Seeman, 1970, p. 383).

Die beheerverlies oor die arbeid en arbeidsproduksie lei dus tot magteloosheid by die individu binne die georganiseerde samelewing.

### 10.3.5 Samelewingsaliënasie

#### 10.3.5.1 Verweg verwydering

Wanneer die individu meen dat hy magteloos is om sy eie lewe te beïnvloed of om die lewe van ander te beïnvloed of wanneer die doelstellings van die sosiale orde en die vorme van die verhoudinge daarbinne skynbaar buite die bereik van die individu lê, bestaan samelewingsaliënasie (Nisbet, 1970, p. 264-5; Aiken & Hage, 1966, p. 498). Dieselfde skrywer (1970, p. 270-1) is van mening dat mense wat só gealiëneerd is, nie eers sal probeer protesteer teen die toestand nie omdat hulle juis ook meen dat dit onmoontlik sal wees vir die samelewing om te reageer op hulle behoeftes. Dit verwys na die gevoel van *verweg verwydering* en ontoeganklikheid tot die outoriteite deur wie die mens se lewe regeer word; die mate van effektiewe betekenis wat by dié outoriteite teenwoordig is, en ook die gevoel van magteloosheid en deelnemingsgebrek wat ondervind word met betrekking tot dié outoriteite (Nisbet, 1970, p. 270). In dié verband kan dan ook met Nisbet (1970, p. 271) saamgestem word dat daar 'n baie noue verband is tussen samelewingsaliënasie en die bestaan van die huidige massasamelewing. Dit gaan om die mens se beheerverlies oor die belangrike dinge en gebeurtenisse wat sy lewe rig en lei as die omvattende ervaring in die massasamelewing (Faunce,

1968, p. 88-9).

10.3.5.2 Onvoorspelbaar en betekenisloos

Binne só 'n gealiëneerde opset beskou die individu ook sy handelinge as betekenisloos vir sover dit nie inpas by die omvattende en dominante kulturele doelstellings van die organisasie of samelewing waarbinne hy leef en werk nie (Blauner, 1970, p. 106). Die vrug van die individu se eie handelinge word vir homself onvoorspelbaar omdat hy nie weet wat die effek daarvan gaan wees nie (Faunce, 1968, p. 89). Hy verstaan nie wat hy behoort te glo ten opsigte van die doelstellings van die samelewing nie; dit is nie vir hom duidelik hoe hy sy beslissings daarbinne moet uitbring nie en hy verstaan nie hoe hyself betrokke is daarin nie (Seeman, 1970, p. 386). Die individu sien dus die samelewing en kultuur waarbinne hy leef en werk, as iets vreemds aan en vir homself (Schacht, 1971, p. 127). Dit word veroorsaak deur die bepaalde gestruktureerdheid van die samelewingsorde, (Schacht, 1971, p. 127-9) naamlik dat dit spontaneïteit en individualiteit by die individu onderdruk binne 'n massifisering van menslike aktiwiteite.

10.3.5.3 Normloosheid

Samelewingsaliënasie gaan dus hand aan hand met normloosheid (Faunce, 1968, p. 89). Dit word in die hand gewerk deur die daarstelling van groot, onpersoonlike en gerasionaliseerde samelewingstrukture. Dit is vir

die individu nie meer duidelik wat hy behoort te glo nie. Die minimum standaarde vir duidelikheid en helderheid in besluitneming word nie nagekom nie (Seeman, 1970, p. 386). Die algemeen geldende gedragstandaarde word oorgesit in manipulerende houdings. Wanneer die individu só op mikro-, meso- en makrovlak van sy samelewingsbetrokkenheid gemanipuleer word, kan anomie ontstaan in die sin dat daar 'n al hoër verwagting by hom ontstaan om van verbode gedrag gebruik te maak om voorgeskrewe doelstellings te bereik (Seeman, 1970, p. 389).

Indien samelewingsaliënasie dus bestaan, verwys dit ook na 'n normloosheidsituasie waarin daar nie effektiewe norme bestaan in terme waarvan mense kan optree nie (Faunce, 1968, p. 89). Dit hou ten nouste verband met die gebrek aan betrokkenheid by norme en rolle. Dit gaan om 'n onttrekking van die individu se krag en energie aan sosiale middele en doelstellings (Nisbet, 1970, p. 264). Die individu isoleer homself deurdat hy dié doelstellings wat die samelewing hoog waardeer, self laag aanslaan (Seeman, 1970, p. 390).

10.3.5.4 Magteloosheid

Dié onttrekking vind onder andere ook plaas omdat die individu magteloos voel tot enige betekenisvolle bydrae met sy eie gedrag tot dié toestand. Die individu is van mening dat sy gedrag in elk geval nie die verwagte uitkoms sal kan hê nie (Schacht, 1971, p. 166; Seeman, 1970, p. 386-7). Dit intensiveer

verder wanneer en vir sover die individu ook dié magteloosheid beleef as verkeerd en as 'n onreg wat hom aangedoen word omdat en vir sover hy in die geleentheid behoort te wees om betekenisvol te kan optree (Schacht, 1971, p. 167). Omdat dit dan nie vir hom moontlik is of word om dit te doen nie, ontwikkel hy 'n apatiese en wantroueverhouding teenoor die samelewingsorde.

Dit lei alles daartoe dat die individu 'n baie lae verwagting het dat bevredigende voorspellings gemaak kan word oor die toestande waarby hy betrokke sal wees (Schacht, 1971, p. 169). Samelewingsaliënasie bestaan vir sover mense dus nie kan verstaan waarom hulle lewens deur bepaalde gebeurtenisse in die samelewing waaroor hulle geen seggenskap het en ten opsigte waarvan hulle geen betekenisvolle bydrae kan maak nie, hulle lewens moet beheer nie. Wanneer hulle wel in staat gestel word om pogings aan te wend om bydraes te maak, is hulle keuses betekenisloos omdat hulle dan net toegelaat word om tussen alternatiewe te kies wat geen betekenisvolle bydrae van die individu kan ontlok nie (Schacht, 1971, p. 170).

10.3.5.5 Sneeubal

Wanneer dié toestand momentum verkry, raak die mense dan gealiëneerd van die populêre kulturele en lewenstandaarde waarbinne hulle veronderstel is om te leef (Schacht, 1971, p. 176). Hulle aanvaar nie meer die kultuurgoedere nie, verwerp dit, of het 'n onverskillige houding daarteenoor; hulle staan onvriendelik

daarteenoor met gevoelens van afstoting en aversie (Schacht, 1971, p. 177). Keniston sien die sneeubal-effek van aliënasie weer binne die kulturele raamwerk as bestaande wanneer die individu gealiëneerd raak van die fundamentele waardes van sy kultuur (Schacht, 1971, p. 178). Die proses van waardeverwerking en identifisering met die geïnternaliseerde en geïnstitusionaliseerde waardes loop verkeerd omdat die individu homself daarvan aliëneer.

10.3.6 Sirkelaliënasie

Alhoewel die voorgenoemde aliënasietipes konsepsueel onafhanklik is, word hulle in die werklikheid verbind in die gealiëneerde se lewe. Die een vorm van aliënasie kan naamlik aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ander vorm daarvan en dit kan 'n sneeubaleffek van vermeerdering laat ontwikkel. So kan die kombinering van selfaliënasie en werkaliënasie daartoe lei dat iemand ook ten opsigte van sy samelewing geïsoleerd en gealiëneerd sal raak. Mense wat min beheer het oor hulle persoonlike doelbereiking, wat onseker is oor wat dié doelbereiking behoort te wees en wat meen dat, wat dié doelstelling dan nou ook al is, dit immers nie deur hulle deur middel van konformerende gedrag gerealiseer kan word nie, reageer dan maklik deur 'n lae prioriteit en lae waarde toe te ken aan doelbereiking. Sodoende raak hulle dan gealiëneerd van dié samelewing waarin doelbereiking hoog aangeskrewe staan (Faunce, 1968, p. 90).

## 10.4 Misdaadverklaringsmoontlikhede

### 10.4.1 Inleiding

Wanneer die misdaadverklaringsmoontlikhede van die aliënasieteorie ontleed word, sal dit gedoen word binne die raamwerk van die opvatting dat misdaad bestaan in die skending van die fundamentele tussenmenslike of maatskaplike verhoudinge as samelewingsordeninge. Verder sal gelet word op die moontlike misdaadveroorsakende effekte van medemensaliënasie, selfaliënasie, werkaliënasie en samelewingsaliënasie.

### 10.4.2 Stimulering

Wanneer daar 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudinge is met ander mense en die akteur voel ongelukkig daaroor, bestaan medemensaliënasie (Schacht, 1971, p. 156).

Met die eerste oogopslag lyk dit asof *medemensaliënasie* juis konformerende gedrag ten opsigte van die interpersoonlike verhoudinge sal stimuleer en nie sal aanleiding kan gee tot verhoudingskendings soos moord, aanranding en crimen injuria nie. Dié afleiding kan gemaak word omdat die akteur skynbaar dan ongelukkig voel oor die gebrek aan betekenisvolle interpersoonlike verhoudinge en dan sal 'n mens nie verwag dat hy dié verhoudinge sal skend nie, maar dat hy dit juis sal probeer stig en onderhou.

10.4.3 Lae waardetoekenning

Wanneer die opmerking van Seeman (1970, p. 390) in gedagte gehou word, naamlik dat die akteur weens sy aliënasie lae waardes toeken aan dié waardes wat in sy samelewing hoog geskat word, verander die misdaadverklaringsmoontlikhede van *medemensaliënasie*. Dit is immers duidelik dat, indien die samelewing hoë waardering het vir interpersoonlike verhoudinge en die individu respekteer dit nie omdat hy dan nie die betekenis daarvan kan insien nie, die akteur makliker sal oorgaan tot die skending van die verhoudinge, omdat hy dit nie hoog aanslaan nie. Wanneer in gedagte gehou word dat Seeman (1970, p. 391) isolasie-aliënasie vergelyk met Merton se opvatting van rebellie, word die misdaadverklaringsmoontlikhede van medemensaliënasie ook duideliker in dieselfde terme as wat in die bespreking daarvan rondom rebellie uiteengesit is. Die dubbelslagtigheid van medemensaliënasie in terme van misdaadverklaring kom ook duidelik na vore wanneer Faunce (1968, p. 89) se uitspraak in ag geneem word, naamlik dat dít die mens uit die heersende samelewing uitlei in terme van byvoorbeeld hippies en politieke ekstremiste. Die onttrekkende element wat ingebou is in medemensaliënasie in 'n passiewe vorm, kan waarskynlik ook nie misdaadverklarend aangewend word nie, terwyl die aktiewe vorm daarvan wel misdaadverklarend gebruik kan word soos in die geval van die politieke ekstremiste. Dit is duidelik uit die misdaadgeskiedenis dat politieke moorde, aanrandings en crimen injuria dikwels voorkom.

### 10.4.4 Onttrekkingsreaksie

Die kenmerk van *solidariteitsgebrek* binne medemensaliënasie kan nie lei tot interpersoonlike verhoudingskendings nie, omdat dit eerder lyk soos 'n onttrekkingsreaksie wat 'n passiewe houding veronderstel - in elk geval soos dit verduidelik is deur Schacht (1971, p. 157). Indien dit sō verreken word, kan die solidariteitsgebrek eerder in die sosiale aard van die mens aanspraak maak op subkultuurvorming, wat, indien dit sulke veranderde waardes aanneem, wel aktief vervreemdend kan optree. Selfs die idee van Schacht (1971, p. 96) dat daarby 'n gevoel van antagonistiese teeneksploiteringsvrees teenwoordig is, sal eerder lei tot onttrekking en wegskuiling as tot openlike aggressie wat 'n vereiste is vir verhoudingskendings.

### 10.4.5 Motiveringskrag

Die misdaadverklaringsmoontlikhede van die gealiëneerdheidstipe tenopsigte van die skending van tussenmenslike verhoudinge is ook debatteerbaar. In die eerste plek dien daarop gelet te word dat skending van hierdie verhoudinge as sodanig reeds bestaan wanneer medemensaliënasie enigsins geïdentifiseer is binne die verhoudinge. Die probleem bly egter steeds met diē individu wat, erkennende die gealiëneerdheid, met 'n aktiewe gesindheid kom en juis probeer om die betrokke gealiëneerde verhoudinge te herstel omdat hy ongelukkig daaroor voel. Die kruks van die saak is dat aliënasie skynbaar ook 'n motiveringskrag tot stigting

en onderhouding van die fundamentele verhoudinge kan hê. Wanneer die akteur egter 'n laer waarde toeken aan die fundamentele waardes as wat nodig is vir die onderhouding van konformerende saamlewe, en hy het 'n passiewe gesindheid, is dit voor-die-hand-liggend dat fundamentele verhoudingskendings sal voorkom.

Ten opsigte van die fundamentele verhoudingskendings geld met betrekking tot die voorkoms van solidariteitsgebrek ook dat, wanneer die akteur dít beleef binne die fundamentele verhoudinge, hy waarskynlik daartoe sal oorgaan om aansluiting te soek by subkulture waarmee hy wel solidêr kan verkeer.

Medemensaliënasie kan misdaadverklarend aangewend word indien die akteur 'n *aktiewe gesindheid* openbaar teenoor sy medemensaliënasie in sommige gevalle en in ander gevalle weer wanneer hy 'n *passiewe gesindheid* het.

### 10.4.6 Groot moontlikhede

Selfaliënasie dui daarop dat die akteur in meerdere mate deelneem aan aktiwiteite wat nie betrekking het op sy selfwaardering nie. Dit gaan om dié werker wat net werk om klaar te kry en om die huisvrou wat net kook om klaar te kry (Seeman, 1970, p. 393; Faunce, 1968, p. 96-7).

Wanneer die uitspraak van Schacht (1971, p. 132) en van Seeman (1970, p. 393) in ag geneem word, naamlik dat die selfgealiëneerde mens homself nie meer beleef as die aktiewe element en skepper van sy eie hande-

linge nie, het *selfaliënasie* waarskynlik baie groot misdaadverklaringsmoontlikhede. Dit is so omdat die akteur dan sal redeneer dat hy nie self verantwoordelik gehou kan word vir sy dade nie vir sover sy dade dan eintlik aan iemand anders behoort en die persoon of organisasie eintlik die verantwoordelikheid vir sy wandade moet aanvaar - hetsy dit dan op seksuele verhoudingsvlak, ekonomiese verhoudingsvlak, psigiese verhoudingsvlak, juridiese verhoudingsvlak of watter verhoudingsvlak ook al is. In sommige gevalle bestaan daar ook reeds 'n mate van geïnstitusionaliseerdheid van die opvatting wanneer 'n mens organisasies aantref wat soort van verantwoordelikheid aanvaar indien hulle werkers in afwykende gedrag verval en hulle sake vir hulle in die hof hanteer. Wanneer dit gebeur, erken die werkgewer eintlik in 'n sekere sin dat die akteur se handelinge aan hom behoort en dat hy die verantwoordelikheid daarvoor behoort te aanvaar.

### 10.4.7 Ondersteuning

Die soort opvatting en institusionalisering van die akteur se persoonlike verantwoordelikheid vir wangedrag, kan eintlik die voorkoms en verspreiding van afwykende gedrag ondersteun, vir sover die akteur dit kan beleef dat hy as't ware wegkom met sy wandade. Die soort van verantwoordelikheidsoorname bestaan natuurlik en tereg ook in die ouer-kind-verhouding vir sover daar sprake is van ontoerekeningsvatbaarheid en onverantwoordelikheid by die kind, maar dit behoort uit die aard van die saak nie buite

die besondere verhouding te funksioneer nie, weens die misdaadbevorderende effekte daarvan.

### 10.4.8 Ontevredenheid

*Werkaliënasie* gaan om die tevredenheid wat die akteur het of nie het nie ten opsigte van sy hiërargiese posisie wat hy in sy werk beklee; dit gaan om die gebrek aan beheer wat hy het oor die produkte wat hy produseer en om die intrinsieke werkbeloning wat ontbreek (Schacht, 1971, p. 161; Mizruchi, 1970, p. 268; Schacht, 1971, p. 88-9).

Dit is sekerlik bekende feite dat daar verskeie voorbeelde is van mense wat interpersoonlike verhoudinge geskend het in die sin van moord, aanranding en crimen injuria weens hulle ontevredenheid met die werkposisie wat hulle beklee het. Die hoofmotivering agter sulke optrede is dan meestal om òf die baas te ontsetel deur hom te vermoor, òf om dan minstens die onaangename en verontregte gevoel tevrede te stel teenoor die outoriteite deur mense wat hiërargies hoër as die akteur self geplaas is in die werksituasie, te beledig of aan te rand.

Dit moet egter dadelik toegegee word dat dit nie 'n uitgemaakte saak is dat sulke fundamentele verhoudingskendings voorkom direk as gevolg van die ontevredenheid of weens die afwesigheid van intrinsieke werkbeloning nie; dit kom waarskynlik eerder voor weens die *frustrasie* wat die akteur ervaar weens die bestaan

van werkaliënasie. Dit lyk dus asof eerder gehipostateer moet word dat werkaliënasie op indirekte wyse kan aanleiding gee tot die skending van die interpersoonlike verhoudinge.

### 10.4.9 Projeksie

Ten opsigte van die skending van fundamentele verhoudings moet opgemerk word dat die frustrasie van werkaliënasie kan bydra en lei tot die skending van die verhoudinge. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die akteur as die broodwinner wat ontevrede is met sy hiërargiese posisie by die werk, dié probleem projekteer binne sy huisgesin en dan op bombasties-dominerende wyse sy gesin beheer uit kompensasie ten einde sy begeerte na 'n beheerposisie uit te leef. Dit kan selfs lei tot aanrandings ten einde sy wil af te dwing. Dit kan ook op indirekte wyse lei tot vorme van onttrekking binne die raamwerk van die fundamentele verhoudinge, byvoorbeeld wanneer die akteur die frustrasies passief verwerk en homself onttrek waardeur kinderverwaarlosing en die nienakoming van huweliks- en huislike pligte intree.

### 10.4.10 Opwindingsoekend

Dit is betwyfelbaar of die voorkoms van *werkaliënasie* daartoe sal lei dat die betrokkenes hulle skuldig sal maak aan die skending van seksuele verhoudinge in die sin van verkragtings, ontbloting, prostitusie en ander perversiteite. Tog moet aan die ander kant ook

weer toegegee word dat die opwinding en avontuur wat sulke optrede bied vir beide manlike en vroulike akteurs as't ware van uitvlugte kan bied uit die saaiheid van die gebrek aan intrinsieke werkbeloning. Indien dan nie in die werk opwinding en bevrediging verkry kan word nie, kan hulle dan tog wel iets van self-tevredenheid beleef deur daarvan weg te breek en aan prostitusie deel te neem.

### 10.4.11 Onderproduksie

Ten opsigte van die ekonomiese verhoudingskendings, kan dieslefde argumente aangevoer word. In 'n sekere sin word ekonomiese verhoudinge reeds geskend wanneer daar *werkaliënasie* bestaan vir sover die akteur dan heelwaarskynlik nie sy volle arbeidskrag sal (wil) aanwend nie en onderproduksie plaasvind. Wanneer die akteur ontevrede is met sy hiërargiese posisie in die werk en dit gaan ook gepaard met finansiële vergoeding indien hy bevorder sou word, kan dit daartoe bydra dat hy in versoeking kom om diefstal te pleeg om sodoende sy inkomste aan te vul. Hierby moet ook verreken word dat *werkaliënasie* in die sin van ontevredenheid met die akteur se hiërargiese posisie, dikwels ook juis ontstaan weens die finansiële aspirasies van die akteur, dit wil sê hy ontwikkel juis ontevredenheid met betrekking tot sy plasing omdat hy meer vergoeding wil ontvang.

### 10.4.12 Verskeie misdaadsoorte

Wanneer sosiale verhoudingskendings van nader beskou word, moet ook opgemerk word dat dronk op straat wel teruggevoer kan word tot werkaliënasie, en so ook oproerbetrokkenheid. Die skending van die gesagsverhoudinge (waaronder ontsnapping, minagting van die hof en verset teen polisieoptrede tel) kan egter baie moeilik teruggevoer word tot werkaliënasie tensy dié aliënasie beleef word binne die polisiewerk en hofwerk self. Die godsdienstige verhoudingskendings soos Godslastering en Sabbatsontheiliging kan ook verduidelik word in terme van werkaliënasie vir sover dit daartoe aanleiding kan gee dat die akteur deur middel van Godslastering uiting kan gee aan sy frustrasie en weens werkaliënasie ook sy verhouding met God kan vertroebel omdat hy kan meen dat dit God is wat hom in dié betekenislose werksituasie laat beland het. Sabbatsontheiliging kan plaasvind vir sover die akteur in sy soeke na opwindende en (werk)aliënasieontsnappende aktiwiteite, meen dat hy opwinding verkry deur Sabbatsontheiliging.

## 10.5 Evaluering

### 10.5.1 Aliënasie is verkeerd

Keniston (1965, p. 413) merk met betrekking tot die evaluering van die aliënasieteorie op dat daar meestal gesê en aangeneem word dat die gealiëneerdes (die revolusioniste, die misdadigers, die psigote, die

apatici en die ideologies-andersdenkendes) die *misfits*, *rejects* en *malcontents* is en dat hulle teenwoordigheid verdoem moet word. Hulle is verkeerd en die samelewing is reg; hulle moet gestraf word of miskien behandel word. Keniston (1965, p. 413) sê dan vervolgens tereg dat die bestaan van gealiëneerdes daarop neerkom dat daar ook in die betrokke samelewing foute is wat behandeling nodig het.

### 10.5.2 Geldende waardes

Die probleem van die beoordeling van die korrektheid of die verkeerdheid van die gealiëneerdes of van die samelewing, hang egter ten nouste saam met die betrokkenes se opvatting aangaande die algemeen geldende waardes en norme vir die samelewing of die gealiëneerde. Samelewings word immers juis op besondere wyses gestruktureer ter wille van orde(likheid) en diegene wat van dié ordelikheidsbeginsel afwyk, is uit die aard van die saak gealiëneerd vir sover hulle dan ook 'n bedreiging inhou vir dié gerealiseerde orde in die samelewing.

### 10.5.3 Betrokkenheid

Hierdie probleem sien Keniston ook raak en hy verduidelik dit soos volg (Keniston, 1965, p. 414):
Wanneer die wortels van aliënasie in persoonlike afwykings en in die geskiedenis gesoek en ingelees word, kan die ware sosiale, kulturele en ideologiese

probleme uitgelig word waarop aliënasie gedeeltelike reaksie is. Ons kan dan met die gealiëneerdes simpatiseer en probeer om hulle te verstaan, en steeds argumenteer dat aliënasie verkeerd is omdat dit 'n produk is van 'n aliënerende samelewing. Die argument sal dan moet opgaan om aan te toon dat 'n mens in 'n goeie samelewing geen kompulsiewe konformiteit of aliënasie sal aantref nie; 'n goeie samelewing sal betrokkenheid inspireer (Keniston, 1965, p. 414). Binne dié argumentering sal aliënasie dus sleg wees vir sover dit wys na remediërende defekte in die samelewing; in 'n goeie samelewing sal almal opreg betrokke wees. Die ideaal is dus 'n samelewing waarin geeneen uitgesluit is nie en waarin geeneen gealiëneerd is nie.

### 10.5.4 Stagnering

Keniston (1965, p. 414-5) sit sy argumentering voort deur verder daarop te wys dat, in die afwesigheid van só 'n *perfekte* samelewing, sal die afwesigheid van aliënasie egter wel gou lei tot stagnering. Geen bestaande samelewing is sonder sy remediërende inkonsekwenthede, sy nodelose spanninge en sy buitengewone eise nie. Daarom sal dit waarkynlik aanhou om waar te wees dat elke sosiale voordeel die verlies van 'n waarde van die verlede sal inhou en dat dié proses weer nuwe probleme vir die toekoms sal laat onstaan. Keniston druk dit treffend soos volg uit: "Total commitment to any society therefore means a commitment to remediable evil. Without at least some men

and women sufficiently alienated to challenge the established order, to decry its assumptions, to suggest remedies for its faults, and to agitate their less alienated fellows into sufficient dissatisfaction, no social innovation is possible" (Keniston, 1965, p. 414-5). Keniston is daarom oortuig daarvan dat die teenwoordigheid van aliënasie in ten minste sommige individue 'n voorvereiste is vir enige sosiale verbetering (Keniston, 1965, p. 415).

## 10.6 Beoordeling en toetsing van die kenmerke van die aliënasieteorie

### 10.6.1 Kenmerke

Die onderskeidende kenmerke van die aliënasieteorie is uit die bestudeerde literatuur gereduseer tot aliënasietipes, naamlik medemens-, self-, werk- en samelewingsaliënasie. Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word binne die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie:

*Diagram 12* Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die aliënasieteorie[1)]

| STRUKTUURKOMPONENTE (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENT (BESTAAN) |
|---|---|
| WAARDES (Gewenste gedrag)<br><br>NORME (Konkrete gedragsreëls)<br><br>ROLLE (Persoonlike inkleuring)<br><br>SUBGROEPE (Onderdele van groter groep) | AANPASSING (In gemeenskap) (*Medemensaliënasie*)<br><br>INTEGRASIE (Na-binne ooreenkoms) (*Selfaliënasie*)<br><br>PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone) (*Werkaliënasie*)<br><br>DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) (*Samelewingsaliënasie*) |
| SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN) | STABILISERINGSKOMPONENT (VOORTBESTAAN) |
| INTERAKSIE (Tussen persone)<br><br>WISSELWERKING (Tussen groepe)<br><br>INTERNALISERING (Eie-making)<br><br>INSTITUSIONALISERING (Instellings) | DIFFERENSIASIE (Verskille in komponente)<br><br>SEGMENTASIE (Verskeie eendershede)<br><br>SPESIFIKASIE (Besondere andershede)<br><br>INERSIE (Geen verandering) |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif*

### 10.6.2 Verklaring van die diagram

Verduidelikend kan hieroor gestel word dat medemens-aliënasie dui op die aanpassingsprobleem binne die gemeenskap; dat selfaliënasie daarop dui dat die na-binne ooreenkoms aangaande die gewenste gedrag nie kan plaasvind nie en die integrasieprobleem dus nie opgelos kan word nie. Die voorafgaande verskynsels word patroonhandhawend voortgesit in die werksituasie en dit kan dan uitloop op uiteindelike aliënasie van die samelewing as die breedste resultaat wat as doel van die gealiëneerdheid bereik kan word.

### 10.6.3 Funksioneringskomponente van die sosiale sisteem

Wanneer dié aliënasietipes as aliënasiekenmerke ingepas word binne die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie vir misdaadverklaring, pas dit duidelik in by die *funksioneringskomponente* van die evalueringskriterium.

### 10.6.4 Bestaan van misdaad

Binne hierdie skematiese voorstelling van die evalueringsraamwerk is dit duidelik dat die aliënasie-teorie ook slegs die *bestaan* van misdadige gedrag kan verduidelik en nie ook die ontstaan, die voortbestaan of die stabilisering daarvan nie. In hierdie sin van die woord is dit dus ook makrososiologies gesien, onvolledig.

## 10.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die misdaadverklaringsmoontlikhede van die aliënasieteorie ondersoek. Die kenmerke van die aliënasieteorie is vasgestel as medemensaliënasie, selfaliënasie, werkaliënasie en samelewingsaliënasie en dit is funksioneel ingepas onder die funksioneringskomponente van die evalueringskriterium wat die *bestaan* van misdadige gedrag verklaar.

Vervolgens word die samevattende slotbeskouinge aangebied soos logies volg uit die resultate van hierdie ondersoek.

# HOOFSTUK 11

## SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING

### 11.1 Inleiding

Die voorafgaande hoofstukke bestaan eerstens uit 'n inleiding en die uiteensetting van die probleemstelling waarin die aanleidende vraag tot die ondersoek uiteengesit is; die doelstellings van die ondersoek verduidelik en waarin die studiegebied gespesifiseerd afgebaken is en die navorsingsmetodes gestel is. Hierna volg daar 'n volledige uiteensetting van die misdaadlewensterrein volgens klassifikasie van misdaad. Dit word opgevolg deur 'n uiteensetting van die strukturering van die evalueringsisteem en die beredenering van die misdaadverklaringsmoontlikhede van dié evalueringsisteem.

Teen die agtergrond van dit alles is dan uiteensettings gegee van 'n geselekteerde aantal huidiglik sosiologiese belangrike teorieë vir die verklaring van afwykende gedrag. Dit is beredeneer en geëvalueer in terme van die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan. Die resultate daarvan is getoets en deurgaans beoordeel aan die hand van die uitgebreide sosiale sisteembenadering met sy komponente, te wete struktuur funksionering, sosialisering en stabilisering wat in hierdie proefskrif aangebied word vir die volledige en makrososiologiese verklaring van misdaad.

Vervolgens sal hierdie slothoofstuk gewy word aan

enkele samevattende opmerkings ten opsigte van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die ontwerpte evalueringsisteem; 'n samevatting van al die behandelde teorieë se misdaadverklaringsmoontlikhede binne die raamwerk van die evalueringsisteem sal aangebied word; daarna sal die positiewe, die negatiewe en twyfelagtige bevindinge ten opsigte van die misdaadverklaringsmoontlikhede van elkeen van die behandelde teorieë in hooftrekke uiteengesit word en dan sal ten slotte enkele nuwe navorsingsvelde wat voortvloei uit die ondersoek, uitgewys word.

## 11.2 Die uitgebreide sosiale sisteemteorie

Die uitgebreide sosiale sisteemteorie bestaan uit die struktuurkomponente, die funksioneringskomponente, die sosialiseringskomponente en die stabiliseringskomponente.

Die struktuurkomponente (waardes, norme, rolle en subgroepe) verklaar die *definiëring* van misdaad; die sosialiseringskomponente (interaksie, wisselwerking, internalisering en institusionalisering) verklaar die *ontstaan* van misdaad; die funksioneringskomponente (patroonhandhawing en spanningsbeheer, aanpassing, doelbereiking en integrasie) verklaar die *bestaan* van misdaad en die stabiliseringskomponente (differensiasie, segmentasie, spesifikasie en inersie) verklaar die *voortbestaan* van misdaad.

Omdat die uitgebreide sosiale sisteemteorie dusdanig

voorsiening maak vir die verklaring van die definisie, die ontstaan, die bestaan en die voortbestaan van misdaad, kan dit die misdaadverskynsel, *sosiologies gesien*, in sy volle omvang en openbaringsgestalte verklaar.

Diagrammaties kan die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë binne hierdie benaderingsraamwerk soos volg met 'n selfverklarende diagram uitgebeeld word:

*Diagram 13* Diagrammatiese voorstelling van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë[1)]

| | |
|---|---|
| STRUKTUURKOMPONENT (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENT (BESTAAN) |
| ANOMIETEORIE | MISDAADEKOLOGIETEORIE<br>AFWYKENDE SUBKULTUURTEORIE<br>ALIËNASIETEORIE |
| SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN) | STABILISERINGSKOMPONENT (VOORTBESTAAN) |
| DIFFERENSIËLE ASSOSIASIETEORIE<br>ETIKETTERINGSTEORIE | |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

Hierdie diagram kan selfverduidelikend in meer besonderhede soos volg uitgebrei word:

*Diagram 14* Gedetailleerde diagrammatiese voorstelling van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë[1)]

| STRUKTUURKOMPONENT (DEFINIEER) | FUNKSIONERINGSKOMPONENT (BESTAAN) |
|---|---|
| *ANOMIETEORIE*<br><br>WAARDES (Gewenste gedrag) (*Kulturele doelstellings*)<br>NORME (Konkrete gedragsreëls) (*Sosiale middels*)<br>ROLLE (Individuele inkleuring) (*Persoonlike motiveringselemente*)<br>SUBGROEPE (Onderdele van groter groepe) (*Aanleer- en Geleentheidstrukture*) | *MISDAADEKOLOGIETEORIE*<br><br>AANPASSING (In gemeenskap) (*Sosiale mobiliteit*)<br>INTEGRASIE (Na binne ooreenkoms) (*Diffirensiële assosiasie*)<br>PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone) (*Waardedifferensiasie*)<br>DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) (*Subkultuurvorming*)<br><br>*AFWYKENDE SUBKULTUURTEORIE*<br><br>AANPASSING (In gemeenskap) (*Groepsoutonomie en of -kohesie*)<br>INTEGRASIE (Na binne ooreenkoms) (*Opsetlike kwaadwilligheid*)<br>PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone) (*Sentrale gedragsfokuspunte*)<br>DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) (*Nie-utilitaristies en hedonisties*)<br><br>*ALIËNASIETEORIE*<br><br>AANPASSING (In gemeenskap) (*Medemensaliënasie*)<br>INTEGRASIE (Na binne ooreenkoms) (*Selfaliënasie*)<br>PATROONHANDHAWING (Kultuurpatrone) (*Werkaliënasie*)<br>DOELBEREIKING (Kwalifiseringselement) (*Samelewingsaliënasie*) |
| SOSIALISERINGSKOMPONENT (ONTSTAAN) | STABILISERINGSKOMPONENT (VOORTBESTAAN) |
| *DIFFERENSIËLE ASSOSIASIETEORIE*<br><br>INTERAKSIE (Tussen persone) (*Aanleer van misdadige gedrag*)<br>WISSELWERKING (Tussen groepe) (*Misdaadhoudings en -tegnieke*)<br>INTERNALISERING (Eie-making) (*Wetsverbrekingsdefinisies oorheers*)<br>INSTITUSIONALISERING (In instellings) (*Kultuurkonflik is basis van misdaad*)<br><br>*ETIKETTERINGSTEORIE*<br><br>INTERAKSIE (Tussen persone) (*Ander se reaksies is rigtinggewend*)<br>WISSELWERKING (Tussen groepe) (*Afwykings is prosessueel*)<br>INTERNALISERING (Eie-making) (*Konformiste is etiketteerders*)<br>INSTITUSIONALISERING (In instellings) (*Afwykende gedrag het sosiale konteks*) | |

1) *Dié diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

## 11.3 Die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë

Ten einde die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë samevattend aan te bied, sal die positiewe, negatiewe en twyfelagtige misdaadverklaringsmoontlikhede van elkeen afsonderlik uiteengesit moet word. Diagrammaties kan dit soos volg saamgestel word:

*Diagram 15* Diagrammatiese voorstelling van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde sosiologiese teorieë oor afwykende gedrag[1])

| TEORIE | POSITIEF T.O.V. MISDAADVERKLARING | NEGATIEF T.O.V. MISDAADVERKLARING | TWYFELAGTIG T.O.V. MISDAADVERKLARING |
|---|---|---|---|
| MISDAAD-EKOLOGIE-TEORIE | 1) Sosiale beweeglikheid<br>2) Solidariteitsgebrek<br>3) Multinormatiwiteit en waardedifferensiasie<br>4) Subkultuurvorming | 1) Die ruimtelike verspreiding van mense | 1) Botsende waardesisteme |
| DIFFEREN-SIËLE ASSOSIASIE-TEORIE | 1) Misdadige gedrag word aangeleer<br>2) Wetsverbrekingsdefinisies is oorheersend<br>3) Aanleer geskied d.m.v. interaksie en kommunikasie<br>4) Assosiasie met misdadige gedrag en isolasie met konformerende gedrag<br>5) Kultuurkonflik is die basis van misdaad<br>6) Die aanleer van misdaad word bepaal deur persoonlike vatbaarheid | 1) Kennis van misdaadhoudings en -tegnieke<br>2) Persone met baie kontak met misdadigers | 1) Sekondêre groepe |
| DELINKWEN-TE SUB-KULTUUR-TEORIE | 1) Opsetlike kwaadwilligheid<br>2) Sentrale gedragsfokuspunte<br>3) Korttermyn hedonisme<br>4) Negativisme<br>5) Reaksieformasie teen middelklaswaardes | | 1) Nie-utilitarisme<br>2) Groepsoutonomie |
| ANOMIE-TEORIE | 1) Wanbalans tussen kulturele doelstellings en sosiale middele<br>2) Negatiewe innovasie<br>3) Rebellie<br>4) Persoonlike motiveringselemente<br>5) Aanleer- en geleentheidstrukture | 1) Ritualistiese hiperkonformerende oorkonformering<br>2) Passief-vervreemdende motiverings | 1) Passiewe onttrekking van die kulturele doelstellings en die sosiale middele<br>2) Positiewe innovasie |
| ETIKET-TERINGS-TEORIE | 1) Sosiale kontrole as magsvorming<br>2) Bevoordeling van sommige persone<br>3) Sosiopatiese individuasie<br>4) Afwykings se prosessuele aard<br>5) Hewige oorreaksies<br>6) Verbanning | | 1) Afwykende aanduiding<br>2) Tipologisering as afwykendes<br>3) Homogeniteit van misdadigers<br>4) Misdaadloopbane<br>5) Ingryping |
| ALIËNASIE-TEORIE | 1) Eensaamheid en isolasie<br>2) Aktiewe medemensaliënasie<br>3) Selfaliënasie<br>4) Indirekte werkaliënasie | 1) Solidariteitsgebrek | 1) Medemensaliënasie |

1) *Die diagram is ontwerp deur die skrywer van hierdie proefskrif.*

## 11.4 Verklaring van die diagram

### 11.4.1 Positiewe bevindings

Die positiewe bevindings ten opsigte van die misdaad-ekologieteorie se misdaadverklaringsmoontlikhede (vir sover dit slegs verband hou met die *bestaan* van misdadige gedrag), is dat die voorkoms van sosiale beweeglikheid (mobiliteit) kan lei tot solidariteitsgebrek wat weer multinormatiwiteit en waardedifferensiasie kan inisieer. Op sy beurt kan hierdie verskynsels lei tot afwykende subkultuurvorming waarin die sentrale gedragsfokuspunte misdadig kan wees, maar minstens afwykend is.

Die differensiële assosiasieteorie se uitsrpake wat wel misdaadverklarend aangewend kan word (vir sover dit slegs verband hou met die *ontstaan* van misdadige gedrag), is dat misdadige gedrag aangeleer word en wel op só 'n wyse dat wetsverbrekingsdefinisies dominant is by die oortreder. Hierdie aanlering geskied deur middel van interaksie en kommunikasie en in assosiasie met misdadige gedrag en, in isolasie met konformerende gedrag, en die persoonlike vatbaarheid van die individu bepaal of hy wel die misdadige gedragspatrone sal aanleer of nie. Ook die opvatting dat kultuurkonflik die basis is van misdaad, kan misdaadverklarend aangewend word ten opsigte van die *ontstaan* van misdadige gedrag.

Wat betref die positiewe bevindinge van die delinkwente subkultuurteorie insake misdaadverklaringsmoont-

likhede (vir sover dit slegs betrekking het op die *bestaan* van misdadige gedrag), is vasgestel dat opsetlike kwaadwilligheid, die sentrale gedragsfokuspunte, korttermyn-hedonisme, negativisme en reaksieformasie teen die middelklaswaardes, misdaadverduidelikend aangewend kan word.

Vir sover as wat die anomieteorie die *definiëring* van misdadige gedrag verklaar, is positief vasgestel dat die bestaan van 'n wanbalans tussen die kulturele doelstellings en die sosiale middele, (negatiewe) innovasie, rebellie, die persoonlike motiveringselemente, asook die aanleer- en die geleentheidstrukture, misdaadverklarend aangewend kan word.

Positief is ten opsigte van die etiketteringsteorie bevind (vir sover as wat dit die *ontstaan* van misdadige gedrag kan verduidelik) dat, soos uit die skematiese voorstelling in die voorafgaande diagram blyk, sosiale kontrole as magsvorming, die bevoordeling van sommige persone, sosiopatiese individuasie, die prosessuele aard van afwykings, hewige oorreaksies en verbanning, misdaadverklarend aangewend kan word.

Die aliënasieteorie (wat net die *bestaan* van misdadige gedrag kan verklaar) se kenmerke wat positief misdaadverklarend aangewend kan word, is eensaamheid en isolasie, aktiewe medemensaliënasie, selfaliënasie en indirekte werkaliënasie.

### 11.4.2 Negatiewe bevindings

In hierdie ondersoek kon geen werklik negatiewe bevindings ten opsigte van die misdaadverklaringsmoontlikheid van die misdaadekologieteorie vir sover dit slegs verband hou met die *bestaan* van misdadige gedrag), vasgestel word nie.

Die voorafgaande diagrammatiese voorstelling toon ook aan dat die leerstellings van die differensiële assosiasieteorie dat kennis van die misdaadhoudings en -tegnieke, asook dat persone wat frekwentatief baie in kontak kom met misdadigers, noodwendig misdadigers sal word, nie misdaadverklarend aangewend kan word nie, soos beredeneer in die betrokke hoofstuk daaroor.

Verder is ten opsigte van die anomieteorie (wat net handel oor die *definiëring* van misdadige gedrag) vasgestel dat die ritualistiese hiperkonformerende oorkonformisme asook die passief-vervreemdende motiverings, die misdaadverklarend aangewend kan word nie.

Betreffende die aliënasieteorie (wat handel oor die *bestaan* van misdadige gedrag) is vasgestel dat die leerstelling van solidariteitsgebrek, nie misdaadverklarend aangewend kan word nie.

### 11.4.3 Twyfelagtige bevindings

Die diagram toon aan dat botsende waardesisteme as kenmerk van die misdaadekologieteorie, twyfelagtig is in sy misdaadverklaringsmoontlikhede. Die diagrammatiese

voorstelling in diagram 15 toon ook aan dat die differensiële assosiasieteorie se stelling dat sekondêre groepe nie misdadige gedrag kan oordra op mense nie, twyfelagtig is. Dieselfde geld met betrekking tot die opvattings oor nie-utilitarisme en groepsoutonomie van die delinkwente subkultuurteorie; die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan is twyfelagtig. Passiewe onttrekking aan die kulturele doelstellings en die sosiale middele wat deur die anomieteorie geleer word, se misdaadverklaringsmoontlikhede is eweneens twyfelagtig. Die misdaadverklaringsmoontlikhede van die etiketteringsteorie met opmerkings oor afwykende aanduiding, tipologisering van afwykendes, homogeniteit van misdadigers, misdaadloopbane en ingryping, is ook twyfelagtig soos aangedui op die besondere plek in die proefskrif. Laastens is ook die leer van medemensaliënasie soos dit voorkom in die aliënasieteorie, twyfelagtig in sy misdaadverklaringsmoontlikhede.

Uit die agtergrond van die voorafgaande vollediger diagram is hierdie voorstelling selfverduidelikend.

## 11.5 Strukturalisme

Uit die besondere beoordelingsraamwerk waarbinne die sosiologiese misdaadverklarings besien is in hierdie ondersoek, het geblyk dat die anomieteorie hoofsaaklik 'n strukturalistiese misdaadverklaringsmoontlikheid het. Die hoofkomponente van die anomieteorie kom immers punt-vir-punt ooreen met die struktuurelemente van die uitgebreide sosiale sisteemteorie soos uiteengesit en ontwerp in hierdie navorsing.

Hieruit kan afgelei word dat die anomieteorie nie suksesvol is in die verklaring van die bestaan, voortbestaan en stabilisering van misdaad nie, omdat dit eintlik net misdaad se *ontstaan* verduidelik deur dit te definieer in terme van die evalueringsraamwerk soos uitgewys. 'n Mens sou ook die voorspelling kan maak dat moontlik ander strukturalistiese teorieë dieselfde leemte of gebrek sal openbaar. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die strukturalistiese benaderings tot sosiologiese misdaadverklaring noodwendig onvolledig sal wees ten opsigte van die verduideliking van die voorkoms van die skending van die fundamentele gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse as die boustene van alle tussenmenslike prosesse.

## 11.6 Funksionalisme

Wanneer die sosiologie hom in misdaadverklarings wend tot die funksionalisme, kom dit voor dieselfde soort probleem te staan as met die strukturalistiese benadering. Die misdaadekologieteorie, die delinkwente subkultuurteorie en die aliënasieteorie is voorbeelde van funksionalistiese pogings tot misdaadverklaring. Die teorieë lê weer die hoofklem op die verduideliking van die *bestaan* van misdadige gedrag, dit wil sê op die bestaan van die skendende gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse. Die funksionaliste kan nie misdaad definiërend in sy ontstaan verduidelik nie en ook nie die voortbestaan en stabilisering daarvan verklaar nie.

Die funksionalisme in sosiologiese misdaadverklarings sal dus in terme van die skending an die fundamentele tussenmenslike gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, slegs die *bestaan* van sodanige skendinge uitlig en verduidelik.

## 11.7 Sosiologisme

Binne die sosiologies-sistemiese beoordelingsraamwerk soos uitgewerk in hierdie proefskrif, kan die oorbeklemtoning van die sosialiseringsproses soos wat dit die geval is met die differensiële assosiasieteorie en die etiketteringsteorie, gepraat word van 'n sosiologisme in sosiologiese misdaadverklaring; dit is 'n oorbeklemtoning van slegs die ontstaansaspek met sy prosesse as die enigste bewys- en verklaringsgrond vir misdaadverklaring. In terme van die raamwerk van die uitgebreide sosiale sisteemteorie vir misdaadverklaring, verduidelik dié teorie die *ontstaan* van misdadige gedrag in terme van interaksie, wisselwerking, internalisering en institusionalisering.

## 11.8 Makrososiologiese benadering benodig

Dit is wel aantoonbaar dat die betrokke behandelde teorieë skewe beelde van die sosiologiese misdaadverklaring gee, maar daarmee word nie ontken dat die misdaad wel gedefinieer moet word, of dat die ontstaan, bestaan of voortbestaan daarvan onbelangrik is nie. Die makrososiologiese benadering wil juis 'n poging wees om voorsiening te maak vir die verduideliking

van al dié samehangende aspekte in een omvattende en insluitende teorie.

By hierdie basiese uitgangspunt moet verduidelik word dat onder meer dié besondere taak an die sosiologie steeds is om die kriminele gedrag van die konformerende gedrag te onderskei (Sutherland & Cressey, 1970, p. 73). Dan moet hierby onthou en toegegee word dat baie dinge wat nodig is vir konformerende gedrag ook net so nodig is vir kriminele gedrag, en andersom. So is respirasie byvoorbeeld 'n noodsaaklike faset vir enige menslike gedrag, maar die respiratoriese proses kan nie gebruik word om kriminele van konformerende gedrag te onderskei nie. Op dieselfde wyse sou dus ook geargumenteer kan word dat, hoewel *leer* 'n integrale deel van gedrag is, dit nie gebruik kan word om kriminele van konformerende gedrag te onderskei nie. So is dit ook waar dat mense differensieel assosieer met die konformeerders en misdadigers in die huisgesin, kerk, staat, skool en bedryf, maar die gedifferensieerdheid van die assosiasies verklaar nog nie die kriminele element van menslike gedrag nie. So kan die bestaan van die subkultuur ook nie misdadige gedrag verklaar nie, dit sê wel wat die milieu is waarbinne dit makliker aangeleer kan word, maar nog nie waarom dit hoegenaamd voorkom nie. Anomie verduidelik ook 'n toestand waaronder misdadige gedrag maklik floreer, maar nog nie waarom dit so is nie. Etikettering verduidelik miskien waarom residivisme voorkom, maar ook nog nie waarom kriminele gedrag byvoorbeeld ontstaan nie. Aliënasie verduidelik op dieselfde wyse wel 'n toestand wat bestaan by die

misdadiger, maar nie waarom hy aanvanklik in misdaad verval het nie. Kortom: misdaadekologie, differensiële assosiasie, subkultuurvorming, anomie, etikettering en aliënasie is prosesse soos respirasie - dit is nodig vir alle menslike gedrag (dié verskynsels kan immers dien as motivering vir konformerende gedrag ook), maar kan nie gebruik word om kriminele van konformerende gedrag te onderskei nie.

Die makrososiologiese sisteembenadering soos gekoppel aan die verskillende lewensterreine, is in staat om misdaad nie net geselekteerd te verklaar nie, maar kan alle fasette daarvan verduidelik en voldoen aan al die gestelde vereistes vir sosiologiese misdaadverklaring.

## 11.9 Nuwe navorsingsvelde

Die belangrikste enkele nuwe navorsingsveld wat duidelik uitstaan as die vrug van hierdie navorsing, is uit die aard van die saak die empiriese toetsing van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die uitgebreide sosiale sisteemteorie. Die empiriese toetsing sal 'n kontrolegroep moet insluit sodat vasgestel kan word of die teorie ook empiries in staat is om alle fasette van konformerende gedrag te verklaar. Dit is uit die aard van die saak 'n baie omvattende nuwe navorsingsveld, omdat dié empiriese toetsing sal moet plaasvind ten opsigte van die skendings van al die geïdentifiseerde fundamentele tussenmenslike gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, dit wil sê ten opsigte van al die lewensterreine na hulle

normatiewe en feitelike kante soos gestruktureer in al die groepe en sisteme. Dit is die hoop en vertroue dat met hierdie navorsing 'n kennisbydrae gelewer is tot die stimulering van verdere studie op hierdie gebied.

## SUMMARY : A CRITICAL ANALYSIS OF THE POSSIBLE EXPLANATIONS OF CRIME IN SPECIFIC SOCIOLOGICAL THEORIES OF DELINQUENT BEHAVIOUR


### 1. Point of departure and hypothesis

The main aim and hypothesis of this research is to point out that the crime ecology theory, differential association theory, anomie theory, delinquent sub-culture theory, labelling theory, and the alienation theory which attempt to explain delinquent behaviour in sociological terms, are not able to explain crime in its fullest manifestation as a violation of fundamental inter-human relations. In order to achieve this aim and to test this hypothesis it was accepted that criminal behaviour and conforming behaviour must be explained by the same sociological theory in so far as they are both human behaviours within a group. The view was taken that it is not necessary to create separate sociological theories for each and every form of human behaviour. Based on this point of view, the social system theory as it is known at present was extended, re-systematized and presented as a macro-sociological theory which can explain all crime. At the same time it can be used as an evaluation framework by which the explanatory possibilities of crime of the selected sociological theories on delinquent behaviour are tested. In conclusion it was stated that all criminal behaviour can be explained sociolo-

gically in terms of its definition, in terms of its origin, in terms of its existence as well as in terms of its ultra-stability.

2. The extended social system theory

Joubert & Steyn (1965, p. 271) maintain that a social group is a social system in so far that the relations among group members as present and absent functionaries form an orderly whole, and that by relations it is understood that different expectations are given to different positions.

According to the present accepted opinion, the social system consists of structure components (values, norms, roles and subgroups) and functional components (pattern maintenance and tension management, goal attainment, integration, and adaptation) (Joubert & Steyn, 1956, p. 275-6; Van der Walt, 1978, p. xxvi; Mills, 1967, p. 22).

For the purpose of this thesis, socializing components (interaction, interplay, internalization and institutionalization) and stabilizing components (differentiation, segmentation, specification and inertia) were included. The socializing components were included to provide for the admittance of the fact that the acquisition of the structure components and the functional components is not made quite clear by the present social system

theory. The <u>stabilizing components</u> were inclyded to acknowledge the dynamics and change within the social system in terms of which the structuring, functioning and socializing of the social system are adapted to new views and because of social change.

Within the framework of this extention of the social system theory the idea is also expressed that the <u>structural components</u> are those elements which <u>define</u> crime; the <u>functional components</u> are those elements which explain the <u>existence</u> of crime; the <u>socializing components</u> are those which explain the <u>origin</u> of crime and the <u>stabilizing components</u> are those elements which explain the <u>ultra-stability</u> of crime.

3. The theory of crime ecology

Taft & England (1964, p. 153) maintain that crime ecology studies the localization of crime <u>per se</u> and Barron (1956, p. 103) contends that crime ecology is concerned with the general spread of crime and criminals and of other variables which may influence it.

The characteristics of crime ecology, as far as this study is concerned, may be reduced to the following: social mobility, formation of sub-cultures, differentiation of values and differential association.

By judging these characteristics within the framework of the evaluation system, it has been found that they concur with the functional components of the social system in so far as they provide for the explanation of the existence of adaptation, integration, pattern maintenance and goal attainment. In the same way the objective of social mobility may be equated with adaptation; integration with differential association; value differentiation with pattern maintenance and the formation of sub-cultures with goal attainment.

With regard to the theory of crime ecology it is therefore found as a sociological view to be merely possible to explain the existence of crime.

4. The differential association theory

The hypothesis of the differential association theory is that crime exists "... because of an excess of definitions favourable to violation of law over definitions unfavourable to violation of law" (Sutherland, 1947, p. 9).

According to the studied literature the characteristics of this theory are as follows: criminal behaviour is learned; the acquisition takes place with regard to criminal attitudes and techniques; cultural conflict is the basis of criminal behaviour

and unlawful definitions are dominant in criminal behaviour.

When these characteristics are evaluated in terms of the extended social system theory, it appears that the differential association theory only caters for the socializing components of the social system and therefore only explains the origin of criminal behaviour in a sociological sense. Testing the characteristics of the differential association theory to that of the extended social system theory indicates that interaction is comparable to learning of criminal behaviour; that interplay is comparable to the aquisition of criminal attitudes and techniques; that internalization is comparable to the domination of the violation of laws definition and that institutionalization is comparable to the declaration of the differential association theory that culture conflict is the basis of all crime.

Consequently, with regard to the differential association theory, it is found that it, within the framework of the extended social system theory, can only explain the origin of crime and not its definition, existence or ultra-stability.

5. The theory of anomie

The hypothesis of anomie was thus postulated by Merton (1968, p. 216): "Anomie is then conceived as a breakdown in the cul-

tural structure, occuring particularly when there is an acute disjunction between the cultural norms and goals and the socially structured capacities of members of the group to act in accord with them".

Although ten characteristics of this theory are discussed, the main points may be reduced to the following components: cultural aims, social means, personal elements of motivation and acquisition as well as opportunity structures.

If the characteristics of the anomie theory are included in the framework of the extended social system theory, it has been found that they can only be included within the structural components in so far as these provide for the recognition of defined criminal values, norms, roles and sub-groups. Testing of the characteristics of the anomie theory to that of the extended social system theory proved that the cultural aims corresponded to values; that social means corresponded to norms; that roles corresponded to elements of personal motivation and that sub-groups corresponded to aquisition and opportunity structures.

With regard to the anomie theory it is therefore found that it, within the framework of the extended social system theory, can only explain the definition of crime, and not its origin, existence or ultra-stability.

6. The delinquent sub-culture theory

The hypothesis of this theory maintains that the sub-culture has traditionally become a way of life among the boys of the working class (Short, 1968, p. 11).

The characteristics of the delinquent sub-culture theory have been distinguished for the purpose of this research as non-utilitarian and hedonistic; deliberately malice; group outonomy and as central focal concerns.

When placed within the framework of the extended social system theory it seems that the delinquent sub-culture theory can again only provide for the explanation of the functional components in so far that it actually only explains the existence of crime. Testing of the characteristics of the sub-culture theory to that of the extended social system theory proved that the characteristics of group outonomy correspond to that of adaptation; those of deliberate malice correspond to that of integration; those of central focal concerns correspond to pattern maintenance; and those of non-utilitarian and hedonistic correspond to goal attainment.

In conclusion it was found that the explanatory possibilities of crime by the delinquent sub-culture theory, when tested to the characteristics of the extended social system theory, can only

explain the <u>existence</u> of crime in a sociological context.

7. The labelling theory

According to Erikson (1962, p. 308) the labelling theory acts on the point of view that delinquent behaviour results from group definitions and group reactions to the behaviour of man.

This research has proved that the characteristics of labelling theory may be reduced to the following: conformists are the labellers, delinquent behaviour has a social context, delinquency are of a processed nature and the reactions of others are directional.

When these characteristics are judged and tested within the framework of the extended social system theory in order to investigate their explanatory possibilities of crime, it has been found that they correspond to differential association theory in so far as that they exhibit correspondences with the <u>socializing components</u> of the extended social system theory in so far as they are only explanatory with reference to the origin of crime. Testing of the characteristics of the labelling theory to those of the extended social system theory proved that the <u>interaction component</u> corresponds to the fact that the <u>reactions of others are directional</u>; the <u>interplay</u> component corresponds to the fact

that _delinquency are processed_; the _internalization_ component corresponds to _conformists who are the labellers_ and the _institutionalization_ component corresponds to _delinquency which has a social context_.

Finally it was found that the explanatory possibilities of the labelling theory can be reduced to merely the explanation of the _origin_ of crime when they are tested to the evaluation characteristics of the extended social system theory.

8. The alienation theory

Alienation is characterized by man's misplaced mental position in a commodity centred, depersonalized society (Stroup, 1961, p. 107; Paunce, 1968, p. 101). It points to something that has been taken away from man which he ought to have, but of which he is unaware.

For the purpose of this research the characteristics of the alienation theory can be reduced from the studied literature to four alienation types: fellowmen, self, work and society alienation.

When the alienation types as alienation characteristics are fitted into the framework of the extended social system theory for the explanation of crime they clearly fall into the

functionalizing components. It has been so determined because fellow man's alienation is equated with adjustment problems; self alienation is equated with integration problems; work alienation is equated with pattern maintenance and social alienation is equated with problems of goal attainment.

In so far as the alienation theory can only be fitted into the above-mentioned components of the social system theory it becomes clear that it can only explain the existence of crime, but it cannot explain in sociological terms why crime is originated, how it is defined and why it continues to exist.

9. Structuralism

From the distinctive approach and evaluation framework used in this research in view of a sociological explanation of crime it becomces clear that the anomie theory is in main a structural theory of the explanation of crime. The chief components of the anomie theory after all concur point by point with the structure components of the extended social system theory as elucidated in this study. The exclusive structuralistic approach to the explanation of crime in sociology is thus obviously unsuccessful in so far as it is incomplete in its description of the explanation of crimes.

## 10. Functionalism

When sociology in its explanations of crime turns to functionalism it is faced by the same type of problems as the structuralist. The delinquent sub-culture theory and the alienation theory are examples of functionalistic explanations of crime. The functionalistic explanations of crime will therefore in terms of the violation of the fundamental inter-human relations only be able to lift out and explain the existence of such violations.

## 11. Sociologism

Within the systemic evaluation framework as presented in this research it becomes clear that the over-emphasis of the socializing process as is the case with the differential association theory and the labelling theory, may lead to sociologism in the explanation of crime. This partiality in the explanations of crime leads to a situation where only the origin of crime can be explained.

## 12. Concluding findings and new fields of research

In conclusion it was found that the hypothesis presented in this research has indeed been proved by means of a logical reasoning of the possible explanations of crime in selected theories: the

stated sociological theories about the explanation of delinquent behaviour cannot explain crime satisfactorily; the extended social system theory is able to explain crime macro-sociologically in all its facets while crime can sociologically viewed, be explained by the same theory which explains conforming behaviour.

The most important new field of research that has been isolated is obviously the empirical testing of the possible explanations of crime as set out by the designed model. The testing will have to include a control group as it is possible for the designed social system theory also to explain conforming behaviour. It is obviously a comprehensive new field of research as the possible explanations of crime by the model will have to be tested empirically with regard to the violations of all the fundamental inter-human relations.

BIBLIOGRAFIE

ABRAHAM, J.H. 1973. Origins and growth of sociology. Harmondsworth, Penquin Books.

AIKEN, M. & HAIGE, J. 1966. Organizational alienation; a comparative analysis. *American sociological review*, 10:497-507.

BALL, H.V. & FRIEDMAN, L.M. 1971. The use of criminological sanctions in the enforcement of economic legislation; a sociological view. (*In* Radzinovicz, L. & Wolfgang, M.E. (eds.) Crime and justice; the criminal in society. New York, Basic Books, p. 83-117.)

BARNES, H.E. & TEETERS, N.K. 1959. New horizons in criminology. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall.

BARRON, M.L. 1956. The juvenile delinquent in society. New York, Alfred A. Knopf.

BECKER, J.S. 1963. Outsiders; studies in the sociology of deviance. London, The Free Press.

BELL, D. 1959. The "rediscovery" of "alienation"; some notes along the quest for the historical Marx. *The journal of philosophy*, 56:933-952.

BESTER, C.W. 1975. 'n Analise en evaluering van die rol van ideologie in enkele fasette van die kontemporêre sosiologie. (Ongepubliseerde Proefskrif, PU vir CHO.)

BIERENS DE HAAN, J. 1959. Sociologie; ontwikkeling en methode. Den Haag, N.V. Servire.

BIERSTEDT, R. 1957. The social order; an introduction to sociology. New York, McGraw-Hill Book Co.

BIERSTEDT, R. 1970. The social order. New York, McGraw-Hill Book Co.

BLAU, P.M. 1976. Introduction: Parallells and contrasts in structural inquiries. (*In* Blau, P.M. (ed.) Approaches to the study of social structure. London, Open Books, p. 1-20.)

BLAUNER, R. 1970. Social alienation. (*In* Macson, S. (ed.) Automation, alienation and anomie. New York, Harper & Row Publishers, p. 96-112.)

BLOCK, H.A. & GEIS, G. 1962. Man, crime and society; the forms of criminal behavior. New York, Random House.

BOGARDUS, E.S. 1934. Sociology. New York, The Macmillan Co.

BOTTOMORE, T.B. 1971. Sociology; a guide to problems and literature. London, George Allen & Unwin Ltd.

BREDEMEIER, H.C. & STEVENSON, R.M. 1962. The analysis of social systems. New York, Holt & Rinehart.

CALDWELL, R.G. 1965. Criminology. New York, The Ronald Press Co.

CASE, C.M. 1924. Outlines of introductory sociology; a textbook of readings in social science. New York, Harcourt, Brace & Co.

CHAPMAN, D. 1968. Sociology and the stereotype of the criminal. London, Tavistock Publications.

CHILTON, R.J. 1971. Continuity in delinquent area research; a comparison of studies for Baltimore, Detroit and Indianapolis. (*In* Voss, H.L. & Petersen, D.M. (eds.) Ecology, crime and delinquency. New York, Appleton-Century-Croffts, p.189-208.)

CHINOY, E. 1968. Sociological perspective. New York, Random House.

CILLIERS, S.P. & JOUBERT, D.D. 1968. Sosiologie; 'n sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-uitgewery.

CLINARD, M.B. e.a. 1964. Anomie and deviant behaviour; a discussion and critique. London, The Free Press.

CLINARD, M.B. & QUINNEY, R. 1973. Criminal behavior systems; a typology. New York, Holt, Rinehart & Winston.

CLOWARD, R.A. 1968. Illegitimate means, anomie and deviant behavior. (*In* Short, J.F. jr. (ed.) Gang delinquency and delinquent subcultures. New York, Harper & Row Publishers, p. 156-178.)

CLOWARD, R.A. & OHLIN, L.E. 1966. Illegitimate means, differential opportunity and delinquent subcultures. (*In* Giallombardo, Rose. (ed.) Juvenile delinquency; a book of readings. New York, John Wiley & Sons, p. 161-169.)

COERTZE, E. 1976. Aspekte van die verpleegstersopleiding aan die universiteit. (Ongepubliseerde Proefskrif, PU vir CHO.)

COHEN, A.K. 1966. The delinquent subculture. (*In* Giallombardo, Rose. (ed.) Juvenile delinquency; a book of readings. New York, John Wiley & Sons, p. 103-118.)

COHEN, M.R. 1971. Moral aspects of punishment (*In* Radzinovicz, L. & Wolfgang, M.E. (eds.) Crime and justice; the criminal in the arms of the law. New York, Basic Books, p. 27-42.)

CONRADIE, H. 1976. Die historiese ontwikkeling van *social engineering* in die sosiologie. (Ongepubliseerde Verhandeling, PU vir CHO.)

COSER, L.A. 1971. Masters of sociological thought; ideas in historical and social context. New York, Harcourt Brace & Jovanovich.

CRESSEY, D.R. 1962. Role theory, differential association, and compulsive crimes. (*In* Rose, A.M. (ed.) Human behaviour and social processes; an interactionist approach. London, Routledge & Kegan Paul, p. 443-463.)

CUBER, J.F. 1968. Sociology; a synopsis of principles. New York, Appleton-Century-Crofts.

DAVIS, K. 1949. Human society. New York, The Macmillan Co.

DE KLERK, G.W. 1977. Afwykende gedrag binne die teoretiese raamwerk van simboliese interaksionisme; 'n kritiese evaluering. (Ongepubliseerde Verhandeling, UOVS.)

DE WET, J.C. & SWANEPOEL, H.L. 1975. Strafreg. Durban, Butterworths.

DEKKER, G. 1969. Sociologie en kerk; over het recht en het nut van de sociologie met betrekking tot de kerk. Kampen, J.H. Kok.

DENGERINK, J.D. 1948. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok.

DOBRINER, W.M. 1969. Social structures and systems; a sociological overview. Palisades, Goodyear Publishing Co.

DOWNES, D.M. 1966. The delinquent solution; a study in subcultural theory. London, Routledge & Kegan Paul.

DUBIN, R. 1959. Deviant behavior and social structure: continuities in social theory. *American sociological review*, 24:147-164.

DUVENAGE, S.C.W. 1975. Die vereensaming of vervreemding van die moderne mens. IBC-studiestuk, nr. 92, Potchefstroom, PU vir CHO.

ELDEFONSO, E. 1967. Law enforcement and the youthful offender; juvenile procedures. New York, John Wiley & Sons.

ELLIOTT, D.S. 1970. Delinquency, school attendance and dropout. (*In* Knudten, R.D. (ed.) Crime, criminology and contemporary society. Homewood, The Dorsey Press, p. 109-117.)

ELOFF, D.J. 1963. Enkele aspekte van die struktuurfunksionele teorie van die samelewing. (Ongepubliseerde Verhandeling, PU vir CHO.)

ERICKSON, K.T. 1962. Notes on the sociology of deviance. *Social problems*, 9:307-314.

FAIRCHILD, H.P. 1964. Dictionary of sociology and related sciences. Paterson, Littlefield, Adams & Co.

FARIS, R.E.L. 1967. Chicago sociology; 1920-1932. Chicago, The University of Chicago Press.

FAUNCE, W.A. 1968. Problems of an industrial society. New York, McGraw-Hill Book Co.

FREED, L.F. 1963. Crime in South Africa; an integralist approach. Kaapstad, Juta & Co. Ltd.

FROMM, E. 1972. Marx's concept of man. New York, Frederick Ungerer Publishing Co.

FURFEY, P.H. 1953. The scope and method of sociology; a methodological treatise. New York, Harper & Brothers Publishers.

GIBBONS, D.C. 1973. Society, crime and criminal careers; an introduction to criminology. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall.

GIBBONS, D.C. & GARRITY, D.C. 1971. Constructing a typology. (*In* Radzinovicz, L. & Wolfgang, M.E. (eds.) Crime and justice; the criminal in society. New York, Basic Books, p. 243-255.)

GINSBERG, M. 1956. On the diversity of morals; essays in sociology and social philosophy. London, Heineman.

GLASER, D. 1962. The differential-association theory of crime. (*In* Rose, A.M. (ed.) Human behaviour and social processes; an interactionist approach. London, Routledge & Kegan Paul, p. 425-467.)

GLUECK, S. & GLUECK, Eleanor T. 1964. Ventures in criminology. London, Tavistock Publications.

GOLDTHORPE, J.E. 1969. An introduction to sociology. Cambridge, The University Press.

GRASER, R. 1972. Vergelykende misdaadstatistiek. *Misdaad, straf en hervorming*, 1(2):3

GRASER, R. 1975. Kan misdaad beheer word? *Misdaad, straf en hervorming*, 4(3):3

GRAY, D.J. 1972. Value-free sociology; a doctrine of hypocricy and irresponsibility. (*In* Medley, M.L. & Conyers, J.E. (eds.) Sociology for the seventies; a contemporary perspective. New York, John Wiley & Sons, p. 14-24.)

GROVÈ, D. 1963. Die kriminologiese arbeid van Edwin Hardin Sutherland met besondere verwysing na sy beskouinge oor witboordjiemisdaad. (Ongepubliseerde Verhandeling, UNISA.)

HABERMEHL, D.N. 1959. Ons dagelijks werk; de christen in de industrie. Kampen, J.H. Kok.

HALLORAN, J.D., BROWN, R.L. & CHANEY, D.C. 1970. Television and delinquency. Leicester, Leicester University Press.

HAWLEY, A.H. 1950. Human ecology. New York, The Ronald Press.

HOMANS, G.C. 1950. The human group. New York, Harcourt, Brace & World.

HORTON, P.B. & HUNT, C.L. 1964. Sociology. London, McGraw-Hill Book Co.

HOULT, T.F. 1969. Dictionary of modern sociology. Totowa, Littlefield, Adams & Co.

JOHNSON, H.M. 1968. Sociology; a systematic introduction. London, Routledge & Kegan Paul.

JONASSEN, C.T. 1971. A re-evaluation and critique of the logic and some methods of Shaw and McKay. (*In* Voss, H.L. & Petersen, D.M. (eds.) Ecology, crime and delinquency. New York, Appleton-Century-Croffts, p. 133-145.)

JOUBERT, D.D. 1973. Sosiologies gesproke; die aard van sosiologiese interpretasies. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

JOUBERT, D.D. & STEYN, Anna F. 1965. Groepsdinamika. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

KAR, P. 1964. An outline of sociology. Calcutta, Book Land Private Ltd.

KEMENY, J.G. 1967. Een wijsgerige visie op de wetenschap. Hilversum, De Haan.

KENISTON, K. 1965. The uncommitted; alienated youth in American society. New York, Dell Publishing Co.

KITSUSE, J.I. 1962. Social relations and deviant behavior; problems of theory and method. *Social problems*, 9:247-256.

KITSUSE, J.I. & DIETRICH, D.C. 1966. Delinquent boys; a critique. (*In* Giallombardo, Rose. (ed.) Juvenile delinquency; a book of readings. New York, John Wiley & Sons, p. 119-127.)

KOBRIN, S. 1971. The formal logical properties of the Shaw-McKay delinquency theory. (*In* Voss, H.L. & Petersen, D.M. (eds.) Ecology, crime and delinquency. New York, Appleton-Century-Croffts, p. 101-131.)

KOBRIN, S., PUNTILL, J. & PELUSO, E. 1968. Criteria of status among street gangs. (*In* Short, J.F. jr. (ed.) Gang delinquency and delinquent subcultures. New York, Harper & Row, p. 178-208.)

KOOISTRA, R. 1962. Facts and values; a christian approach to sociology. Ontario, The Association for Reformed Scientific Studies.

KORN, R.R. & MCCORKLE, L.W. 1959. Criminology and penology. New York, Holt, Rinehart & Winston.

KRUGER, J.E. 1972. Anomie; 'n kritiese ontleding van die teorie met besondere verwysing na enkele sosiaal-patologiese verskynsels. (Ongepubliseerde Proefskrif, PU vir CHO.)

LABUSCHAGNE, J.J. 1966. Die begrip misdaad; 'n kriminologiese beoordeling. (Ongepubliseerde Verhandeling, UNISA.)

LANDER, B. 1971. Towards an understanding of juvenile delinquency. (*In* Voss, H.L. & Petersen, D.M. (eds.) Ecology, crime and delinquency. New York, Appleton-Century-Croffts, p. 161-174.)

LEMERT, E.M. 1951. Social pathology; a systematic approach to the theory of sociopatic behavior. New York, McGraw-Hill Book Co.

LEMERT, E.M. 1972. Human deviance, social problems and social control. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall.

LÖTTER, J.M. 1964. 'n Ekologiese ontleding van misdaad in Pretoria. Pretoria, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

LUNDBERG, G.A. e.a. 1968. Sociology. New York, Harper & Row Publishers.

McALLISTER, Vallorie, L. 1975. Labelling theory as related to juvenile justice system penetration. Colorado, Xerox University Microfilms.

MACIVER, R.M. & PAGE, C.H. 1965. Society; an introductory analysis. London, The Macmillan Co.

MANNHEIM, H. 1946. Criminal justice and social reconstruction. London, Kegan Paul.

MANNHEIM, H. 1965. Comparative criminology. London, Routledge & Kegan Paul.

MANNHEIM, K. 1949. Man and society in an age of reconstruction. London, Routledge & Kegan Paul.

MATZA, D. 1969. Becoming deviant. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall.

MERTON, R.K. 1966. Social structure and anomie. (*In* Giallombardo, Rose. (ed.) Juvenile delinquency; a book of readings. New York, John Wiley & Sons, p. 83-102.)

MERTON, R.K. 1968. Social theory and social structure. New York, The Free Press.

MERTON, R.K. & BARBER, E. 1963. Sociological ambivalence. (*In* Tiryakian, E.A. (ed.) Sociological theory, values and sociocultural change; essays in honor of Pitirim A. Sorokin. London, The Free Press, p. 91-121.)

MILLER, W.B. 1970. Lower class culture as a generarating milieu of gang delinquency. (*In* Wolfgang, M.E., Savitz, L. & Johnston, N. (eds.) The sociology of crime and delinquency. New York, John Wiley & Sons, p. 351-363.)

MILLS, T.M. 1967. The sociology of small groups. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall.

MIZRUCHI, E.H. 1970. Alienation, anomie and the American dream. (*In* Cousins, A.N. & Nagpaul, H. (eds.) Urban man and society; a reader in urban sociology. New York, Alfred A. Knopf, p. 267-297.)

MOORE, C.B. & COLE, W.E. 1952. Sociology in educational practice. Boston, Houghton Mifflin Co.

MOULEDOUS, J.C. & MOULEDOUS, Elizabeth C. 1964. Criticism of the concept of alienation. *American journal of sociology*, 70:78-82.

NETTLER, Gwynn. 1974. Explaining crime. New York, McGraw-Hill Book Co.

NEUMEYER, M.H. 1964. Juvenile delinquency in modern society. Princeton, New Jersey, D. van Nostrand Co.

NISBET, R.A. 1970. The social bond; an introduction to the study of society. New York, Alfred A. Knopf.

OBERHOLZER, C.K. 1954. Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde. Pretoria, Uitgewery J.J. Moreau & Kie.

*OLIVIER, G.F. 1966. Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders, vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg. (Ongepubliseerde Verhandeling, PU vir CHO.)

OLLMAN, B. 1971. Alienation; Marx's conception of man in capitalist society. Cambridge, The University Press.

PARK, R.E., BURGESS, E.W. & McKENZIE, R.D. 1968. The city. Chicago, University of Chicago Press.

PARSONS, T. 1952. The structure of social action; a study in social theory with special reference to a group of recent European writers. Glencoe, Illinois, The Free Press.

PHILLIPSON, M. 1971. Sociological aspects of crime and delinquency. London, Routledge & Kegan Paul.

PIENAAR, P.J.J. 1970. 'n Sosiologiese studie oor sekere aspekte van die kind in die nywerheidskool. (Ongepubliseerde Verhandeling, PU vir CHO.)

PRETORIUS, E. 1976. Die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag; 'n literatuurverkenning. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie*, 14:67-75.

QUINNEY, R. 1970. The study of white colar crime; toward a reorientation in theory and research. (*In* Knudten, R.D. (ed.) Crime, criminology and contemporary society. Homewood, The Dorsy Press, p. 72-83.)

RADZINOVICZ, L. 1966. Ideology and criminology; a study of crime in its social and historical context. London, Heineman.

RADZINOVICZ, L. & WOLFGANG, M.E. (eds.) 1971. Crime and justice; the criminal in society. New York, Basic Books.

REID, Sue T. 1976. Crime and criminology. Hinsdale, The Dryden Press.

REISS, A.J. jr. & RHODES, A.L. 1964. An empirical test of differential association. *Journal of research in crime and delinquency*, 1:5-18.

REISS, A.J. jr. & RHODES, A.L. 1966. Status deprivation and delinquent behavior. (*In* Giallombardo, Rose. (ed.) Juvenile delinquency; a book of readings. New York, John Wiley & Sons, p. 195-207.)

ROBINSON, W.S. 1971. Ecological corrections and the behavior of individuals. (*In* Voss, H.L. & Petersen, D.M. (eds.) Ecology, crime and delinquency. New York, Appleton-Century-Croffts, p. 147-158.)

ROODE, C.D. 1970. Inleiding tot die sosiologie. Kaapstad, A.A. Balkema.

SCHACHT, R. 1971. Alienation. London, Allen & Unwin Ltd.

SCHAFER, S. 1969. Theories in criminology; past and present philosophies of the crime problem. New York, Random House.

SEEMAN, M. 1959. On the meaning of alienation. *American sociological review*, 24:783-791.

SEEMAN, M. 1970. On the meaning of alienation. (*In* Marcson, S. (ed.) Automation, alienation and anomie. New York, Harper & Row Publishers, p. 381-394.)

SHAW, C.R. & McKAY, H.D. 1969. Juvenile delinquency and urban areas. Chicago, The University of Chicago Press.

SHAW, C.R. & McKay, H.D. 1971. Juvenile delinquency and urban areas: theory. (*In* Voss, H.L. & Petersen, D.M. (eds.) Ecology, crime and delinquency. New York, Appleton-Century-Croffts, p. 87-100.)

SHORT, J.F. jr. 1966. Differential association and delinquency. (*In* Giallombardo, Rose. (ed.) Juvenile delinquency; a book of readings. New York, John Wiley & Sons, p. 85-92.)

SHORT, J.F. jr. (ed.) 1968. Gang delinquency and delinquent subcultures. New York, Harper & Row Publishers.

SHORT, J.F. jr. & STRODBECK, F.L. 1965. Group process and gang delinquency. Chicago, The University of Chicago Press.

SIMPSON, G. 1954. Man in society; preface to sociology and the social sciences. New York, Random House.

SPIER, J.M. 1950. Inleiding tot de wijsbegeerte der wetsidee. Kampen, J.H. Kok.

STOJANOVIĆ, S. 1973. Between ideals and reality; a critique of socialism and its future. New York, Oxford University Press.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom, Pro Rege-Pers.

STROUP, H. 1961. A historical explanation of alienation. *Social casework*, 42:107-111.

SUID-AFRIKA (Rep.) 1973. Statistiese verslag van die Kommissaris van Gevangenisse van die Republiek van Suid-Afrika vir die tydperk 1 Julie 1972 tot 30 Junie 1973. Pretoria, Die Staatsdrukker (R.P. 91/1973).

SUID-AFRIKA (Rep.) 1977. Verslag van die Kommissaris van Gevangenisse van die Republiek van Suid-Afrika vir die tydperk 1 Julie 1975 tot 30 Junie 1977. Pretoria, Die Staatsdrukker (R.P. 44/1978).

SUID-AFRIKA (Rep.) 1978. Verslag van die Kommissaris van Gevangenisse van die Republiek van Suid-Afrika vir die tydperk 1 Julie 1976 tot 30 Junie 1977. Pretoria, Die Staatsdrukker (R.P. 44/1978).

SUTHERLAND, E.H. 1939. Principles of criminology. Chicago, Lippencott.

SUTHERLAND, E.H. 1947. Principles of criminology. Chicago, Lippencott.

SUTHERLAND, E.H. 1970. Differential association theory. (*In* Wolfgang, M.E., Savitz, M. & Johnston, N. (eds.) The sociology of crime and delinquency. New York, John Wiley & Sons, p. 208-210.)

SUTHERLAND, E.H. & CRESSEY, D.R. 1970. Criminology. Philadelphia, Lippencott.

SUTHERLAND, E.H. & CRESSEY, D.R. 1971. Learning and transmitting criminal behavior. (*In* Radzinovicz, L. & Wolfgang, M.E. (eds.) Crime and justice; the criminal in society. New York, Basic Books, p. 400-405.)

SWART, C.F. & LAMONT, A.M. 1973. Die stad; sosiologie en beplanning. Johannesburg, McGraw-Hill Boekmaatskappy.

SYKES, G.M. & MATZA, D. 1966. Techniques of neutralization: a theory of delinquency. (*In* Giallombardo, Rose. (ed.) Juvenile delinquency; a book of readings. New York, John Wiley & Sons, p. 129-136.)

TAFT, D.R. & ENGLAND, R.W. 1964. Criminology. London, The Macmillan Co.

TAYLOR, I., WALTON, P. & YOUNG, J. 1973. The new criminology; for a social theory of deviance. London, Routledge & Kegan Paul.

THRASHER, F.M. 1967. The gang; a study of 1313 gangs in Chicago. Chicago, The University of Chicago Press.

TIMASHEFF, N.S. 1967. Sociological theory; its nature and growth. New York, Random House.

TROJANOVICZ, R.C. 1973. Juvenile delinquency; concepts and control. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall.

VAN DEN BERG, J.H. 1977. Die ontplooiing van die sosialiseringsproses binne enkele subsisteme van die samelewing. (Ongepubliseerde Proefskrif, PU vir CHO.)

VAN DER WALT, J.C. 1973. 'n Bedryfsosiologiese ontleding van die ekonomiese prosesse: produksie, verspreiding en verbruik. (Ongepubliseerde Verhandeling, PU vir CHO.)

VAN DER WALT, J.P. 1959. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool. (Ongepubliseerde Proefskrif, PU vir CHO.)

VAN DER WALT, J.P. 1978. Sosiologiese aspekte van die Kriminologie. (*In* Louw, D.A. e.a. Kriminologiewoordeboek. Durban, Vaktaalburo van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, p. xxvi-xxx.)

VAN DER WALT, P.J. 1964. 'n Sosiologiese klassifikasie van misdade; 'n studie in die misdaadstatistiek. Kaapstad, Nasou.

VAN DOORN, J.J.A. & LAMMERS, C.J. 1964. Moderne sociologie; systematiek en analyse. Utrecht, Aula-Boeken.

VAN DIJK, R. s.j. Mens en medemens; een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij.

VENTER, H. 1972. Kriminologie; 'n handleiding vir studente in die kriminologie. Pretoria, Wallachsdrukkery Edms. Bpk.

VOLD, G.B. 1958. Theoretical criminology. New York, Oxford University Press.

VOSS, H.L. & PETERSEN, D.M. 1971. Introduction. (*In* Voss, H.L. & Petersen, D.M. (eds.) Ecology, crime and delinquency. New York, Appleton-Century-Croffts, p. 1-44.)

WASBURNE, N.F. 1954. Interpreting social change in America. Garden City, New Jersey, Doubleday & Co.

WILSON, L. & KOLB, W.L. 1949. Sociological analysis; an introductory text and case book. New York, Harcourt, Brace & World.

LYS VAN DIAGRAMME


1. Skematiese voorstelling van die skeppingsorde en die samelewingsorde 21
2. Skematiese voorstelling van die struktuurfunksionele opvatting van die samelewing 30
3. Die konsentriese soneteorie vir stedelike ontwikkeling 119
4. Die sektorteorie vir stedelike ontwikkeling 120
5. Die multikerneteorie vir stedelike groei 121
6. Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die misdaadekologieteorie 141
7. Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die differensiële assosiasieteorie 184
8. Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die anomieteorie 234
9. Skematiese voorstelling van die sentrale waardes van die laerklassubkultuur 257
10. Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die delinkwente subkultuur 279
11. Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die etiketteringsteorie 320
12. Diagrammatiese voorstelling van die sosiale sisteemkomponente vir die beoordeling van die aliënasieteorie 356
13. Diagrammatiese voorstelling van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë 361
14. Gedetailleerde diagrammatiese voorstelling van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde teorieë 362
15. Diagrammatiese voorstelling van die misdaadverklaringsmoontlikhede van die behandelde sosiologiese teorieë oor afwykende gedrag 364